# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is now indexed in Scopus
refine your research
SCOPUS

*Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index*

**VOORBLADFOTO:**
"Man holding signal smoke"
Bron: Pixabay (Free to use)
Web: https://www.pexels.com/photo/man-holding-signal-smoke-264146/

Tydskrif vir Geesteswetenskappe • Jaargang 65 Nommer 4 • Desember 2025

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



**Temanommer:** Oorloë en gerugte van oorloë
**Gasredakteurs:** Eben Coetzee en Theo Neethling

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 65 | Volume 65
Nommer 4 | Number 4
DESEMBER 2025
DECEMBER 2025

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Rikie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Rikie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---

**4**

Uitgewer/Publisher
**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**
**The South African Academy for Science and Arts**
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Desember/December 2025

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



**HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

HJ (Nerina) Bosman – Afrikaanse taalkunde/Afrikaans Linguistics (Universiteit van Pretoria, Pretoria)/(University of Pretoria, Pretoria)

**REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)
EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)
G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
JJ (Koos) Malan – Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL** (*vervolg*)
L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/ Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**
Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)
E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)
Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)
WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)
Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)
Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/ (University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: Annelise de Vries – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.
*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2025 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**
**Subscription fees for 2025 in South Africa (VAT and postage included):**
*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R400,00 per jaargang/volume
*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.
Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.
Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.
Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to**:
Die Publikasiebeampte/The Publications Officer
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa
E-pos: tgw@akademie.co.za
Webwerf: http://www.tgwsak.co.za
Tel: 0861 333 786

Gedruk deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria. Tel.: (012) 333-2462

# TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

*Jaargang 65 Nommer 4, Desember 2025 / Volume 65 Number 4, December 2025*


## Inhoudsopgawe

### NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES:
Oorloë en gerugte van oorloë


**EBEN COETZEE EN THEO NEETHLING**
Woord vooraf: "Oorloë en gerugte van oorloë": Vraagstukke oor oorlog en vrede in die een-en-twintigste eeu ..... 973

**HEINRICH MATTHEE**
Politieke oorgangskrisis en basuine van burgeroorlog: 'n vergelyking tussen Frankryk en die VSA / *Political transitional crisis and trumpets of civil war: a comparison between France and the USA* ..... 976

**FANIE HERMAN**
Redes vir 'n moontlike Chinese inval in Taiwan teen 2030: 'n Strategiese raamwerk vanuit 'n Chinees-nasionalistiese perspektief / *Reasons for a possible Chinese invasion of Taiwan by 2030: A strategic framework from a Chinese nationalist perspective* ..... 1003

**THEO NEETHLING**
Private militêre maatskappye as proksiemagte in die internasionale politiek met besondere verwysing na operasies deur die Russiese Wagner-groep/Afrika-korps in Afrika / *Private military companies as proxy forces in international politics with special reference to the Russian Wagner Group/Africa Corps and its operations in Africa* ..... 1021

**BURGERT SENEKAL**
Afskrikking in die konteks van hedendaagse strategiese mededinging: Lesse uit Oekraïne / *Deterrence in the context of contemporary strategic competition: Lessons from Ukraine* ..... 1040

**JOELIEN PRETORIUS EN TOM SAUER**
Die eliminering van kernwapens in die konteks van die verbod op oorlog / *The elimination of nuclear weapons in the context of outlawing war* ..... 1058

**EBEN COETZEE**
Die Irannese kern(wapen)dossier: Implikasies vir Israel se nasionale veiligheid ná 7 Oktober 2023 (Deel I) / *The Iranian nuclear file: Implications for Israel's national security after 7 October 2023 (Part I)* ..... 1078

**KEURDERS** ..... 1098

**VOORSKRIFTE / GUIDELINES** ..... 1100

# Woord vooraf

**“Oorloë en gerugte van oorloë”: Vraagstukke oor oorlog en vrede in die een-en-twintigste eeu**

**Oorlog: ’n ingekankerde reisgenoot**

Om aan te voer dat daar in die geskiedenis van die mensdom gedurig bloedvergieting was, is beswaarlik oordrewe of aanvegbaar. Ofskoon daar dikwels, veral deur regeringslui, daarop gesinspeel word dat oorlog ’n onwenslike afwyking is, is die harde werklikheid dat oorlog diep verweef is in die geskiedenis en ontwikkeling van die mensdom (MacMillan, 2021:2). Bewyse van ’n diepgewortelde menslike neiging om andere op ’n sistematiese, georganiseerde en doelgerigte wyse met ’n aansienlike mate van geweld – kortom, deur oorlog te maak – aan te val, dateer uit die vroegste tye in die mens se geskiedenis (MacMillan, 2021:16). Argeologiese opgrawings dui onmiskenbaar aan dat oorlog reeds van vroeg af ’n integrale deel van die mens se bestaan (en voortbestaan) uitmaak, ’n waarneming wat, terloops, nie net op die Westerse geskiedrol van toepassing is nie (Keeley, 1996). Tragedie, en oorlog as ’n uiting daarvan, is in wese die norm (Brands & Edel, 2019:22). Tog wys die geskiedenis ook dat, ofskoon tragedie en oorlog die norm is, die drang na vrede en vooruitgang eweneens die verbeelding van die mensdom dermate aangegryp het (en steeds aangryp) dat daar in die geskiedenis etlike rolspelers (in beide regeringskringe en die burgerlike samelewing) aangeteken is wat ten doel gehad het om tydperke van vrede teweeg te bring. Die strewe om brûe tussen eens vyandige groepe, koninkryke en, meer onlangs, moderne state te bou het dikwels tydperke van vrede – hoewel dikwels kortstondig – ingelui. Té dikwels het wydverspreide optimisme, gewoonlik vervat in verklarings dat die pas beëindigde oorlog die een is wat alle ander oorloë sal voorkom, spoedig uitgeloop op nog ’n vernietigende oorlog.

Vir ’n tydperk van omstreeks agt dekades, van die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 tot die Russiese inval in Oekraïne gedurende Februarie 2022, het die hoop opnuut opgevlam dat die mens uiteindelik sy rug op oorlog gekeer het. Hierdie goue era – dikwels “die lang vrede” genoem – was inderdaad ’n tydperk van *relatiewe* internasionale vrede (Chamberlin, 2018:2; Brands & Edel, 2019:64). Dié tydperk van vrede, ofskoon ’n goue era in die geskiedenis van die internasionale politiek, was egter merendeels vrede tussen die *grootmoondhede*. Naas hierdie vredestoestand, wat ongetwyfeld as ’n onderbreking van die historiese norm van oorlog beskou moet word, is daar egter ’n ander noemenswaardige én tragiese toestand.

Alhoewel die “lang vrede” inderdaad vrede tussen die grootmoondhede behels het, is die ontwikkelende wêreld nie die ellende van oorlog gespaar nie met miljoene sterftes wat gedurende hierdie tydperk aangeteken is (Brands, 2025:xvi; Chamberlin, 2018). Gevolglik was die goue era van vrede bloot ’n verplasing van oorlog, en nie die algehele uitskakeling daarvan nie. Dié goue era word terselfdertyd onlosmaaklik verbind met die ontwikkeling van daardie mees verwoestende wapen: die kernwapen. Hoewel sommige waarnemers hierdie wapens as bevorderlik vir internasionale vrede beskou het (veral tussen lande wat daaroor beskik het), het andere weer kernwapens as wapens van massavernietiging bestempel.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a1

Waarnemers is dit vandag eens dat die goue era van die lang vrede verby is. Die Russiese inval in Oekraïne word wyd beskou as dié kritieke gebeurtenis wat hierdie era onherroeplik geskend het. Dit is noemenswaardig dat Europese lande grootliks onkant betrap is deur die oorlog, ondanks etlike waarskuwings deur waarnemers van die internasionale politiek gedurende die voorafgaande dekade of wat (veral dié verbonde aan die teoretiese skool van realisme) dat die toestande vir die terugkeer tot oorlogvoering in Europa uiters vrugbaar is. Bekoor deur die heersende (ná die Koue Oorlog) teoretiese tradisie van liberale internasionalisme – wat die vertrekpunt het dat demokratiese lande, markgerigte ekonomieë en internasionale instellings die weg tot vrede baan – is Europese lande toenemend deur geopolitieke stiksienigheid gekenmerk. Die Russiese inval in Oekraïne het hierdie diepe naïwiteit ten diepste aangetas en Europese lande (en die internasionale gemeenskap) daaraan herinner dat oorlog histories die norm is. Soos verwag kon word, het verskeie lande in Sentraal- en Wes-Europa en die Midde-Ooste koorsagtig hul militêre besteding begin vergroot (SIPRI, 2025a). Op die keper beskou, het die veiligheidslandskap versleg sedert die inval in Oekraïne (SIPRI, 2025b). ’n Nuwe era van globale oorlogvoering, soos Margaret MacMillan (2022) tereg daarop wys, doem dus nou op die horison op.

**Doel en fokus van die temanommer**

Gegewe die uiters kommerwekkende veiligheidslandskap van die een-en-twintigste eeu én ’n sorgwekkende afname in akademiese omgang (veral in Afrikaans) met kwessies van geopolitiek, oorlog en vrede (die tradisionele fokus van die vakgebied strategiese studies), het hierdie temanommer ten doel om, enersyds, vraagstukke oor oorlog en vrede in die een-en-twintigste eeu te ondersoek en, andersyds, ’n pleidooi te lewer dat die hoër funksies van Afrikaans op hierdie terrein steeds uitgebou word; hierdie temanommer wil trouens as beskeie bewys dien dat dit wel geskied. Ons is van mening dat diepsinnige omgang met kwessies van oorlog en vrede, veral in Afrikaans, ononderhandelbaar behoort te wees. Soos Trotsky dit gestel het, kan dit immers wees dat "ons dalk nie in oorlog belangstel nie, maar oorlog in ons belang stel" (in MacMillan, 2022).

Vrese oor die moontlikheid van ’n (derde) wêreldoorlog neem toe, met verskeie streeks-konflikte wat as kruitvat hiervoor kan dien. ’n Verbreding en verdieping van die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, ’n waarskynlike Chinese inval in Taiwan en die moontlikheid van direkte Amerikaanse ingryping ter ondersteuning van laasgenoemde, ’n verhewigde streekskonflik in die Midde-Ooste teen die agtergrond van die oorlog (tans ’n smeulende vrede) tussen Israel en Hamas, en dergelike konflikte is die konteks waarbinne die skrikbeeld van ’n volgende wêreldoorlog opdoem, ’n konflik waarin die vernaamste strydende partye met kernwapens tot die stryd kan of sal toetree. Eweneens word daar gevrees dat konflikte binne verskeie lande (hetsy in Afrika of elders) kan verdiep en oor landsgrense uitbrei. Terreur, met inbegrip van die vreesaanjaende moontlikheid van kern- en radiologiese terreur, woed voort in verskeie nuwe dimensies en nuwe domeine (onder meer die kuberruimte), sonder dat die gebruik van beproefde metodes agterweë gelaat word. Die terugkeer na ’n wêreld van internasionale oorlog, intrastaatlike konflik, en nuwe en ou vorme van terreur speel af teen die agtergrond van ingrypende tegnologiese veranderinge, waarvan die militêre aanwending van kunsmatige intelligensie by uitstek ’n voorbeeld is.

Wanneer daar nagedink word oor die metodes, oorsake, tegnologieë en dies meer van oorlog, blyk dit duidelik dat die een-en-twintigste eeu gekenmerk word deur kragtige en meesleurende golwe van verandering op die wêreldsee. Hierdie temanommer, wat die


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a1

bestudering van vraagstukke rakende oorlog en vrede as fokuspunt het, het ten doel om te put uit die wisselwerking tussen die voortsetting van die bestaande en die verandering daarvan. In die ses navorsingsartikels word daar aandag geskenk aan ’n wye reeks kwessies en gebeure wat die onrusbarende veiligheidslandskap van die een-en-twintigste eeu belig: die skrikbeeld van burgeroorloë (Matthee), ’n herbesinning van die rol en doeltreffendheid van kernwapens in oorlog (Senekal), die moontlikheid van ’n Chinese inval in Taiwan (Herman), vraagstukke oor die eliminering van kernwapens (Pretorius & Sauer), die toenemende voorkoms van private militêre maatskappye as handlangermagte in konflikte (Neethling) en die skrikbeeld van ’n kerngewapende Iran met spesifieke verwysing na Israel se nasionale veiligheid (Coetzee).

Ons koester die hoop dat hierdie uitgawe stukrag sal verleen aan hernieude akademiese belangstelling in die bestudering – in Afrikaans! – van kwessies van sentrale geopolitieke en strategiese belang vir die toekoms van ons land en die breër internasionale gemeenskap, en aan debatvoering, wat ’n kernbestanddeel is van die een aktiwiteit wat selfs meer kompleks as oorlog is, naamlik die uitbouing van vrede. Ons hoop dat dit die teelaarde sal vorm vir nuwe idees en praktyke op weg na ’n meer vreedsame wêreld.

**Eben Coetzee en Theo Neethling**
**Gasredakteurs**
Desember, 2025

## BIBLIOGRAFIE


Brands, H & Edel, C. 2019. *The lessons of tragedy: Statecraft and world order.* New Haven: Yale University Press.

Brands, H. 2025. *The Eurasian Century: Hot wars, cold wars and the making of the modern world.* New York: W.W. Norton.

Chamberlin, PT. 2018. *The Cold War’s killing fields: Rethinking the long peace.* New York: HaperCollins.

Keeley, LH. 2018. *War before civilization: The myth of the peaceful savage.* New York: Oxford University Press.

MacMillan, M. 2021. *War: How conflict shaped us.* London: Profile Books.

MacMillan, M. 2022. A new age of global war. *The New Statesman*, 22 June. https://www.newstatesman.com/international-politics/geopolitics/2022/06/the-new-age-of-global-war-margaret-macmillan/. [12 June 2025].

Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI). 2025a. Unprecedented rise in global military expenditure as European and Middle East spending surges. https://www.sipri.org/media/press-release/2025/unprecedented-rise-global-military-expenditure-european-and-middle-east-spending-surges/. [30 October 2025].

Stockholm International Peace Research Institute (SIPRI). 2025b. Armed conflict and conflict management. https://www.sipri.org/yearbook/2025/02#:~:text=In%202024%20the%20global%20armed,involve%20non%2Dstate%20armed%20groups/. [30 October 2025].



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a1

# Politieke oorgangskrisis en basuine van burgeroorlog: ’n vergelyking tussen Frankryk en die VSA

***Political transitional crisis and trumpets of civil war: a comparison between France and the USA***

**Heinrich Matthee**
Buitengewone professor, Skool vir Regeringstudies
Noordwes-Universiteit
Noordwes
Suid-Afrika
E-pos: heinrich.matthee@jisr.eu
ORCID: 0000-0002-9819-811X



Heinrich Matthee

**Heinrich Matthee** is ’n buitengewone professor in die Skool vir Regeringstudies, Noordwes-Universiteit. Hy het ’n doktorsgraad in politieke wetenskappe aan Marburg-Universiteit in Duitsland verwerf en beklee die ere-leerstoel in veiligheidstudies aan Akademia. Voorheen was hy ’n ontleder van Afrika-veiligheid by die Sentrum vir Militêre Studies, Universiteit Stellenbosch, ontleder en redakteur by die Emirate Sentrum vir Strategiese Studies en Navorsing in Abu Dhabi, en ontleder vir Iran en Irak by Control Risks in Londen. Die afgelope paar jaar is hy ook ’n lid van die Europese Unie se Hoëvlakgroep oor Handelsbeleidinnovasie en ’n nie-residensiële navorser van die Emirate Beleidsentrum in Abu Dhabi. Hy is die skrywer van *Muslim identities and political strategies* en ander publikasies oor geopolitiek en identiteitspolitiek. Sy nuutste publikasie is ’n hoofstuk oor Europese firmas en politieke impakbestuur in Iran in *The Routledge Handbook of Political Risk* (eerste uitgawe 2025).

**Heinrich Matthee** is an extraordinary professor in the School of Government Studies, North-West University. He obtained a doctoral degree in political science from the University of Marburg in Germany and holds the honorary chair in security studies at Akademia. Previously, he was an analyst of African security at the Centre for Military Studies, Stellenbosch University, analyst and editor at the Emirates Center for Strategic Studies and Research in Abu Dhabi, and analyst for Iran and Iraq at Control Risks in London. Over the past few years, he has also been a member of the European Union’s High-Level Group on Trade Policy Innovation and a non-resident researcher at the Emirates Policy Center in Abu Dhabi. He is the author of *Muslim Identities and Political Strategies* and other publications on geopolitics and identity politics. His latest publication is a chapter on European firms and political impact management in Iran in *The Routledge Handbook of Political Risk* (first edition 2025).

**Datums:**
Ontvang: 2025-05-26 Goedgekeur: 2025-10-15 Gepubliseer: Desember 2025


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

**ABSTRACT**

***Political transitional crisis and trumpets of civil war: a comparison between France and the USA***

*In the 1970s and 1980s, Western political systems, particularly in countries like France and the United States of America (USA), were still rooted in relatively cohesive national identities and shared cultural heritages. However, by the 2020s, both countries are experiencing a political transition crisis marked by increasing polarization, weakening of traditional political parties, and declining trust in political institutions. This ongoing shift has raised serious concerns about the resilience and future of these democratic systems.*

*A key indicator of this crisis is the significant loss of social capital in both France and the USA, leading to deep political and social divisions. The center ground in politics has eroded, giving way to growing factionalism. Great numbers of citizens feel disconnected from their governments and perceive existing political institutions as unresponsive or illegitimate. Furthermore, demographic changes – including declining birth rates among native populations and the continued influx of illegal migrants from non-Western countries – have intensified societal tensions.*

*These developments have fueled concerns among many citizens, taxpayers and voters about being displaced from their ecological niche or sociopolitical position. Many perceive a threat to their social status, political influence, demographic primacy and cultural identity. Such anxieties are compounded by ideological clashes over issues like multiculturalism, immigration, remigration and national identity. Debates around these issues have become highly polarised in academic and public discourse.*

*The term "Great Replacement" has been stigmatised in parts of academia, although major sections of the French and American population accept such replacement or displacement as a present reality or future possibility. However, as Sedgwick (2024) indicates, already in the late twentieth century, historians, demographers and political scientists ranging from Michel Teitelbaum and Jay Winter to Samuel Huntington and Walter Laqueur have addressed this theme with similar conclusions, while the UN even produced a research note in 2000 on "replacement migration". Scholars studying the roots and manifestations of political violence in diverse, multicultural societies have to navigate attempts at censorship, self-censorship, ideological backlash, and even intimidation, which hampers effective analysis and policy response.*

*Historically, civil wars were studied in the context of non-Western societies or as theoretical scenarios posited by fringe voices in Western literature and extremist circles. However, by the 2020s, a growing number of citizens in France and the USA, mainstream politicians like Emmanuel Macron and Nancy Pelosi, and political scientists like Barbara Walter and David Betz have begun to mention the possibility of serious domestic conflict – even civil war – as plausible. This change reflects a dramatic shift in political consciousness and indicates a significant deterioration in social cohesion.*

*In both France and the United States, political and ideological factionalization has reached unprecedented levels. In the USA, the nature of political violence has shifted, with right-wing extremism now more prevalent than left-wing extremism. In France, Islamist extremism represents the most significant threat. Both nations have experienced rising levels of civil unrest, including rioting and terrorism, indicating a wider acceptance or normalisation of political violence. These developments support the theories of Cederman, Hechter and Okamoto suggesting that political violence can erupt when one group perceives itself as losing status, power, or influence to another or when they are edged out of their ecological niche. This is*



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

*especially true in societies undergoing rapid demographic and ideological changes that threaten long-standing culturescapes.*

*If political violence escalates in France or the U.S. in the near future, it is likely to manifest in localised and temporally limited ways, such as urban riots or militia-style attacks on state targets. Acts of political sabotage, targeted assassinations, or ideologically driven crimes may also become more common. Cultural and ideological symbols are particularly vulnerable in France, where they are more explicitly targeted. In both countries, demographic shifts, perceptions of cultural displacement, sudden status loss, and unwanted transformations serve as powerful catalysts for mobilisation and conflict.*

*Scholars like David Betz and Barbara Walter have issued timely warnings about these trends. Though Betz suggests civil war is a near certainty, this article argues otherwise. Civil war is not inevitable. Current conditions in both France and the USA lack the organizational fighting groups typically associated with civil war. However, the role of law enforcement and security services in such volatile environments will be of key significance in deterrence, prevention and containment. Concerns remain about how political divisions might affect the operational unity of security forces during tense periods. In the US, strong-arm tactics by the Trump II administration are trying to weaken, stop or remove some of the perceived causes of future civil conflicts. However, they are also likely to deepen concerns among political opponents about the constitutional system and among some security force leaders about partisanship in civil-military relations.*

*The outcome of the ongoing transition crisis remains contingent and subject to multiple variables, including the choices and strategies of political leaders, unforeseen events, and structural shifts in society, sociopolitical settlements, and the relative authority and legitimacy of authorities in different areas of national territories. Even if sustained political violence were to occur, governments and mainstream commentators would likely hesitate to acknowledge it as a civil war. Nevertheless, the rising focus on civil war as a serious concern among both political leaders and the general public clearly indicates a transition crisis. The interplay of increased sociopolitical factionalism, non-acceptance of political authority and forms of intimidation and violence poses a significant but often overlooked strategic risk to the domestic stability of Western political orders. The outcomes of the transitional crises in France and the USA will to a large degree depend on new policy approaches and political actors competent enough to deal with the challenges of their finite political orders.*

**KEYWORDS:** Asymmetric multiculturalism, civil war, cultural targets, threshold effects, struggle for authority, displacement, Great Replacement, ideological horizon, mass migration, polarization, political factionalism, transitional crisis, urban-rural divisions

**TREFWOORDE:** Asimmetriese multikulturalisme, burgeroorlog, kultuurteikens, drumpeleffekte, gesagstryd, verdringing, Groot Vervanging, ideologiese horison, massamigrasie, polarisering, politieke faksievorming, oorgangskrisis, stedelik-plattelandse verdelings

## OPSOMMING

Die afgelope jare is 'n politieke oorgangskrisis in Frankryk en die VSA merkbaar. Diep politieke verdelings, vertrouenskrisisse en politieke faksievorming gaan gepaard met demografiese inkrimping, groeiende nie-Westerse bevolkingsgroepe en massamigrasie, uiteenlopende groepsidentiteite en toekomsvisies, heftige ideologiese stryde, en geopolitieke magsverskui-

wings. Anders as twee generasies gelede, beskou groot getalle burgers hulle moontlike demografiese en kulturele vervanging as ’n werklikheid. Etlike burgers, invloedryke politici en meningsvormers beskou selfs burgeroorlog as ’n moontlike toekomsscenario. Hierdie ontwikkelinge bevestig teorieë oor die konflikpotensiaal indien een groep ’n ander reeds langer gevestigde groep se ekologiese nis betree, indien ’n groep benadeel of gefrustreerd voel omdat hulle beleidsvoorkeure nie toegestaan word nie, of indien etniese groepe die risiko loop om hul vorige dominante status te verloor en polities uitgesluit te word. Die akademiese domein oor die oorsake en vorms van ernstige sosiopolitieke geweld in multikulturele Westerse ordes loop weens magstryde die risiko om aan prosesse van marginalisering, uitsluiting, verwringing, sensuur, selfsensuur, ideologiese stamdenke en selfs intimidasie onderworpe te raak. Dit is waarskynlik dat die veerkragtigheid van Franse of Amerikaanse politieke ordes in die volgende dekades ernstige insinkings sal beleef. Dat sosiopolitieke faksiestryde dan tot ’n burgeroorlog of ’n minder demokratiese stelsel met invloedryke sekurokrate lei, kan nie uitgesluit word nie. In teenstelling met wat David Betz aanvoer, is ’n burgeroorlog egter nie onvermydelik nie. So ’n verloop, soos ander moontlike uitkomste, sou kontingent en nie-lineêr wees en afhang van politieke rolspelers en hul optrede of versuim, reaksies en onvoorsiene gevolge, en nuwe intredende faktore en stelselverskuiwings.

## Inleiding

Meningsopnames die afgelope paar jaar toon toenemende wantroue by die Franse en Amerikaanse bevolking oor die betroubaarheid van politieke instellings en toon wydverspreide verwagtings van politieke geweld en selfs burgeroorlog.

Hierdie artikel probeer drie vrae beantwoord: Is daar tekens van ’n politieke oorgangskrisis en waarom? In watter mate het vorme van ernstige politieke geweld en burgeroorlog van ’n randtema geskuif na ’n prominente aandagspunt onder bevolkings en politici in Frankryk en die VSA? Wat is die verskille en ooreenkomste hieroor tussen Frankryk en die VSA?

Die ontleding fokus op etlike temas om hierdie vrae te beantwoord: demografiese verskuiwings, massamigrasie en perspektiewe daaroor; die verswakking van die politieke sentrumpartye, groter polarisering en krimpende vertroue in politieke instellings onder groot dele van die bevolkings; verwagtings van ernstige konflik en burgeroorlog onder groot dele van die bevolking; gewelddadige tendense en ’n potensiaal vir onrus, terrorisme en milisies; die uitwerking op die veiligheidsmagte en die oordele van kundiges.

## Konseptuele raamwerk

’n Oorgangskrisis behels die afbreek of ineenstorting van gevestigde strukture, rangordes, identiteite of kultuurpraktyke sonder dat daar nuwes is wat dit kan vervang (Thomassen, 2014:15). Dit kan vloeibaarheid, onsekerheid en verhoogde maatskaplike wisselwerking inhou, maar ook verandering sonder betekenis, doel of rigting (Sakwa, 2015:211). Tilly noem kritieke punte, drumpeleffekte en transformasie-oomblikke wanneer politieke stryd eskaleer en instellings herbelyn word (Tilly, 2006:135).

Polarisering is sowel ’n oorsaak as ’n kenmerk van oorgangskrisis. Ideologiese polarisering met ekstreme sienings, emosionele polarisering met negatiewe gevoelens teenoor opponente en sterk identifisering met die eie party is vorme hiervan (Iyengar en Westwood, 2015). Daar is ’n groter klem op ideologiese konsekwentheid en minder kruissnydende kwessies of belange of gematigde posisies. Scott gebruik die konsep van ’n verskuilde transkripsie van ontevredenheid, wat meer sigbaar word in oomblikke van swakheid in die staat of van groot polarisering.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

Hy beklemtoon die langsame opbou van weerstand en die rol van die alledaagse en die marginale in politieke gisting (Scott, 1990:183).

Binne politieke ordes heers meestal ’n ideologiese hegemonie, wat die oorheersende raamwerk van interpretasie en betekenis vaspen en sekere alternatiewe of die sig daarop uitsluit (Mouffe, 2000:100). Die ideologiese hegemonie is tydelik en kan na gelang polarisering toeneem onder die druk van werklike teenstellings en ontwikkelinge ineenstort, omdat die heersende ideologiese raamwerke nie die teenstellings en ontwikkelinge meer betekenisvol kan verklaar nie.

Faksievorming gaan dikwels ’n oorgangskrisis vooraf. Vir Tilly is sulke mededinging onder die elites ’n kans vir uitdagers om alliansievennote en groter invloed te verkry (Tilly en Tarrow, 2006: 52). Na gelang die getalle van aspirante vir die elite vinniger groei as die beskikbare poste, versterk dit mededinging, intriges en polarisering (Goldstone, 1991:41). Groot persentasies jeugdiges in ’n bevolking, veral in gedeeltelike demokrasieë en gedeeltelike outokrasieë wat mededingende verkiesings toelaat en/of aansienlike deelname toelaat, vergroot dan die motiewe en geleenthede vir maatskaplike onrus (Goldstone, 1991:79-85; Urdal, 2006:607).

By die oorsake van ’n konflik soos burgeroorlog sluit Gurr (2000b) etnokulturele identiteit, kollektiewe aansporings, en die vermoë tot en geleenthede vir kollektiewe politieke optrede in. Die relasionele, prosesgegronde en dinamiese kante van identiteit word hier in ag geneem (Brubaker, 2004:11). Etnisiteit wat deel vorm van uitdruklike politisering eerder as etnisiteit as antropologiese dimensie is hier ter sprake. Daarby word die staat as ’n bron, verdeler en toedeler van hulpbronne, mag en status ook as belangrik beskou. Sekere bewindstipes en diskriminasie deur die staat kan aan baie gevalle van konflik gekoppel word (Goldstone, 2010).

Schmitt se omskrywing van die politiek as die onderskeid tussen vriend en vyand sluit die moontlikheid van sowel vriendskap as vreedsame mededinging in, sowel as intense polarisering en politieke geweld. Die gewapende opstandeling is gekoppel aan ’n alternatiewe, uitgeslote visie van die politieke orde wat elders bestaan of in die toekoms moontlik mag wees, anders is hy bloot ’n misdadiger (Schmitt, 2007:90-92). Sonder mobilisasie, organisasie en leierskap sal dit waarskynlik egter nie ver vorder nie.

Voorafbestaande maatskaplike netwerke vergemaklik mobilisasie en ook binding daarna, en kan die tipe insurgentegroep wat vorm, beïnvloed (Tarrow, 1994:22; Staniland). Emosionele mobilisasie rakende eie en ook ander groepsgenote se welsyn, ook in reaksie op gebeure, is merkbaar, soms voor en altyd tydens burgeroorlog (Petersen, 2022; Mercer, 2005; Wood, 2003:18-19). Om plaaslike sosiale bewegings te aktiveer, word simbole, mites, herinneringe en mimese gebruik om nie-elites te oortuig om teen die magshebbers op te staan (Mason, 2009: 80; Selbin, 2010: 4).

Mededinging en konflik ontstaan wanneer ’n invallende groep ’n gevestigde groep se ekologiese nis betree (Hechter & Okamoto, 2001:196). Vergelyking met ander groepe se ekonomiese voordele, politieke gesag, kulturele prominensie en algemene status speel ook ’n rol (Williams, 2003:135). Selfs waar ’n etniese groep nie van politieke deelname uitgesluit is nie, maar benadeel of gefrustreerd voel omdat hulle beleidsvoorkeure nie verwesenlik word nie, kan etniese mobilisasie ontstaan (Williams, 2003:150).

Dit is egter waarskynliker dat etniese groepe wat polities uitgesluit is in ’n interne oorlog met die magshebbers gewikkel sal raak. Dit geld sowel separatistiese as rewolusionêre etniese konflikte, en veral as die groep relatief groot is en onlangs verlaag is in status. ’n Ekonomiese of ander stelselskok kan die bewussyn van gedeelde benadeling versterk en geweldadige groepsaksie bevorder. Dit is waarskynliker dat etniese groepe wat voorheen konflik beleef het,


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

weer sulke konflik sal beleef in teenstelling met diegene wat dit nog nie ondervind het nie (Horowitz, 1980; Cederman et al., 2013:206).

Burgeroorlog is ’n volgehoue gewapende konflik tussen georganiseerde groepe binne die grense van ’n erkende politieke orde, tussen partye wat by die uitbreek van vyandelikhede aan ’n gemeenskaplike gesag onderworpe was (Kalyvas, 2006:5). Daar is gedeeltelike of oorvleuelende geweldsmonopolieë. Sommige pen dit vas met ’n sekere minimum drempel van 1000 ongevalle per jaar. Die drempel kan in die praktyk ’n gebrekkige aanwyser wees.

Kalyvas beklemtoon dat aksies en teenaksies in ’n burgeroorlog nie noodwendig saamval met of aangedryf word deur groot nasionale politieke of ideologiese stryd en skeidslyne nie. Burgeroorlog kan vir samelewings ’n skok wees wat onsigbare netwerke van vooroorlogse griewe en twiste tussen individue en families aktiveer. Burgeroorloë is vloeibare samevoegings van verskeie, min of meer oorvleuelende, kleiner, uiteenlopende en plaaslike burgeroorloë, wat dikwels gesag in plaaslike mikro-magte opbreek (Kalyvas, 2006:376). Burgeroorloë verbind die groter rolspelers se soeke na mag en die plaaslike groepe se soeke na voordeel, en eersgenoemde se voordeel as bondgenote en laasgenoemde se voordeel om plaaslik te mobiliseer betrek beide by vorme van alliansies (Kalyvas, 2006:383-386).

Kalyvas se oordeel is korrek, maar die fokus van hierdie artikel is op die groter nasionale verdelings, kragte en verhale in Frankryk en die VSA. Politieke rolspelers gebruik geweld om uiteenlopende redes, insluitend intimidasie, demoralisering, polarisering, vertoon, radikalisering van bevolkingsgroepe, publisiteit, om groepsmoreel te verbeter, om beheer af te dwing of te ontwrig, om eie magte en bronne te mobiliseer, vyandelike magte uit te wis, samewerking met die vyand te bestraf en af te skrik, en om teenmaatreëls uit te lok (Kalyvas, 2006:23). Bedoelde en direkte fisiese geweld wat deel vorm van ’n stryd om gesag in ’n gebied, kan roof, stroping, vandalisme, brandstigting, gedwonge hervestiging, oproer, ontvoering, aanhouding, marteling, verkragting, verminking, terreuraksies en doding insluit (Kalyvas, 2006:20).

Schmitt beskryf aksies in burgeroorloë as veral kollektief en polities, wat die polarisering weerspieël. Hobbes daarenteen beklemtoon dat burgeroorloë anargistiese private geweld laat losbars. Die antieke Grieke het burgeroorlog (*stasis*) as ’n golf van politisering en depolitisering beskou, wat die familie of huishouding (*oikos*) teenoor die politieke orde (*polis*) depolitiseer en daarin laat oorgaan, of dit herpolitiseer (Agamben, 2016:27).

**Metodologie en bronne**

Die artikel gebruik ’n kwalitatiewe navorsingsparadigma om die tema van burgeroorlog met betrekking tot die politieke oorgangskrisis, politieke ontwikkelinge en retoriek in Frankryk en die VSA te ondersoek. Sekere temas het vanuit die opgespoorde bronne en versamelde gegewens gekristalliseer. Die historiese konteks, temas en gebeure word nie altyd in besonderhede bespreek nie, maar word behandel vir sover hulle lig op aspekte daarvan werp. Die artikel is gebaseer op gepubliseerde en TV-onderhoude, geskrifte en sekondêre bronne.

Die ontleding van die materiaal geskied aan die hand van die navorsingsvrae en konseptuele raamwerk. Botsende gegewens en teenstrydige verklarings word aangedui waar dit relevant is. Die verbande tussen die temas word verken en verskillende interpretasies van kragte, gebeure en tendense word beoordeel.

Die bronne is uiteraard nie volledig nie. Die beskikbare bronne dek ook nie alle temas nie en dek ook nie enige tema deurtastend nie. Sorg is egter hier gedra om te verseker dat beoordelings en gevolgtrekkings sover moontlik gestaaf word deur verskillende bronne of wat nie deur die beskikbare bronne weerspreek word nie. Die gedeeltelike en gefragmenteerde

bronne oor onlangse gebeure wat vir navorsers in die openbare domein beskikbaar is, beteken dat die verbande en gevolgtrekkings hier voorlopig, beperk en in die toekoms vir hersiening vatbaar is.

**Inheemse verdringing**

Jean Raspail het in 1973 sy mees omstrede boek, *Le camp des saints* (Die leërkamp van die heiliges), in ’n villa aan die Middellandse See geskryf (Raspail, 1973). Oorkant die see was die kus van Algerië, wat van 1830 tot 1848 as ’n kolonie regeer is en van 1848 af as ’n integrale deel van Frankryk regeer is (Horne, 1987:28-34). Ná ’n bloedige burgeroorlog en insurgensiestryd wat van 1954 tot 1962 geduur het en waarin die Franse magte militêr die oorhand gehad het, het die Franse regering van genl. Charles de Gaulle besluit om Algerië se onafhanklikheid te erken.

Raspail, ’n ontdekkingsreisiger en bekroonde skrywer, was bekend met die werke van sy Frans-Martinikaanse tydgenoot, die psigiater en pan-Afrikanistiese filosoof Frantz Fanon. Volgens Fanon moes die Franse koloniste met geweld deur die Algerynse gekoloniseerdes vervang word. Ná die burgeroorlog het honderdeduisende Europese setlaars, wat dikwels ’n Westers-Algerynse identiteit ontwikkel het, en duisende Algeryne wat aan die kant van die Franse geveg het, na Frankryk gevlug. Soms, byvoorbeeld ná die slagting van burgerlikes by Oran, het hulle met net hulle tasse en die klere aan hulle lyf gevlug (Horne, 1987:533).

Raspail se boek was die teenpool tot Fanon se werk. Dit voorspel ’n vreedsame inval en ineenstorting van die Weste deur ’n vloedgolf van nie-Westerse immigrante. Eers wou Raspail sy karakters Noord-Afrikane maak, maar volgens hom het hy probeer om die kunsmatige Franse debatte oor rassisme en anti-rassisme te systap. Die verhaal was dus een van miljoene Indiërs in nood wat op ’n immigrantevloot en met Europese aktiviste se hulp na Europa vaar. Daar verhoed die swak geesteskrag van politici, kerke en die media dat die Franse en ander volke die vreedsame inval en hul eie ondergang keer. Raspail sluit sy boek af met ’n verwysing na die val van Konstantinopel in 1453 voor die Turkse Moslem-invallers (Raspail, 1975:311).

**Massamigrasie en politieke polarisering**

In die verkiesings van 2022 was die uitwerking van massamigrasie deur nie-Westerse groepe ’n belangrike vraagstuk in die Franse politiek. Daar was diep verdelings binne die inheemse bevolking en ook tussen hulle leiers oor hoe Frankryk sy multikulturele model, wat sekulêre integrasie onder die vaandel van die Franse Rewolusie se vryheid, gelykheid en broederskap moontlik ag, kan handhaaf. Die sentristiese president Emmanuel Macron en die ultranasionalistiese Marine le Pen van die *Rassemblement National* (Nasionale Byeenkoms of RN) se partyprogramme het beide strenger beheer oor die Europese buitegrense voorgestel. Die sosialistiese politikus Jean-Luc Mélenchon, leier van *La France Insoumise* (Frankryk in Opstand of LFI) was weer ten gunste van ’n gekreoliseerde Franse kultuur, ’n samelewing waar diverse kultuurinvloede sou vermeng (Mazoue & McNicoll, 2022).

In 2023 het Macron self immigrasie as ’n probleem beskryf en ’n wet deurgevoer wat strenger onderskei tussen die regte van Franse burgers en ander aanwesiges in Frankryk. In die aanloop tot die Europese parlementsverkiesing op 9 Junie 2024 was migrasie en veiligheid onder die kerntemas. Die RN het met 31.3% die meeste stemme getrek ná aansienlike groei, terwyl Macron se party baie steun verloor en net 14.6% van die stemme verkry het (Fella, 2025).


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

Macron het daarna 'n Franse parlementêre blitsverkiesing uitgeroep. Op 25 Junie 2024 het Macron die tema van burgeroorlog kort voor die verkiesing te berde gebring. Hy het diegene wat hy as verregses beskryf het, se reaksie op onveiligheid verdoem omdat dit verwys na mense met 'n godsdienstige of etniese agtergrond. So 'n verwysing volgens hom, verdeel en "druk hulle na burgeroorlog". Die verlinkses, volgens hom, stel 'n vorm van kommunitarisme voor, maar ook daaragter was daar volgens hom die risiko van burgeroorlog (Caulcutt, 2024). Die Franse republikeinse benadering, wat migrante toelaat sonder om hulle herkoms en kultuur in ag te neem en aanneem dat almal sou assimileer in die Franse samelewing, was volgens Macron die oplossing.

"Kommunitarisme" word in die Franse kultuurpolitieke konteks gereeld afwysend gebruik waar etniese, kulturele en religieuse minderhede hulle groepsidentiteit skynbaar verhef bo integrasie in die Franse Republiek se universalisitiese ideale en nasionale eenheid bedreig (Montague, 2013). Daarenteen beklemtoon die werk van Alisdair MacIntyre, Charles Taylor en Michael Sandel binne die Anglo-Amerikaanse politieke filosofie kommunitarisme as 'n normatiewe teorie oor die belang van gemeenskap. Hulle voer aan dat individue as sosiale wesens en hulle waardestelsels ingebed is in tradisies en kulture (Bell, 2024).

Die Franse denker Pierre Manent het na die Islamistiese terroriste-aanvalle van 2015 byvoorbeeld 'n benadering voorgestel wat versoenbaar is met die tweede perspektief op kommunitarisme. Hy het aangevoer dat die Franse nasie en nasiestaat spiritueel en polities verswak was. Die Franse nasiestaat moes opnuut sy taak navolg om die goeie in die publieke domein te vervul, sy Christelike wortels nie ontken nie en wegbly van radikale sekularisme. Die Franse moes Moslems in Frankryk erken as 'n eiesoortige kulturele en politieke feit en nuwe maniere vind om met Moslems saam te leef, met beperkte toegewings in die openbare domein waar dit verstandig was. Dit moes egter geskied binne 'n herleefde en duidelik Westerse gewortelde nasiestaat (Manent, 2020).

In die 2024-verkiesing was migrasie en veiligheid weer hooftemas, en die uitslag het Macron se party in 'n nog moeiliker posisie geplaas. Die RN en sy alliansievennote het in die eerste rondte 33.2% van die stemme en in tweede rondte 37% van die stemme gekry, terwyl Macron se party in die eerste rondte 21.2% en in die tweede rondte 24.5% van die stemme gekry het. Nietemin het die RN-alliansie weens die aard van die kiesstelsel 143 setels gekry, Macron se alliansie 168 setels, en die linkse alliansie 182 setels in die parlement van 577 setels (Fella, 2025). Beleid oor nie-Westerse migrasie en multikulturele saambestaan vorm deesdae die hoofarena waarin mededinging plaasvind om die politieke en burokratiese bestuurselite in Frankryk deur verkiesings en demokratiese politiek te herkeur. Die Franse premier Francois Bayrou het in Januarie 2025 genoem dat proporsionele buitelandse bydraes goed is, maar dat daar 'n gevoel is dat Frankryk oorstroom word deur immigrasie en dat mens 'n drumpel betree as jy in sekere stede en streke nie jou land, leefstyl en kultuur herken nie (Brunet, 2025).

Die Franse politieke orde vertoon baie kenmerke van 'n oorgangskrisis. Die sosiopolitieke en ekonomiese verdelings tussen kiesers van ryker stedelike gebiede en ou nywerheidsgebiede, plattelandse gebiede en segmente van die werkersklas verdiep (Guilly, 2014). Die sentrum-linkse Sosialistiese Party en die sentrum-regse Republikeinse Party as groot kragte het ineengestort. In die meer gefragmenteerde arena het nuwe opposisiepartye uit die vleuels na vore gekom. Hulle het die politieke elites geteiken terwyl die dominante ideologiese horison van interpretasie sukkel om nuwe ontwikkelings en teenstellings te verklaar.

Die gevoel en persepsie van 'n vakuum in politieke verteenwoordiging bly groot. Die 12$^{de}$ France Divided IPSOS-meningsopname in 2024 het aangedui dat 86% van die Franse geen vertroue in politieke partye en 74% geen vertroue in die parlement gehad het nie, terwyl


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

vertroue in parlementslede van 29% in 2023 na 22% gedaal het (Arceneaux & Muxel, 2025). Politieke stabilisering het al moeiliker geword (Fieschi, 2024).

## Die Groot Vervanging

Renaud Camus is ’n bekroonde skrywer van gay romans wat tot sy laat dertigs die Sosialiste ondersteun het. In verskeie geskrifte voer hy aan dat daar ’n doelbewuste en voortgaande veldtog is om die inheemse Franse te vervang deur nie-Westerse massamigrasie uit Afrika en die Midde-Ooste. Hy noem dit “volksmoord deur vervanging” (Camus, 2023:195) en dra sy boek *Le Grande Replacement* op aan Raspail en aan die Britse politikus Enoch Powell. Powell het in 1968 in ’n toespraak oor “riviere van bloed” gewaarsku dat interne misdaad en politieke geweld op massa-immigrasie uit nie-Westerse lande sou volg.

Achille Mbembe, ’n Frans-Kameroense historikus, veroordeel vorme van nekropolitiek, waar die staatsbestuur besluit oor wie lewe en wie sterf. Hy noem egter dat, ten einde doeltreffend te wees, Europese migrasiebeheer dodelike beleide sal moet behels, soos reeds duidelik blyk uit die gevangeneming en sterfgevalle van migrante uit die Sahara en op die Middellandse See. Mbembe voer aan dat Europese migrasiebeheer die uitwerking het dat dit van Afrika een groot Bantoestan maak. Hy noem dat hy bekommerd sou wees as groot dele van Europa na Afrika wou beweeg om Afrika te herkoloniseer, maar Afrika nog nooit probeer het om Europa te koloniseer nie (Mbembe, 2019). Die stelling klop egter nie met die geskiedenis van invalle uit Noord-Afrika en die vestiging van Islamitiese ordes in Spanje in die agtste eeu nie (Lapidus, 2017:382).

Mbembe, Obaidi (2021), Ekman (2022) en gevestigde media veroordeel Camus se Groot Vervanging-oordeel as ’n anti-Joodse samesweringsteorie wat wit meerderwaardigheid steun. Die oordeel het egter by gerekende akademici ontstaan en is eers veel later deur regs-nasionale en verregse politieke kragte oorgeneem. Sulke vervanging is reeds in die 1970’s in die werk van die historici Pierre Chaunu en Jay M. Winter en die demograwe Michel Teitelbaum en Jean-Claude Chesnais (Sedgwick, 2024) vermeld. Selfs die Verenigde Nasies (VN) het in 2000 ’n stuk oor vervangingsmigrasie uitgereik om aan te dui dat, ten spyte van Europa se dalende geboortesyfer, migrasie van elders die gevolglike probleme op die arbeidsmark nie sou oplos nie (Craveiro, 2019:1323).

Die politieke wetenskaplike Samuel Huntington het in sy bespreking van die potensiaal vir konflik tussen beskawings aangedui dat die vraag nie was of die Islamisering van Europa en die Hispanisering van die VSA sou plaasvind nie, maar of elk van die twee gebiede uiteindelik twee verskillende grootliks aparte gemeenskappe van twee verskillende beskawings sou huisves. Europese samelewings in die algemeen wil óf nie immigrante assimileer nie óf ondervind groot probleme om dit reg te kry. Bowendien is die mate waarin Moslem-immigrante en hulle kinders bereid is om te assimileer onduidelik (Huntington, 2002:204). Die politieke wetenskaplike Walter Laqueur het in 2007 ’n komende Islamisering van Europa in die vooruitsig gestel weens lae inheemse geboortesyfers en hoë migrasie, wat meerderhede van nie-westerse oorsprong in dele van al hoe meer Europese stede laat ontstaan het (Laqueur, 2007).

Dit is opmerklik dat, volgens Joodse organisasies, tienduisende Franse Jode die afgelope jare weens ’n gevoel van onveiligheid na Israel geëemigreer het. Baie van hulle families kom uit Frans-Algerië. Onder meer die opkoms van die verlinkse LFI, pro-Palestynse betogings en anti-Joodse insidente word gevrees (Starr, 2024a, 2024b; Couveleire 2024). Verdringing voel vir hulle soos ’n feit en ervaring, nie ’n anti-Joodse samesweringsteorie nie. Etlike konserwatiewe, regs-nasionale en selfs verregse denkers en politici sluit ook aan by die


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

geskiedenis van die Franse weerstandsbeweging teen die Nazi-Duitse besetting van 1940-1944 deur massamigrasie te vergelyk met ’n inval en ondersteuners daarvan as kollaborateurs met die vyand te bestempel.

Mbembe en ander se beskrywing van die Groot Vervanging as ’n samesweringsteorie is ook in die geval van baie aanhangers onjuis. Groot dele van die Franse bevolking is daarvan oortuig dat hulle toenemend vervang of verdring word. Hulle kom uit alle partye en dink en praat oor sodanige vervanging vanuit hulle historiese posisie as inheemse Franse met ’n eiesoortige kultuurerfenis, nie in anti-Joodse, rasse- of samesweringsterme nie. Hier is dus eerder sprake van ’n dominante ideologiese raamwerk wie se aanhangers onder druk verkeer omdat dit nie nuwe werklikhede voldoende verreken of verklaar nie en die kritici daarvan probeer marginaliseer of delegitimeer.

Volgens ’n meningspeiling van Harris Interactive in 2021 is twee-derdes van alle Franse bekommerd dat so ’n vervanging wel plaasvind. Selfs 52% van Macron se ondersteuners, 44% van Mélenchon se ondersteuners, en 72% van die regs-sentristiese Republikeine aanvaar dit as ’n feit (Le Figaro, 2021). Dit beteken dat daar faktore is wat verband hou met voorheen dominante inheemse groepe se potensiaal om hulle tot politieke geweld te wend (Hechter & Okamoto, 2001; Williams, 2003; Cederman et al., 2013).

## *Banlieues* en polisie

Nie alle nie-Westerse migrante is Moslems nie. Nie-Westerse migrante, ook Moslems, vertoon ’n spektrum van hegter of minder hegte identitifikasies met die Franse kultuur. Talle van die sowat vyf miljoen Moslems is kultureel konserwatief, al volg hulle nie die twintigste-eeuse ideologie van ’n Islamistiese orde nie, of al is hulle nie streng-gelowig nie. Sowat 74% van die Moslems onder 25 het in 2020 in ’n IFOP-meningsopname genoem dat Islam se waardes belangriker was as die Franse wette en waardes (IFOP, 2020). Sowat 69% van die Moslems het in 2022 vir Mélenchon gestem (Bechiche, 2022).

Van die Moslems is beroepslui of middelklasburgers. Hulle vorm wel byna ’n kwart van die jeugdiges en konsentrasies in die armer multikulturele stedelike buitewyke en woonbuurte of *banlieues*, wat ontwikkel het in ministede met hul eie kodes, kulture en straattaal. Vir diegene wat ’n onderdrukkende staat in diens van neo-liberalisme, die koloniale nalatenskap en ’n gerassifiseerde bewind teenstaan, vorm die *banlieues* ook dikwels ’n bewys of simbool. Soos in die werk van Didier Fassin, ’n Franse antropoloog en sosioloog, is polisie-optrede in die *banlieues* in die naam van ’n onderdrukkende stelsel ’n indringer en onderdrukkende teenwoordigheid. Die gebruik van verdedigende geweld is soms nodig, maar dit kan die politieke subjek negatief verander (Badiou, 2005). Volgens Fassin, wat ’n morele antropologie van staatsinstellings en praktyke soos grensbeheer en immigrasie nastreef, het die staat verval tot ’n verdediger van ongelykheid en is daar ’n lae-intensiteitburgeroorlog van die rykes teen die armes (Fassin, 2015).

Daar is diegene wat kapitaliste veroordeel wat die voordele van migrantearbeid en globale markte en onbeteuelde verbruik sonder inagneming van die gevolge vir die eie samelewing najaag. Hulle posisie oorvleuel met die posisie van diegene wat glo dat die kapitalistiese strukture daardie migrasiearbeid dan deur middel van mimetiese wedywering vir verbruikersgoedere en polisiëring beheer.

Sedert 2005, toe onrus in die *banlieues* drie weke lank geduur het, was daar al talle onluste, wat dikwels ná polisie-optredes uitgebars het. Die gesag van die polisie in baie van daardie gebiede is beperk. Toe die minister van binnelandse sake, Gérard Collomb, sy pos in 2018


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

verlaat, het hy erken: "Wat ek elke oggend in die polisienotas lees, weerspieël 'n baie pessimistiese situasie…Vandag leef ons langs mekaar; ek vrees dat ons môre van aangesig tot aangesig kan lewe" (Almeida, 2021:59).

By die daelange onluste, wat uitgebars het nadat die polisie op 27 Junie 2023 'n Arabies-Franse jongman doodgeskiet het, was sowel nie-Westerse burgers as anti-kapitalistiese wit aktiviste van die Swart Front betrokke. Betz noem dat die linkse ekstremiste soos L'Comite Invisible en kleiner faksies van die *Gilets Jaunes* (Geelbaadjies), wat sedert 2018 protesteer teen besparings en leefstylprobleme, net so gretig is om hul stryd gewapend aan te knoop as ander politieke, sektariese en etniese ekstremiste (Betz, 2023).

Die publiek self het skerp gereageer toe brande in skole, besighede, biblioteke en teaters gestig is, ongeag die mate waarin strukturele tekortkominge of polisie-gedrag moontlik daartoe bygedra het. Brice Teinturier, 'n politieke wetenskaplike en die hoof van Ipsos-France, se kommentaar was dat die ekstreme geweld, die jeug van die deelnemers, die tonele van plundery, en die feit dat sommige van hierdie mense openbare fasiliteite in hulle eie woonbuurte aangeval het die land geskok het (Trippenbach, 2023b).

Deur te fokus op gierigheid en materiële sake as moontlike redes vir konflik in die *banlieues*, hoef beleidmakers nie die moeiliker en komplekser kante van identiteitspolitiek te hanteer nie (Ballentine & Nitzschke, 2005:4). Die kriminoloog Alain Bauer verwys in 2024 na 'n woededomein wat die afgelope dekades weens 'n verlies aan vertroue in politieke en ander instellings ontstaan het en waaraan ook Macron skuld het. Hy glo dat kriminele impulse ook in politieke impulse kan transformeer en dat die risiko van 'n burgeroorlog wel bestaan (RMC, 2024).

**Terrorisme**

Sedert 2012 was daar meer as tien grootskaalse Islamistiese terroriste-aanvalle in Frankryk, waarin sowat 200 mense gedood is. Sedert 2017 is 'n geskatte 39 Islamistiese komplotte afgeweer, ook aanvalle wat op kerke, sinagoges, vermaaklikheidsplekke en LGBTQ-instellings beplan is. 'n Kwart tot 'n derde van die aanvallers kom uit middelklasbuurte, volgens die Frans-Iranse sosioloog Farhad Khosrokhavar (Khosrokhavar, 2017). Hegte netwerke van familie en vriende in enkele voorstede en dorpe speel 'n groot rol.

Die Franse veiligheidsdienste beskou die stryd teen Islamistiese, verregse en verlinkse ekstremisme as 'n langtermyn taak (Ayad, 2025). Die meeste Islamistiese aanvallers is Europese burgers. Nietemin bly die plaaslike wisselwerking in Europa tussen Islamistiese ekstremiste, die staat se veiligheidsmagte en die politiek teenoor verskillende bevolkingsgroepe die deurslaggewende saak. In ses verwante aanvalle deur ekstremiste by die Bataclan-teater in 2015 het byvoorbeeld sowat 130 mense gesterf. Patrick Calvar, destyds die hoof van die binnelandse intelligensiediens DGSI, het daarna aan 'n parlementêre kommissie genoem dat Frankryk op die rand van burgeroorlog staan en na nog een of twee sulke aanvalle in 'n burgeroorlog sou beland (Cooney, 2024). Die Franse veiligheidsdienste het daarna deur 'n steil leerkurwe van ontwikkeling gegaan, beter politieke en tegnologiese steun gekry, en ook samewerking onder Moslem-rolspelers uitgebou.

Oor die afgelope dertig jaar was die Weste by baie insurgensiestryde buite Westerse state betrokke om orde te probeer skep. Volgens Betz behoort dit te geleer het dat dit onmoontlik is om 'n geïntegreerde samelewing met vele waardestelsels te handhaaf as bure eers begin om mekaar se kinders te ontvoer en hulle met handdrilbore te vermoor, mekaar se kulturele byeenkomste op te blaas, mekaar se onderwysers en godsdienstige leiers te vermoor, en mekaar


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

se ikone af te ruk. Hy noem dat dit versoberend is en werd om op te merk dat baie van hierdie voorbeelde reeds in die Weste gebeur het en almal van hulle het in die afgelope vyf jaar in Frankryk alleen gebeur (Betz, 2023).

**Verwagtings van 'n burgeroorlog**

Wat opvallend is, is die mate waarin kulturele instellings, simbole en rituele as sagte teikens deur Islamistiese terroriste in Frankryk geteiken word. Die aanval op satiriese media en die Bataclan-teater in 2015, die aanval in Nice op Bastilledag 2016 en op 'n kerk in St.-Etienne du Rouvray in 2016, die mesaanval in 'n kerk in Nice in 2020 en die onthoofding van 'n onderwyser in 2020, en talle gefnuikte aanvalle op kerke, sinagoges en vermaaklikheidsplekke sedert 2017 bevestig hierdie tendens van geweld teen kultuurteikens (Zinigrad & Sawyer, 2023).

Die besonderhede van 'n dinee wat pres. Macron vir sosioloë op 23 Mei 2023 aangebied het, het daarna uitgelek. Jérôme Fouquet, hoof van die belangrikste meningsopname-maatskappy, het na aanleiding van die toename in aanvalle op die polisie, burgemeesters, staatsamptenare en poswerkers genoem dat spanninge in elke deel van die samelewing toeneem en dat 'n proses van de-beskawing/ontbeskawing (*décivilisation*) aan die gang is. Macron het agterna aangedui dat hy die ontleding aanvaar en na 'n kabinetsvergadering onversetlik optree teenoor die "proses van ontskawing" (Trippenbach, 2023a).

Volgens 'n Ifop/Agir ensemble opname wat vir *Le Figaro* gedoen is en op 26 Maart 2025 vrygestel is, vrees 42% van die Franse bevolking dat 'n burgeroorlog kan uitbreek. Volgens diegene wat ondervra is, is 'n aanval op Franse staats- en ander instellings selfs 'n waarskynlike scenario in die gedagtes van vele Franse. Sowat 60% van diegene wat ondervra is, twyfel aan die vermoë van hierdie instellings om politieke stabiliteit te verseker. Agt uit tien Franse glo dat die risiko van 'n maatskaplike ontploffing in die komende maande kan voorkom. Volgens Ifop is dit 'n "rekord". Terwyl sommige Franse dink dat 'n burgeroorlog moontlik is, voorspel ander weer minder gewelddadige maatskaplike bewegings, soos aksies gelei deur boere of die Geelbaadjies (Le Figaro, 2025).

Toe hulle gevra is na die oorsake van hierdie maatskaplike ineenstorting, het respondente eers die beperkings van multikulturalisme aangedui. Spesifiek noem 88% van hulle die groei van misdaad en 82% die konsentrasie van bevolkings van dieselfde kultuur of oorsprong in buurte aan. Sowat 77% noem inkomste-ongelykheid en 75% bevraagteken die oormatig groot rol wat godsdiens in die openbare sfeer speel. Die Franse is verder besorg oor die opkoms van Islamistiese ideologie in die samelewing. Die meerderheid is bekommerd oor Islamisme se groeiende steun in werkersklasbuurte, gevangenisse, skole, universiteite, en sportklubs. Ifop wys ook op 'n generasiegaping wat met betrekking tot die Islamistiese ideologie merkbaar is, want terwyl 84% van die ouer Franse teen Islamisme is, beskou 30% mense onder 25 die term "positief". Wat betref die radikale linkerparty LFI, glo 83% van die Franse dat LFI bydra tot die verdeeldheid van die land en sê hulle dat hulle nie die LFI vertrou om Islamisme te beveg nie (Le Figaro, 2025).

**Veiligheidsmagte**

Die uitwerking van sosiopolitieke verdelings op die veiligheidsmagte het reeds geblyk. Onder die Franse veiligheidsmagte wat djihadiste vervolg en in die *banlieues* orde moet herstel, kom talle uit gemeenskappe met 'n migrante-agtergrond. Die veiligheidsmagte self bly wel kwesbaar


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

vir skeidslyne en kragte in die samelewing. Op 3 Oktober 2019 het ’n rekenaartegnikus by die polisie-hoofkwartier in Parys wat verantwoordelik is vir die bestryding van djihadisme, drie kollegas en ’n burgerlike met ’n mes gedood. Mickael Harpon het hom in 2008 tot Islam bekeer en ongemerk self geradikaliseer (Schofield, 2019).

Op 21 April 2021 is ’n ope brief aan Macron deur ’n voormalige offisier, Jean-Pierre Fabre-Bernadac in die tydskrif *Valeurs Actuelles* gepubliseer. Die brief is deur meer as 20 voormalige generaals, onder andere Christian Piquemal, ’n voormalige bevelvoerder van die Franse Vreemdelegioen, en sowat 1000 personeellede verbonde aan veiligheidsdienste onderteken (Cooney, 2024).

Die brief het aangeroer dat ideologiese veldtogte van anti-rassisme en dekolonisasie wat die Franse kultuur verag die disintegrasie van Frankryk en intergroepspanninge bevorder. Hierdie ontwikkelinge, “saam met Islamisme en die voorstedelike hordes”, lei tot verskeie sones wat onderworpe gestel word aan dogmas wat met die grondwet bots. As niks gedoen word nie, het die brief voorts gelui, sou dit uiteindelik ’n ontploffing uitlok, en die inmenging van dienende lede van die veiligheidsmagte om beskawingswaardes te beskerm en landgenote op nasionale grondgebied te beskerm. Die burgeroorlog sou die groeiende chaos beëindig, met derduisende sterfgevalle (Cooney, 2024).

Bertrand Soubelet, ’n generaal in die gendarmerie, het in 2016 gewaarsku dat die *banlieues* reservoirs van rebelle word weens massamigrasie en die opkoms van radikale Islamisme, wat die gevaar van ’n burgeroorlog inhou (Chavelet, 2016). Michael Goya, voorheen ’n kolonel en direkteur van ’n militêre navorsingsentrum, waarsku oor die uitholling van die staat se monopolie op legitieme geweld deur Islamistiese terrorisme, stedelike oproer, sterker georganiseerde misdaadbendes en sones waar die staat se gesag minder geld (Goya, 2024a). In 2020, drie jaar ná sy aftrede as stafhoof van die Franse weermag, het genl. Pierre de Villiers in ’n onderhoud genoem dat hy ná geweldsvoorvalle bekommerd was dat Frankryk stadig of baie vinnig kon verval in ’n burgeroorlog wat ontsteek kon word deur “’n vonk soos in 1789”, ’n verwysing na die Franse Rewolusie (Brunet, 2020).

## Verenigde State van Amerika (VSA)

### Vooruitdenkers of marginale stemme?

In hierdie afdeling word die tema van burgeroorlog in die hedendaagse VSA ontleed. In die 1970’s was daar reeds demografiese data wat daarop gedui het dat wit mense in die VSA teen die middel van die 21$^{ste}$ eeu in die minderheid sal wees. Dit was egter eers in die 1980’s en 1990’s wyer bekend. Manning Marable, sowel historikus as ’n aktivis wat kapitalistiese magstrukture gekritiseer het, het demografiese verskuiwings versigtig as ’n politieke geleentheid beskou (Marable, 1995:201-2):

“Within seventy years, roughly half of America’s entire population will be Latino, American Indian, Pacific American, Arab American and African-American…Our ability to transcend racial chauvinism and inter-ethnic hatred and the old definitions of race, to recognize the class commonalities and joint social-justice interests of all groups in the restructuring of this nation’s economy and social order, will be the key to constructing a nonracist democracy, transcending ancient walls of white violence, corporate power and class privilege.”

Witheid, het Marable aangevoer, was nie ’n biologiese werklikheid nie. Witheid was ’n sosiaal-gevormde identiteit waarvan die grense soms verskuif het binne koloniale en ander magstrukture, en dit moes afgebreek word (Marable, 1995:199). Indien nie, volgens Marable, sou opponente die demografiese verskuiwing kan teenwerk deur die koöptering van elites en


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

deur onderlinge twiste en geweld tussen nie-Westerse gemeenskappe. Hy het daarop gewys dat die getalle van Latyns-Amerikaanse of Spaans-Amerikaanse burgers weens immigrasie en demografiese groei binne dekades die getalle van swart Amerikaners verby sou steek (Marable,1995:196). Hy het hierdie bevrydingspolitiek ook geplaas binne die konteks van anti-koloniale stryde in en arbeidstrominge vanuit nie-Westerse lande.

Wilmot Robertson, ’n rasnasionalistiese skrywer en uitgewer, het in die 1970’s aangedui dat die politieke, kulturele en demografiese verswakking van Amerikaners van Noord-Europese afkoms net beëindig kan word deur ’n kleiner nuwe geografiese gebied in die VSA vir hulle te skep. Ander groepe moes volgens Robertson vanuit so ’n kerngebied na hulle oorspronklike land van herkoms of nuwe gebiede vir hulle groepe binne die groter VSA weggestuur word. Weens die mag en invloed van diegene in die politieke, ekonomiese en kulturele elite wat een groot diverse VSA verlang het, was Robertson pessimisties oor die kans op só ’n uitkoms. Daarsonder kan die Westerse verval egter nie gekeer word nie, was sy mening. As dit wel in die VSA sou slaag, sou ’n interkontinentale konfederasie van verwante Westerse volkere wêreldwyd opgerig moes word. As die Sowjet-Unie verbrokkel of opgebreek word deur ’n aanval uit Asië, moes die konfederasie ook Slawiese volke insluit (Robinson, 1976:538).

Sowel Marable as Robertson was teen politieke geweld en gewapende opstand as metodes gekant. Dekades lank was diegene wat oor ’n toekomstige Amerikaanse burgeroorlog waarsku deel van eindtyd-gelowiges, politieke ekstremiste, anargiste of soms ’n veiligheidsontleder. Die Afro-Amerikaanse militêre veteraan Sam Greenlee se fiksieboek van 1969, *The Spook who sat by the Door*, handel oor ’n swartman wat as CIA-operateur aangestel word maar later bedank en swart bendes oplei om landwyd stedelike guerilla-operasies uit te voer. Hulle doel is om vanuit die VSA as ’n kolonie ’n eie nasie van swartmense te omvorm. Die boek is in 1973 verfilm. Ná publikasie het die skrywer aangedui dat hy swartmense wou bemoedig om ’n aksieplan vir hul eie oorlewing binne die stelsel te skep eerder as om as slagoffers van ’n rassistiese samelewing te leef (Joiner, 2003:41).

Die natuurwetenskaplike en rasnasionalistiese William Luther Pierce se fiksieboek van 1978, *The Turner Diaries*, handel oor die *Organization*, ’n wit nasionalistiese groep wat die federale regering in ’n rewolusie omverwerp en ’n rasse-oorlog begin. Jode en teenstanders wat nie wit is nie word stelselmatig gedood en ’n massateregstelling van wit verraaiers vind op “Die dag van die tou” plaas (Pierce, 1978:218-224).

Hierdie boeke het beide invloed op ekstremiste uitgeoefen. Greenlee se boek was saam met Fanon, Guevara en Marighella se werke onder die sewe hooftekste oor gewapende stryd wat deur die Black Panthers in Chicago in die 1960’s en vroeë 1970’s gebruik is (Williams en Lazerow, 2009:198-208). Pierce se boek kan meer direk aan die polities-gedrewe rooftogte van Robert Jay Mathews in die 1980’s en die bomaanval van Timothy McVeigh in die 1990’s gekoppel word en was tot 2020 ’n goeie verkoper op Amazon (Walter, 2022:170).

**Demografiese en politieke omwenteling**

Teen die 2020’s het etlike figure uit die establishment wel hul besorgdheid oor ’n tweede Amerikaanse burgeroorlog bespreek. Volgens Barbara Walter, ’n prominente politieke wetenskaplike en lid van die *Council on Foreign Relations*, is die politieke situasie nader aan ’n burgeroorlog as wat Amerikaners graag sou wou glo. Sy noem dat die VSA aan twee vereistes hiervoor voldoen: die politieke orde is ’n anokrasie, dit wil sê tussen ’n volledige demokrasie en outokrasie, en politieke ondernemers bou faksies gegrond op ideologie, etnisiteit of religie (Walter, 2022a:159).


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

"The United States is in the midst of a major transition from a country whose population is majority white to a country whose population will be majority nonwhite. The United States will be the first country to go through this, but others are going to follow. The people who tend to start civil wars are the groups that had once been politically dominant but are in decline" (NPR, 2023).

Walter noem elders: "In the United States, the lives of the white working class have not improved in terms of income, in terms of the outcomes for their children, in terms of employment levels, in terms of home ownership. They've been suffering disproportionately from the opioid crisis. Their grievances are real. And they look at the rich coastal cities, and they see people who don't look like them who are benefiting enormously from the new economy and they are resentful" (Walter, 2022b).

Walter se gevolgtrekking weerspieël ander navorsing oor die oorsake van burgeroorlog (Williams, 2003; Cederman et al., 2013). Die Westerse kerngroep rondom wie die VSA opgebou is, was in 1970 sowat 83% van die bevolking, maar sal volgens die aangepaste sensus teen 2045 'n minderheid vorm (Frey, 2018; Frey, 2023). Die Groot Vervanging as oordeel geniet heelwat steun in die VSA. Meer as vier uit tien Amerikaners en 68% van die Republikeine steun selfs die beskouing dat politici immigrasie aanmoedig om gehoorsame mense in te bring wat vir hulle sal stem. Sowat 55% van die Republikeine en 57% plattelandse Amerikaners glo dat meer immigrante die kultuur en identiteit van die VSA sal skaad (Sharpe, 2023; Stokes, 2024).

Betz verwys ook na die invloed van 'n asimmetriese multikulturalisme. Voorkeur vir jou eie groep, etniese trots en groepsolidariteit in die politiek is aanvaarbaar vir alle groepe behalwe wit persone, waar dit aangedui word as onaanvaarbaar en verteenwoordigend van meerderwaardige houdings in stryd met die sosiale orde (Betz, 2023:26-27). Die sogenaamde kultuuroorloë oor diversiteit, inklusiwiteit en billikheid, "Black Lives Matter", woke-kapitalisme en gesinswaardes, aborsie en LGBTQ-regte is intra-kulturele stryde maar word deur verskillende kampe beskou as 'n voorsetting van 'n stryd teen tradisionele Amerikaanse waardes.

## Legitimiteit as splytswam

Politieke instellings en die verkiesingsproses in die VSA ly reeds minstens sedert die 2020-verkiesing aan 'n legitimiteitsgebrek en diep wantroue onder miljoene Republikeinse kiesers. Twee-derdes van Republikeinse ondersteuners, en byna 3 uit elke 10 Amerikaners glo dat Joe Biden nie in 2020 regmatig verkies is nie en dat die destydse president Donald Trump eintlik daardie verkiesing gewen het (Sances, 2023).

Miljoene kiesers voel in die steek gelaat deur die dikwels Demokratiese superrykes, federale bestuurders en professionele lui weens ope grense, 'n rigiede ideologiese agenda oor ras, Amerikaanse geskiedenis en genderdiversiteit, en ekonomiese verwaarlosing. Heelparty waarnemers beskryf die groot Amerikaanse skeidslyn as die stedelik-plattelandse verdeling. Die meeste Republikeinse ondersteuners is egter nie boere of kleindorpse inwoners nie. In die minder duur randvoorstede van vele stede duur dikwels 'n stryd tussen Republikeinse en Demokratiese koalisies. Die randvoorstede se kleiner getalle sakelui, werknemers en die buitestedelike gebiede, waar die meeste werkersklas-Amerikaners van alle rasse woon, is die swaartepunt van Republikeinse kiesers (Lind, 2024).

Die partye se ondersteuningsbasisse het wel verskuif. In 2007, die jaar voor Barack Obama tot president verkies is, was 51% van die wittes ewe geneig om die Demokratiese as die Repu-

blikeinse Party te steun. Teen 2022 was 90% van die Republikeinse Party se ondersteuners wit (Walter, 2022a:142) en in die 2024-verkiesing 78%, teenoor 10% Spaans-Amerikaanse, 3% swart, 3% Asiatiese en klein persentasies ander kiesers (Pew, 2025).

Daar was sedertdien ook toenemende verdelings in sommige minderheidsgroepe oor die Demokrate se ekonomiese en kultuurpolitieke agenda. Volgens Pew Research het net sowat 5% van die swartmense maar 32% van die Asiate, 39% van die Spaans-Amerikaanse kiesers en 51% van die wit kiesers in 2022 se middeltermynverkiesings vir die Republikeine gestem (Pew, 2022). In die 2024-presidentsverkiesing het Trump se steun onder minderheidsgroepe proporsioneel toegeneem (Frey, 2024).

Sommige Demokrate is bevrees dat die Republikeine deur ekonomiese populisme uiteindelik daarin sal slaag om die steun te wen van baie van hierdie kiesers, op wie hulle politieke alliansies berus. Ironies genoeg, sou dit elemente bevat van die oplossings wat Marable in die 1970's voorgestel het, maar met 'n pro-kapitalistiese fokus.

**Demokrasie en federale state**

Sedert 2016 beleef die VSA 'n vlak van politieke faksieverdelings wat nog net tydens die Amerikaanse Burgeroorlog en in die middel-1960's, met sy burgerregte-beweging en verdelings oor die Viëtnam-oorlog, gesien is (Walter, 2022a:147-148). Trump lei binne die Republikeinse Party 'n nuwe beweging (MAGA of *Make America Great Again*), wat die VSA se herlewing deur ekonomiese proteksionisme, tradisionele waardes en groter beheer van nie-Westerse migrasie bevorder. Die denke daarvan ontwikkel deurgaans en is intern divers, maar daag veral die vorige ideologiese konsensus en sterk gevestigde belangegroepe vir multikulturalisme, immigrasie, internasionale bondgenootskappe en globalisering uit. Demokrate en die Republikeine se steun is potensieel byna ewe veel, wat die temperatuur opjaag. Die teenstander se toekomsvisie word selfs as inherent ondemokraties voorgestel (Klein, 2025:2-4).

In September 2022 het president Joe Biden verklaar: "MAGA Republikeine verteenwoordig 'n ekstremisme wat die fondamente van ons republiek bedreig" (Biden, 2024). Speaker Nancy Pelosi het die politieke toestande tydens die inval in die Capitol in Januarie 2021 vergelyk met die Amerikaanse Burgeroorlog. Trump het die 2024-verkiesing as 'n bestaanstryd uitgebeeld en genoem dat dit sonder 'n Republikeinse oorwinning die laaste vrye verkiesing kan wees (Reid, 2024).

Die federale VSA se 50 deelstate en die federale regering vorm die politieke slagvelde waarop die intra-elite twiste van die stadsgebiede uitgeveg word. Demokratiese kernstede in state met Republikeinse meerderhede kan dikwels die state se regerings systap deur direk op die Kongres, die federale burokrasie of die regbank 'n beroep te doen, asook op die media en sake-elites wat die party ondersteun (Lind, 2024).

Steun vir afskeiding hou meestal verband met die afkeer in te sterk sentrale regering, ongeag wie regeer (Oates en Wolak, 2025). YouGov se meningsopname in Februarie 2024 het getoon dat 23% van die inwoners die afskeiding van hulle eie federale staat sou steun, en 28% die afskeiding van 'n ander staat. Afskeiding was die gewildste in die twee Demokratiese state, Kalifornië en New York, en die drie Republikeinse state, Texas, Oklahoma en Alaska. In 11 state was die steun vir afskeiding 24% of meer, en oorhoofs het 29% Republikeine afskeiding van hul state gesteun (Orth, 2024). Daar is ook periodiek kleiner politieke inisiatiewe waar byvoorbeeld plattelandse stemdistrikte in die deelstaat Oregon verwaarloos voel deur die bestaande magshebbers en vir aansluiting by 'n ander deelstaat soos Idaho stem, en waar Idaho se deelstaatregering dit wel oorweeg (Greenblatt, 2023).

Die Trump II-administrasie se kragdadige gebruik van uitvoerende mag versterk die diep politieke verdelings. Dit kan verdere onvoorsiene gevolge en stelselverskuiwings meebring, onder meer ’n onderling vyandige federalisme tussen Demokratiese en Republikeinse deelstate of groeiende wettige nie-nakoming van federale beleid in sommige Demokratiese deelstate (Gale en West, 2025).

**Groter aanvaarding van geweld**

By ekstremiste in alle kampe bestaan ’n groter aanvaarding van politieke geweld as deel van die politieke proses. Etlike insidente van beplande of werklike geweld teen sowel Demokratiese as Republikeinse politici het reeds plaasgevind. Die 2020-verkiesing en sy betwiste uitslag was die sneller vir die protes by en inval in die US Capitol-gebou deur Trump-gesinde ekstremiste. Ná twee mislukte sluipmoordpogings op Trump, op 13 Julie 2024 en op 15 Augustus 2024 (Bergengruen, 2024), is hy op 5 November 2024 tot president herkies.

Die aanvaarding van politieke geweld was nie altyd so sterk nie. Terwyl een uit tien respondente in 1990 aan navorsers van die Universiteit van Maryland genoem het dat gewelddadige optrede teen die regering geregverdig kan word, was dit in Desember 2021 drie uit tien (Bergengruen, 2024). In Junie 2024 het 10% van die respondente in navorsing deur die Universiteit van Chicago gemeen die gebruik van geweld is geregverdig om te keer dat Trump president word. Sowat 6,3% het gemeen geweld ten gunste van Trump is geregverdig (Pape, 2024).

In meningsopnames deur YouGov in 2022 onder Amerikaners het 60% persent meer politieke geweld in die toekoms verwag. Twee uit vyf het geglo ’n burgeroorlog in die volgende dekade is minstens ietwat moontlik in die volgende dekade (Orth, 2011). In 2024 het 47% Amerikaners gedink ’n burgeroorlog in hulle leeftyd is waarskynlik of baie waarskynlik, en 58% jongmense het so gedink (Marist Poll, 2024).

**Veiligheidsmagte en burgermilisies**

Daar is tans min tekens in die openbare domein dat sulke verdelings ’n belangrike kwessie binne die Amerikaanse weermag is (Dunford et.al., 2023). Die verpolitisering van die weermag, hetsy deur ideologiese maatreëls of presidente, neem egter nie af nie (Glasser en Baker, 2022). Drie oud-generaals het na die oproer op 6 Januarie 2021 in ’n ope brief genoem dat een uit tien deelnemers weermagveterane was. Hulle het gewaarsku dat indien die verkiesingsuitslag in 2024 betwis sou word, die bevelsketting heeltemal kon opbreek volgens partylojaliteite en dat weermageenhede hulle kon skaar by die kandidaat wat as die regmatige wenner beskou word (Eaton et al., 2021). Die oud-generaals se boodskap dui op een realistiese scenario onder vele in ’n diep verdeelde staat.

Diep sosiale en politieke verdelings sou ook op heelwat dienende lede van die veiligheidsmagte ’n invloed uitoefen. Die VSA het ’n swetterjoel veiligheidsagentskappe op federale vlak alleen, om van deelstate en die wetstoepassers in stede en dorpe nie te praat nie. Weens die wydverspreide voorkeur in die bevolking vir politiek binne ’n regsorde en die opleiding, aard en teenwigte van die verskillende agentskappe sou die bevelsketting waarskynlik grotendeels gehandhaaf kon word tydens politieke verdelings en selfs konflik in die onmiddellike toekoms.

Die Trump-bewind wend wel tot dusver die federale weermag meer aan vir binnelandse polisiëringstake. Trump self het in September 2025 voor senior weermagoffisiere verklaar dat,


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

na dekades se militêre veldtogte oorsee, dit nou tyd is om die weermag teen binnelandse vyande te gebruik. Sy beleid is ook bedoel om onwettige immigrasie te bekamp. Dit mag egter dien om die federale regering en Republikeinse se greep landwyd te versterk. Indien sulke beleid intensief en dringend voortgesit word, sal dit groter druk plaas op die weermag om sy interne eenheid en onpartydige onderworpenheid aan die Amerikaanse Grondwet in alle situasies te handhaaf (Nichols, 2025).

Goya noem dat die veel geringer beskikbaarheid van wapens en ’n groter gesagsposisie vir die veiligheidsmagte in die Franse samelewing sal help keer dat politieke ekstremiste en sektariese of etniese milisies maklik kan ontstaan, groei en uiteindelik mekaar takel. In die VSA daarenteen, is ’n individu se bewapening van homself en sy gesin om hulself te beskerm, milisies soos die historiese Minutemen, en ’n diep wantroue in ’n staat en nasionale veiligheidsmagte wat te sterk is, sterk gewortel in die Amerikaanse geskiedenis, regstelsel, en politieke formasies en praktyke (Goya, 2024b).

In die 1970’s was die meeste ekstremistegroepe wat geweld gepleeg het aan die linkerkant van die spektrum. Vandag is net sowat ’n kwart daarvan links-ekstremisties. Daar is wel sedert 2020 ’n toename in die aantal aanvalle deur Antifa-groepe, wat teen nasionalisme, rassisme, fascisme en dikwels ook kapitalisme gerig is. Sulke groepe kan veral baat by die veranderende politieke orde van die VSA en het oënskynlik min om deur geweld te wen (Walter, 2022:157, 191). Dit val te besien of the Trump-II-administrasie se hernude veldtog teen verlinkse opponente nuwe ondergrondse ekstremiste afskrik of kweek.

Verskillende burgermilisies, waarvan sommige lede militêre ervaring het, was betrokke by demonstrasies oor Covid en die bestorming van die Capitol-gebou op 6 Januarie 2021 (NPR, 2023). Baie milisieleiers besef dat geweld hulle beeld, steun of regsposisie sou benadeel. Heelparty van hulle noem dat hulle net in selfverweer sou optree. Formele milisies verskil oor wat die grootste onmiddellike bedreiging is. Sommige milisies, soos gewone burgers, is bevrees dat die federale regering hulle wapens sal konfiskeer. Ander bou water- en mediese voorrade op in afwagting van die sosiale inploffing wat kom of *teotwawki – the end of the world as we know it* (Cooter 2024). Individue en netwerke onder weermagveterane sal wel ’n belangrike deel uitmaak van die groepe wat in die toekoms politieke geweld sal begin of probeer stopsit.

## Onrus en terrorisme

Volgens Michael Lind toon kaarte van verkiesingsuitslae dat daar geen volledig Rooi (Republikeinse) of volledig Blou (Demokratiese) state is nie. Daar is net Blou stedelike gebiede wat in Rooi oseane dryf, selfs in oorwegend Blou state soos Kalifornië en New York. ’n Asimmetriese toekomstige burgeroorlog sou dus tussen woonbuurte in elke stedelike gebied gevoer word, nie tussen duidelik afgebakende state nie (Lind, 2024).

Progressief-Demokratiese Manhattan, met sy uiterstes van ryk en arm, sou volgens Lind dan te staan kom teen werkersklas- en middelklaswoonbuurte soos Staten Island en dele van Queens en Brooklyn, wat dikwels vir die Republikeine stem. Hy voeg by dat die burgeroorlog in New York City nie baie lank sou duur nie – nie as die werkersklas polisie, eerste reageerders, verpleegsters en gebou-instandhoudingspersoneel wat uit die buitebuurte pendel en neig om Republikeins te stem, Manhattan aan anargie oorlaat nie. Dit sou die rykes wat nie na hulle tweede huise in The Hamptons kan vlug nie laat skuil in hulle wolkekrabbers terwyl misdadigers en plunderaars die strate oorneem, brandend en plunderend (Lind, 2024).

Daar word heelwat gepraat oor ’n moontlike burgeroorlog en milisies, maar die rekord van georganiseerde politieke geweld in die VSA is baie meer beperk. Volgens ’n datastel van

893 terroriste-voorvalle tussen Januarie 1994 en Mei 2020 het regse ekstremiste 57% van alle aanvalle gepleeg, linkse ekstremiste 25%, etno-nasionaliste 3%, en godsdienstige terroriste 15%, laasgenoemde weliswaar met die grootste lewensverlies (Jones en Doxsee, 2020).

Die gevaar van individue - met of sonder klein ondersteuningsnetwerke - is natuurlik nie te onderskat nie. Terrorisme-kenners soos Bruce Hoffman en Jacob Ware skryf dat ’n hedendaagse Amerikaanse burgeroorlog onwaarskynlik is, maar dat nuwe dade van polities-gemotiveerde geweld nie uitgesluit kan word nie (Hoffman & Ware, 2024). Die destydse president van die Amerikaanse *Council on Foreign Relations*, Richard Haass, opper ook kommer oor die verval van demokratiese norme in die VSA. As daar ’n model is wat ons moet vrees, voer hy aan, kom dit van die Noord-Ierland-konflik, die stryd van drie dekades van die laat-1960’s af, wat veelvuldige paramilitêre groepe, polisie en soldate betrek het en gelei het tot bykans 3 600 sterfgevalle en ’n skerp vermindering in ekonomiese uitset (Hoffman en Ware, 2024).

Marche kom tot die gevolgtrekking dat daar vyf moontlike snellers vir die ineenstorting van die diep verdeelde politieke orde in die VSA kan wees. ’n Eerste sneller is ’n gewelddadige konfrontasie tussen die federale regering en milisies, en ’n tweede sneller is die sluipmoord op ’n Demokratiese president. Dit is ironiese scenarios in die lig van die sluipmoordpogings op Donald Trump en die Republikeinse oorwinning, wat so ’n scenario vermoedelik tans onnodig maak vir die meestal pro-Republikeinse milisies. Drie ander snellers is ’n reuse-orkaan wat New York vernietig, die ontploffing van ’n biologiese, chemiese of kernbom in Washington DC en die relatief vreedsame sesessie van sekere deelstate (Marche, 2022). Sy scenarios is gegrond op onderhoude met talle kundiges in die veiligheidsmagte, wat ook oor inligting beskik wat nie publiek bekend is of beoordeel kan word nie.

Sterk ondersteuners van politieke kampe kan hulle posisie in ’n politieke orde probeer verbeter deur verkiesings, propagandaveldtogte deur sosiale en ander media, gemeenskaps-instellings, protes of emigrasie na ’n beter interne omgewing. Emigrasie vir politieke redes mag uiteraard soms aansluit by ekonomiese oorwegings, wat byvoorbeeld die hoofrol speel in die migrasie van meeste individue en maatskappye van Kalifornië na die naburige Texas en Arizona (Cain en Hehmeyer, 2023). Solank die voorgaande moontlikhede blyk ’n verskil te maak, is die aansporing om politieke geweld te ondersteun beperk. Terwyl die tweede Trump-administrasie aan bewind is, of terwyl dit lyk asof ’n verdere soortgelyke regering aan bewind sal kom, of dat ander niegewelddadige opsies verwesenlik kan word, is die kans op ’n burgeroorlog voorlopig kleiner.

## Geopolitiek

In die geval van ernstige politieke geweld of ’n burgeroorlog in Frankryk of die VSA kon politieke geweld ook versprei na ander Wes-Europese lande met soortgelyke vraagstukke en skeidslyne, soos die Verenigde Koninkryk. Die tydperk, omvang en aard van die verspreiding al dan nie sou dan afhang van die nasionale en plaaslike politieke besluitnemers en veilig-heidsmagte se hantering daarvan, asook die spesifieke sosiale kapitaal en onderlinge groeps-verhoudings in plaaslike gebiede. Daarby is daar historiese voorbeelde van die Russiese, Wit-Russiese, Marokkaanse, Turkse, Libiese en Siriese regerings wat oorgrensstrome van bevolkingsmigrasie as wapen skep of manipuleer om politieke of ander toegewings van teiken-state te verkry (Ho & Wijnkoop, 2022; Petty, 2022).

Geopolitiek het ook ’n kulturele dimensie, hoe rolspelers hulle rol in die wêreld sien en die behoud van hulle veiligheid maar ook identiteit probeer handhaaf. Die reënboogvlag van

die LGBTQ-gemeenskap het tydens die Biden-bewind, ondanks plaaslike weerstand in die Midde-Ooste, by Amerikaanse ambassades gewapper (Kokonos 2021). Vise-president JD Vance het op 14 Februarie 2025 by die Münchense Veiligheidskonferensie genoem dat die Trump-regering die interne bedreiging in Europa belangriker beskou as die bedreiging wat Rusland of China inhou. Daaronder het hy ingesluit massamigrasie, vorme van putatiewe of werklike sensuur en uitsluiting van politieke teenstanders, en ’n gevolglik swakker demokratiese mandaat vir politieke leiers en veiligheidsbeleid (Hains, 2025).

In die jare 2005-2007 het die Amerikaanse owerhede, ná hul inval in Irak in 2003 en die verklaring van oorwinning, ontken dat daar ’n burgeroorlog in Irak is (Al Jazeera 2006). Dit kan ook wees dat moondhede vorentoe nie hul kwesbaarheid teenoor ’n teenstander of die verlies van beheer wil laat blyk nie. Die beleërde bewind in ’n land kan boonop buitelandse hulp benodig, en nadat ’n burgeroorlog verklaar is, moet moontlike ondersteuners neutraal bly sodat hulle hulp nie volgens die volkereg as ’n oorlogsdaad geregverdig moet word nie (Wood, 2006).

**Bespreekbare tema**

In die 1970’s was die tema van burgeroorlog in die VSA ’n randverskynsel. Tans word dit ernstig bespreek en ontleed deur gerekende akademici, onder meer Walter, Betz en Lind. Betz voer aan dat ’n burgeroorlog in Westerse state soos die VSA, Brittanje en Frankryk bykans onafwendbaar geword het, met Brittanje wat binne die volgende vyf jaar aan die risiko daarvan blootgestel sal word (Stanley, 2025). Hy noem dat 75% van burgerstryde sedert die Koue Oorlog deur etniese faksies gevoer is en dat dit nie verbasend sal wees as dit in die Weste sou gebeur nie. Weens die waarneembare stedelik-plattelandse dimensie van immigrantevestiging is die stede radikaal meer heterogeen en sal so ’n burgeroorlog ’n uitgesproke stedelik-plattelandse karakter aanneem (Betz, 2023).

Omdat mense makliker nie-menslike as menslike teikens en stelsels aanval, kan baie van die aanvalle ten doel hê om ’n toestand wat heterogene stedelike saambestaan moontlik maak, te verander in een van antagonistiese homogene enklaves (Coward, 2007). Dit sou golwe van krisis en moontlike bevolkingsverskuiwings in stede veroorsaak terwyl die daders en van hulle ondersteuningsnetwerke in die dikwels relatief veiliger platteland die gevolge daarvan afwag. Die stryd sou volgens hom ook ’n bestraffing van politieke en kulturele elites insluit, soos tydens die volksopstande in Europa gedurende die laat Middeleeue (Betz, 2023).

Daar is tans dieper politieke verdelings en twee politieke kampe met byna gelyke steun in die VSA. Walter wys daarop dat ’n verskuiwing na geweld plaasvind as daar ’n persepsie bestaan dat daar geen manier meer is om mag te herwin deur binne die stelsel te werk nie, byvoorbeeld ná ’n verkiesingsnederlaag of verskeie nederlae, en mislukte protes (Walter, 2022b). Die Republikeinse oorwinning in 2024 beteken dat sulke scenario’s vir die volgende jare minder belangrik vir die meer ekstreme ondersteuners onder die Republikeine is.

Die Trump II-administrasie regeer tans minder as ’n jaar en dit is dus te vroeg om sy impak goed te beoordeel, veral wat sy ekonomiese beleidsukses aanbetref. Nietemin het die relatiewe sukses van Trump se streng beleid om onwettige immigrasie te bekamp voorlopig waarskynlik die angel van politieke geweld deur sy ekstreme ondersteuners uitgetrek (Watson en Zars, 2025). Ook vir die Demokrate bly die moontlikheid van politieke oorwinnings bestaan. Dit sluit egter nie die kans op kleiner voorvalle van politieke geweld uit enige kamp uit nie. Sulke geweld kan wissel van onrus tot spesifieke aanvalle, soos die sluipmoord teen die konserwatiewe aktivis Charlie Kirk op 10 September 2025.

Betz voer aan dat daar redes is waarom daar terughoudendheid oor die onderwerp van burgeroorlog heers. Dit kan wees dat mense 'n soort veiligheidsdilemma vrees, dat indien mense daarvan oortuig word omdat belangrike mense die moontlikheid noem, hulle kan begin optree op maniere wat dit veroorsaak of verhaas. Ander kan dit insien maar faksiegewys 'n belang by die konflik hê en hulself posisioneer volgens wie hulle dink die geskiedenis sou aanwys as die mag wat die eerste skoot geskiet het (Betz, 2023).

**Gevolgtrekkings**

Twee geslagte gelede, in die 1970's en 1980's, het die meeste Westerse politieke ordes steeds op relatief eensgesinde nasies met 'n sekere identiteit en erfenis berus. Etlike tekens van 'n politieke oorgangskrisis het egter in die 2020's merkbaar geword in Frankryk en die VSA, twee van die sterkste Westerse state.

Daardie tekens van 'n oorgangskrisis behels in sowel Frankryk as die VSA 'n verlies aan sosiale kapitaal en ontbloot diep maatskaplike en politieke polarisering. Groot dele van die bevolking het ook hul vertroue in politieke instellings, leiers en verteenwoordiging verloor. Die sentrumpartye het verswak, en politieke faksievorming en gebreke in die legitimiteit en responsiwiteit van politieke instellings neem toe. Dit gaan gepaard met demografiese inkrimping te midde van die groei van nie-Westerse bevolkingsgroepe en massamigrasie, sterk uiteenlopende groepsidentiteite en toekomsvisies, heftige onderlinge ideologiese stryde, en geopolitieke magsverskuiwings.

Groot getalle Franse en Amerikaanse burgers deel reeds jare persepsies en gevoelens van verdringing uit hulle ekologiese nis of van 'n dreigende verlaging van hul status, mag of posisie. Die dominante ideologiese raamwerk in hulle land is volgens hulle nie in staat om nuwe ontwikkelinge te verklaar of te verstaan nie. Sentrumpartye en hoofstroomkommentators se felle aanvalle op die Groot Vervanging as beskrywing of oordeel, bestaande modelle van multikulturele naasbestaan, nie-Westerse massamigrasie of asimmetriese multikulturalisme onder verskillende groepe burgers versterk hulle persepsies en gevoelens hieroor. Die akademiese domein en debatte oor die oorsake en vorms van ernstige sosiopolitieke geweld in multikulturele Westerse ordes loop deurlopend die risiko om weens magstryde en polarisering aan prosesse van marginalisering, uitsluiting, verswyging, verwringing, sensuur, selfsensuur, ideologiese stamdenke en selfs intimidasie onderworpe te raak.

Toe kundiges in die laat 20ste eeu burgeroorlog bestudeer het, was dit bykans altyd buite die konteks van tydgenootlike Westerse politieke ordes. Soms was daar toekomsfiksieskrywers of ekstremiste wat die moontlikheid van burgeroorlog in Westerse state oorweeg het, maar hulle is as marginale stemme beskou. Teen die 2020's beskou aansienlike dele van die bevolking en invloedryke politici en meningsvormers vorms van ernstige politieke ekstremisme, geweld en selfs burgeroorlog as een realistiese scenario.

Faksievorming onder politieke elites en sosiopolitieke kampe in die bevolking is in die VSA tans sterker as in Frankryk. In die VSA het die meeste plegers van politieke geweld verskuif van linkse na regse ekstremiste, en in Frankryk is Islamiste tans die belangrikste plegers. In beide state word oproer, terrorisme en 'n groter aanvaarding van politieke geweld in vele kampe 'n onderdeel van die oorgangskrisis.

Die optrede en moontlike politieke verdelings in die polisie en ander veiligheidsmagte bly 'n prominente tema in beide lande. Die weermag het meer status in Frankryk, waar daar ook proporsioneel minder wapens en milisies onder die bevolking is. Daar is beperkte getuienis daaroor, en daarom word voorlopig aanvaar dat politieke verdelings in beide lande 'n beperkte

uitwerking op die veiligheidsmagte se uitvoering van take het. Dit mag egter verander as die Trump II-administrasie se impak op die veiligheidsmagte toeneem.

Die ontwikkelinge in Frankryk en die VSA bevestig Hechter, Okamoto, Cederman, Gleditsch en Buhaig se teorieë oor die potensiaal vir konflik indien een groep ’n ander reeds langer gevestigde groep se ekologiese nis betree, indien ’n groep benadeel of gefrustreerd voel omdat hulle beleidsvoorkeure nie toegestaan word nie, of indien etniese groepe die risiko loop om hul vorige dominante status te verloor en polities uitgesluit te word.

Indien daar in die volgende paar jaar politieke geweld in Frankryk en die VSA uitbreek, sal dit meestal in tyd en ruimte beperkte en herkenbare vorme aanneem. Byeenkomste wat met geweldsvoorvalle gepaardgaan, sou met bestaande voorvalle van stedelike oproer ooreenkom. Daar kan elemente van milisies wees wat staatsteikens aanval. Individue kan om politieke redes sabotasie, moorde of ander misdade pleeg. Kulturele en ideologiese ikone en aktiwiteite vorm meer opsigtelik ’n belangrike teiken van ernstige geweld in Frankryk. In beide lande vorm persepsies oor verdringing, skielike statusverlies of radikale kulturele verandering ’n belangrike basis vir mobilisasie en konflik.

Betz en Walter se werk bied daarom relevante waarskuwings. Dit is waarskynlik dat die veerkragtigheid van Franse of Amerikaanse politieke ordes in die volgende dekades meer insinkings sal beleef. Dat sosiopolitieke faksiestryde dan tot ’n burgeroorlog of ’n minder demokratiese stelsel met invloedryke sekurokrate kan lei, kan nie uitgesluit word nie. In teenstelling met wat Betz aanvoer, is ’n burgeroorlog egter nie bykans of beslis onvermydelik nie. So ’n verloop, soos ander moontlike uitkomste, sou kontingent en nie-lineêr wees en afhang van spesifieke politieke rolspelers, hul optrede, reaksies en veranderlike besluite, onvoorsiene gevolge en nuwe intredende faktore en stelselverskuiwings.

Vir politieke geweld om die vlak van ’n burgeroorlog te bereik ontbreek die georganiseerde veggroepe tans. ’n Burgeroorlog sou slegs een van meerdere moontlike uitkomste wees en waarskynlik lank as sodanig deur Westerse regerings en meningsvormers wat hul ondersteun, ontken word. Die aandag aan burgeroorlog as tema by die bevolkings en politici is wel ’n teken van die oorgangskrisis.

Sosiopolitieke faksiestryde tesame met vorms van intimidasie en geweld is daarby ’n onder- of onbenoemde strategiese risiko vir Westerse politieke ordes se politieke stabiliteit. Die uitkomste van die oorgangskrisis in Frankryk en die VSA sal in ’n groot mate afhang van nuwe beleidsbenaderings en politieke rolspelers wat bekwaam genoeg is om hul politieke wisselordes se uitdagings te hanteer.

## BIBLIOGRAFIE


Agamben, G. 2016. *Stasis: Der Bürgerkrieg als politisches Paradigma*. Vertaler Michael Hack. S. Fischer. Frankfurt am Main.

Al-Jazeera. 2006. US leaders deny Iraq near civil war. 19 Maart. https://www.aljazeera.com/news/2006/3/19/us-leaders-deny-iraq-near-civil-war [23 April 2025].

Almeida, J. 2021. Le Portrait Dystopique de ‘La France qui vient’ dans *Jamais de guerre civile le mardi* d’Yves Bourdillon. *Intercâmbio*, 14: 56-68. https://doi.org/10.21747/0873-366X/int14a4 [20 April 2025].

Arcenaeux, K. en A. Muxel. 2025. The French government has failed to restore confidence in political institutions. Centre for Political Research, 13 Januarie. https://www.sciencespo.fr/cevipof/en/news/the-french-government-has-failed-to-restore-confidence-in-political-institutions [23 April 2025].

Ayad, C. 2025. French foreign intelligence chief: ‘Islamist terrorism is a threat that our societies will have to face over the longer term’. *Le Monde*. 15 Januarie. https://www.lemonde.fr/en/france/



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

article/2025/01/15/french-foreign-intelligence-chief-islamist-terrorism-is-a-threat-that-our-societies-will-have-to-face-over-the-long-term_6737055_7.html [23 April 2025].

Badiou, A. 2005. Interview. *The Ashville Global Review*. 20 April. https://www.lacan.com/badash.htm [1 Mei 2025].

Bechiche, H. 2022. French Muslims overwhelmingly back Mélenchon: Will the Left take note?. *Novaramedia*, 29 April. https://novaramedia.com/2022/04/29/french-muslims-overwhelmingly-backed-melenchon-will-the-left-take-note/

Behrent, M. 2019. France's Anti-Liberal Left. *Dissent*. Lente.

Bell, D. 2024. "Communitarianism." In: Zalta, Edward en Uri Nodelman (reds.)*The Stanford Encyclopedia of Philosophy.* https://plato.stanford.edu/archives/sum2024/entries/communitarianism/ [18 Julie 2025].

Bergengruen, V. 2024. America's Political Violence Crisis. *Time*. 18 Julie. https://time.com/6999810/political-violence-america-trump-rally/ [7 Mei 2025].

Betz, D. 2023. Civil War comes to the West. *Military Strategy Magazine*, 9(1), 20-26. https://www.militarystrategymagazine.com/article/civil-war-comes-to-the-west/ [1 Mei 2025].

Biden, J. 2022. Remarks by President Biden on the Continued Battle for the Soul of the Nation'. *The White House*, 1 September. https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2022/09/01/remarks-by-president-bidenon-the-continued-battle-for-the-soul-of-the-nation/

Bréville, B. 2025. France's far-right voters: 'We all think the same thing here.' *Le Monde Diplomatique*, 3 Maart. https://mondediplo.com/2025/03/03rassemblement-national [1 Mei 2025].

Brunet, R. 2020. Général Pierre de Villiers: de l'armée à la politique? *France 24*, 7 Desember. https://www.france24.com/fr/france/20201207-g%C3%A9n%C3%A9ral-pierre-de-villiers-de-l-arm%C3%A9e-%C3%A0-la-politique [23 April 2025].

Brunet, R. 2025. French PM Bayro sparks outrage with far-right rhetoric on migrant 'flood'. France24. https://www.france24.com/en/europe/20250129-french-pm-bayrou-sparks-outrage-with-far-right-rhetoric-on-migrant-flooding [23 April 2025].

Cain, B. en P. Hehmeyer. 2023. *California's population drain*. Stanford Institute for Economic Policy Research. Oktober. https://siepr.stanford.edu/publications/policy-brief/californias-population-drain [25 Julie 2025].

Camus, R. 2023. *Enemy of the Disaster: Selected Political Writings*. Vertaler Louis Betty. Blowing Rock: Vauban Books.

Caulcutt, C. 2024. Macron warns of 'civil war' if far left or far right wins. *Politico*, 24 Junie. https://www.politico.eu/article/emmanuel-macron-civil-war-far-right-national-rally-far-left-france-unbowed-france-elections/ [23 April 2025].

Cederman, L.-E., K.S. Gleditsch en H. Buhaug. 2013. *Inequality, Grievances, and Civil War*. Cambridge University Press: Cambridge.

Chavelet, E. 2016. Terrorisme: "Soit on attend la guerre civile, soit on l'évite." *Paris Match*, 28 Maart. https://www.parismatch.com/actu/societe/terrorisme-soit-attend-la-guerre-civile-soit-levite-114360 [23 April 2025].

Cooney, C. 2024. *Guérre franco-française*: the nationalist right, civil war discourse and the 2021 *tribunes des militaires*. *War & Society*, 43(3), 331-352.

Cooter, A. 2024. *Nostalgia, Nationalism, and the US Militia Movement.* Routledge: Londen.

Couveleire, L. 2024. For French Jews everything has changed since October 7. *Le Monde*, 25 September. https://www.lemonde.fr/en/france/article/2024/09/25/for-french-jews-everything-has-changed-since-october-7_6727247_7.htm [23 April 2025].

Craveiro, D., I. De Oliveira, M.S. Gomes, J. Malheiros, M.J. Guardado Moreira en J. Peixoto. 2019. Back to replacement migration: A new European perspective applying the prospective age concept. *Demographic Research*, 40(45) Mei, 1323-1344.

Doward, J. 2011. David Cameron's Attack on Multiculturalism Divides the Coalition. *The Guardian*. 6 Februarie. https://www.theguardian.com/politics/2011/feb/05/david-cameron-attack-multiculturalism-coalition [23 April 2025].

Dunford, J., G. Allison en J. Glick-Unterman. 2023. Guardians of the Republic. *Foreign Affairs*. 5 Januarie.

Eaton, P., A. Taguba en S. Anderson. 2021. 3 retired generals: The US must prepare now for a 2024 insurrection. *Washington Post*, 17 Desember. https://www.washingtonpost.com/opinions/2021/12/17/eaton-taguba-anderson-generals-military/

Edelman. Richard. 2022. Breaking the Vicious Cycle of Distrust. *Edelman Trust Barometer*. https://www.edelman.com/trust/2022-trust-barometer/breaking-vicious-cycle-distrust [1 Mei 2025].

Ekman, M. 2022. The great replacement: Strategic mainstreaming of far-right conspiracy claims. *Convergence*, *28*(4), 1127-1143.

Fabre-Bernadac, J.-P. 2021. Pour un retour de l'honneur de nos gouvernants: 20 généraux appellent Macron à défendre le patriotisme. *Valeurs Actuelles*, 21 April.

https://www.valeursactuelles.com/politique/pour-un-retour-de-lhonneur-de-nos-gouvernants-20-generaux-appellent-macron-a-defendre-le-patriotisme [23 April 2025].

Fassin, D. 2015. Didier Fassin on The Punitive Society. 7 Oktober. https://blogs.law.columbia.edu/foucault1313/2015/10/07/didier-fassin-on-the-punitive-society/ [23 April 2025].

Fearon, J. en D. Laitin. 2003. Ethnicity, Insurgency, and Civil War. *American Political Science Review*, 97 (1), Februarie, 75-90.

Fella, S. 2025. France: recent political developments and the 2024 National assembly elections. Research briefing. *UK Parliament*. 20 Januarie. https://commonslibrary.parliament.uk/research-briefings/cbp-10112/ [23 April 2025].

Fieschi, C. 2024. France's Political Crisis. *Survival*. 66(4):115-126.

Frey, W. 2018. *The US will become 'minority white' in 2045, Census projects*. Brookings. 14 Maart. https://www.brookings.edu/articles/the-us-will-become-minority-white-in-2045-census-projects/ [18 Julie 2025].

Frey, W. 2023. *New 2020 census data shows an ageing America and wide racial gaps between generations*. Brookings. 1 Augustus. https://www.brookings.edu/articles/new-2020-census-data-shows-an-aging-america-and-wide-racial-gaps-between-generations/ [18 Julie 2025].

Frey, W. 2024. *Trump gained some minority voters but the GOP is hardly a multiracial coalition*. Brookings. 13 Desember. https://www.brookings.edu/articles/trump-gained-some-minority-voters-but-the-gop-is-hardly-a-multiracial-coalition/ [18 Julie 2025].

Gale, W.G. en D.M. West. The war over federalism. Brookings, 17 September 2025. https://www.brookings.edu/articles/the-war-over-federalism/ [8 Oktober 2025].

Glasser, S. en P. Baker. 2022. Inside the war between Trump and his generals. *The New Yorker*, 8 Augustus. https://www.newyorker.com/magazine/2022/08/15/inside-the-war-between-trump-and-his-generals [1 Mei 2025].

Goldstone, J. 1991. *Revolution and Rebellion in the Early Modern World*. Berkeley: University of California Press, 1991.

Goya, M. 2024a. Attaque de Charlie Hebdo-Six combats en 16 minutes dans un rectangle de 250x80m. 24 Maart. https://lavoiedelepee.blogspot.com/2015/01/attaque.html [23 April 2025].

Goya, Mi. 2024b. Civil War. 17 Julie. https://lavoiedelepee.blogspot.com/2024/07/civil-war.html [23 April 2025].

Greenblatt, A. 2023. *We Can't All Get Along: What's Driving Modern Secession Movements?* Governing. 10 Maart. https://www.governing.com/now/we-cant-all-get-along-whats-driving-modern-secession-movements [25 Julie 2025].

Guilly, C.2014. *La France périphérique*. Paris: Flammarion.

Hains, T. 2025. Full Speech: Vice President JD Vance Tells Munich Security Conference "There's A New Sheriff in Town." RealClear Politics. 14 Februarie. https://www.realclearpolitics.com/video/2025/02/14/full_speech_vice_president_jd_vance_addresses_munich_security_conference.html [7 Mei 2025].

Hartig, H. 2022. *Voting patterns in the 2022 elections*. Pew Research. https://www.pewresearch.org/politics/2023/07/12/voting-patterns-in-the-2022-elections/ [1 Mei 2025].

Hartig, H., S. Keeter, A. Daniller en T. van Green. 2025. *Demographic profiles of Trump and Harris voters in 2024*. Pew Research. 26 Junie. https://www.pewresearch.org/politics/2025/06/26/demographic-profiles-of-trump-and-harris-voters-in-2024/ [18 Julie 2025].


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a2

Hechter, M & Okamoto, D. 2001. Political Consequences of Minority Group Formation. *Annual Review of Political Science*, 4:189-215.

Ho, M.S.D. en M. Wijnkoop. 2022. *The instrumentalization of migration: A geopolitical perspective*. Clingendael. Desember. https://www.clingendael.org/publication/instrumentalization-migration [1 Mei 2025].

Hoffman, B. en J. Ware. 2024. How Bad Will Political Violence in the US Get? *Foreign Policy*. 28 Junie. https://foreignpolicy.com/2024/06/28/civil-war-political-violence-u-s-2024-election/ [1 Mei 2025].

Horne, A. 1987. *A Savage War of Peace: Algeria 1954-1962*. Papermac: Londen.

Huntington, S. 2002. *The Clash of Civilizations and the Remaking of World Order*. London: Simon & Schuster.

Hussey, A. 2014. *The French Intifada: The Long War Between France and its Arabs*. New York: Faber and Faber.

IFOP. 2020. Droit au blasphème, caricatures, liberté d' expression…les francais sont ils encore "Charlie"? 1 September. https://www.ifop.com/publication/droit-au-blaspheme-caricatures-liberte-dexpression-les-francais-sont-ils-encore-charlie/ [1 Mei 2025].

Iyengar, S. en S.J. Westwood. 2015. Fear and Loathing across Party Lines: New Evidence on Group Polarization and Trends in American Public Opinion. American Journal of Sociology, 114(2):408-46.

Joiner, L. L. 2003. After 30 years, a Controversial Film Re-Emerges. *The Crisis*, November/December. 41.

Jones, S. en C. Doxsee. 2020. The Escalating Terrorism Problem in the United States. *CSIS Briefs*. Center for Strategic & International Studies. https://www.csis.org/analysis/escalating-terrorism-problem-united-states [1 Mei 2025].

Khosrokhavar, F. 2017. *Radicalisation: Why Some People Choose the Path of Violence*. Vertaler Jane Marie Todd. New York: The New Press.

Klein, L. 2025. *The Sources of American Conduct: How MAGA Ideology Could Turn the USA into the EU's Implacable Adversary*. Clingendael. Mei. https://www.clingendael.org/publication/sources-american-conduct-maga-ideology-and-eu [18 Julie 2025].

Kokonos, L. 2021. The Missing Realism of Biden's Pro-LGBTQ Foreign {Policy. Foreign Policy. 4 Maart. https://foreignpolicy.com/2021/03/04/the-missing-realism-of-bidens-pro-lgbtq-foreign-policy/ [1 Mei 2025].

Lange, J. en A. Sullivan. 2024. Two-thirds in US fear violence could follow election, Reuters/Ipsos poll finds. Reuters. 24 Mei. https://www.reuters.com/world/us/two-thirds-us-fear-violence-could-follow-election-reutersipsos-poll-finds-2024-05-23/

Lapidus, I.M. 2017. Islamic Societies to the Nineteenth Century. Cambridge University Press: Cambridge.

Le Figaro. 2021. 67% de Francais inquiets par l'idée dún 'grand replacement', selon un sondage. 2 November. https://www.lefigaro.fr/actualite-france/67-de-francais-inquiets-par-l-idee-d-un-grand-remplacement-selon-un-sondage-20211021 [7 Mei 2025].

Le Figaro. 2023. En Conseil des ministres, Emmanuel Macron associe les violences en France à un "processus de décivilisation." 24 Mei. https://www.lefigaro.fr/flash-actu/violences-macron-evoque-en-conseil-des-ministres-un-processus-de-decivilisation-20230524 [7 Mei 2025].

Le Figaro. 2025. Crises sociales, instabilité internationale, progression de l'islamisme: un sondage révèle l'inquiétude profonde des Francais. 25 Maart. https://www.lefigaro.fr/actualite-france/crises-sociales-instabilite-internationale-progression-de-l-islamisme-un-sondage-revele-l-inquietude-profonde-des-francais-20250325 [7 Mei 2025].

Lind, M. 2024. Where will America's Civil War be fought? *Unherd*. 8 April. https://unherd.com/2024/04/where-will-americas-civil-war-be-fought/ [1 Mei 2025].

Manent, P. 2020. *Islam in France*. vertalers Daniel J. Mahoney en Paul Seaton. https://lawliberty.org/islam-in-france/ [18 Julie 2025].

Marable, M. 1995. *Beyond Black and White: Transforming African-American Politics*. Verso. New York.

Marche, S. 2022. *The Next Civil War: Dispatches from the American Future*. Avid Reader Press/Simon en Schuster.

Marist Poll. 2024. A Nation Divided? Marist Institute for Public Opinion. 21 Mei. https://maristpoll.marist.edu/polls/a-nation-divided/ [1 Mei 2025].

Mazoue, A en T. McNicoll. 2022. Creolisation: Candidates clash on immigration, assimilation and identity. *France 24*. 15 Februarie. https://www.france24.com/en/france/20220215-cr%C3%A9olisation-as-right-wingers-tout-assimilation-m%C3%A9lenchon-levies-creole-counterpunch [23 April 2025].

Mbembe, A. 2019. If we don't rehabilitate reason, we will not be able to fix our broken world. *Mail and Guardian*, 9 Mei. https://mg.co.za/article/2019-05-09-if-we-dont-rehabilitate-reason-we-will-not-be-able-to-fix-our-broken-world/ [23 April 2025].

Meskens, N. 2023. Brice Teinturier, directeur d'Ipsos: "Emmanuel Macron doit impérativement parler." *Le Soir*, 17 Julie. https://www.lesoir.be/526069/article/2023-07-17/brice-teinturier-directeur-dipsos-emmanuel-macron-doit-imperativement-parler [1 Mei 2025].

Montague, D. 2013. Communitarianism, discourse and political opportunity in Republican France. *French Cultural Studies*, *24*(2):219-230. https://doi.org/10.1177/0957155813477806 [18 Julie 2025].

Mouffe, C. 2000. *The Democratic Paradox*. London: Verso.

Nichols, T. 2025. The Civil-Military Crisis Is Here. *The Atlantic*. 7 Oktober. https://www.theatlantic.com/newsletters/archive/2025/10/civil-military-crisis-trump-hegseth/684486/ [8 Oktober 2025].

NPR. 2023. All democracies are fragile – here are the early signs of civil war at home and abroad. 24 November. https://www.npr.org/transcripts/1214278131 [23 April 2025].

Oates, B. en J. Wolak. 2025. "Public Support for State Secession in the United States." *Publius: The Journal of Federalism*. 26 Junie. https://doi.org/10.1093/publius/pjaf026 [18Julie 2025].

Obaidi, M., J. Kunst, S. Ozer en S. Kimel. 2021. The "Great Replacement" conspiracy: How the perceived ousting of Whites can evoke violent extremism and Islamophobia. *Group Processes & Intergroup Relations*, vol. *25*(7): 1675-1695.

Orth, T. 2022. *Two in five Americans say a civil war is at least somewhat likely in the next decade*. YouGov. 26 Augustus. https://today.yougov.com/politics/articles/43553-two-in-five-americans-civil-war-somewhat-likely [23 April 2025].

Orth, T. 2024. *The states whose residents are most likely to support secession: Alaska, Texas, and California*. Yougov. 14 Februarie. https://today.yougov.com/politics/articles/48669-state-support-secession-alaska-texas-california-poll [23 April 2025].

Pape, R. 2024. *June 2024 Survey Report: Political Violence and the Election*. Chicago Project on Security & Threats. 13 Julie. https://cpost.uchicago.edu/publications/june_2024_survey_report_political_violence_and_the_election/ [23 April 2025].

Petersen, R. 2002. *Understanding Ethnic Violence: Fear, Hatred, and Resentment in Twentieth-Century Eastern Europe*. Cambridge: Cambridge University Press.

Petty, A. 2022. "Migrants as a weapons system." *Journal of National Security Law and Policy*, 13:113-139.

Population Division. 2001. *Replacement Migration: Is it A Solution to Declining and Ageing Populations?* New York: United Nations.

Posard, M., L. Payne en L. Miller. 2021. *Reducing the Risk of Extremist Activity in the U.S. Military*. Santa Monica, CA: RAND.

Putnam, R. 2007. *E Pluribus Unum: Diversity and Community in the Twenty-first Century*. The 2006 Johan Skytte Prize Lecture'. *Scandinavian Political Studies*, 30 (2):137-174.

Rech, W. 2024. Revisiting Badiou's Theory of the Political Subject. *Theoria*. Edition 179, 71(2):77-107.

RMC. 2024. "Oui, il y un risque de guerre civil", alerte Alain Bauer, professeur de criminologie. 25 Junie. https://rmc.bfmtv.com/replay-emissions/apolline-matin/oui-il-y-a-un-risque-de-guerre-civile-alerte-alain-bauer-professeur-de-criminologie_VN-202406250198.html [28 April 2025].

Raspail, J. 1975. *The Camp of the Saints*. Vertaler Norman Shapiro. Alexandria, Virginia: The Institute for Western Values.

Reid, T. 2024. Trump predicts the end of U.S. democracy if he loses 2024 election. *Reuters*, 17 Maart. https://www.reuters.com/world/us/trump-predicts-end-us-democracy-if-he-loses-2024-election-2024-03-17/ [23 April 2025].

Sakwa, R. 2015. Liminality and Postcommunism: The Twenty-First Century as the Subject of History. 205-225. In: Horvath, Agnes, Bjørn Thomassen en Harald Wydra (reds.). *Breaking Boundaries. Varieties of Liminality*. Oxford, New York: Berghahn Books.

Sances, M. 2023. Legitimate questions: Public perceptions of the legitimacy of US presidential election outcomes. *Research & Politics*, 10(4). https://doi.org/10.1177/20531680231206987 [1 Mei 2025].

Schapper, D.2024. *Les Désillusions de la démocratie*. Paris: Seuil.

Schmitt, C. 2007. *Theory of the Partisan: Intermediate Commentary on the Concept of the Political*. Vertaler G.L. Ulmen. New York: Telos Press Publishing.

Schofield, H. 2019. Paris killings: Terror at heart of police HQ jolts France. *BBC News*, 12 Oktober. https://www.bbc.com/news/world-europe-49997776 [1 Mei 2025].

Scott, J.C. 1990. *Domination and the Arts of Resistance: Hidden Transcripts*. New Haven: Yale University Press.

Scott, J.C. 1998. S*eeing Like a State: How Certain Schemes to Improve the Human Condition Have Failed*. New Haven: Yale University Press.

Sedgwick, M. 2024. The great replacement narrative: fear, anxiety and loathing across the West. *Politics, Religion & Ideology*, 25(4):548-562.

Sharpe, J. 2023. National UMass Amherst poll surveys Americans'views on race, antisemitism and the 'Great Replacement Theory'. University of Massachusettts Amherts. https://www.umass.edu/news/article/national-umass-amherst-poll-surveys-americans-views-race-antisemitism-and-great [7 Mei 2025].

Stanley, T. 2025. Britain is lurching towards civil war, and nobody knows how to stop it. *The Telegraph*. 3 April. https://www.telegraph.co.uk/news/2025/04/03/civil-war-is-coming-to-britain/ [1 Mei 2025].

Starr, M. 2024a. Paris Grand Synagogue Rabbi: There is no future for Jews in France. *Jerusalem Post*. 1 Julie. https://www.jpost.com/diaspora/article-808521 [1 Mei 2025].

Starr, M. 2024b. ‚Jews have no more than ten years left in France' says Sarcelles Rabbi – exclusive. *Jerusalem Post*. 1 Augustus. https://www.jpost.com/diaspora/antisemitism/article-812976 [1 Mei 2025].

Stokes, B. 2024. Could the United States be headed for a national divorce? *Chatham House*. 20 Februarie. https://www.chathamhouse.org/2024/02/could-united-states-be-headed-national-divorce [7 Mei 2025].

*Thomassen,* B. 2014. *Liminality and the Modern: Living Through the In-Between. Londen: Routledge.*

Tilly, C. en S. Tarrow. *Contentious Politics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Trippenbach, I. 2023a. Emmanuel Macron, les sociologues et les classes moyennes… Rècit d'un déjeuner confidentiel à l'Elysée. *Le Monde*. 26 Mei. https://www.lemonde.fr/politique/article/2023/05/26/emmanuel-macron-les-sociologues-et-les-classes-moyennes-recit-d-un-dejeuner-confidentiel-a-l-elysee_6174904_823448.html?ref=quillette.com [1 Mei 2025].

Trippenbach, I. 2023b. Macron and the banlieues: A series of missed opportunities. *Le Monde*. 8 Julie. https://www.lemonde.fr/en/politics/article/2023/07/08/macron-and-the-banlieues-a-series-of-missed-opportunities_6046239_5.html [1 Mei 2025].

Urdal, H. 2006. A Clash of Generations? Youth Bulges and Political Violence. *International Studies Quarterly*, 50:607-629.

Vreeland, J. 2008. The Effect of Political Regime on Civil War: Unpacking Anocracy. *Journal of Conflict Resolution*, 52:401-25.

Walter, B. 2022a. Ho*w Civil Wars Start And How To Stop Them*. New York: Crown.

Walter, B. 2022b. Is the US headed toward civil war? *Political Violence at a Glance*, 6 Januarie. https://politicalviolenceataglance.org/2022/01/06/is-the-us-headed-toward-civil-war/ [7 Mei 2025].

Watson, T. en J. Zars. 2025. *100 days of immigration under the second Trump administration*. Brookings. 29 April. https://www.brookings.edu/articles/100-days-of-immigration-under-the-second-trump-administration/ [18 Julie 2025].

Williams, Y. en J. Lazerow. 2009. *Liberated Territories: Untold Local Perspectives on the Black Panther Party*. Durham: Duke University Press.

Wood, M. 2006. Nations Won't Declare Iraq Conflict a "Civil War," contends U.Va Visiting Law Professor Linda Malone. *UVA Today*. 7 Desember. https://news.virginia.edu/content/tip-sheet-nations-won%3Ft-declare-iraq-conflict-civil-war-contends-uva-visiting-law-professor [7 Mei 2025].

Zinigrad, R. en S. Sawyer. 2023. State and Religion: The French Response to Jihadist Violence. *Religions*, 14(8), 1010. https://doi.org/10.3390/rel14081010 [7 Mei 2025].

# Redes vir ’n moontlike Chinese inval in Taiwan teen 2030: ’n Strategiese raamwerk vanuit ’n Chinees-nasionalistiese perspektief

***Reasons for a possible Chinese invasion of Taiwan by 2030: A strategic framework from a Chinese nationalist perspective***

**Fanie Herman**
Navorsingsgenoot
Departement Politieke Studie en Regeerkunde
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: tokkief@yahoo.com
ORCID: 0000-0003-0849-7413



Fanie Herman

**Fanie Herman** is ’n navorsingsgenoot in die Universiteit van die Vrystaat se Departement vir Politieke Studies en Regeerkunde. Hy verwerf sy PhD in die vakgebied van internasionale politiek, waarin hy ondersoek instel na China se betrokkenheid by vredesendingsoperasies in Afrika. Sy MA-graad fokus op die strategiese wedywering tussen die VSA en China vir Afrika se oliehulpbronne. Herman is die skrywer van verskeie publikasies in internasionaal geakkrediteerde vaktydskrifte. Sy navorsingsbelange sluit in: Sino-Afrika-verhoudinge, strategiese studies, internasionale sekuriteit en regimeteorie. Sy boek *China in Afrika: Die era van sekuriteit* (Kindle-uitgawe) is onlangs gepubliseer. Die boek werp lig op verskeie dimensies van China se betrokkenheid in Afrika se sekuriteit, onder andere die rol van militêre diplomasie, vredesendings en wapenverkope.

**Fanie Herman** is a research fellow in the Department of Political Studies and Governance at the University of the Free State. He holds a PhD in international politics, in which he investigates China’s involvement in peacekeeping operations in Africa. His MA degree focuses on the strategic rivalry between the US and China for Africa’s oil resources. Herman is the author of several publications in internationally accredited journals. His research interests include: Sino-African relations, strategic studies, international security and regime theory. His book *China in Africa: The Age of Security* (Kindle edition) was recently published. The book sheds light on various dimensions of China’s involvement in Africa’s security, including the role of military diplomacy, peacekeeping missions and arms sales.

**Datums:**
Ontvang: 2025-04-25 Goedgekeur: 2025-10-19 Gepubliseer: Desember 2025

## ABSTRACT

***Reasons for a possible Chinese invasion of Taiwan by 2030: A strategic framework from a Chinese nationalist perspective***

*In recent decades, there has been intense interest in China's role in international politics. There is a particular focus on the drivers of foreign policy and the reasons for China's international behaviour. Regarding the Taiwan crisis, studies have been undertaken that attempt to find answers for strategy, policy, military dominance, hegemony, and economic diplomacy. The modernization of the People's Liberation Army (PLA) and the means that will be used to militarily take over Taiwan are prominent.*

*The invasion of Taiwan poses a great risk for China, because such an action runs counter to the country's economic and international transformation goals. The main goal of the transformation is to place the military and the Chinese nation at the forefront of the international community. By 2049, China must be a main technological leader in the world and in control of a new world order. There is also the argument that Xi's statements are political rhetoric that will have no global consequences. However, China's culture and history are thousands of years old, which gives greater value and impact to Xi's statements.*

*The Chinese Communist Party has successfully achieved sovereignty over Hong Kong and Macau. The people of China view this takeover as a strong indication that sovereignty over Taiwan can also be achieved. Reunification with Taiwan has been in the balance for decades and cannot be postponed indefinitely, but it is becoming increasingly difficult to determine exactly what China's planned course of action is. A predictive and realistic approach is needed to exercise restraint and to prevent Taiwan from following the same path as Hong Kong. Taiwan's role as a guardian of democracy and human rights in Asia is important to bringing stability to the region and Taiwan's falling under the communist control of China must be prevented at all costs.*

*From the perspective of the One-China Principle, China and Taiwan are historically one country and reunification is the only way to unite the Chinese nation. This argument is of course contested in various quarters, including the citizens and current government of Taiwan who claim that Taiwan has developed its own identity and does not want to be subjugated by the government of Beijing. An invasion of Taiwan will have dire geopolitical consequences for the region and the world. The first is that an invasion will have long-term economic consequences for Taiwan. Second, an invasion could lead to increased tensions in the region and countries banding together to form an alliance against China. Third, an invasion could lead to punishment of China by the permanent members of the United Nations Security Council. Fourth, an invasion could lead to the severing of trading ties with the European Union and lastly, a war in the Taiwan Strait would not only be a human tragedy, but would destroy trade worth 2.6 trillion United States dollars.*

*A shortcoming in the literature is the establishment of a strategic time frame that China will follow to carry out the invasion. For the purposes of my investigation, this strategic framework is considered as the research problem. There are three questions that provide answers to the research problem: When will the invasion happen, how will the invasion take place and what will the international reaction to the invasion be? The premise of this article is that President Xi Jinping has a strategic framework to annex Taiwan by 2030. President Xi's cult of personality and China's demographic makeup play a major role in this ambition. In theory it can be argued that Xi Jinping's ambition to reunify Taiwan with the motherland rests on three foundations. These are the use of the army, the influence of Xi's personality style and life expectancy, and the role that the people of China play in realizing the dream. The*



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

*three factors provide a strategic harbinger that if President Xi continues to pursue annexation, the army will be ready to invade the island by 2027. Xi is likely to take steps to realise this ambition by 2030. This is seen against the backdrop of China's ageing population and Xi's legacy.*

*The article first examines the current situation, then explains the fundamental factors contributing to Xi's strategic window of opportunity, and concludes with geopolitical implications for the region and the world.*

**KEYWORDS:** China-Taiwan conflict, unification, Xi Jinping, democracy, totalitarianism, geostrategic goals

**TREFWOORDE:** China-Taiwan-konflik, unifikasie, Xi Jinping, demokrasie, totalitarisme, geostrategiese doelwitte

**OPSOMMING**

China se President, Xi Jinping, se strategie om Taiwan teen so gou as 2030 te annekseer, is 'n besliste moontlikheid omdat toestande vir 'n vreedsame vereniging al hoe skraler is. Hierdie stelling word gemaak op grond van die feit dat China se ambisieuse en geostrategiese doelwitte deur middel van ekspansionistiese gedrag teen Taiwan aangedryf word. Die gedrag berus op drie fondamente. Die eerste is President Xi se totalitêre leierskapstyl wat maguitoefening as 'n aanvaarbare middel beskou om Taiwan binne te val. Die tweede is die modernisering van die Chinese weermag wat as versterkende fondament dien om die eiland aan te val. Die derde is 'n verandering in die demografiese samestelling van die Chinese gemeenskap en president Xi se lewensverwagting. Die drie fondamente verskaf 'n strategiese voorbode: indien president Xi voortgaan om anneksasie na te streef, sal die weermag stappe doen om hierdie ambisie teen 2030 te verwesenlik. In hierdie artikel word die moontlike inval in Taiwan ook beskou teen die agtergrond van China se verouderende bevolking en Xi se nalatenskap. Die artikel bied eerstens 'n oorsig oor die verskynsel, beskryf vervolgens die fondamente wat bydra tot Xi se strategiese geleentheidsvenster en sluit af met die geopolitieke gevolge vir die streek en internasionale sekuriteit.

## 1. Inleiding

Taiwan behoort aan China. Die Taiwan kwessie kan slegs deur Chinese van beide kante van die seestraat opgelos word. China sal voortgaan om vreedsame eenwording na te streef. Dit moet geskied in die gees van harmonie, welwillendheid en samewerking. China sal egter nooit van die gebruik van geweld afstand doen nie en sal alle middele tot die land se beskikking gebruik om Taiwan met die vaderland te verenig (Zhao, 2024:10).

Op 22 Oktober 2022 het die Chinese Kommunistiese Party (CKP) verklaar dat Xi Jinping vir 'n derde termyn as leier van die party aangestel is. President Xi het tydens die 20ste Nasionale Kongres van die party dit duidelik gestel dat volkome eenwording sonder twyfel gaan plaasvind en dat alle middele tot die land se beskikking aangewend sal word om die doelwit te bereik (Zhao, 2023:5-10).

Die internasionale gemeenskap moet nie slegs kennis neem van China se voornemens om Taiwan te annekseer nie, maar ook deeglik bewus wees van die Chinese weermag se vermoëns om die doelwit te bereik. Die weermag kan gebruik word om Taiwan binne te val indien vreedsame eenwording nie moontlik is nie (Zhao, 2024:11).

In die laaste dekades is daar intense belangstelling in China se rol in internasionale politiek. Daar word veral gefokus op die aandrywers van buitelandse beleid en die redes vir China se internasionale gedrag. Ten opsigte van die Taiwan krisis is studies onderneem wat poog om antwoorde vir strategie, beleid, militêre oorheersing, hegemonie en ekonomiese diplomasie te vind. Die modernisering van die weermag en maniere wat gebruik sal word om Taiwan militêr oor te neem is prominent. Die literatuur verwys na blokkades van die eiland deur die vloot, die onderskepping van Taiwan se militêre vliegtuie, die ineenstorting van radar- en opsporingstelsels, amfibiese aanvalle op die strande van Taiwan (soortgelyk aan die D-dag invalle aan die kus van Frankryk in die Tweede Wêreldoorlog), sabotasie en vernietiging van militêre instellings, elektroniese oorlogvoering en, hoogs onwaarskynlik, ’n kernaanval. China se vermoëns om Taiwan aan te val en Amerika se verdediging van Taiwan is verder kenmerkend van ondersoeke wat ’n militêre invalshoek het.

’n Tekortkoming in die literatuur is die opstel van ’n strategiese tydsraamwerk wat China kan volg om die inval uit te voer. Vir doeleindes van hierdie ondersoek word díe strategiese raamwerk as ’n geleentheidsvenster geskets – dit is dan ook die navorsingsprobleem. Daar is drie vrae wat oplossings vir die navorsingsprobleem verskaf: hoe gou kan die inval gebeur, hoe gaan die inval plaasvind, en wat gaan die internasionale reaksie ten opsigte van die inval wees?


Teoreties kan beweer word dat Xi Jinping se ambisie om Taiwan met die vaderland te herenig op drie fondamente rus. Dit is die gebruik van die weermag, die invloed van Xi se persoonlikheidstyl en lewensverwagting en die rol wat die bevolking van China speel om die droom te verwesenlik. Openbare mening kan ’n rol speel om die CKP te oorreed om Taiwan binne te val of om die plan te laat vaar. Dit sal gebeur indien daar voldoende druk op die regering is om óf anneksasie te bespoedig óf om die nadele van ’n inval uit te wys. Die moontlikheid bestaan dus dat openbare mening wel die strategiese besluitneming van die leierskap kan beïnvloed.

Figuur 1 is ’n grafiese voorstelling wat die geleentheidsvenster van China se moontlike inval in Taiwan beskryf. Hier word die ampstermyne van Xi, vanaf die eerste tot die derde termyne, ingedeel onder die Nasionale Volkskongresse wat plaasvind vanaf 2022 tot 2032. Dit is ’n tienjaarperiode wat Xi ’n geleentheidsvenster bied om Taiwan te annekseer. Die geleentheidsvenster word geëvalueer ten opsigte van die drie fondamente wat in die strategiese raamwerk genoem word. Eerstens, die modernisering van die weermag; tweedens, Xi se leierskapstyl en derdens, die demografiese voorstelling van die Chinese nasie. Die doelwit wat die drie fondamente saambind is die herlewing van die Chinese nasie teen 2049.

## 2. Konflik in die seestraat van Taiwan: ’n Historiese oorsig

Sedert die totstandkoming van die Volksrepubliek van China in 1949 was daar drie konflikte in die seestraat van Taiwan. China het tydens elke konflik gepoog om Taiwan deur middel van militêre oorheersing onder kommunistiese beheer te bring. Die Amerikaanse regering het in al drie die konflikte ’n beleidsbenadering gevolg wat die koers van die China-Taiwan konflik bepaal het. Verder het die konflik tussen China en Taiwan gevolge vir internasionale sekuriteit wat tot vandag voortduur. Dit word kortliks hieronder beskryf en verskaf agtergrond vir die latere bespreking wat volg.

Die eerste Taiwanese seestraatkrisis het plaasgevind in 1954-55 nadat die *People’s Liberation Army* (PLA) drie eilande wat onder beheer van Taiwan was, gebombardeer het. Die eilande is Quemoy, Jinmen en Matsu. Die eilande is strategies belangrik vir die verdediging




***Figuur 1:*** ***Geleentheidsvenster***
*Bron: Liu & Zhang, 2024 (aangepas en in Afrikaans vertaal)*

van Taiwan. Afgesien van die Chinese weermag se suksesvolle oorname van die Yijiangshan eiland, was die hoofgevolg van die eerste krisis die Amerikaanse regering se aanpak om 'n gebeurlikheidsbeleid vir Taiwan te ontwikkel. Die oogmerk van die beleid was die gebruik van nie-militêre middele om oplossings vir die konflik te vind (Kendall, 2024:3-7).

Die tweede Taiwanese seestraatkrisis het plaasgevind drie jaar later, in 1958, nadat die PLA voortgegaan het om die eilande van Jinmen en Matsu te bombardeer. Die krisis is opgelos nadat die Amerikaanse regering die Taiwanese magte wat op die eilande gestasioneer was, van voorrade voorsien het. China en Taiwan het egter nie 'n vredesooreenkoms gesluit nie en het voortgegaan om mekaar se posisies op alternatiewe dae te bombardeer. Dié beurtelingse tweegeveg tussen die artillerie van beide lande is eers in 1979 beëindig, nadat die Amerikaanse regering formele diplomatieke verhoudinge met China gesluit het (Zhang, 1993). Die stap het daartoe gelei dat Amerika nie-amptelike verhoudinge met Taiwan gesluit het. Die Wet op Betrekkinge met Taiwan van 1979 sou voortaan as basis dien vir Amerika se verhoudinge met Taiwan. Die Wet bepaal dat die Amerikaanse regering en burgers informele verhoudinge met Taiwan kan sluit, maar nie die naam van Taiwan op amptelike dokumente mag noem nie. Die Wet erken nie die terminologie "Republic of China" (of ROC) ná 1 Januarie 1979 nie, maar gebruik die terminologie "regerende administratiewe eenhede van Taiwan". Op ander dokumente staan Taiwan bekend as Taiwan provinsie van China (Zhang, 1993).

Tydens die Taiwanese seestraatkrisis van 1995-1996 het die Clinton regering 'n tweeledige benadering gevolg (Kendall, 2024: 10). Taiwan is harder en ook meer krities benader as gevolg


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

van die Amerikaanse regering se frustrasie om Taiwan tot die onderhandelingstafel te bring. China is sagter en meer versoenend benader as gevolg van die Chinese regering se bereidwilligheid om 'n oplossing vir die konflik te vind. Van belang gedurende die hele konflikperiode en tot vandag toe is die Amerikaanse regering se benadering om 'n strategie te volg wat Taiwan slegs van nie-militêre hulp voorsien. Die Amerikaanse beleid het in werklikheid die tydsperiode van die seestraatkrisis oor 'n langer tydperk uitgerek – iets wat akademici en kundiges meer inligting gee om die krisis te ontleed (Alperstein, 2024:5-10).

## 3. Moontlike aandrywers vir 'n inval in Taiwan

Vanuit die oogpunt van die Een-China-Beginsel ("One China Principle") beskou, is China en Taiwan histories een land en is hereniging die enigste weg om die Chinese nasie te verenig. Hierdie standpunt word natuurlik betwis uit verskeie oorde, onder andere deur die burgers en die huidige regering van Taiwan wat beweer dat Taiwan sy eie identiteit ontwikkel het en nie onderwerp wil word aan die regering van Beijing nie (Lawrence & Martin, 2020).

Die internasionale gemeenskap kan verwag dat president Xi Jinping die Een-China-Beginsel sterk onder bondgenote en strategiese vennote gaan bevorder. Soos wat China se militêre oefeninge rondom die eiland verskerp en ekonomiese verhoudinge met ander lande groei, gaan Taiwan die druk voel om nader aan China te beweeg. Dit is altans die verwagting wat China het. China beskou militêre intimidasie en ekonomiese dwang as primêre middels om Taiwan onder die land se beheer te bring (Yi, 2024).

Taiwan het verder geen kollektiewe verdedigingsvennootskap met lande in die streek om Chinese aggressie die hoof te bied nie. Dit is byvoorbeeld anders as wat die geval is met Oekraïne wat 'n soewereine staat is en die hulp van lande in die streek kan verwag indien die land tot die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie toegelaat word. Die argument is dat díe organisasie kollektiewe verdediging aan lidlande bied indien een van sy lede aangeval word (Jash, 2024).

Streek- en maritieme grense speel ook 'n rol. China se doelwit is hier baie kleiner en minder hulpbronne is nodig as wat byvoorbeeld die geval is met Rusland se inval in Oekraïne (Charbonneau, 2023). Ten spyte van die verskil in die aanwending van hulpbronne, beskik China oor die potensiaal om soortgelyke aanvalle op Taiwan te loods as wat Rusland in Oekraïne doen (Jash, 2024).

Die afstand tussen Taiwan en sy internasionale vennote speel ook 'n rol in die beskikbaarstelling van hulpbronne. 'n Groot beperking is Taiwan se afwesigheid in 'n organisasie wat sekuriteitsamewerking in die streek bevorder. Daar is wel die Vereniging van Suidoos-Asiatiese nasies wat oor sekuriteitskwessies in die streek beraadslaag. Taiwan is egter nie deel van die organisasie nie. Die meeste lande in die organisasie eerbiedig die Een-China-Beginsel en erken Taiwan nie as 'n soewereine staat nie. China is ook nie 'n lidland van die organisasie nie, maar deel in die organisasie se platforms vir gemeenskaplike dialoog en het sterk ekonomiese en sekuriteitsverhoudinge met Japan, Suid-Korea en ander lidlande. Die lande deel egter nie China se ambisie om Taiwan deur middel van militêre ingryping tot oorgawe te bring nie (Wuthnow e.a., 2022).

China is 'n lidland van die Shanghai Sekuriteitsorganisasie wat politieke, ekonomiese, sosiale en militêre verhoudinge tussen die lande bevorder. Daar is egter nie 'n formele ooreenkoms dat die lande China sal ondersteun in 'n moontlike inval in Taiwan nie. Rusland en Noord-Korea het sterk militêre betrekkinge met China en Noord-Korea het 'n militêre bondgenootskap met China gesluit. Dit is egter te betwyfel of enige van die twee lande China

militêr sal bystaan in 'n konflik met Taiwan (Zhao, 2024). Die verskaffing van hulpbronne en mannekrag sal die reeds gespanne situasie vererger en bydra tot groter onstabiliteit in die streek (Wuthnow e.a., 2022). China se posisie rakende hereniging word as volg in die witskrif van verdediging uiteengesit (us.china-embassy.gov.cn.2022).

> Die Chinese regering verklaar dat vreedsame hereniging die finale doelwit vir die China-Taiwan kwessie is. Die doelwit kan slegs bereik word indien die Een-China- Beginsel as basis vir onderhandelinge deur Taiwan aanvaar word. Voorstelle vir Taiwan se onafhanklikheid, twee Chinas, en twee state, wat in beginsel separasie in plaas van hereniging bevorder, is 'n verbreking van die Een-China-Beginsel en onaanvaarbaar vir die Chinese regering (Zhao, 2024).

## 4. Strategiese faktore vir 'n inval in Taiwan

Die volgende afdeling ondersoek die drie primêre fondamente wat as motivering dien vir China se moontlike anneksasie van Taiwan teen 2030.

### *4.1 Kultus van persoonlikheid: President Xi se leierskap en nalatenskap*

Die betekenisvolste fondament wat China mag aanspoor tot 'n inval in Taiwan is die persoonlikheidskultus van president Xi Jinping. Teen die einde van 2024 was president Xi 71 jaar oud en hy dien tans as die sewende president van China. In Maart 2023 het Xi begin om sy derde termyn as president uit te oefen. Benewens Xi se amp as president, is hy ook die Sekretaris van die CKP en Voorsitter van die Sentrale Militêre Kommissie. Díe kommissie is die hoogste militêre leierskapsliggaam van China en is in beheer van die weermag, die polisiemagte en die Chinese burgermag. Geen president sedert die totstandkoming van China het oor soveel mag as Xi beskik nie en is hy ook die invloedrykste, outokratiesste leier van al China se presidente (Ranade, 2023).

In 2018 het die Nasionale Volkskongres 'n wysiging aan die grondwet gemaak wat die president se ampstermyn met 'n onbeperkte tydperk verleng. Dit volg op die grondwetlike beperking wat in 1982 ingestel is, waarvolgens die president slegs 'n vyf jaarampstermyn kan uitdien. Die beperking is oorspronklik ingestel om die president te verhoed om absolute mag uit te oefen. Onmiddellik nadat die termynbeperking in 2018 ingestel is, het die CKP massasensuur toegepas om openbare protes teen die besluit te stuit. President Xi het ook van die geleentheid gebruik gemaak om sy politieke ideologie, naamlik, Xi Jinping se politieke denke, in die grondwet te inkorporeer (Chun, 2024).

Die anneksasie van Taiwan sal van besondere betekenis vir Xi wees, omrede geen leier nog daarin kon slaag om die eiland onder die beheer van China te bring nie. Die stap sal Xi in die geskiedenisboeke vestig as die leier wat die Chinese nasie verenig het. Dit sal historiese waarde hê en vir 'n lang tydperk voortduur (Horesh, 2021).

China se militêre optrede rondom die eiland van Taiwan word oor die algemeen deur die internasionale gemeenskap veroordeel, hoofsaaklik weens die feit dat dit neerkom op militêre intimidasie en skending van die eiland se integriteit en status. China het egter diplomatieke verhoudinge met 180 lande wat onbetrokke teenoor die kwessie staan. Dit bevestig Xi se aanspraak dat die Een-China-Beginsel 'n belangrike aandrywer van hereniging met Taiwan is. Kritiek op militêre optrede word verder met minagting deur Xi aanvaar en die moontlike toepassing van sanksies word in 'n ernstige lig bejeën. Xi is egter bekommerd oor die Weste


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

se voorsiening van wapens aan Taiwan en Amerika se verkope van gevorderde lugafweerstelsels aan die eiland word sterk veroordeel (Zhao, 2023).

Vanuit ’n diplomatieke oogpunt beskou, gaan die gevolge wat ’n inval in Taiwan op die kort termyn inhou, nie opweeg teen voordele op die lang termyn nie. Korttermyngevolge gaan moontlik neerkom op die instel van sanksies teen China en die verbreking van diplomatieke verhoudings met verskeie lande in die wêreld. Op die lang termyn gaan China daarin slaag om die Chinese droom te verwesenlik asook in die verkryging van respek en trots, en in die handhawing van integriteit en soewereiniteit (Bauer, e.a., 2024). China het in alle geval min agting vir die huidige internasionale orde en pogings word aangewend om ’n nuwe internasionale orde daar te stel. Dit word gesien in die omlyning van internasionale organisasies met Chinees-gebaseerde waardes en norme. Strafmaatreëls gaan verder nie noemenswaardige gevolge vir die land inhou indien Taiwan militêr aangeval word nie. Die land is reeds ’n grootmoondheid wat militêre en ekonomiese mag gebruik om invloed in die wêreld uit te oefen. ’n Militêre inval in Taiwan gaan verhoudinge wat met die Globale Suide opgebou is, versterk (Zhao, 2024).

In stede daarvan om gebalanseerde vennootskappe met lande in die wêreld te sluit, gebruik Beijing dwang en ekonomiese druk om verhoudings met kwesbare lande aan te gaan. Dit lei tot dié lande se afhanklikheid van China op verskeie terreine vir oorlewing. China se beleid om lande in die Globale Suide deur middel van ekonomiese en militêre diplomasie te help ontwikkel, is kenmerkend van die afhanklikheid (Zhao, 2024).

Verskeie lande in die Globale Suide het in die laaste dekades diplomatieke verhoudinge van Taiwan na China verskuif. Teen die einde van 2024 het Taiwan diplomatieke verhoudinge met slegs 11 lande in die wêreld gehandhaaf. Dit sluit in Belize, Guatemala, Haiti, die Heilige Stoel, die Marshall Eilande, Palau, St Lucia, St Kitts en Nevis, St Vincent en die Grenadines, Eswatini en Tuvalu. Chinese diplomate word in die laaste dekade opgelei om ’n selfgeldende en aggressiewe houding in te neem indien kwessies met betrekking tot Taiwan bespreek word. Die motivering hiervoor is om Taiwan in die internasionale gemeenskap te isoleer en die buitelandse beleid van ander lande in die guns van China te draai (Rein, 2024).

President Xi is tans in sy derde ampstermyn, maar hy kan voortgaan om die land vir ’n vierde termyn te regeer, vanaf 2027 tot 2032. Daar word verwag dat Xi in sy vierde termyn groter pogings gaan aanwend om mag uit te brei ten einde China as ’n sterker internasionale moondheid tot stand te bring. Die anneksasie van Taiwan sal Xi se nalatenskap in die geskiedenisboeke van die Chinese nasie verewig (Ranade, 2023).

### *4.2 Militêre gereedheid – nie voor 2027 nie*

’n Betekenisvolle Chinese militêre parade is op 3 September 2025 in Beijing se Tiananmenplein gehou. Die parade is gehou om die 80ste herdenking van die oorwinning van die Chinese Weermag teen Japanese aggressie te vier en die einde van die Tweede Wêreldoorlog te herdenk. Die parade was ’n omvangryke vertoonkas van China se vinnige militêre modernisering en die PLA se groeiende vermoëns. Die parade het Xi Jinping se sterk verhoudings met Vladimir Poetin van Rusland en Kim Jong Un van Noord-Korea versterk. Dit is opmerklik dat die parade beskou word as ’n boodskap van verset teen die Verenigde State (VN) en sy bondgenote, veral rakende streekskwessies soos Taiwan (Arostegui, 2025).

Teen 2027 sal die Chinese weermag oor die vermoë beskik om bedreigings en uitdagings in die Suid-Chinese See en Taiwan doeltreffend te hanteer (Wuthnow e.a., 2022). Die jaar 2027 het simboliese betekenis vir die CKP, omrede die Nanchang opstand van 1917 herdenk


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

sal word. Die opstand het gelei tot die stigting van die weermag. President Xi het tydens die laaste Nasionale Kongres in 2022 verklaar dat die viering van die weermag se 100-jarige bestaansjaar een van die regering se topprioriteite is, in samehang met die regering se ander prioriteite vir die volgende vyf jaar en as deel van sy derde termyn. Die prioriteite word hieronder gelys.

- Algemene vooruitgang vir die Chinese nasie en herverdeling van inkomste
- Die vermindering van koolstofdioksied en die oorgang na skoner vorme van energievoorsiening
- Die inperking van Amerikaanse globale oorheersing
- Die bevegting en uitwissing van korrupsie – ’n reis sonder einde
- Die oplossing van die Taiwan kwessie – vreedsame hereniging met die vaderland (chathamhouse.org. 2022).

Die doelwit van die weermag se 100-jarige herdenking in 2027 is om die weermag as ’n wêreldklas weermag uit te beeld. Xi Jinping het verklaar dat dit nodig is om ’n militêre strategie te ontwikkel wat kan saamval met die honderdjarige herdenking van die weermag. Die CKP se absolute beheer oor die weermag moet ten alle koste gehandhaaf word (Ranade, 2023).

Die CKP se Inligtingsburo het in 2015 ’n militêre witskrif gepubliseer wat China se militêre strategie van 1993 vervang. Die witskrif maak voorsiening vir ’n pragmatiese benadering om gapings in die weermag se militêre vermoëns, verouderde toerusting en operasionele prosedures uit te wys. Die elemente van spoed, misleiding en dwang gaan van kritieke belang wees om militêr suksesvol te wees. China gaan poog om Taiwan deur middel van vinnige militêre optrede oor te neem en buitelandse inmenging en konfrontasie met ander weermagte te vermy. Dit sal die weermag help om ’n militêre voordeel te geniet. ’n Vinnige inval sal dit ook vir ander lande moeilik maak om militêre hulp aan Taiwan te verleen. Indien China nie daarin slaag om Taiwan vinnig oor te neem nie, kan die weermag die risiko loop om in ’n uitgebreide militêre konflik met ander lande en veral met Amerika betrokke te raak (Wuthnow e.a., 2022).

China se diplomatieke vennote kan besluit om verhoudinge met China te verbreek wat ernstige ekonomiese gevolge vir die land kan inhou. Slegs indien die weermag gemoderniseer en strategiese ekonomiese doelwitte bereik is, kan oorgegaan word om die eiland van Taiwan binne te val. Strategiese ekonomiese doelwitte sluit in ’n nasionale ekonomiese groeikoers van 5% teen 2030, prys- en wisselkoersstabiliteit, investering in onderwys en opleiding, digitale infrastruktuur, gevorderde vervaardiging, en opkomende tegnologieë. Verder is die fokus op die implementering van nywerheidsbeleid wat ekonomiese en tegnologiese ontwikkeling bevorder. Die herlewing en bevordering van die Chinese nasie se algemene welvaart word ook nagestreef. Dan is daar streeksontwikkeling en die bevordering van samewerking tussen vennote. Die Gordel-en-Pad-Inisiatief (GPI) (*Belt and Road Initiative*) staan uit as die hoof-ekonomiese beleidsinstrument om handel en ekonomiese groei tussen Asië, Europa en Afrika te bevorder (Rein 2024).

President Xi het tydens die Nasionale Volkskongres in 2022 aangekondig dat die opleiding van militêre personeel in nagebootse gevegsituasies versterk moet word en die verskillende eenhede van die weermag moet saamwerk om gevegsgereed te raak. Die gebruik van die nuutste militêre toerusting en tegnologie moet vir hierdie doeleindes aangewend word (Rein 2024). Die gereedheid word reeds geïllustreer in verskeie oefeninge wat die weermag sedert 2020 rondom die eiland van Taiwan uitvoer. Honderde vegvliegtuie van die Chinese lugmag en verskeie vlootvaartuie het Taiwanese gebiedswaters in hierdie tydperk betree (Jash 2024).


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

### *4.2.1 Tendense in die PLA se oefeninge rondom Taiwan*

Die regerende party van Taiwan, die Demokratiese Progressiewe Party (DPP), se tradisionele pro-onafhanklike houding bemoeilik kanse om te herenig. Sedert díe party beheer van die regering in 2016 oorgeneem het, was daar 'n merkbare toename in China se militêre oefeninge rondom Taiwan. Die tendense en patrone word hieronder genoem.

#### *a) Die omvang en grootte van militêre oefeninge*

Die eerste tendens is 'n toename in die omvang en grootte van militêre oefeninge. Die oefeninge het ten doel om die Chinese weermag se gevegsgereedheid in 'n potensiële Taiwan konflik te toets. Dit is 'n direkte gevolg van die DPP se bewindsoorname in 2016 en die jaar wat Taiwan se eerste vroue-president, Tsai Ying-wen, die leisels oorgeneem het. Tsai se beleid teenoor China sentreer rondom die volgende vier kenmerke wat as basis vir China-Taiwan verhoudinge dien;

- 'n Vrye en regverdige demokratiese, grondwetlike sisteem;
- Die verbintenis dat Taiwan en China nie ondergeskik aan mekaar is nie;
- Die verbintenis om anneksasie teen te staan en die eis dat China Taiwan se soewereiniteit respekteer;
- Die verbintenis dat die toekoms van Taiwan deur die wil van die burgers bepaal word (taiwan.gov.tw.2024).

#### *b) Die gevorderde aard van militêre oefeninge*

Die diepte en gevorderheid van die weermag se militêre oefeninge neem toe. Die leër, lugmag en vloot neem tans aan gesamentlike oefeninge deel. Dit sluit in die afvuur van lewendige ammunisie, die gebruik van moderne en tegnologies gevorderde toerusting, doeltreffende koördinasie tussen die verskillende eenhede en die nabootsing van realistiese gevegsituasies (Choi, 2024). Van die oefeninge sluit in die potensiële blokkering van Taiwan se vlootvaartuie en ander skepe om hulle te verhoed om die eiland te verlaat. China beskik ook oor die vermoë om vegvliegtuie en kommersiële vliegtuie van Taiwan te onderskep en die elektroniese instrumente van hierdie vliegtuie onbruikbaar te maak (Choi, 2024).

Nagebootste amfibiese aanvalle is ook met sukses op die Chinese eiland Hainan uitgevoer. Dit is 'n strategie wat gebruik kan word om die eiland van Taiwan aan te val (Erickson 2024). As voorbeeld word genoem dat die Chinese kuswag en eenhede van die weerrmag in 2024 vir die eerste keer aan gesamentlike oefeninge deelgeneem het. Dit was om Chinese weerstand teen die verkiesing van Lai-Ching-Te, die opvolger van Tsai Ying-Wen in die demokratiese verkiesing van 2024, te toon (Dotson & Harman, 2024). Lai Ting-Te se posisie teenoor China word gekenmerk deur sy onversetlike houding dat Taiwan 'n soewereine staat is en hereniging die einde van demokrasie in die streek sal wees. Lai is meer konserwatief in sy politieke denke as Tsai Ying-Wen en word deur China as 'n afstigter beskou. Hy het reeds by verskeie openbare geleenthede na Taiwan se strewe vir onafhanklikheid verwys (Chen 2024).

In onlangse militêre oefeninge in die waters rondom Taiwan is die vliegdekskepe Liaoning en Shandong, amfibiese vaartuie, kruisers, en fregatte gebruik. In die 2024- oefeninge is 111 vegvliegtuie, 46 vlootvaartuie, en 82 militêre vliegtuie gebruik. Van die vliegtuie het die mediaanlyn (in Engels die *Air Defense Identification Zone – ADIZ*) verskeie kere oorgesteek en die 24-seemylsone van Taiwan binnegedring. Platforms soos byvoorbeeld die J20- en J16-


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

vegvliegtuie, tipe 052D-aanvalsvaartuie en Dong Feng ballistiese missiele is ook prominent vertoon (Erickson 2024). Die ADIZ sluit die eiland van Taiwan en ’n groot deel van die Chinese vaderland in. Die beheersentrum van die ADIZ is in die Hsinchu-streek in Taiwan en alle vliegtuie wat die mediaanlyn oorsteek, word deur ’n radar gemonitor (Saxena, 2022).

*c) Die toenemende gebruik van tegnologie*

Die PLA se militêre oefeninge word toenemend gekenmerk deur die gebruik van gevorderde militêre tegnologie. Dit sluit in die gebruik van hommelvaartuie, kuber- oorlogvoering en sisteme wat missiele vinnig en doeltreffend kan lanseer. Dit alles dui op ’n verskuiwing na moderne oorlogvoering. In Julie 2024 het die Taiwanese weermag byvoorbeeld 31 Chinese militêre vliegtuie, wat hommelvaartuie en 12 oorlogskepe insluit, binne ’n bestek van 24 uur waargeneem in die Taiwan seestraat (Ching-yi & Hetherington, 2024).

*4.2.2 Die nastreef van die Chinese weermag se militêre doelwitte*

Die Chinese weermag se militêre oefeninge het ten doel om sielkundige oorheersing oor Taiwan te verkry en die internasionale gemeenskap te wys dat die weermag wel oor die vermoë beskik om Taiwan aan te val. Díe magsvertoon is veral gerig op Amerika en Japan, die twee lande wat oor die grootste militêre vermoëns in die streek beskik. Amerika is nou wel nie geleë in die Asië-Pasifiese streek nie, maar die land is in beheer van 400 militêre basisse en 300 000 troepe en 60% van Amerika se vlootaktiwiteite is in buitelandse waters in die Asië-Pasifiese streek en kan bereik word vanaf ander basisse binne ’n tydsperiode van 24 uur (Tupuola, 2024).

China is verder ook gekant teen besoeke van internasionale hooggeplaaste amptenare aan Taiwan en wil met die oefeninge teenkanting teen die besoeke wys. In Augustus 2022 het Nancy Pelosi, die voormalige Voorsitter van die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers, Taiwan besoek. Dit het streng kritiek van China ontlok (Pollard & Lee, 2022). President Lai Ting-Te se oproep tydens sy inhuldiging in 2024 dat China alle militêre intimidasie teen Taiwan staak, het gelei tot verhoogde militêre optrede deur China. Teen die einde van 2024 het Chinese vlootvaartuie die eiland van Taiwan omsingel (Chang, e.a, 2024).

Uit China se militêre oefeninge kan ’n aantal afleidings gemaak word. Dit is eerstens ’n poging om Taiwan te blokkeer in plaas daarvan om ’n volskaalse militêre aanval te loods. As gevolg van die hoë koste van so ’n aanval, word ’n volskaalse oorlog nie oorweeg nie. Tweedens dui die oefeninge op Beijing se groeiende frustrasie met die stadige vordering wat gemaak word om te herenig. Derdens dui die oefeninge op Beijing se benadering om die dinamika in die streek en geopolitieke stabiliteit te verander.

So lank as wat China territoriale aanspraak maak op die eiland van Taiwan en Westerse inmenging beperk word, so lank sal die PLA voortgaan om oefeninge rondom die eiland te onderneem. China se militêre oefeninge volg ’n patroon wat dui op ’n groter strategie van intimidasie en militêre paraatheid. Dié oefeninge mag moontlik in intensiteit toeneem namate konflik verhoog met ’n groter fokus op die verbetering van tegnieke in kontemporêre oorlogvoering en koördinasie tussen die verskillende militêre eenhede. Dit is duidelik dat China se militêre oefeninge ’n bedreiging vir sekuriteit in die streek inhou. Dit het die potensiaal om spanning te verhoog en ’n moontlike oorlog in die streek te veroorsaak. (Chang e.a., 2024).

China se pogings om verskeie kleiner eilande en rotsformasies in die Suid-Chinese See te annekseer, hou ’n verdere bedreiging vir stabiliteit in die streek in. Volgens Chinese historici

en politici is dit grondgebied wat oorspronklik aan China behoort het. Die meeste van die grondgebied is in waters rondom die Filippyne en Viëtnam. Taiwan beheer onder andere Taiping-eiland in die Suid-Chinese See, maar die eiland word ook deur China en die Filippyne as hulle grondgebied beskou (Wuthnow e.a., 2022). Die aansprake op grondgebied in die Suid-Chinese See verhoog spanning in die streek en is ’n motivering vir China om militêre magsvertoon te wys. Die bou van aanloopbane en die fortifisering van eilande is ’n aanduiding dat die doelwit is om beheer van die grondgebied oor te neem. China wil met die aksies wys dat die land gereed is om sy grondgebied te beskerm en die aansprake van ander lande militêr teen te staan (Wuthnow e.a., 2022).

### *4.3 Demografie – die naderende 2030-tydsraamwerk*

’n Verdere fondament wat die Taiwan kwessie beïnvloed, is die rol van demografie. Eerstens bereik president Xi die gemiddelde Chinese ouderdom van 78 jaar in die somer van 2031. Tweedens vind die 22ste Nasionale Volkskongres plaas in Oktober 2032. Xi hoop om die resultate van sy vorige termyne te vertoon om vir ’n vierde termyn aangestel te word. Derdens, en dit is heel moontlik die grootste bydraende fondament, bestaan daar ’n vakuum in die samestelling van die werkendeklasbevolking.

In 1979 is die eenkindbeleid ingestel (die *One-Child Policy*), wat die gemiddelde ouderdom van die werkende klas in so ’n mate verhoog het dat ’n tekort aan werkende en militêr-opgeleide personeel ontstaan het. Die eenkindbeleid het ’n situasie geskep waar een kind moet omsien na beide ouers. As ’n resultaat is baie families versigtig om die enigste kind vir militêre diensplig te stuur (Horta, 2021).

China het verder een van die vinnig-groeiendste bevolkings in die wêreld. Die Wêreldgesondheidorganisasie voorspel dat 28% van China se bevolking ouer as 60 gaan wees teen die jaar 2040. Díe syfer van 28% verteenwoordig meer as 402 miljoen mense. Dit plaas ’n demografiese las op die Chinese gemeenskap. Teen die einde van 2022 het ongeveer 75% van China se bevolking nie-oordraagbare siektes gehad wat mediese ondersteuning van die staat verlang. Soos wat die bevolking ouer word, so gaan die vereistes vir gesondheidsorg toeneem (Chen & Liu, 2023: 1-3).

President Xi het in 2019 voorgestel dat China se geboortekoers aangehelp word deur belastingaftrekkings, behuisingsubsidies, mediese versekering en langer kraamverlof. ’n Toename in die geboortekoers gaan egter nie help om die werkende klas se afhanklikheid van staatsgesentreerde ondersteuning te verminder nie (Boullenois, 2020).

Die aard en omvang van China se ekonomie en PLA is een van die land se grootste sterk punte. Die verouderende bevolking gaan egter interne dilemmas skep wat ekonomiese groei negatief beïnvloed. ’n Holistiese benadering is nodig om die druk op die nasionale gesondheidstelsel te verlig en oplossings vir die verouderende bevolking te bring (Boullenois, 2020).

In die laaste vyf jaar is die werkendeklasbevolking in China besig om af te neem. Die bevolking is op koers om te verklein met 100 miljoen mense tussen 2015 en 2040. Die land gaan ’n afname van 30% waarneem in die getal werkende mense onder die ouderdom van 30 jaar. Terwyl daar afgelei word van bestaande data dat 28% van China se bevolking ouer as 60 jaar gaan wees teen die jaar 2040, en gemeet aan die eerste en tweede fondamente wat in die afdeling bespreek is, is 2030 die heel waarskynlikste datum waarop Xi die risiko loop om leierskap van die CKP te verloor. China se fokus vir die volgende 10 jaar is om die plaaslike ekonomie op dreef te kry en sosiale welsynprogramme in te stel vir die miljoene mense wat in armoede lewe (Jing, 2022).

President Xi is bewus daarvan dat openbare mening ten opsigte van ’n moontlike militêre inval in Taiwan mag verander. Indien Beijing nie in staat gaan wees om oplossings vir plaaslike kwessies, byvoorbeeld gesondheidsorg en welsyn, te vind nie, is dit moontlik dat die Chinese bevolking die anneksasie van Taiwan sal teenstaan. Dit sal die verwesenliking van die Chinese nasie-droom teen 2049 ’n ernstige knou toedien. Die legitimiteit van die CKP sal onder ernstige verdenking kom indien die bevolking van 1.4 miljard teen die leierskap van die party draai (Chun, 2024).

Die demografiese gevolge van ’n China-Taiwan oorlog gaan enorm en ondraaglik wees. ’n Groot getal mense sal vlug indien daar ’n oorlog teen Taiwan is. Die oorlog kan in ’n uitgerekte militêre konfrontasie ontaard wat maande en selfs jare kan duur. ’n Oorlog sal Taiwan se hulpbronne uitput, nywerheidskettings sal tot niet gaan en buitelandse beleggings sal onttrek word. Sedert China die sekuriteit van Hong Kong in 2019 oorgeneem het (Die Nasionale Sekuriteitswet van 2019), is die stad se finansïele status in ’n afwaartse spiraal. ’n Gebrek aan beleggings en lae besigheidsvertroue vernietig Hong Kong se status as internasionale finansiële sentrum en lei tot stygende emigrasie en ontvolking (Yi, 2024).

Die vrugbaarheidskoers in China sal drasties afneem indien ’n oorlog uitbreek, omrede jong mans opgeroep gaan word om diensplig te verrig en miskien kan sterf. Ander faktore wat die demografie beïnvloed, is sanksies deur die Weste, die erodering van die geopolitieke omgewing, afname in uitvoere en ’n stygende werkloosheidskoers. China is tans die hoofhandelsvennoot van meer as 140 lande ter wêreld. ’n Oorlog in Taiwan gaan lei tot ’n globale resessie asook dalende geboortekoerse in verskeie lande, veral in Amerika, Suid-Korea en Japan. Hierdie lande is almal belangrike handelsvennote van Taiwan. Die naderende tydsraamwerk van Xi se beplande inval in Taiwan voorspel niks goeds vir die drie lande se ekonomieë nie. Hulle sal wysheid en durf moet wys om nie oor die demografiese afgrond te tuimel nie (Yi, 2024).

## 5. Diplomatieke opsies om ’n moontlike Chinese inval in Taiwan teen te staan

In die geval van ’n moontlike Chinese inval in Taiwan, kan ’n reeks diplomatieke opsies nagestreef word om die intensiteit van die konflik te verminder en vreedsame oplossings te soek. Dit sluit in internasionale veroordeling van die inval, ekonomiese sanksies teen China en die versterking van verdedigingsamewerking met bondgenote in die streek. Ten spyte van die konflik, sou dit van kritieke belang wees om oop kommunikasiekanale met China te handhaaf om potensiële diplomatieke oplossings en maatreëls vir deëskalering te ondersoek. Dit kan die gebruik van spesiale gesante en gevestigde diplomatieke meganismes insluit (globalguardian.com. 2025).

Verskeie lande sal die inval waarskynlik veroordeel as ’n skending van internasionale reg en beginsels van soewereiniteit. Dit kan lei tot die insluiting van openbare verklarings, resolusies deur internasionale liggame soos die VN, en gekoördineerde diplomatieke druk op China. Amerika en sy bondgenote kan ekonomiese sanksies teen China instel, wat spesifieke sektore of individue kan teiken om druk op die Chinese regering uit te oefen. Die omvang en impak van sulke sanksies sal egter deeglike oorweging van die betrokke rolspelers, soos die Wêreldhandelsorganisasie, Europese Unie en ekonomiese streeksorganisasies verg (taiwan.gov.tw.2024).

Amerika kan met bondgenote in die streek, soos Japan, Suid-Korea, Australië en die Filippyne saamwerk om samewerking in die verdedigingsarea te verbeter, militêre teenwoordigheid in die streek te verhoog en verdere aggressie van China te ontmoedig. Dit kan


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

gesamentlike militêre oefeninge, die deel van intelligensie en die ontwikkeling van gedeelde strategieë vir verdediging insluit. Diplomatieke pogings kan ook fokus op 'n versekering van Taiwan se departement van verdediging dat die land homself kan verdedig, wat die voorsiening van gevorderde wapens, opleiding en intelligensie-ondersteuning insluit. Dit kan 'n kombinasie van direkte wapenverkope en gesamentlike militêre oefeninge behels (us.china-embassy.gov.cn.2022).

In die geval van 'n dooiepunt of eskalasie kan internasionale liggame soos die VN 'n rol speel in die bemiddeling van die konflik en die fasilitering van oplossings. Dit kan die aanstelling van 'n spesiale gesant, die stigting van 'n vredesmag of die byeenroep van 'n vredeskonferensie behels. Amerika en ander lande kan beide kante aanmoedig om direkte dialoog te voer om die oorsake van die konflik uiteen te sit en 'n potensiële skikkingsooreenkoms te bereik. Dit kan maatreëls vir die bou van vertroue, soos militêre deëskalasie-oefeninge of die vestiging van 'n hulplyn vir kommunikasie insluit (Ferenczy, 2024).

Diplomatieke pogings kan ook fokus op die bevordering van stabiliteit deur beide kante aan te moedig om hulleself te weerhou van optredes wat spanning kan eskaleer, soos militêre oefeninge naby die Straat van Taiwan of uitlokkende retoriek. Hierdie diplomatieke opsies kan in verskeie kombinasies nagestreef word, afhangende van die spesifieke omstandighede van die konflik. Die sleutel tot sukses sal 'n gekoördineerde internasionale poging wees wat druk op China kombineer met 'n bereidwilligheid om deel te neem aan dialoog en vreedsame oplossings te ondersoek (taiwan.gov.tw.2024).

## 6. Geopolitieke gevolge vir die streek en internasionale veiligheid

'n Inval deur China in Taiwan hou die volgende gevolge vir die internasionale politiek en ekonomie in. Die betekenisvolste uitdaging is die langtermyn-ekonomiese gevolge vir Taiwan. Taiwan vervaardig 63% van die wêreld se rekenaarmikroskyfies (Reinsch & Whitney, 2025). Soos waargeneem tydens die globale pandemie, word onderbrekings in die voorsiening van mikroskyfies oor die hele wêreld gevoel. Dit is as gevolg van rekenaarindustrieë se komplekse afhanklikheid van mekaar en die direkte uitwerking wat dit op die vervaardiging van mikroskyfies in Taiwan het. 'n Chinese inval in Taiwan gaan lei tot 'n stilstand van die globale mikroskyfiebedryf. Inflasie kan buite beheer raak en die postpandemie-herstel van die globale ekonomie omkeer. Baie van die elektroniese toestelle waarvan die mensdom so afhanklik geraak het, mag moeiliker beskikbaar wees. Dit sal lei tot skade van ongekende globale omvang met die bevolking van Taiwan wat die ergste getref gaan word (Klinger-Vidra, 2023).

Daar sal ook ernstige geopolitieke gevolge wees. Die PLA se inval in Taiwan kan lei tot verhoogde spanning in die streek en lande saamsnoer om 'n bondgenootskap teen China te vorm. Die doel van dié bondgenootskap sal wees om China se magsuitbreiding in die streek te beperk. Die PLA sal vinnig en doelgerig moet optree om militêre reaksie van die internasionale gemeenskap teen te staan. Internasionale reaksie sal kleiner wees as met Rusland se inval in Oekraïne, as gevolg van groot steun vir China in die VN se Algemene Vergadering. Dit is bykans 'n uitgemaakte saak dat Rusland enige resolusies wat China se inval in Taiwan veroordeel, sal veto. Rusland is 'n lid van die VN se Veilgheidsraad.

Taiwan se sterk handelsvennote in Europa gaan die gevolge van China se inval voel. Die afstand tussen Europa en Taiwan gaan ook nie help om die situasie te beredder nie. Daar is egter lande in Europa soos Frankryk, wat handel met China ondersteun en hulle wil distansieer van Amerika se militêre hulpverskaffing aan Taiwan (Rankin, 2023; Zhou, 2025). 'n Oorlog in die Taiwan seestraat gaan nie net 'n menslike tragedie wees nie, maar handel ter waarde

van 2.6 triljoen Amerikaanse dollars vernietig (Yi, 2024). Die meeste lande in die wêreld ondersteun positiewe handel en beleggings. Lande wil graag sake met China én Taiwan doen. ’n Oorlog in die seestraat kan veroorsaak dat lande te afhanklik van Amerikaanse en Europese voorsieningskettings raak wat diversiteit en mededinging in markte sal inperk (theguardian. com.2023).

Indien na statistiek gekyk word, is die waarskynlikheid dat ’n oorlog in die Taiwan seestraat gaan uitbreek 35%. Die moontlikheid van ’n diplomatieke oplossing is slegs 5%. Die heel waarskynlikste scenario is ’n beperkte konflik (met ongeveer 60%-sekerheid): ’n blokkade van die eiland wat die lewe van burgers asook die ekonomie gaan ontwrig. Voorsieningskettings en buitelandse kommunikasie gaan ook in die slag bly. Die idee is om die eiland van die buitewêreld af te sny (Klinger-Vidra, 2023; Yi, 2024).

’n De facto-blokkade word beskou as ’n logiese voortsetting van die huidige situasie. Dit het die potensiaal om in ’n volskaalse konflik tussen Amerika en China te ontaard. Die voordeel vir Beijing is dat die koste van ’n blokkade heelwat minder as dié van ’n volskaalse oorlog gaan wees. Dit gee aan besluitnemers die buigsaamheid om konflik aan te vuur of te verminder, afhangende van die aksies wat geneem word. Watter aksies ook al onderneem word, China het die voorsprong as gevolg van territoriale nabyheid, logistieke voordeel en politieke wilskrag. Dit is nie noodwendig die doelwit van China om Taiwan te isoleer nie, maar eerder om ’n boodskap uit te stuur dat China soewereiniteit oor die eiland het (Yi, 2024).

In praktyk beteken ’n de facto-blokkade dat die PLA maritieme vaartuie en vliegtuie verbied om Taiwan binne te kom en te verlaat. Beijing mag die optrede as kwarantyn beskou, wat die beweging van “gesmokkelde” items (wapens en ammunisie) na die eiland wil blokkeer. So onwaarskynlik as wat dit mag wees, beteken ’n diplomatieke oplossing dat beide partye in gesprek tree om gemeenskaplike terrein te probeer vind. Dit kan neerkom op internasionale bemiddeling, wat ’n omgewing vir vreedsame onderhandelinge bevorder. In die konteks van internasionale konflikte en uitdagings, bestaan die moontlikheid van ’n diplomatieke oplossing wel (globalguardian.com.2025).

Amerika se geloofwaardigheid as die oorheersende militêre mag in die Indo-Pasifiese streek gaan geweldig uitgedaag word met ’n Chinese inval in Taiwan. Die magsbalans in die streek sal aansienlik verander wat moontlik tot ’n meer selfgeldende China en verhoogde onstabiliteit kan lei. ’n Konflik tussen China en Taiwan kan maklik eskaleer tot ’n direkte konfrontasie tussen Amerika en China wat die potensiaal het om ander kernmoondhede, soos Rusland, Indië, Iran en Pakistan, te betrek. Amerika het ’n lang ooreenkoms om Taiwan van wapens en veiligheid te voorsien indien ’n konflik met China sou uitbreek. Verder kan ’n inval in Taiwan lei tot aanvalle op Amerikaanse militêre basisse in die streek, insluitende die basisse in Guam, Japan en die Filippyne. ’n Militêre konflik in die Taiwan seestraat sal ook onvermydelik lei tot ongevalle onder die Taiwanese bevolking, wat ’n moontlike humanitêre krisis kan veroorsaak. ’n Chinese inval in Taiwan sal ’n katastrofiese gebeurtenis wees met verreikende gevolge vir Amerika, wat geopolitieke onstabiliteit, ekonomiese verwoesting en die risiko van ’n groot militêre konflik kan insluit (Easton, 2019; Wuthnow e.a., 2022).

## 7. Gevolgtrekking

Die hereniging van die Chinese nasie is die sentrale doelwit wat President Xi nastreef. Indien die doelwit bereik word, sal Xi vir ewig en altyd in die annale van die Chinese geskiedenis bekend staan. Sy nalatenskap sal wees dat hy die twee Chinas verenig het. President Xi het egter ’n beperkte tydsraamwerk om die aksies te onderneem. Tydens die 100-jarige herdenking


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

van die PLA in 2027 sal Xi 73 jaar oud wees en sal die weermag gereed wees om ’n militêre inval in Taiwan uit te voer.

Met die uitsondering van Amerika en Westerse bondgenote soos Japan, Suid-Korea, Australië en die Filippyne, sal die internasionale gemeenskap waarskynlik nie daarin slaag om teen China op te tree nie. Dit sal moeilik wees om China verantwoordelik te hou vir sy dade en die CKP is onverbiddellik in hulle strewe om Taiwan te annekseer. China se internasionale diplomatieke vennote, veral in Afrika en Suid-Amerika, ondersteun die Een-China-Beginsel en skaar hulle vierkantig agter China in die VN (Zhao, 2023). As voorbeeld word genoem dat die Globale Suide China se resolusie met betrekking tot die ontwikkeling van ’n gedeelde toekoms vir die mensdom aanvaar het. Die resolusie bevestig dat ontwikkeling nodig is om voorspoed en welvaart vir die mensdom te verseker. Die resolusie is op 22 Junie, 2017 aanvaar en staan in Engels bekend as *The Contribution of Development to the Enjoyment of All Human Rights* (unachina.org.2017).

China en Taiwan het egter twee verskillende uitgangspunte oor menseregte. Dit mag ’n invloed hê op China se inval in Taiwan en gevolge wat dit vir die regte van die bevolking in Taiwan inhou. Menseregte word bevorder in die grondwet en regeringsbeleid en sluit in die beskerming van vryheid van spraak, vryheid om rond te beweeg, vryheid om godsdiens te beoefen en gelykheid van alle mense voor die reg. Dit is dieselfde regte as wat deur die meeste demokrasieë gevolg word en maak die land ’n baken van alle vorme van vryheid in Oos-Asië (Young, 2008).

China, aan die ander kant, beperk vryheid van spraak en assosiasie, vreedsame samekoms en godsdiensvryheid. Wette word deur wetstoepassers misbruik, dikwels onder die voorwendsel dat nasionale sekuriteit beskerm moet word. Daar is byvoorbeeld misdrywe wat teen die Uighuir etniese groep in China se Xinjiang Provinsie gepleeg word, en dieselfde misdrywe kan teen die bevolking van Taiwan gepleeg word met ’n militêre inval. Die toenemende onderdrukking en outoritarisme van die CKP lei tot ’n gaping in die uitoefening van menseregte tussen die twee lande. Verskillende interpretasies van menseregte lei tot verdeling en verhoogde spanning. Die gebrek van die CKP om die menseregte en demokrasie van Taiwan te erken is ’n groot struikelblok in pogings om vreedsaam te herenig. Dit dryf Taiwan verder weg van die onderhandelingstafel. ’n Belangrike gevolg is dat die outoritêre leierskapstyl van die CKP, Amerika en Taiwan nader aan mekaar bring. Die gedeelde waardes van demokrasie en menseregte is ’n band wat nie gebreek kan word nie (Young, 2008).

Die Taiwan kwessie staan sentraal in Amerika en China se wedywering om mag in die Asië-Pasifiese Streek. In beginsel bepaal die land wat die leierskapsrol in die streek vervul, ook die rigting van Taiwan se toekoms. Dit geld ook vir die vestiging van ’n stabiele en veilige omgewing. China beskou Amerikaanse sekuriteit-en verdedigingstrategieë as die hoofbedreiging vir ’n suksesvolle oorname van Taiwan. Wedywering tussen Amerika en China in die streek word dikwels voorgehou as sou dit ’n bedreiging vir die internasionale orde inhou.

Taiwan is ’n voorstander van Westerse reëls en waardes, terwyl China poog om ’n nuwe internasionale orde tot stand te bring. China se suksesvolle oorname van Taiwan gaan tot gevolg hê dat die waardesisteem verander, wat die inwoners van Taiwan gaan ontneem van verskeie vryhede. Die handhawing van demokrasie en die strewe na onafhanklikheid gaan in die slag bly. China sal ’n outoritêre sisteem instel wat demokrasie in die streek ’n geweldige knou toedien.

President Xi se visie is om ’n wêreld te skep wat gebasseer is op sosialistiese waardes. Sy uitgangspunt is dat ’n nuwe internasionale orde lande in die wêreld nader aan mekaar kan bring. Die anneksasie van Taiwan is ’n integrale deel van hierdie droom en dit is nodig dat


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

die Chinese nasie aan beide kante van die seestraat saamwerk om die droom te realiseer. Die vraag is of Xi die strategiese risiko's gekoppel aan 'n militêre inval werklik verstaan. Gaan sterk leierskap of diplomasie nodig wees om Taiwan met die vaderland te herenig? Hoe dit ook al sy, die aksies van díe CKP lei tot onstabiliteit wat ernstige gevolge vir sekuriteit in die streek inhou. Dit moet teengestaan word met aktiewe verdediging en samewerking tussen Taiwan se internasionale vennote.

## BIBLIOGRAFIE

Alperstein, B. 2024. The 1995–1996 Taiwan Strait Crisis: A Retrospective Study in American Ambivalence. *The International History Review*, 1-20.

Arostegui, J. 2025. China's September 2025 Military Parade: How PLA Ground Forces Are Adapting to Future Wars and Force Projection. https://ssi.armywarcollege.edu/SSI-Media/Recent-Publications/Article/4294886/chinas-september-2025-military-parade-how-pla-ground-forces-are-adapting-to-fut/ [15 Oktober 2025].

Bauer, G, Hirschfelder, N & Resende, F. 2024. *Un-Mapping the Global South*. Londen: Routledge.

Boullenois, C. 2020. Poverty Alleviation in China: The Rise of State-Sponsored Corporate Paternalism. *China Perspectives*, 3(122):47-56.

Chang, W, McCarthy, S & Nectar, G. 2024. China's maritime movements around Taiwan are largest in decades, Taipei says. 10 Desember. https://edition.cnn.com/2024/12/10/china/china-taiwan-maritime-movements-intl-hnk/index.html [10 Maart 2025].

Charbonneau, L. 2023. UN Member Countries Condemn China's Crimes Against Humanity. 23 Oktober. https://www.hrw.org/news/2023/10/23/un-member-countries-condemn-chinas-crimes-against-humanity [25 Januarie 2025].

Chathamhouse.org 2022. 20th CCP National Congress: Five issues to watch. https://www.chathamhouse.org/2022/10/20th-ccp-national-congress-five-issues-watch [2 Januarie 2025].

Chen, P-H. 2024. From Tsai to Lai: The Past, Present, and Future of Taiwan's Foreign Policy. Mei 17. https://thediplomat.com/2024/05/from-tsai-to-lai-the-past-present-and-future-of-taiwans-foreign-policy [11 Februarie 2025].

Chen, C & Lui, M. 2024. Achievements and Challenges of the Healthcare System in China. *Cureus*, 15(5):1-3.

Chun, H-W. 2024. *Party of One: The Rise of Xi Jinping and China's Superpower Future*. Kalifornië: Simon & Schuster.

Choi, SH. 2024. Lower risks, harder to respond: why Beijing may prefer a blockade to armed conflict on Taiwan. 23 Mei. https://www.scmp.com/news/china/military/article/3263763/lower-risks-harder-respond-why-beijing-may-prefer-blockade-conflict-taiwan [10 April 2025].

Tupuola, JG. 2024. The Pacific Islands: Background and Issues for Congress. 7 November. https://crsreports.congress.gov/product/pdf/IF/IF11208 [10 Februarie 2025].

Dotson, J & Harman, J. 2024. The PLA's Inauguration Gift to President Lai: The Joint Sword 2024A Exercise. 12 Junie. https://globaltaiwan.org/2024/06/the-plas-inauguration-gift-to-president-lai-the-joint-sword-2024a-exercise/ [25 Maart 2025].

Easton, I. 2019. *The Chinese Invasion Threat: Taiwan's Defense and American Strategy*. New York: Eastbridge Books.

Erickson, AS. 2024. Chinese Amphibious Warfare: Taiwan Targeted, Scenarios Swirling. 14 Desember. https://thediplomat.com/2024/12/chinese-amphibious-warfare-taiwan-targeted-scenarios-swirling/ [18 Februarie 2025].

Ferenczy, ZA. 2024. *Partners in Peace: Why Europe and Taiwan Matter to Each Other*. Singapore: Palgrave Macmillan

globalguardian.com. 2025. Will China Invade Taiwan? A Potential Timeline for Conflict. 3 Januarie. https://www.globalguardian.com/global-digest/will-china-invade-taiwan [5 Maart 2025].

Horta, L. 2021. China's Military Modernisation: Constrained by One-Child Policy. 1 September. https://www.rsis.edu.sg/rsis-publication/rsis/chinas-military-modernisation-constrained-by-one-child-policy/ [6 Maart 2025].

Ching-Yi, H & Hetherington, W. 2024. More Chinese drones circle Taiwan: ministry. 5 Augustus. https://www.taipeitimes.com/News/taiwan/archives/2024/08/05/2003821799 [19 Januarie 2025].


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

Horesh, N. 2021. *China's Grand Strategy Under Xi Jinping: How History Complicates Beijing's Global Outreach*. Londen: Routledge.

Liu, Y. & Zhang, X. 2024. Active aging and health among older adults in China: a perspective based on downward intergenerational economic support. 17 Junie. https://www.frontiersin.org/journals/public-health/articles/10.3389/fpubh.2024.1337829/full [27 Oktober 2025].

Jash, A. 2024. China's Military Exercises Around Taiwan: Trends and Patterns. 2 Oktober. https://globaltaiwan.org/2024/10/chinas-military-exercises-around-taiwan-trends-and-patterns/ 7 Februarie 2025].

Jing, T. 2022. *The Welfare System of Universal Integration in China: Understanding China*. Washington: Springer.

Kendall, C, 2024. Revisiting the Second Taiwan Strait Crisis: Strategic Lessons for Today. *Journal of Strategic Security*, 17(3):1-14.

Klinger-Vidra, R. 2023. The microchip industry would implode if China invaded Taiwan, and it would affect everyone. https://theconversation.com/the-microchip-industry-would-implode-if-china-invaded-taiwan-and-it-would-affect-everyone-206335 [3 Januarie 2025].

Lawrence, SV & Martin, MF.. 2020. *China's National Security Law for Hong Kong: Issues for Congress*. Washington: Independantly Published.

Pollard, MQ & Lee, Y. 2022. China military 'completes tasks' around Taiwan, plans regular patrols. 11 Augustus. https://www.reuters.com/world/asia-pacific/china-extends-military-drills-around-taiwan-after-pelosi-visit-2022-08-10/ [18 Januarie 2025].

Ranade, J. 2023. *Xi Jinping: China's Third New Era*. Londen: Routledge.

Rankin, J. 2023. Macron sparks anger by saying Europe should not be 'vassal' in US-China clash. 10 April. https://www.theguardian.com/world/2023/apr/10/emmanuel-macron-sparks-anger-europe-vassal-us-china-clash [15 Februarie 2025].

Rein, S. 2024. *The Split: Finding the Opportunities in China's Economy in the New World Order*. Londen: John Murray Business.

Reinsch, AW & Whitney, J. 2025. Silicon Island: Assessing Taiwan's Importance to U.S. Economic Growth and Security. 10 Januarie. https://www.csis.org/analysis/silicon-island-assessing-taiwans-importance-us-economic-growth-and-security [15 Oktober 2025].

Saxena, A. 2022. *Taiwan and China: Fitful Embrace.* Kalifornië: Universiteit van Kalifornië.

taiwan.gov.tw.2024. Cross Strait Relations. https://www.taiwan.gov.tw/cont&t_6.php [10 Januarie 2025].

theguardian.com.2023. Taiwan Strait: top EU diplomat calls for European navy patrols. 23 April. https://www.theguardian.com/world/20230/apr/23/taiwan-strait-top-eu-diplomat-calls-for-european-navy-patrols [20 Februarie 2025].

unachina.org.2017. Human Rights Council Adopts China-Proposed Resolution. 22 Junie. https://unachina.org/en/article/435 [15 Januarie 2025].

us.china-embassy.gov.cn.2022. White Paper: The Taiwan Question and China's Reunification in the New Era. 10 Augustus. http://us.china-embassy.gov.cn/eng/zgyw/202208/t20220810_10740168.htm [15 Januarie 2025].

worldlifeexpectancy.com.2024. China: Life expectancy. https://www.worldlifeexpectancy.com/china-life-expectancy [2 Februarie 2025].

Wuthnow, J, Grossman, D, Saunders, PC, Scobell, A & Yang, AND. 2022. *Crossing The Strait: China's Military Prepares for War with Taiwan*. Washington: National Defense University.

Yi, F. 2024. The Demographic Costs of a War Over Taiwan. https://thediplomat.com/2024/04/the-demographic-costs-of-a-taiwan-war/ [10 Februarie 2025].

Young, A. 2008. *Humanity At Stake: China's Aggression, Taiwan's Democracy, and 23 Million Citizens' Human Right to Self-Determination*. Washington: Create Space Independent Publishers.

Zhang, SG. 1993. *Deterrence and Strategic Culture: Chinese-American Confrontations, 1949–1958.* Ithaca, NY: Cornell University Press.

Zhao, S. 2023. Xi Jinping's Consolidation of Power at the 20th Party Congress: Implications for Chinese Foreign Policy. *Issues & Studie*s, 59(2):1-27.

Zhao, S. 2024. *The Taiwan Question in Xi Jinping's Era: Beijing's Evolving Taiwan Policy and Taiwan's Internal and External Dynamics*. Londen: Routledge.

Zhou, B. 2025. Which countries will pick sides in a US-China conflict over Taiwan? 26 Julie. https://johnmenenadue.com/post/2025/07/which-countries-will-pick-sides-in-a-us-china-conflict-over-taiwan/ [16 Oktober 2025].


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a3

# Private militêre maatskappye as proksiemagte in die internasionale politiek met besondere verwysing na operasies deur die Russiese Wagner-groep/Afrika-korps in Afrika

***Private military companies as proxy forces in international politics with special reference to the Russian Wagner Group/Africa Corps and its operations in Africa***

**Theo Neethling**
Departement Politieke Studie en Regeerkunde
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
E-pos: neethlingtg@ufs.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0003-0709-7207



Theo Neethling

**Theo Neethling** het 'n MA-graad (1989) aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO (tans die Noordwes-Universiteit) en 'n DLitt et Phil-graad (1992) aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal, albei in Internasionale Politiek. Hy is sedert 2009 professor in die Departement Politieke Studies en Regering aan die Universiteit van die Vrystaat, waar hy ook tot 2020 as hoof van die departement gedien het. Hy dien op die redaksierade van verskeie akademiese tydskrifte en word sedert 2009 deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika as 'n gevestigde navorser gegradeer. Sy navorsing fokus op Afrika se internasionale betrekkinge, Suid-Afrika se buitelandse beleid, en veiligheid en politiek in Afrika.

**Theo Neethling** holds an MA (1989) from the Potchefstroom University for CHE (now North-West University) and a DLitt et Phil (1992) from the University of South Africa, both in International Politics. He has been Professor in the Department of Political Studies and Governance at the University of the Free State since 2009, where he also served as Head of Department until 2020. He serves on the editorial boards of several academic journals and has been rated as an established researcher by the South African National Research Foundation since 2009. His research focuses on Africa's international relations, South Africa's foreign policy, and security and politics in Africa.

**Datums:**
Ontvang: 2025-05-26 Goedgekeur: 2025-10-09 Gepubliseer: Desember 2025


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

**ABSTRACT**

***Private military companies as proxy forces in international politics with special reference to the Russian Wagner Group/Africa Corps and its operations in Africa***

*Since the end of the Cold War, the use of private military companies, commonly known as PMCs, as third parties in proxy conflicts or wars has been on the rise, with a growing number of countries and non-state actors relying on these companies to carry out a range of military operations or tasks. Increasingly, these proxy actors have also become a feature of external involvement in contemporary conflicts around the world. While this is not a new development in itself, most notable PMCs since the end of the Cold War include Blackwater in Iraq, Executive Outcomes in Angola and Sierra Leone, and of course, the Russian Wagner Group.*

*According to Max Weber's much-quoted definition, the modern state is a human community that (successfully) claims the monopoly of the legitimate use of physical force within a given territory. In this regard, the rise and proliferation of PMCs or mercenaries of the modern type effectively question this monopoly and, in some instances, potentially threaten the foundations of the modern state when governments outsource the capacity to provide security to their citizens, or to wage war – all key elements of their statehood and sovereignty.*

*Following on the above, and in light of a complex series of factors that brought changes to the highly state-centred world of previous centuries, international trends of recent decades indicate how PMCs have become increasingly important as actors in conflict dynamics worldwide. This means a deviation from the deep-rooted notion that the state should first and foremost take responsibility for the security of its citizenry. In view of this, scholars have begun to suggest that national sovereignty, as it crystallised in the aftermath of the Peace of Westphalia in 1648, is in decline. This is having a substantial influence on the state-centric system and the traditional management of the monopoly of force. Essentially, the weaker a state is in its institutions, the less capacity it has to manage or control violence within its territory. In this regard, it can rightly be argued that the existence and roles of PMCs – instead of, or in parallel, or in addition to regular forces – represent not only the cause, but also the symptom of fragile or changed statehood in several countries across the globe.*

*The Wagner Group is globally known as a PMC with close ties to the Russian state and its military. Since its inception in 2014, the group has been involved in the politics of numerous African countries, where it has played a significant role. Since 2017, the Wagner Group has also actively advanced the interests of President Vladimir Putin and Russia, offering the factor of so-called 'plausible deniability'. This means that the Russian government does not have to suffer any public fallout in relation to troop losses or other political and military embarrassments relating to, for instance, serious human rights violations on foreign soil.*

*The death of the owner and commander of the Wagner Group, Russian oligarch Yevgeny Prigozhin, on 23 August 2023, in a plane crash, following Prigozhin's rebellion against President Vladimir Putin, has raised some serious questions about the future of this infamous yet influential PMC. After all, as a Russian paramilitary institution, the Wagner Group has been one of Russia's most powerful foreign policy toolkits since its inception in 2014, as it played a significant role in the conflicts in Syria, Yemen, and Ukraine in the past decade. Since 2017, the Group also managed to expand its footprint – and that of Russia – in several African countries. On the African continent, the Wagner Group's strategy mostly coincided with direct military support and/or related security services to leaders in weak or fragile African states. Against this background, after spending almost a decade building the Group as a paramilitary group, the death of Yevgeny Prigozhin ignited speculation about the future of PMCs. With Prigozhin as the Group's charismatic leader no longer in command, many observers*


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

*immediately posed pressing questions over the future of the activities of the Wagner Group and its future leadership. Some even wondered whether the Group would continue to operate as a single, coherent paramilitary group. The core question on which this article is based was therefore:*

> *What does the future hold for Wagner as a Russian PMC and foreign policy instrument, which is currently – in its revised capacity and rebranded form as the Africa Corps – still involved in various paramilitary operations in Africa?*

*In view of the above, this article reviews the development of Wagner as a unique para-military entity. It focuses on four African countries where Wagner holds substantial influence: Libya, the Central African Republic, Sudan, and Mali. The nature of the Wagner/Africa Corps' involvement in these four states differs, and the death of Prigozhin has had significant consequences and changes. An important finding of this study, however, is that the Russian political leadership will not allow any of the strategic advantages that Wagner/Africa Corps – particularly since 2017 – has offered Moscow to be undermined or lost.*

**KEYWORDS:** Russia, proxy forces, Wagner Group, Africa Corps, private military companies, foreign policy instruments

**TREFWOORDE:** Rusland, proksiemagte, Wagner-groep, Afrika-korps, private militêre maatskappye, buitelandse beleidsinstrumente

## OPSOMMING

Een van die kenmerke van die wêreld ná die Koue Oorlog is dat proksiemagte toenemend deur groot en/of invloedryke moondhede gebruik word as buitelandse beleidsinstrumente in konflikte of waar eksterne veiligheidsdilemmas van die een of ander aard manifesteer. Oor die afgelope drie dekades het veral die aanwending van private militêre maatskappye (PMM'e) as proksies in konfliksituasies 'n beduidende toename getoon. Dit het saamgeval met die uitkontraktering van militêre en/of veiligheidsfunksies deur verskeie regerings en hulle weermagte. So byvoorbeeld het die Russiese regering die Wagner-groep (hierna "Wagner") – wat vroeg in 2024 herdoop is na die Afrika-korps[1] – sedert 2017 as 'n laekoste- paramilitêre instrument gebruik om sy betrokkenheid en buitelandse beleidsdoelwitte op die Afrika-kontinent na te jaag of uit te bou. Wagner se leier en bevelvoerder, Yevgeny Prigozhin, het twee maande ná 'n rebellie in Augustus 2023 in 'n vliegtuigongeluk omgekom. Hierdie voorval het verskeie waarnemers en ontleders gemotiveer om indringende vrae te stel oor die toekoms van Wagner en sy bedrywighede in Afrika. Gegewe hierdie vrae is die doel van hierdie artikel om die voortgesette funksionering van die Wagner/Afrika-korps as 'n unieke paramilitêre entiteit onder die loep te neem. Die fokus val spesifiek op die Wagner/Afrika-korps se betrokkenheid in vier Afrikastate waar die groep tans besonder invloedryk is in die politieke en veiligheidsdinamika van die betrokke state, naamlik Libië, die Sentraal-Afrikaanse Republiek, Soedan, en Mali.

1 In dié artikel word daar, wanneer gebeure teen 'n historiese agtergrond (2014–2024) bespreek word, na die Wagner-groep of kortweg "Wagner" verwys, terwyl daar na dié paramilitêre groep in sy meer onlangse bestaan (sedert Februarie 2024) as die "Wagner/Afrika-korps" verwys sal word. Die "Afrika-korps" – tot vroeg in 2024 as die "Wagner-groep" bekend – het onder die bevel van Yevgeny Prigozhin gefunksioneer, soos wat duidelik sal word in die bespreking verderaan.

## Inleiding

Sedert die beëindiging van die Koue Oorlog teen die einde van die 1980's is regerings wêreldwyd aangespoor om hulle weermagte gedurende die daaropvolgende dekade gesamentlik met tot soveel as 6 miljoen personeel te verminder. Die algemene verwagting was dat die nuwe tydvak wêreldwye vrede sou bring. Gevolglik is 'n beduidende aantal soldate of veiligheidsfunksionarisse met gespesialiseerde vaardighede vir alle praktiese doeleindes na die private sektor oorgedra. Voorts het die 1990's saamgeval met die opkoms van brose of mislukte state in streke soos Afrika suid van die Sahara en die Balkan – deels veroorsaak deur die ontstaan van magsvakuums na afloop van die Koue Oorlog. In sulke magsvakuums het daar dikwels 'n verhoogde vraag ontstaan na eksterne veiligheidsverskaffing, en dit is waar PMM'e en individue met gespesialiseerde vaardighede in die prentjie gekom het.

Die laat negentigerjare het ook met veranderinge in die aard van oorlogvoering gepaard gegaan, soos veral meegebring deur hoëvlak- tegnologiese vooruitgang. Daarby was daar veral in die Westerse wêreld 'n groter sosio-ekonomiese aanvaarding van die aanwending van geprivatiseerde dienste in eksterne konflikte of situasies waar veiligheid verseker moes word. Dit alles het 'n gunstige omgewing geskep vir die betrokkenheid of toetrede van PMM'e wat dikwels na vore getree het as buitelandse beleidsinstrumente van 'n bepaalde aard vir regerings van groot en/of invloedryke state wat 'n belang gehad het by bepaalde eksterne konflikte of situasies waar veiligheidsuitdagings aan die orde van die dag was, maar waar die regerings nie gewillig was om met hulle weermagte regstreeks daarby betrokke te raak nie (Mumford 2013:42-43).

'n PMM wat in die afgelope dekade internasionaal prominensie geniet het, is die Wagnergroep wat wêreldwyd bekend geraak het as 'n instrument van die Russiese staat met 'n betrokkenheid by konflikte in verskeie state waar konflik en/of magsvakuums ontstaan het. Wagner het wêreldwyd bekendheid verwerf as 'n PMM wat in 'n noue verband met die Russiese staat en sy weermag bestaan en funksioneer. Sedert die ontstaan daarvan in 2014 het Wagner betrokke geraak by die politieke dinamika van verskeie Afrikastate, en het dit die belange van president Vladimir Poetin en die Russiese staat in die betrokke Afrikastate bevorder (Lechner 2024). Dit het plaasgevind teen 'n agtergrond waar Moskou nie die politieke verantwoordelikheid vir Russiese betrokkenheid wou dra nie, maar eerder verkies het om Wagner as 'n proksiemag te laat optree (Euronews 2022). Dit beteken dat die Russiese regering nie enige openbare aanspreeklikheid vir politieke gevolge in verband met die lewensverlies van soldate of ander mense, of militêre vernederings van enige aard, of ernstige menseregte-oortredings op buitelandse grondgebied hoef te aanvaar nie.

Die dood van Wagner se voormalige eienaar en bevelvoerder, die Russiese oligarg Yevgeny Prigozhin, op 23 Augustus 2023 in 'n vliegtuigongeluk kort ná Prigozhin se opstand teen president Vladimir Poetin, het ernstige vrae oor die toekoms van hierdie prominente PMM tot gevolg gehad. Met ander woorde, nadat daar byna 'n dekade lank heelwat energie aan die ontwikkeling van Wagner as 'n paramilitêre groep bestee is, het die dood van Yevgeny Prigozhin spekulasie oor die toekoms van dié PMM aangewakker. Die rede vir die internasionale fokus op Wagner as 'n Russiese paramilitêre instelling was voor die hand liggend. Wagner het ontwikkel tot een van Rusland se invloedrykste buitelandse beleidsinstrumente sedert sy ontstaan in 2014, en het die afgelope dekade 'n beduidende rol gespeel het in die konflikte in Sirië, Jemen, en Oekraïne. Sedert 2017 het Wagner ook daarin geslaag om sy teenwoordigheid – en dié van Rusland – in verskeie Afrikastate uit te brei. Op die Afrika-kontinent stem Wagner se strategie meestal ooreen met regstreekse militêre ondersteuning en/of verwante veiligheidsdienste aan leiers in swak of brose Afrikastate (Rampe, 2023).


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

Met Prigozhin as Wagner se charismatiese leier nie langer aan die stuur nie, het baie waarnemers gewonder of Wagner steeds as ’n selfstandige paramilitêre groep sou bly voortbestaan (Malobisky, 2023). Die kernvraag waarop hierdie artikel geskoei is, was gevolglik: wat hou die toekoms vir Wagner as ’n Russiese PMM en buitelandse beleidsinstrument in, aangesien dit tans in ’n hersiene rol optree en nou bekend is as “Afrika-korps”, wat steeds met verskeie paramilitêre operasies in Afrika gemoeid is?

In onlangse jare was Wagner se bestaan – onder die leiding van Prigozhin – altyd nou verweef met dié van die Russiese weermag en intelligensiegemeenskap, ofskoon daar ’n ruim mate van onafhanklike funksionering toegelaat is. Sommige waarnemers het selfs gemeen dat Wagner se onafhanklikheid tot opportunisme in sommige operasies gelei het (Firmian, 2025:787). In Mei 2023 is beraam dat sowat 5 000 lede van Wagner in Afrikastate oor die kontinent heen ontplooi was, waar hulle bedrywighede met veiligheidskwessies verband gehou het. Wagner het veral paramilitêre hulp aan swak en kwesbare regerings gebied – gewoonlik in ruil vir minerale hulpbronne, maar ook vir internasionale diplomatieke ondersteuning (Malobisky, 2023).

Voordat daar in hierdie artikel dieper ingegaan word op die Wagner/Afrika-korps, is dit nodig om eers op die aard van die hedendaagse wêreldorde en die aanwending van proksiemagte as buitelandse beleidsinstrumente deur groot en/of invloedryke moondhede te fokus. Daarna word gefokus op magsvakuums en die operasies van die Wagner/Afrika-korps as ’n proksiemag. Vervolgens word die sentrale navorsingsvraag ondersoek: of die Wagner/Afrika-korps ná die dood van Prigozhin steeds ’n belangrike faktor in Afrika is.

Wanneer navorsers proksiemagte soos Wagner bestudeer, steun hulle tipies op bronne soos amptelike verslae van internasionale organisasies, artikels van ondersoekende joernaliste oor aktuele verwikkelinge, en beleidontledings van akademiese en semi-akademiese instellings en in dinkskrums vir strategiese konteks. Akademiese werk in tydskrifte word veral gebruik om ’n teoretiese begronding aan die onderwerp van bestudering te gee, terwyl menseregteverslae dikwels gebruik word om die impak van proksiemagte op die grond te beoordeel. Saam bied hierdie materiaal ’n multidimensionele begrip van proksiemagte se militêre, politieke en ekonomiese rolle in daardie state waar hulle groot of middelslag moondhede se buitelandse belange bevorder of mandate uitvoer. Dit is dan ook die materiaal wat in dié studie vir navorsingsdoeleindes aangewend is.

## Aanwending van proksiemagte as buitelandse beleidsinstrumente in die hedendaagse wêreldorde

Proksie-konflikte of proksie-oorloë is ’n deurlopende aspek in die geskiedenis van oorlogvoering. Proksie-konflikte of -oorloë kan gedefinieer word as onregstreekse betrokkenheid by ’n konflik of oorlog deur derde partye wat die strategiese uitkoms daarvan kan of wil beïnvloed. Aan die hand van die geskiedenis kan aangevoer word dat die verskynsel van proksie-konflikte of -oorloë ’n belangrike element van moderne konflikte en oorlogvoering is en sal bly (Carragee, 2020).

Dit is egter nie slegs groot en/of invloedryke moondhede wat die verskynsel van proksiekonflikte en -oorloë gevorm het of die kernelemente daarvan uitmaak nie. Dié moondhede is weliswaar die ‘voordeeltrekkers’, ofskoon nie noodwendig die entiteite wat regstreeks by die konflik of oorlog betrokke is nie, maar eerder die eksterne entiteite wat derde partye in die vorm van kleiner entiteite as proksies gebruik om bepaalde strategiese doelwitte na te jaag of te bereik. Nie-staatlike rolspelers, waaronder veral PMM’e en soms selfs terreurgroepe, maak dus ook belangrike elemente van proksie-konflikte en -oorloë uit. Hulle is diegene wat die

operasies prakties uitvoer met eksterne befondsing, en dikwels ook met wapens, opleiding en opdragte wat deur 'n eksterne mag of moondheid – die eintlike "voordeeltrekker" – voorsien word. Die "teiken" is 'n nasie of regerende party wie se belange strydig is met dié van die voordeeltrekker en selfs die proksie (Carragee, 2020).

Die gebruik van 'n ondergeskikte mag of derde party om politieke doelwitte in internasionale of streekverband te bereik, is, soos in die inleiding aangedui, lank reeds 'n verskynsel in konfliksituasies en oorloë. Vir die doel van hierdie artikel word proksiemagte gedefinieer as 'n georganiseerde groep of entiteit wat van buite ondersteun word en wat teen 'n regering of staat werk om 'n strategiese doelwit te bereik (Carragee, 2020).

Daar was veral in die tydperk ná die Koue Oorlog 'n groter afhanklikheid van state van PMM'e of "koalisies van die faktureerders" soos dit treffend deur Christopher Coker (Mumford, 2013:42) beskryf is. Trouens, hierdie groter afhanklikheid word duidelik gekenmerk deur die hedendaagse veiligheidsbenadering van verskeie Westerse moondhede. PMM'e vervul nie net 'n kritieke funksie om risiko vir state wat hulle strategiese belange of ideologie wil beskerm of uitbou, te minimaliseer nie, maar bied ook die voordele van wat bestempel kan word as 'n vorm van goedkoop oorlogvoering. PMM'e het immers laer bedryfskoste as regstreekse militêre ontplooiings, en state hoef nie aftree- of pensioenvoordele aan private kontrakteurs te voorsien soos in die geval van weermagte nie (Mumford, 2013:42).

Terwyl die verskynsel van PMM'e nie nuut is nie, sluit die noemenswaardigste gevalle sedert die einde van die Koue Oorlog 'n veelheid omstrede of bekende PMM'e in, waaronder Blackwater in Irak, Executive Outcomes in Angola en Sierra Leone, en natuurlik, die Wagner/Afrika-korps. Duidelikheidshalwe moet genoem word dat die funksies van PMM'e uiteenlopend is, en take wissel van die fisiese beskerming van infrastruktuur in buitelandse konflikgebiede tot beskerming van politieke elites. Dan is daar natuurlik meer uitdagende militêre gevegstake en spesiale operasies. Dienste kan selfs spesialistake insluit, soos strategiese beplanning; die inwinning van intelligensie; verkenningstake op land, see en in die lug; bemande en onbemande vlugbedrywighede van verskeie tipes; verskillende soorte kennisoordrag in 'n militêre opleidingsverband; of materiële en tegniese ondersteuning aan tradisionele gewapende magte. Selfs satellietverkenningsdienste word soms aangebied (Council of the European Union, 2023). Dit maak PMM'e vir alle praktiese doeleindes korporatiewe entiteite wat vergoed word vir hulle gespesialiseerde dienste en die lewering van militêre en veiligheidsdienste. PMM'e werk dikwels ook met 'n verskeidenheid toerusting – van swaar gevegstoerusting tot ligte wapens. Dit kan wissel van aanvalshelikopters en tenks tot klein vuurwapens (Kinnes & Isaacs, 2023).

Bostaande kom daarop neer dat, alhoewel daar duidelike ooreenkomste is, PMM'e hoegenaamd nie almal dieselfde is nie maar oor 'n breë spektrum werk en van wisselende aard is. In die geval van die Amerikaanse PMM, Blackwater, het die Amerikaanse Departement van Verdediging sedert die einde van die Koue Oorlog 'n groot aantal nie-gevegstake uitgekontrakteer. Dit kom prakties neer op 'n soort privatisering van militêre take. Blackwater het inderwaarheid 'n deurslaggewende werktuig geword in die gereedskapkis van die Amerikaanse weermag, veral in die globale oorlog teen terrorisme. Hierdie take het veral betrekking op logistieke ondersteuning wat ingevolge kontrakte met hulp aan die Amerikaanse weermag te make het sodat laasgenoemde op gevegsbedrywighede kan fokus (Kinnes & Isaacs, 2023).

Wat voorts van belang is, is dat PMM'e die uitdagings wat met die moderne "Viëtnamsindroom" vereenselwig word, omseil. Daar is geen repatriëringsverpligtinge ten opsigte van private militêre kontrakteurs wat in gevegte omkom nie, geen vlaggedrapeerde kiste in die openbaar ná sterftes nie, en min openbare kritiek op verliese. PMM'e neem al die politieke

risiko oor wat state normaalweg loop wanneer hulle hulle eie weermagte met gevegstoerusting en soldate na buitelandse konflikte of oorloë ontplooi.

Verder het PMM'e sélf inisiatief geneem om hulle professionalisering en veral verantwoordbaarheidsprotokolle te verhoog. So byvoorbeeld is Amerikaanse PMM'e nou onderhewig aan 'n kode vir militêre geregtigheid, die Uniform Code of Military Justice. Die grondslag daarvan is die militêre reg in die Verenigde State, terwyl Amerikaanse PMM'e ook moet voldoen aan die Departement van Buitelandse Sake (Department of State) se Worldwide Personnel Protective Services-kontrak. Dit verteenwoordig 'n duidelike poging deur PMM'e om hulle openbare profiele te verbeter nadat hulle tydens die oorloë in Afghanistan en Irak reputasies van roekeloosheid gekry het. Dit het veral betrekking op die bedenklike of berugte optredes van PMM'e soos die bekende Blackwater. Waar PMM'e nou gebonde is aan die nakoming van dieselfde regulasies wat die Amerikaanse weermag bind, het dit ook die weg gebaan vir die meer legitieme aanwending van PMM'e deur die Amerikaanse regering – veral in konflikte of oorloë waar die risiko's as te hoog geag word vir die Amerikaanse weermag om betrokke te wees (Mumford, 2013:42-43).

Dit is egter nie slegs Westerse moondhede wat proksiemagte aanwend as derde partye in konflikte nie. Soos reeds genoem, het Wagner baie bekend geword – selfs berug – vir sy aktiwiteite as 'n rolspeler wat namens die Russiese regering in Afrikastate by militêre operasies betrokke is. Soos reeds aangedui, is dit ook nie slegs PMM'e wat belangrike niestaatlike akteurs in proksie-konflikte of -oorloë is nie. 'n Ander baie goeie voorbeeld in die huidige wêreldpolitiek van hoe proksies aangewend word, is die wyse waarop Iran proksies aanwend in die nastrewing van sy strategiese belange in die Midde-Ooste. Anders as in die geval van byvoorbeeld die Verenigde State is dié proksies nie PMM'e nie maar wel terreur- of terroriste-organisasies.

Oor vele jare het Iran terreurgroepe strategies as proksies en buitelandse beleidsinstrumente aangewend om sy invloed oor die Midde-Ooste te laat geld en uit te bou. 'n Pertinente voorbeeld in dié verband is Iran se langdurige finansiële ondersteuning van Hezbollah in Libanon en sy steun aan militante groepe in Irak en Jemen. Hierdie groepe het oor vele jare gevestig geraak as entiteite wat diep ingewortel is in die streeksdinamika van konflikte in die Midde-Ooste as organisasies wat konflikte aanwakker en groot uitdagings vir die soeke na globale sekuriteit inhou.

Meer spesifiek kan gewys word op die huidige konflikte in die Midde-Ooste waar groepe soos Hamas, Hezbollah en die Houthi's as proksies vir Iran optree. Daardeur is Iran by die konflikte in die Midde-Ooste betrokke – sonder om amptelik of regstreeks betrokke te wees (Hassenstab, 2024). Wat Jemen betref, is die onderstaande 'n treffende beskrywing van die mate waartoe proksies 'n belangrike element van hedendaagse internasionale woelings uitmaak:

> Today, a complex web of "proxy relationships" fuel Yemen's war – from the UAE's support of separatists in the south, to Saudi Arabia's support for Hadi's faltering ground forces, and Iran's covert assistance to the Houthis, who made recent gains in central Yemen as UN-brokered negotiations falter. These countries' loyalties and aims have shifted over time, depending on their evolving security and political interests (Krause & Parker, 2020).

Teen die bostaande agtergrond is die vraag waarom Rusland van die Wagner /Afrika-korps as 'n proksie gebruik maak. Firmian (2015:786) argumenteer dat die Wagner/Afrika-korps veel meer of anders as 'n meer konvensionele PMM is. Die Wagner/Afrika-korps moet eerder beskou word as 'n kwasi-staatsagent met aansienlike invloed wat daarop ingestel is om die Kremlin se agenda in sy globale mededinging met die VSA en sy Westerse bondgenote te bevorder. In


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

Afrika het die Wagner/Afrika-korps se opportunistiese operasies mettertyd ontwikkel tot wat neerkom op ’n breër staatskapingstrategie met politieke, militêre en ekonomiese dimensies. Wagner/Afrika-korps-gekoppelde netwerke het ontwikkel. Hulle funksioneer met die uitgangspunt dat die effektiefste manier om konflikgeteisterde state uit te buit, is om kwesbare leiers te betrek en te koöpteer. Hierdie leiers staan gewoonlik simpatiek teenoor Poetin se wêreldbeskouing, wat gewortel is in sekulêre outoritarisme, baantjieskapitalisme en ’n buitelandse beleidsingesteldheid wat Amerikaanse belange en liberale demokrasie nie goedgesind is nie. Die Wagner/Afrika-korps bied aan hierdie leiers militêre en politieke steun in ruil vir invloed oor hul buitelandse en verdedigingsbeleid, asook oor saketransaksies wat Rusland tot voordeel strek, spesifiek met betrekking tot natuurlike hulpbronne en staatsbates.

Teen die agtergrond van die bostaande bespreking sal dié artikel vervolgens in meer diepte fokus op die Russiese Wagner-groep/Afrika-korps; ’n groep wat op ’n deurlopende basis ’n belangrike rol namens die Russiese regering in Afrika speel en veral voorkom waar leemtes in veiligheid ontstaan of bestaan.

## Die moderne staatsbestel en die operasies van die Wagner-groep/Afrika-korps as ’n proksiemag in Afrika

Soos bo aangevoer, het die gebruik van PMM’e in onlangse dekades toegeneem, met ’n groeiende aantal regerings en selfs nie-staatlike rolspelers wat op hierdie maatskappye staatmaak om ’n verskeidenheid militêre operasies of take uit te voer. In dié verband het PMM’e toenemend ’n belangrike kenmerk van eksterne betrokkenheid by hedendaagse konflikte en oorloë oor die wêreld heen geword. Die vraag is: hoe raak dit begrippe soos “die moderne staat” wat veronderstel is om ’n kernelement van die internasionale gemeenskap te wees?

Akademiese literatuur in Internasionale Verhoudinge as vakgebied, soos dit verband hou met proksiemagte, steun baie sterk op die prinsipaal-agent-teorie (PAT) omdat dit gefokus is op die motiverings van state, normaalweg groot en middelslag moondhede wat as hoofakteurs in konflikte betrokke is. Die PAT in proksieoorloë of -konflikte het derhalwe betrekking op ’n verhouding waarin hoofakteurs take aan volmagakteurs (agente) delegeer om bepaalde take in die teikenarea of -land namens die hoofakteur uit te voer. Hierdie teoretiese benadering het daartoe gelei dat die literatuur grootliks op die rolle van hoofakteurs en hul manipulasiekrag fokus. Byvoorbeeld, tydens die Koue Oorlog is state in die internasionale stelsel, soos die VSA en die Sowjetunie, as die belangrikste hoofakteurs in volmagoorloë of -konflike beskou en bestudeer. Hierdie benadering behels eenvoudig dat mededingende moondhede die volmagverhoudings dryf waarin magtige en invloedryke akteurs meestal nie-staatlike akteurs gebruik om ’n konflik te beïnvloed en/of hul mededingers uit te daag (Farasoo, 2021:1837).

In hierdie artikel word proksiemagte egter vanuit ’n ander hoek beskou en bestudeer. Volgens Max Weber se veelbesproke definisie is die moderne staat ’n menslike gemeenskap wat die monopolie van die wettige gebruik van fisieke mag binne ’n gegewe gebied (suksesvol) uitoefen (Faulkner, 2023). In hierdie verband bevraagteken die opkoms en verspreiding van PMM’e of huursoldate van die moderne tipe as’t ware hierdie monopolie. Daar kan selfs aangevoer word PMM’e in sommige gevalle die grondslae van die moderne staat bedreig wanneer regerings die kapasiteit om veiligheid aan hulle burgers te verskaf of oorlog te voer, uitkontrakteer – alles sleutelelemente van staatskap en soewereiniteit. Wagner, byvoorbeeld, het bekend geraak as ’n PMM wat paramilitêre hulp aan swak regerings bied.

Die feit dat PMM’e toenemend belangrike rolspelers in konflikdinamika wêreldwyd geword het, is inderdaad dus van groot betekenis vir sover dit veranderinge in die hedendaagse


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

internasionale politiek teweeg gebring het in vergelyking met vorige eeue toe ’n hoogs staatgesentreerde wêreld aan die orde was. Dit beteken ’n afwyking van die diepgewortelde idee dat die staat eerstens en bo alles verantwoordelikheid (moet) aanvaar vir die veiligheid van sy burgers. Teen hierdie agtergrond het akademici en navorsers begin aanvoer dat die breë opvatting van nasionale soewereiniteit, soos dit in die nasleep van die Vrede van Wesfale in 1648 uitgekristalliseer het, wat belangrikheid betref, begin afneem het, en as sodanig het dit ’n beduidende invloed op die staatgesentreerde stelsel en die tradisionele bestuur van die monopolie van mag in die hedendaagse internasionale politiek gehad. Dit kom wesenlik daarop neer dat hoe swakker ’n staat en sy instellings is, hoe minder beskik dit oor die nodige vermoë om geweld binne sy grondgebied te bestuur of te beheer (Koren & Sarbahi, 2018). In hierdie verband kan daar aangevoer word dat die bestaan en rolle van PMM’e – as alternatief of parallel tot, of bykomend tot gereelde magte – nie net die oorsaak is van brose of veranderde staatskap regoor die wêreld nie, maar ook ’n simbool daarvan geword het.

’n Baie pertinente onlangse voorbeeld van hoe die Wagner/Afrika-korps ’n magsvakuum vul waar gebrekkige regering tot ’n magsvakuum aanleiding gegee het, is die geval van Mali in Wes-Afrika. Spearin (2024:485) wys daarop dat die Wagner/Afrika-korps regstreeks verband hou met ’n langdurige minimale regeringsteenwoordigheid in die sentrale en noordelike dele van die land wat gevolg het op die onttrekking van Franse magte en VN-vredesmagte – iets waarvoor sowel die regering in Bamako as die Wagner/Afrika-korps hulle beywer het. Na beraming was die regering in 2023 in beheer van ongeveer 22 persent van Mali se sentrale en noordelike dele, terwyl die regering landwyd slegs ongeveer 60 persent van die land onder sy beheer gehad het. Dit het die weg gebaan vir die djihadistiese groep, Islamitiese staat in die Sahel, kortweg IS Sahel, om tot soveel as 50 000 vierkante kilometer onder sy beheer te kry, waarna die Wagner/Afrika-korps die groen lig by die regering gekry het om teen IS Sahel op te tree.

PMM’e funksioneer buite die militêre strukture van konvensionele militêre magte; daarom dra hierdie rolspelers voorts by tot ’n vervaging van grense ten aansien van tradisionele militêre operasies wat dikwels uitdagende implikasies inhou vir globale veiligheidsbestuur. Hierbenewens moet genoem word dat PMM’e dikwels gekoppel word aan menseregteskendings, oorlogsmisdade, dade van terreur asook ander onwettige aktiwiteite tydens hulle operasionele bedrywighede. In sommige gevalle is die aktiwiteite van PMM’e ook gekoppel aan die ontworteling van mense en die vernietiging van eiendom, veral dié wat in Afrikastate aktief is. So, byvoorbeeld, was daar ernstige aantygings van menseregteskendings teen Wagner deur organisasies soos Human Rights Watch. ’n Pertinente geval is dié van Mali, waar Wagner-operateurs betrokke was by die gevegte teen vyande van die staat en opgemerk is waar hulle ’n massagraf gegrawe het (Kinnes & Isaacs, 2023).

Wagner het veral opnuut onder die aandag van die internasionale gemeenskap gekom met die lewensverlies van sy leier, Yevgeny Prigozhin, en dit het die rol van PMM’e wêreldwyd opnuut onder die soeklig geplaas. Wat Wagner van spesiale belang maak, is die feit dat huursoldaatmagte tegnies onwettig is in Rusland. Dit is ook interessant dat, ondanks sy ontstaan in 2014, Wagner eers in 2022 as ’n PMM geregistreer is. Prigozhin, Wagner se voormalige eienaar en bevelvoerder, was ’n ryk sakeman en veroordeelde misdadiger wat ook in die media bekend gestaan het as ‘Poetin se sjef’, vanweë die restaurante wat hy besit het en die dienste wat hy vroeër as sjef aan die Kremlin gelewer het. ’n Ander belangrike punt is dat die meeste van Wagner se operateurs oorspronklik lede van Rusland se spesiale magte en ander elite-eenhede was. Prigozhin het egter later die net vir aansluiting by Wagner wyer gespan, en in 2022 het hy vegters vir Wagner uit Russiese tronke gewerf om in Oekraïne te gaan veg, met


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

ander woorde, aanvaarding van diens as private militêre operateurs in ruil vir vrylating. In Junie 2023 het hy beweer dat Wagner 25 000 vegters tot sy beskikking gehad het, teenoor die 5 000 kort na sy ontstaan (Kinnes & Isaacs, 2023).

’n Laaste punt wat hier van belang is, is dat die regstatus van PMM’e in die internasionale gemeenskap gekompliseerd is en dat baie PMM’e se aktiwiteite in ’n grys area val omdat hulle buitelandse paramilitêre operasies van verskeie soorte uitvoer. PMM’e word nie uitdruklik deur die internasionale reg verbied nie en word inderwaarheid deur Internasionale Humanitêre Reg gereguleer, ofskoon dit van geval tot geval mag verskil en berus op die aard van hulle spesifieke betrokkenheid by konflikte (Bodurtha, 2022). Wagner is in die verlede egter verbind met ernstige oortredings van Internasionale Humanitêre Reg, waaronder beskuldigings van die internasionale menseregteorganisasie Human Rights Watch dat die PMM landmyne en foplokvalle in Libië in hulle operasies gebruik het in ’n aanval op die Libiese hoofstad, Tripoli (Human Rights Watch, 2022). Hierdie en ander sake sal in die fokus op die Wagner/Afrika-korps se betrokkenheid in spesifieke Afrikastate hieronder verdere aandag geniet.

## Is die Wagner/Afrika-korps steeds ’n belangrike faktor in Afrika ná die dood van Prigozhin?

Sedert die dood van die charismatiese Prigozhin het menige waarnemers vrae in die media gevra oor die toekoms van Wagner se operasionele aktiwiteite en sy toekomstige leierskap. Sommige het selfs gewonder of Wagner sou voortgaan om as ’n enkele, gekonsolideerde paramilitêre groep te bly funksioneer (Malobisky, 2023).

In Westerse veiligheidskringe het Joana de Deus Pereira, ’n senior genoot by die Royal United Services Institute in Londen, ná Prigozhin se dood voorspel dat verwikkelinge waarskynlik tot ’n reorganisasie van die groep sou lei. De Deus Pereira was egter ook van mening dat Wagner se operasies na alle waarskynlikheid op min of meer dieselfde wyse voortgesit sou word as onder Prigozhin se leierskap. Ruslan Trad, ’n veiligheidsontleder verbonde aan die Atlantic Council, het voorspel dat Prigozhin se dood sou lei tot die aanstelling van iemand met noue bande met die Russiese buitelandse militêre intelligensie-agentskap van die Algemene Personeel van die Gewapende Magte van die Russiese Federasie, wat steeds algemeen bekend staan onder sy vorige afkorting, die GRU. Teen die einde van 2023 was een van die groot uitdagings uit ’n Russiese oogpunt die noodsaak om iemand uit president Vladimir Poetin se kringe te kry wat Wagner se operasies kon lei, maar sonder om ’n veiligheidsrisiko vir die Russiese regering in te hou – in teenstelling met Prigozhin wat gevaarlike ambisies gekoester het. In daardie stadium was generaal Andrey Averyanov van die GRU klaarblyklik een van die voorste kandidate (Murphy, 2023). Vroeg in Februarie 2024 het dit uit mediaberigte geblyk dat ’n senior Wagner-lid, Anton Yelizarov, aangestel is as die nuwe veldkommandeur (Syngaivska, 2024) terwyl die algehele bevel oor Wagner se buitelandse operasies aan die GRU toevertrou is, met generaal Andrei Averyanov aan die hoof (Cordall, 2024).

Wat Afrika betref, dui verslae steeds daarop dat Russiese betrokkenheid by Afrikastate hoofsaaklik teen die agtergrond van bilaterale veiligheidsooreenkomste voortbestaan, met inbegrip van opleiding en wapentoevoer. Vroeg in Junie 2024 het die Russiese Minister van Buitelandse Sake, Sergey Lavrov, verskeie Afrikastate besoek tydens sy sesde amptelike besoek aan Afrika sedert 2022, naamlik Guinee, die Republiek van die Kongo, en Burkina Faso. Dit is opgevolg met besoeke deur die Russiese Adjunkminister van Verdediging, Yunus-Bek Yevkurov, aan Libië en Niger. Daar is voorts berig dat Yevkurov oorhoofse politieke verantwoordelikheid sou aanvaar vir Wagner wat voortaan bekend sou staan as die Afrika-korps

ná ’n oënskynlike reorganisasie en herbenaming van Wagner.[2] Ten tyde van hierdie skrywe dui alle aanduidings daarop dat die nuwe politieke bestuur en ’n herorganiseerde Afrika-korps Moskou se strategiese doelwitte meer effektief probeer nastreef as tevore. Dit val ook saam met formele ekonomiese en veiligheidsamewerking tussen rolspelers uit Rusland en Afrika. Terselfdertyd is die doel om toekomstige operasies so uit te voer dat die politieke invloed van Westerse magte in Afrika beperk of teengewerk word deur die totstandkoming van alternatiewe veiligheidsgebaseerde samewerkingsooreenkomste, soos Wagner dit in die verlede gedoen het (Reva, 2024).

Daar bestaan geen twyfel nie dat Wagner in onlangse jare ’n sleutelspeler geword het in die uitvoering van Moskou se buitelandse beleid op verskeie plekke regoor die wêreld waar Rusland op die een of ander wyse betrokke is. Ten tye van Prigozhin se omstrede rebellie in Junie 2023 – wat die grootste bedreiging vir president Poetin se mag in sy 23-jaar-termyn as die Russiese leier ingehou het – en die daaropvolgende dood van die Wagner-leier twee maande later, het Wagner ’n belangrike rol gespeel in die Russiese oorlogsaktiwiteite in Oekraïne. Die groep het ook gehelp om militêre ondersteuning aan Poetin se bondgenote in Sirië en verskeie Afrikastate te verleen. Trouens, die Wagner/Afrika-korps het so verweefd geraak met die veiligheidsinstellings van verskeie Afrikastate dat dit inderwaarheid in bepaalde state kwalik daarvan onderskei kan word. Moskou het ná Prigozhin se dood waarskynlik ook besef dat enige groot verandering aan die status quo onvermydelik tot ’n verswakking van Moskou se strategiese belange in Afrika sou lei.

Sedert Prigozhin se dood het verskeie waarnemers aangevoer dat die leierskap van die Wagner/Afrika-korps nie sou toelaat dat dié invloedryke PMM as ’n soort Russiese privaat skaduleër skade aangedoen word nie. Dit kom ook daarop neer dat aspekte van Wagner se buitelandse optrede steeds buite die raamwerk van die internasionale regsorde sou val. Verder sou die reorganiseerde Wagner/Afrika-korps steeds vir Moskou ’n nuttige instrument in operasies bly tydens hibriede oorloë waar dit vir Rusland belangrik is om sy buitelandse invloed te behou of uit te bou (Murphy, 2023). Federica Saini Fasanotti, ’n nieresidensiële senior genoot in buitelandse beleid aan die Strobe Talbott-sentrum vir Veiligheid, Strategie, en Tegnologie in die Verenigde State, het hierbenewens aangevoer dat Rusland na alle waarskynlikheid sy pogings om met die Verenigde State om invloed in Afrika mee te ding, sou voortsit en selfs pogings sou verskerp om Amerikaanse beleidsdoelwitte teen te werk. Die algemene verwagting ná Prigozhin se dood was dus dat die Wagner/Afrika-korps sou voortgaan met sy rol om, as ’n proksie en buitelandse beleidsinstrument, ’n belangrike rol in Moskou se Afrika-strategie te speel (Fasanotti, 2022).

Joseph Siegle (2021:81) som Russiese belange en buitelandse betrekkinge met Afrika korrek en treffend soos volg op:

> Africa, with its weak governments, abundant natural resources, colonial legacies, proximity to Europe, and fifty-four votes at the United Nations (UN) General Assembly, provides Russia an easy and attractive theatre where it can advance its interests with limited financial or political costs.

As daar gekyk word na die Wagner/Afrika-korps se rol en operasies in Afrika in die afgelope jare, is veral vier Afrikastate, naamlik Libië, die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR), Soedan, en Mali, van groot belang. Met verwysing na hierdie lande kan belangrike afleidings gemaak

---

[2] Verskeie onlangse artikels in Westerse lande het steeds verwys na die Wagner-groep – ondanks die naamsverandering.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

word oor die rigting wat Moskou ingeslaan het wat betref die toekoms van die Wagner/Afrika-korps, in die besonder op die Afrika-kontinent. Dit word vervolgens onder die loep geneem.

### *Libië*

Libië is van groot belang in Afrika danksy sy geostrategiese ligging aan die Middellandseseekus. Libië bied die Wagner/Afrika-korps – en by implikasie aan Rusland – toegang tot hawens in die Middellandse See, terwyl Rusland andersins slegs toegang tot een hawe in hierdie streek sou gehad het, naamlik die Siriese basis by Tartus (Fasanotti, 2022). Dit beteken dat die Russiese regering die Wagner/Afrika-korps in Libië as 'n buitelandse beleidsinstrument gebruik om sekere strategiese doelwitte rakende sy geostrategiese posisionering in Noord-Afrika na te streef. Vanselfsprekend is die feit dat Libië een van Afrika se grootste olieprodusente is ook 'n belangrike dryfveer vir Russiese betrokkenheid daar (Uniack, 2022). Volgens onlangse ramings het Wagner in 2019 sowat 800 kontrakteurs in Libië ontplooi. Die PMM beheer drie lugmagbasisse – een in die oliebekken van Sirte, een in Al-Jufra in die binneland, en een in Brak al-Shati – gebiede onder beheer van die Wagner/Afrika-korps se groot Libiese bondgenoot, generaal Khalifa Haftar, wat die Libiese Nasionale Weermag aanvoer. Laasgenoemde is in werklikheid 'n opponerende regeringsmag in Libië – 'n land wat steeds diep verdeeld is en deur twee mededingende regerings bestuur word: een in die westelike dele wat vanuit Tripoli gesag voer, en die ander in die oostelike dele wat vanuit Tobruk optree. Met die Wagner/Afrika-korps se ondersteuning beheer Haftar die magsbasis in die oostelike dele van die land, en dit posisioneer die PMM om goedere tussen bondgenote in Soedan en ander liggings suid van die Sahara te vervoer (BBC, 2019). Volgens Tarek Megerisi, 'n senior genoot by die Europese Raad oor Buitelandse Betrekkinge, is dit die rede waarom Haftar die Wagner/Afrika-korps vir sy oorlewing benodig (Cordall, 2024). Libië is verder van strategiese belang omdat die Wagner/Afrika-korps se doelwitte in hierdie land verder strek as net toegang tot olie-inkomste. Deur die ondersteuning wat die PMM aan Haftar en sy gewapende magte bied, is die Wagner/Afrika-korps in 'n posisie om toegang tot die breër Afrika-kontinent te verkry. In die woorde van Tim Eaton, senior navorsingsgenoot by die Londense dinkskrum Chatham House: "In that sense, Libya has been functioning as a bridgehead" (soos aangehaal deur Holleis & Katamadze, 2024). Wat die Wagner/Afrika-korps se voetspoor in Libië betref, kan daar in die lig van bogenoemde aangevoer word dat Poetin sal voortgaan om die Wagner/Afrika-korps se rol in Libië te handhaaf – en selfs uit te bou – en nie enige verswakking daarvan sal toelaat nie.

### *Sentraal-Afrikaanse Republiek*

In die SAR het die Wagner-groep die swak regering van president Faustin-Archange Tousdéra sedert 2018 gesteun. Touadéra se mag en politieke invloed het nooit veel verder as die hoofstad, Bangui, gestrek nie. Verskeie rebellegroepe wat 'n bedreiging vir die regering ingehou het, is sedert 2018 in die land aktief (Fasanotti, 2022). Die Russiese teenwoordigheid in die vorm van die Wagner/Afrika-korps moet derhalwe verstaan word deur die lens van regerings-onsekerheid en potensiële politieke onstabiliteit. Dit is hoe die deur vir Wagner as 'n PMM oopgegaan het om by die SAR betrokke te raak, blykbaar gemotiveer deur die vooruitsig om goud- en diamantmynregte te verkry, maar ook deur die nastrewing van Russiese globale strategiese doelwitte (Faulkner, 2022:32). Daar kan verwag word dat die Wagner/Afrika-korps twee soorte operasies in die SAR sal voortsit: eerstens, om die SAR-regering teen bedreigings


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

van rebellegroepe te ondersteun; en tweedens, om as ’n veiligheidrolspeler vir die kwesbare regime in die SAR op te tree, met inbegrip van die verlening van persoonlike beskerming aan President Touadéra (Rampe, 2023). Intussen het die Verenigde State besluit om twee ondernemings in die SAR – wat volgens die Amerikaanse Tesourie aan die Russiese Wagner/Afrika-korps-groep verbind is en deur ontleders beskou word as ’n poging om Rusland se destabiliserende aktiwiteite in Afrika teë te werk – te sanksioneer (Aljazeera News/Politics, 2024). Oor die algemeen is dit onduidelik of Westerse state in ’n politieke posisie is om dieselfde mate van veiligheidsbeskerming as die Wagner/Afrika-korps aan die SAR-regering te kan bied, en of die Sentraal-Afrikaanse politici en regeringsamptenare bereid sal wees om die rebellegroepe sonder die Wagner/Afrika-korps se ondersteuning aan te durf. In Mei 2024 het die Wagner/Afrika-korps ’n sleutelrol gespeel in die ondersteuning van die SAR-weermag om gebiede wat deur rebelle beset is, in streke wat aan die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), Suid-Soedan, en die suidoostelike dele van die SAR grens, terug te wen (Châtelot, 2024). Frankryk, wat sy veiligheidsaanwesigheid in sy voormalige kolonies afgeskaal het te midde van toenemende vyandigheid oor volgehoue Franse invloed, het dit ook duidelik gemaak dat sy teenwoordigheid in die SAR nie uitgebrei sal word nie (Peltier, 2023).

Dit is laastens belangrik om te meld dat die oorskakeling van Wagner na die Afrika-korps in die SAR nie sonder knelpunte verloop nie. Daar is in Augustus 2025 berig dat die Russiese regering die regering van die SAR formeel versoek het om dit wat as Wagner in die SAR gefunksioneer het, te vervang met die nuut saamgestelde Afrika-korps. Met die skrywe hiervan was die regering van die SAR egter teensinnig omdat daar gemeen is dat Wagner, soos dit in die verlede in die SAR gefunksioneer het, baie effektief kon optree omdat die PMM altyd ’n ruim mate van onafhanklikheid geniet het en met minerale vergoed is. Die hergestruktureerde Wagner/Afrika-korps, wat onder regstreekse beheer van die Russiese ministerie van Verdediging gebring is, sal voortaan vir sy dienste om beskerming aan President Faustin Archange Touadéra en sy regering te verleen, in kontant betaal moet word en dit sal baie hoë finansiële uitgawes meebring (Karr en Tyson, 2025; Koena en Banchereau, 2025).

### *Soedan*

Soedan is tans een van Afrika se onstabielste state sedert die uitbreek van konflik tussen twee magsentra in April 2023, naamlik die Soedannese Weermag en die paramilitêre Rapid Support Forces (RSF). Hierdie konflik het reeds honderde sterftes tot gevolg gehad asook die ontworteling van miljoene Soedannese, met ’n komplekse wisselwerking van binnelandse, streeks- en globale rolspelers (UNHCR, 2024). Die gewelddadige konflik het sy oorsprong in ’n bloedige magstryd wat ontstaan het tussen generaal Abdel-Fattah al-Burhan, die destydse weermaghoof en huidige de facto-leier van Soedan, en sy gewese adjunk, Mohamed Hamdan Dagalo, beter bekend as Hemedti. Laasgenoemde is tans die RSF-leier. Dié magstryd tussen hulle het posgevat sedert die afsetting van die voormalige Soedannese president Omar al-Bashir in 2019. Verskeie eksterne rolspelers is ook deel van die politieke dinamika, met inbegrip van Egipte, die Verenigde Arabiese Emirate (VAE), Saoedi-Arabië, en Israel, elkeen met hul eie agendas en belange. Die Wagner/Afrika-korps speel ook ’n rol deur die RSF in Soedan te ondersteun met veral die voorsiening van missiele en ander wapentuig in hulle stryd teen die Soedannese weermag (Elbagir, Mezzofiore, Qiblawi & Arvanitidis, 2023). Russiese wapenverkope is derhalwe ’n rede vir Moskou se betrokkenheid in die konflik terwyl die Wagner/Afrika-korps se ontplooiing nou verweef is met mynbouaktiwiteite – hoofsaaklik goud – in Afrika se derde grootste goudprodusent (Faulkner, 2023). Wagner se betrokkenheid in Soedan

strek inderwaarheid terug tot in 2017 ná ’n uitnodiging van die destydse president, Omar al-Bashir, wat gelei het tot ’n ontmoeting tussen Bashir en president Poetin in Moskou. Na afloop van die besoek het Wagner die maatskappy Meroe Gold in Soedan gevestig, ’n Prigozhin-beheerde maatskappy, om sy mynboubedrywighede in die land te bestuur. Wagner het ook ’n sterk verhouding met Hemedti en sy RSF opgebou. Russiese goudverwerkingsaanlegte word na bewering deur RSF-paramilitêre magte wat saam met Wagner-lede vir veiligheidsaspekte verantwoordelikheid geneem het, bewaak (Obaji, 2023). Interessant genoeg, terwyl Wagner bande met die RSF gesmee het, het die Soedannese regering Rusland toegang tot sy Rooisee-kus gegee vir die oprigting van ’n Russiese vlootbasis in ruil vir wapens vir die Soedannese weermag (ADF Staff, 2024). Met die skrywe hiervan is die situasie in Soedan vloeibaar. Hoewel die Wagner/Afrika-korps ’n lang en sterk verhouding met Hemedti en sy RSF opgebou het en daar goud van die gesamentlike beheerde myne in westelike Soedan na die VAE uitgevoer is, het Moskou sedert 2024 toenemend steun verleen aan die Soedannese Oorgangsregering onder leiding van generaal Abdel Fattah al-Burhan, wat inderwaarheid die de facto-leier van Soedan geword het. Al-Burhan ontvang ook militêre steun van Egipte as ’n ou bondgenoot van Soedan, asook van Iran (Africa Defense Forum, 2024). Wat dit betref, kan verwag word dat Moskou toenemend sal toesien dat die Wagner/Afrika-korps se betrokkenheid in Soedan nie ’n belangebotsing vir Rusland in Soedan veroorsaak nie maar presies hoe is met die skrywe hiervan nog nie duidelik nie. Wat wel met stelligheid gesê kan word, is dat daar blyke is dat die Wagner/Afrika-korps se steun aan die RSF besig is om te taan, terwyl Russiese steun aan die Soedanese weermag, wat die kuslyn en Khartoem beheer, toeneem (Karr en Tyson, 2025).

### *Mali*

Die Wagner/Afrika-korps se betrokkenheid in Mali moet gesien word teen die agtergrond van Moskou se belange en toenemende betrokkenheid in die Sahel-streek wat in onlangse jare plaasgevind het ten koste van Frankryk se jarelange betrokkenheid en invloed in die streek (Reva, 2024). Uit ’n Westerse oogpunt is die Wagner/Afrika-korps se betrokkenheid in Mali ’n kommerwekkende aangeleentheid. Sterk Islamitiese militante groepe wat met Al-Kaïda en die Islamitiese Staat verbind word, hou ’n voortdurende en beduidende veiligheidsbedreiging in waar ’n swak regering met weinig militêre spierkrag sedert ’n militêre staatsgreep in Augustus 2020 die bewind voer (Fasanotti, 2022). In Mali het regeringsonsekerheid en ’n magsvakuum dus die deur oopgemaak vir Moskou en Wagner se daaropvolgende betrokkenheid by die konflikdinamika, wat, soos in die geval van Libië, gedryf word deur Russiese geopolitieke wedywering met Westerse moondhede – wat in hierdie geval spesifiek daarop gemik is om die Franse invloed in Wes-Afrika uit te daag. Sedert Wagner se toetrede tot Mali het hulle saam met Malinese gewapende magte teeninsurgensie-operasies in die sentrale en noordelike dele van Mali uitgevoer (Human Rights Watch, 2024). Wagner het ook Malinese soldate opgelei en aan regeringsamptenare beskerming gebied. Daardeur het Wagner toegang verkry tot uraan-, diamant- en goudmyne as klaarblyklike beloning vir hulle pogings van hulpverlening. Teen laat Desember 2022, ná kritiek op die Russiese betrokkenheid van sowel Westerse as binnelandse rolspelers, het die Bamako-regering Wagner se teenwoordigheid ontken (Fasanotti, 2022). Tog is daar min twyfel dat die Wagner/Afrika-korps aktief geraak het en steeds aktief is om regeringsmagte in sentrale en noordelike Mali te ondersteun in operasies en hommeltuigaanvalle op vermeende vyande van die staat (Donati, 2024). Hierdie aktiwiteite en operasies wat deur die Wagner/Afrika-korps in Mali uitgevoer word, het egter met groot internasionale kontroversie gepaard gegaan en bly steeds ’n saak van groot omstredenheid. Die rede is dat

talle burgerlikes, met inbegrip van kinders, hulle lewens tydens operasies wat teen die insurgente gevoer is, verloor het (Donati, 2024). Daar word beweer dat operateurs van die Wagner/Afrika-korps buitengewoon gewelddadig teenoor die burgerlike bevolking opgetree het, selfs meer as die Malinese weermag. Ná die dood van Prigozhin is die Wagner/Afrika-korps se teenwoordigheid in die land in Februarie 2024 verminder tot ongeveer 1 000 operateurs, hoofsaaklik as gevolg van die Wagner/Afrika-korps se probleme om personeel te behou en te vervang. Baie lede van die Wagner/Afrika-korps het die PMM verlaat ná Prigozhin se dood. Dit het ook saamgeval met Moskou se aanvanklike skynbare gebrek aan belangstelling om Wagner verder uit te bou en weer te laat groei. Sedert Wagner onder die bevel en beheer van die Russiese Ministerie van Verdediging geplaas is, het die Wagner/Afrika-korps in Mali egter weer kop opgetel en sy veiligheidsoperasies voortgesit (Giustozz, 2024), ofskoon die PMM in Julie 2024 aansienlike lewensverlies gelei het in gevegte met Tuareg-rebelle en djihadistiese groepe in die verre noordelike dele van Mali (Thurston, 2024).

In Junie 2025 het die Wagner/Afrika-korps aangekondig dat die PMM uit Mali sou onttrek. Daar is aangevoer dat die Wagner/Afrika-korps sy missie voltooi het ná drie en ’n half jaar van operasies in die Wes-Afrikaanse land. Maar terwyl die Wagner/Afrika-korps nie verdere operasies in Mali sou uitvoer nie, is daar ook aangekondig dat veiligheidsadviseurs van die Wagner/Afrika-korps ’n blywende teenwoordigheid van Russiese magte in Mali sou verseker (Vorobyov, 2025). Dit beteken dus dat Moskou nie sy greep en invloed op die politieke situasie wil laat vaar nie, ofskoon geen verdere militêre operasies daar uitgevoer sal word nie.

Daar moet in die finale instansie ook gemeld word dat, afgesien van die poging om in Mali ’n staatsgreep uit te voer, daar in onlangse tye ook in Niger en Burkina Faso militêre staatsgrepe plaasgevind het, en dat dié drie lande gesamentlik besluit het om hulle aan die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrikaanse State (ECOWAS) te onttrek. Gevolglik is besluit op die alternatiewe totstandbrenging van hulle eie Alliansie van Sahel-state. In al hierdie gevalle het die Wagner/Afrika-korps die nuwe regimes gehelp deur middel van disinformasieveldtogte in ruil vir hulpbronkonsessies en internasionale diplomatieke ondersteuning aan Moskou (Inwood & Tacchi, 2024).

## Gevolgtrekking en slotgedagtes

Hierdie artikel het afgeskop met ’n verduideliking dat proksiemagte ’n deurlopende element in die geskiedenis van konflik en oorlogvoering bly. Dit gaan wesenlik oor “goedkoop oorlogvoering” wat deur die eeue heen ’n aantreklike strategiese opsie vir state was en steeds bly. Afgesien van laer koste is die laer politieke risiko wat dit in moderne tye vir groot en/of invloedryke moondhede bied ook ’n belangrike faktor. Wat hier van kernbelang is, is die betrokkenheid van groot en/of invloedryke moondhede wat deur derde partye werk om hulle strategiese belange te bevorder, by konflikte of oorloë. In Afrika vind dit veral plaas waar swak state bestaan wat veiligheidsgewys nie sonder buitelandse hulp kan oorleef nie. Teen hierdie agtergrond het daar veral sedert die einde van die Koue Oorlog talle omstrede of bekende PMM’e na vore getree in die internasionale politiek, waaronder byvoorbeeld die Amerikaanse Blackwater in Irak, die Suid-Afrikaans-gebaseerde Executive Outcomes in Angola en Sierra Leone en, natuurlik, die Russiese Wagner/Afrika-korps wat dan ook die fokus van hierdie artikel was.

Faulkner (2023) beweer dat die Wagner/Afrika-korps se aktiwiteite en operasies in Afrika op baie maniere uniek is. Dit hou eerstens verband met die verwantskap tussen die PMM en die Russiese staat, en tweedens met die gebruik van die Wagner/Afrika-korps as ’n proksie- en


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

buitelandse beleidsinstrument van Moskou in bepaalde state op die Afrika-kontinent waar Russiese strategiese belange ter sake is.

Uit die bostaande is dit duidelik dat Prigozhin in die dekade voor sy dood bande gesmee het met die politieke leierskap van verskeie lande soos Mali, Soedan, Libië, die Sentraal-Afrikaanse Republiek, en ander. Hy het huursoldate en operateurs van Wagner gestuur om te help met die onderdrukking van rebellies of om persoonlike sekuriteit aan leiers te bied – en sodoende politieke en verwante veiligheidsvakuums te vul. In ruil vir sekuriteitsdienste het Wagner toegang verkry tot winsgewende mynbou- en infrastruktuurprojekte, asook politieke invloed uitgeoefen, of bloot politieke vastrapplek vir Rusland verseker.

Dit is verder duidelik dat, alhoewel Prigozhin se dood ’n diepgaande invloed op die Wagner/Afrika-korps se aktiwiteite in Afrika gehad het, dit nie enige noemenswaardige of beduidende verandering in die PMM se basiese sakemodel en verwante operasies tot gevolg gehad het nie. Die Wagner/Afrika-korps het unieke operasies en doelwitte in elke staat waar dit ’n teenwoordigheid het, hoewel die PMM nou in sy hersiene vorm onder groter beheer van Moskou staan as tevore. Tog word daar steeds van dié PMM verwag om ’n pragmatiese of eiesoortige benadering te volg in sy operasies in die onderskeie Afrikastate na gelang van omstandighede.

Dit is ook duidelik dat Moskou ’n spesifieke belang het by die sukses van ’n herstruktureerde Wagner/Afrika-korps. As ’n PMM funksioneer die Wagner/Afrika-korps inderwaarheid nou nog meer as tevore as ’n verlengstuk van die Russiese staat in Afrika. Dit funksioneer as ’n soort tak van die Kremlin wat Moskou in staat stel om politieke en verwante militêre invloed op ’n weliswaar nie-amptelike of informele wyse in die buiteland uit te oefen en dit bly steeds ’n belangrike proksie en buitelandse beleidsinstrument. Op grond van die voorgaande kan daar verwag word dat die Wagner/Afrika-korps sal voortstu op sy ingeslane pad en nie wesenlik sal afwyk van die operasies wat in die afgelope jare gevoer is nie. Trouens, daar kan verwag word dat die Wagner/Afrika-korps die strategiese belange en verwante buitelandse beleidsdoelwitte van Moskou in Afrika eerder sal uitbrei en nog meer nougeset sal volg. Moskou sal ook voortgaan om die herstruktureerde Wagner/Afrika-korps te ondersteun in sy verhoudings met Afrikaleiers en in aktiwiteite soos die lewering van veiligheidsdienste in ruil vir toegang tot grondstowwe, met inbegrip van goud en diamante.

Daar is egter een belangrike verskil tussen Wagner soos dit onder Prigozhin se bevel die geval was en die huidige Afrika-korps sover dit Moskou se verhoudinge met Afrika betref. Anders as in die dae van Prigozhin wat die bevel oor Wagner met ’n groot mate van onafhanklikheid van die Kremlin gevoer het, is die Russiese Departement van Verdediging nou oorhoofs in beheer van die Afrika-korps. Dit beteken dat Moskou groter verantwoordelikheid sal moet aanvaar vir dit wat in Afrikastate gebeur en dat die Kremlin nie langer telkens kan skuil agter Wagner se onafhanklike operasies in Afrikastate soos dit vir jare die geval was nie. Dit het regstreeks betrekking op ’n nakoming van Internasionale Humanitêre Reg en die respektering van internasionale menseregtekonvensies tydens operasies.

Ten slotte moet daar in gedagte gehou word dat Rusland sterk steun op sy verhoudings met Afrikaleiers om sy breër buitelandse beleidsdoelwitte te versterk en daarom, sover moontlik, alles sal doen om Afrikastate se ondersteuning in internasionale instellings te hê, waaronder veral die Verenigde Nasies. Teen hierdie agtergrond kan die argument gevoer word dat die Russiese politieke leierskap nie sal toelaat dat enige van die strategiese voordele wat die Wagner/Afrika-korps – veral sedert 2017 – vir Moskou gebied het, geskaad word of verlore gaan nie. Moskou sal eerder wil voortgaan om baat te vind by die PMM se operasies soos dit aansluiting vind by Moskou se politieke, ekonomiese en militêre belange regoor die Afrika-kontinent.

## BIBLIOGRAFIE


Africa Defense Forum. 2024. UN denounces foreign actors for prolonging Sudan's conflict. *defenceWeb*, 16 Oktober. https://www.defenceweb.co.za/african-news/un-denounces-foreign-actors-for-prolonging-sudans-conflict/. [Afgelaai: 22 November 2024].

ADF Staff. 2024. Sudanese armed forces agrees to Russian Red Sea base in exchange for weapons. *Africa Defense Forum*, 25 Junie. https://adf-magazine.com/2024/06/sudanese-armed-forces-agrees-to-russian-red-sea-base-in-exchange-for-weapons/. [Afgelaai: 15 Julie 2024].

Aljazeera News/Politics. 2024. US sanctions two Wagner-linked firms in Central African Republic. 30 Mei. https://www.aljazeera.com/news/2024/5/30/us-sanctions-two-wagner-linked-firms-in-central-african-republic. [Afgelaai: 20 November 2024].

BBC. 2019. Khalifa Haftar: The Libyan general with big ambition. *BBC News*, 8 April. https://www.bbc.com/news/world-africa-27492354. [Afgelaai: 30 Mei 2024].

Bodurtha, 2022. M. "An obligation to regulate: How private military companies embolden conflict with impunity from the Middle East to Central Africa. *Columbia Journal of Transnational Law*, 1 April. https://www.jtl.columbia.edu/bulletin-blog/an-obligation-to-regulate-how-private-military-companies-embolden-conflict-with-impunity-from-the-middle-east-to-central-africa. [Afgelaai: 25 Augustus 2025].

Carragee, K.R. 2020. *Historical failure in the use of proxy forces and implications for the future*. A research study submitted to Johns Hopkins University with the requirements for the degree of Master of Arts in Global Security Studies, Baltimore, Maryland, Desember.

Châtelot, C. 2024. In Central African Republic, Wagner continues to prosper. *Le Monde*, 16 Junie. https://www.lemonde.fr/en/le-monde-africa/article/2024/06/16/in-central-african-republic-wagner-has-imposed-its-pax-russica-and-prospers_6674899_124.html. [Afgelaai: 28 Junie 2024].

Cordall, S.S. 2024. Under new general, Russia's Wagner makes deeper inroads into Libya. *Aljazeera*, 25 Februarie. https://www.aljazeera.com/news/2024/2/25/under-new-general-russias-wagner-makes-deeper-inroads-into-libya. [Afgelaai: 30 Mei 2024].

Council of the European Union, General Secretariat. 2023. The business of war – growing risks from Private Military Companies. *ART – Research Paper*, 31 Augustus 2023. https://www.consilium.europa.eu/media/66700/private-military-companies-final-31-august.pdf. [Afgelaai: 1 Junie 2024].

Donati, J. 2024. In Mali, Russian Wagner mercenaries are helping the army kill civilians, rights groups say. *APNews*, 28 Maart. https://apnews.com/article/mali-drone-strikes-insurgent-wagner-rights-796f5246c4d0d8e436eb1ea83f9212bf. [Afgelaai: 15 Mei 2024].

Elbagir, N., Mezzofiore, G., Qiblawi, T. & Arvanitidis, B. 2023. Exclusive: evidence emerges of Russia's Wagner arming militia leader battling Sudan's Army. *CNN*, 21 April. https://edition.cnn.com/2023/04/20/africa/wagner-sudan-russia-libya-intl/index.html#:~:text=The%20Russian%20mercenary%20group%20Wagner,diplomatic%20sources%20have%20told%20CNN. [Afgelaai: 27 Mei 2024].

Euronews. 2022. UN report: Libya faces serious security threat from foreign fighters. Russia's Wagner. 28 Mei. https://www.euronews.com/2022/05/28/un-report-libya-faces-serious-security-threat-from-foreign-fighters-russia-s-wagner. [Afgelaai: 24 Mei 2024].

Farasoo, A. 2021. Rethinking proxy war theory in IR: A critical analysis of principal-agent theory. *International Studies Review*, 23(4):1835-1858.

Faulkner, C. 2022. Undermining democracy and exploiting clients: The Wagner Group's nefarious activities in Africa. *CTC Sentinel*, 15(6), Junie: 28-37. https://ctc.westpoint.edu/undermining-democracy-and-exploiting-clients-the-wagner-groups-nefarious-activities-in-africa/. [Afgelaai: 29 Mei 2024].

Faulkner, C. 2023. Private security conversations. *Africa Defense Forum*, 29 November. https://blog.icoca.ch/why-private-military-security-companies-persist-in-africa/. [Afgelaai: 22 Mei 2024].

Fasanotti, F.S. 2022. Russia's Wagner Group in Africa: Influence, commercial concessions, rights violations, and counterinsurgency failure. *Brookings*, 8 Februarie. https://www.brookings.edu/articles/russias-wagner-group-in-africa-influence-commercial-concessions-rights-violations-and-counterinsurgency-failure/. [Afgelaai: 30 April 2024].



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

Firmian, F.N. 2025. Russia's state capture strategy in Africa, from Wagner to the Africa corps. *Small Wars and Insurgencies*, 36(4):783-812.

Giustozz, A. 2024. A mixed picture: How Mali views the Wagner Group. *RUSI*, 27 Maart. https://rusi.org/explore-our-research/publications/commentary/mixed-picture-how-mali-views-wagner-group#:~:text=Despite%20the%20death%20of%20its,there%20as%20of%20March%202024. [Afgelaai: 16 Junie 2024].

Hassenstab, N. 2024. Understanding Iran's use of terrorist groups as proxies. American University, Washington DC, 5 Februarie. https://www.american.edu/sis/news/20240205-understanding-irans-use-of-terrorist-groups-as-proxies.cfm. [Afgelaai: 27 Maart 2024].

Holleis, J. & Katamadze, M. 2024. Libya: Russia's Wagner Group makes further inroads. *DW*, 29 Februarie. https://www.dw.com/en/libya-russias-wagner-group-makes-further-inroads/a-68394810. [Afgelaai: 8 Junie 2024].

Human Rights Watch. 2022. Libya: Russia's Wagner Group set landmines near Tripoli. 31 Mei. https://www.hrw.org/news/2022/05/31/libya-russias-wagner-group-set-landmines-near-tripoli. [Afgelaai: 25 Augustus 2025].

Human Rights Watch. 2024. Mali: Army, Wagner Group atrocities against civilians. 28 Maart. https://www.hrw.org/news/2024/03/28/mali-army-wagner-group-atrocities-against-civilians#:~:text=In%20Dakka%20Sebbe%2C%20the%20operation,from%20the%20Russian%20armed%20forces. [Afgelaai: 19 Mei 2024].

Inwood, J. & Tacchi, J. 2024. Wagner in Africa: How the Russian mercenary group has rebranded. *BBC*, 20 Februarie 2024. https://www.bbc.com/news/world-africa-68322230. [Afgelaai: 11 Junie 2024].

Kinnes, S & Isaacs, K. 2023. Human rights abuses and disinformation: Hallmarks of Wagner, other mercenary groups in Africa. *Daily Maverick*, 9 Augustus. https://www.dailymaverick.co.za/article/2023-08-09-human-rights-abuses-and-anti-democratic-disinformation-are-hallmarks-of-wagner-other-mercenary-groups-in-africa/. [Afgelaai: 27 Maart 2024].

Karr, l. en Tyson, K. 2025. Wagner out, Africa Corps in. *ISW Press: Africa File*, 12 Junie. https://www.understandingwar.org/backgrounder/wagner-out-africa-corps-africa-file-june-12-2025. [Afgelaai: 25 Augustus 2025].

Koena, J.F en Banchereau, M. 2025. Russia asks Central African Republic to replace Wagner with Moscow's Africa Corps. PBS News, 6 Augustus. https://www.pbs.org/newshour/world/russia-asks-central-african-republic-to-replace-wagner-with-moscows-africa-corps [Afgelaai: 25 Augustus 2025.]

Koren, O. & Sarbahi, A.K. 2018. State capacity, insurgency, and civil war: A disaggregated analysis. *International Studies Quarterly*, 62(2), Junie:274-288.

Krause, P. & Parker, T.B. 2020. Yemen's proxy wars explained. MIT Center for International Studies. https://cis.mit.edu/publications/analysis-opinion/2020/yemens-proxy-wars-explained. [Afgelaai: 3 Junie 2024].

Lechner, J.A. 2024. Is Africa Corps a rebranded Wagner Group? *Foreign Policy*, 7 Februarie. https://foreignpolicy.com/2024/02/07/africa-corps-wagner-group-russia-africa-burkina-faso/. [Afgelaai: 8 Julie 2024].

Malobisky, J. 2023. Prigozhin is gone, but Wagner's power in Africa is only growing. *New Lines Institute*, 5 Oktober. https://newlinesinstitute.org/state-resilience-fragility/prigozhin-is-gone-but-wagners-power-in-africa-is-only-growing/. [Afgelaai: 2 Junie 2024].

Mumford, A. 2013. Proxy warfare and the future of conflict. *The Rusi Journal*, 158: 40-46. https://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/03071847.2013.787733#d1e130. [Afgelaai: 26 Maart 2024].

Murphy, B. 2023. What now for Wagner after Prigozhin's death? *BBC News*, 25 Augustus. https://www.bbc.com/news/world-europe-66604261. [Afgelaai: 3 Junie 2024].

Obaji, P. Jr. 2023. Sudan: Russia's Wagner Group and the grab for power and gold. *DW*, 26 April. https://www.dw.com/en/pmc-russias-wagner-group-in-sudan-gold-military-junta/a-65439746. [Afgelaai: 4 Junie 2024].

Peltier, E. 2023. A shrinking footprint in Africa for France, the former colonizer that stayed, *The New York Times*, 5 Augustus, https://www.nytimes.com/2023/08/05/world/africa/niger-coup-france-west-africa.html. [Afgelaai: 18 September 2023].

Rampe, W. 2023. What Is Russia's Wagner Group doing in Africa?, *Council on Foreign Relations. In Brief*, 23 Mei. https://www.cfr.org/in-brief/what-russias-wagner-group-doing-africa. [Afgelaai: 1 Junie 2024].

Reva, D. 2024. Russia's growing influence in Africa calls for more balanced partnerships. *ISS Today*, 26 Junie. https://issafrica.org/iss-today/russia-s-growing-influence-in-africa-calls-for-more-balanced-partnerships. [Afgelaai: 7 Julie 2024].

Siegle, J. 2021. Russia and Africa: Expanding influence and instability. In G.P. Herd (ed). *Russia's global reach: A security and statecraft assessment*. Washington DC: African Center for Strategic Studies, 80-91. https://www.marshallcenter.org/sites/default/files/files/2021-05/RGR%20Chapter%2010%20v2.pdf. [Afgelaai: 29 April 2024].

Spearin, C. 2024. Russia's Wagner Group/Africa Corps: Aan authoritarian conflict management examination. *Conflict, Security & Development*, 24(5):477-479.

Syngaivska, S. 2024. The UK Defense Intelligence reveals Wagner Group's new era. *Defence Express*, 7 Februarie. https://en.defence-ua.com/news/the_uk_defense_intelligence_reveals_wagner_groups_new_era-9436.html. [Afgelaai: 6 Junie 2024].

Thurston, A. 2024. Wagner's Africa momentum tested by deadly clash with Mali rebels. *Responsible Statecraft*, 4 Augustus. https://responsiblestatecraft.org/wagner-group-mali/. [Afgelaai: 30 Oktober 2024].

Uniack, R. 2022. Libya could be Putin's trump card. *Indian Strategic Studies*, 14 Julie. https://www.strategicstudyindia.com/2022/07/libya-could-be-putins-trump-card.html. [Afgelaai: 24 Mei 2024].

UNHCR. 2024. Sudan situation. https://reporting.unhcr.org/operational/situations/sudan-situation. [Afgelaai: 29 November 2024].

Vorobyov, N. 2025. Wagner vs Africa Corps: The future of Russian paramilitaries in Mali. Aljazeera, 16 Junie. https://www.aljazeera.com/news/2025/6/16/wagner-vs-africa-corps-the-future-of-russian-paramilitaries-in-mali. [Afgelaai: 24 Augstus 2024].


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a4

# Afskrikking in die konteks van hedendaagse strategiese mededinging: Lesse uit Oekraïne

***Deterrence in the context of contemporary strategic competition: Lessons from Ukraine***

**Burgert Senekal**
Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: burgertsenekal@yahoo.co.uk
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-1385-9258



Burgert Senekal

**Burgert Senekal** is 'n navorsingsgenoot by die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging en die Departement Rekenaarwetenskap en Informatika aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het twee meestersgrade en 'n PhD in Afrikaanse Letterkunde van die Universiteit van die Vrystaat. Sy navorsingsbelangstellings sluit in netwerkwetenskap, sosiale media-ontleding en kunsmatige intelligensie. Hy het 'n produktiewe publikasierekord in verskeie akademiese tydskrifte.

**Burgert Senekal** is a Research Fellow at the Unit for Language Facilitation and Empowerment and the Department of Computer Science and Informatics at the University of the Free State. He holds two master's degrees and a PhD in Afrikaans Literature from the University of the Free State. His research interests include network science, social media analysis, and artificial intelligence. He has a prolific publication record across various academic journals.

## ABSTRACT

***Deterrence in the context of contemporary strategic competition: Lessons from Ukraine***

*This article examines the effectiveness of deterrence as a security strategy in the context of contemporary strategic competition, focusing on the 2022 Russian invasion of Ukraine and its implications for smaller states.*

*Following the Cold War, NATO expanded eastward, incorporating former Soviet-controlled states. While Western European nations held diverse views of Russia, Eastern European states, especially those with a history of Russian or Soviet occupation, view it as a primary threat. Russia, on the other hand, maintain a view of ongoing conflict with the West and blamed NATO for global instability.*

*Russia's increasingly aggressive actions, including the 2008 invasion of Georgia, the 2014 annexation of Crimea, and subsequent conflicts in Donbas, marked a paradigm shift in European security. These events, along with increased military activity and hybrid tactics*

**Datums:**
Ontvang: 2025-02-17 Goedgekeur: 2025-10-08 Gepubliseer: Desember 2025

*such as cyberattacks and disinformation campaigns, heighten concerns among NATO members and prompt a reassessment of the security environment.*

*Deterrence, a military strategy aimed at preventing aggression by increasing perceived risks, gained prominence in the context of contemporary strategic competition. It relies on the defender's capability, credibility, and communication of its willingness to respond to aggression. Deterrence can take three forms: deterrence by denial (convincing the aggressor that their actions will fail), deterrence by punishment (threatening severe consequences), and extended deterrence (relying on allies' support).*

*The 2022 Russian invasion of Ukraine exposed the limitations of deterrence against determined adversaries. Russia's willingness to incur significant losses challenged Western assumptions and highlighted the need for robust and adaptable defence strategies. The war furthermore underscores the importance of formal defence agreements for smaller states. Ukraine's lack of NATO membership limits its deterrence options, while Sweden and Finland's accession to NATO demonstrates the benefits of collective defence. The conflict also reaffirms the importance of credible military power, including air superiority and advanced weaponry, but in addition highlights the need for sufficient supplies and a robust defence industry to sustain a protracted conflict. Lastly, the war reaffirmed that clear and consistent communication of defence commitments and the potential consequences of aggression are vital for effective deterrence. Ambiguity can lead to misinterpretation and escalation.*

*The Ukraine war has reaffirmed but also reshaped the understanding of deterrence in the context of contemporary strategic competition. It has emphasized the need for smaller states to maintain credible military capabilities, engage in clear communication, and foster strong alliances for extended deterrence. Additionally, the conflict has highlighted the enduring relevance of conventional forces, technological advancements, and the importance of accurately assessing an adversary's cost-benefit calculus and risk tolerance. These lessons will be crucial in shaping effective deterrence strategies and maintaining stability in an increasingly uncertain world.*

**KEYWORDS:** deterrence, military, NATO, Ukraine, Russia, strategy, security, the West

**TREFWOORDE:** afskrikking, militêr, NAVO, Oekraïne, Rusland, strategie, veiligheid, die Weste

## OPSOMMING

Hierdie artikel ondersoek die effektiwiteit van afskrikking as 'n veiligheidstrategie in die konteks van hedendaagse strategiese mededinging, en fokus op lesse uit die 2022-Russiese inval in Oekraïne. Die artikel bespreek die historiese konteks van NAVO se uitbreiding en Rusland se toenemend aggressiewe optrede wat tot die inval gelei het. Die konsep van afskrikking word ook bespreek, asook soorte afskrikking – afskrikking deur weiering, afskrikking deur straf, en verlengde afskrikking – en deurslaggewende aspekte van afskrikking soos vermoë, wil, geloofwaardigheid, kommunikasie en opvattings.

Die oorlog in Oekraïne beklemtoon die beperkings van afskrikking teen vasberade teëstanders en die belangrikheid van robuuste, aanpasbare verdedigingstrategieë vir kleiner state. Sleutellesse sluit in die noodsaaklikheid van formele verdedigingsooreenkomste vir verlengde afskrikking, die handhawing van geloofwaardige en uitgebreide militêre vermoëns en die duidelike kommunikasie van verdedigingsvermoëns. Die konflik beklemtoon ook die blywende relevansie van konvensionele magte, die behoefte aan tegnologiese vooruitgang en die belangrikheid daarvan om 'n teëstander se kostevoordeelberekening en risikotoleransie akkuraat te bepaal.

## Inleiding

In die hedendaagse veiligheidsomgewing het afskrikking weer na vore getree as ’n noodsaaklike strategie vir die handhawing van vrede en stabiliteit. Vir klein state is ’n geloofwaardige afskrikkingsposisie van kardinale belang om soewereiniteit en territoriale integriteit teen potensiële aggressors te beskerm. Die Russiese inval in Oekraïne het egter die beperkings van afskrikking teen vasberade teëstanders en die noodsaaklikheid van ’n robuuste en aanpasbare verdedigingstrategie onderstreep. Rusland se bereidwilligheid om geweldige verliese ten opsigte van personeel en materiaal te ly, tesame met skade aan die Russiese ekonomie, was ’n verrassing vir die Weste (Diesen et al. 2024:12). Diesen et al. (2024:12) voer aan dat, gegewe die duidelike verskil tussen hoe die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) en Rusland risiko en beloning sien, soos uitgelig deur die voortslepende konflik in Oekraïne, dit van kardinale belang is om die doeltreffendheid van Westerse afskrikkingstrategieë teen Russiese militêre aggressie te herevalueer.

Hierdie artikel bespreek die effektiwiteit van afskrikking as ’n veiligheidstrategie in die konteks van hedendaagse strategiese mededinging, met die fokus op die lesse wat geleer is uit die 2022- Russiese inval in Oekraïne. Die artikel ondersoek die beperkings van afskrikking teen vasberade teëstanders en hoe die konflik die verdedigingstrategieë van kleiner state hervorm. Die artikel delf ook in die veranderende veiligheidsomgewing in Europa, veral vir NAVO-lidlande se oostelike flank, en beklemtoon die behoefte aan robuuste, aanpasbare en samewerkende verdedigingsposisies.

## Agtergrond

### Die aanloop tot 2022

Ná die einde van die Koue Oorlog het NAVO uitgebrei, veral namate voormalige Sowjet-beheerde gebiede by NAVO aangesluit het. Tsjeggië, Hongarye en Pole het byvoorbeeld in 1999 by NAVO aangesluit, Bulgarye, Estland, Letland, Litaue, Roemenië, Slowakye en Slowenië in 2004, en Albanië en Kroasië in 2009. Aan die een kant was daar ’n debat dat NAVO-uitbreiding ’n fout was omdat dit Rusland onnodig uitgelok en ’n streeksveiligheidsdilemma laat herleef het, terwyl Oos-Europese state aan die ander kant vrese vir hernude Russiese aggressie gekoester het (Crowther, 2023:15; Moore, 2023:377, 397; Von Hlatky & Fortmann, 2023:536). Crowther (2023:15) maak die belangrike opmerking dat voor Rusland se 2022-inval in Oekraïne, Oos-Europese nasies nader aan Rusland, veral dié met ’n geskiedenis van Russiese of Sowjet-besetting, Rusland as die primêre bedreiging beskou het. Wes-Europese nasies het weer meer uiteenlopende sienings gehuldig en Rusland as ’n bedreiging, geleentheid of potensiële vennoot gesien. Vir lande soos Pole, die Baltiese state (Estland, Letland en Litaue) en Finland was die einde van die Koue Oorlog nie ’n teken van blywende vrede nie, maar eerder ’n tydelike verligting van spanning (Kamiński & Śliwa, 2023:131-133; Von Hlatky & Fortmann, 2023:538 e.v.). Aan die ander kant het Rusland ’n volgehoue siening van sigself gehandhaaf as in ’n toestand van voortdurende konflik met die Weste (Eggen, 2024:414). Ná 2014 blameer Rusland ook NAVO vir bykans alle onstabiliteit in die wêreld (Wilhelmsen & Hjermann, 2022:122). Moore (2023:397) argumenteer verder dat dit die Russiese opvatting dat NAVO swak en verdeeld was, sowel as Wladimir Poetin se ambisie, wat tot Russiese uitbreidings gelei het, eerder as Russiese vrese vir NAVO-uitbreiding.

Rusland het geleidelik ’n meer aggressiewe posisie ten opsigte van gebiede voorheen onder sy beheer ingeneem. In 2007 het Poetin die Weste se dubbele standaarde en die VSA


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a5

se unipolêre wêreldpolitiek, Midde-Oosterse intervensies en NAVO-uitbreiding gekritiseer, en Rusland se terugkeer as ’n groot wêreldmoondheid aangedui (Brænd 2023:29). Russiese militêre aktiwiteite naby Noorweë het kort hierna teruggekeer na die vlakke van die Koue Oorlog-era (Brænd, 2023:29). Rusland het ook in 2007 ’n reeks kuberaanvalle uitgevoer wat Estland geteiken het (Crowther, 2023:8; Von Hlatky & Fortmann, 2023:549). Dit is egter Rusland se inval in Georgië in 2008 wat wyd beskou word as ’n paradigmaskuif in Europese veiligheidsaangeleenthede (Tørrisplass, 2017:27; Von Hlatky & Fortmann, 2023:546). Von Hlatky en Fortmann (2023:546) som die reaksie op:

> Unexpectedly, Russia, which had been considered a partner and peaceful neighbor by Sweden and Finland, progressively became an arrogant, unpredictable, and increasingly aggressive great power eager to reassert its influence on what it considered its neighborhood, namely the Baltic region, the Caucasus, and Ukraine.

Vir Pole was dit geen verrassing nie, maar ook ’n aanduiding van toekomstige konflik. In 2008 het die Poolse president, Lech Kaczyński, gesê: “We know very well that today it is Georgia, tomorrow it will be Ukraine, the day after tomorrow the Baltic States, and perhaps the next one in line will be my country, Poland” (aangehaal in Kamiński & Śliwa, 2023:142).

Die Russiese inval in die Krim in 2014 en die daaropvolgende hibriede oorlog in die Donbas word deur verskeie outeurs uitgelig as ’n waterskeidingsmoment in NAVO se siening van Rusland (vergelyk onder andere Tørrisplass, 2017:27; Haugevik et al, 2022:7; Knutsen, 2022:412; Jakobsen, 2023:501; Saxi, 2023:117; Von Hlatky & Fortmann, 2023:542; Brommesson, Ekengren & Michalski, 2024; Migliorati, 2024:3257; Stormark, 2024:27; Ziegler 2024:117). Tørrisplass (2017:27) skryf byvoorbeeld dat hierdie gebeurtenis die Westerse veiligheidsfokus weer op Europa gesentreer het, met Rusland wat sy posisie as ’n vermeende bedreiging hervat het.

Die inval in die Krim was net die begin. NAVO se onderskepping van Russiese vliegtuie in die Baltiese streek het in 2014 dramaties toegeneem en drie keer die getal bereik wat in 2013 gesien is (Saxi, 2023:118). In 2014 is ’n Russiese duikboot naby Stockholm opgemerk (Von Hlatky & Fortmann, 2023:547). ’n Russiese militêre oefening in Maart 2015 het ’n inval in die Sweedse eiland Gotland en die Deense eiland Bornholm gesimuleer (Von Hlatky & Fortmann, 2023:547). Ná 2016 het Noorweegse vegvliegtuie gebaseer in Bodø geskarrel om Russiese vliegtuie in die Arktiese gebied te onderskep teen ’n tempo wat Noorweë nie sedert die Koue Oorlog gesien het nie, wat ’n beduidende toename in Russiese lugaktiwiteit in die streek aandui (Saxi, 2023:120). Vanaf ongeveer 2017 het Rusland sy lugmag begin gebruik om skynaanvalle op Noorweegse militêre basisse in die Arktiese streek uit te voer, en in 2018 is GPS-seine in Noord-Noorweë van tyd tot tyd deur Rusland ontwrig (Markussen, 2023:36; Saxi, 2023:120; Eggen, 2024:425). In Januarie 2022 het ’n Russiese vragvliegtuig wat van Moskou na Leipzig onderweg was oor Finse grondgebied gevlieg en naby twee belangrike Finse militêre terreine verbygesteek, te wete die lugmaghoofkwartier en intelligensiediens in Tikkakoski, en die Halli militêre lughawe in Jämsä (Ålander & Paul, 2022:2).

Die Russiese bedreiging is nie net konvensioneel nie, maar sluit ook hibriede taktieke in (byvoorbeeld kuberaanvalle, disinformasieveldtogte, ekonomiese dwang en die gebruik van gevolmagtigde magte), wat die sekuriteitslandskap verder kompliseer (Jakobsen, 2023:516; Diesen et al., 2024:17). Rusland se disinformasieveldtogte en pogings om Westerse politiek te beïnvloed, is byvoorbeeld deeglik gedokumenteer (Nitszke, 2022; Treyger, Cheravitch & Cohen, 2022; Eggen, 2024). Rusland het ook die Europese vlugtelingkrisis van 2015 uitgebuit

deur duisende migrante toe te laat om Noorweë binne te gaan, wat sy bereidwilligheid demonstreer om migrasie te gebruik as ’n instrument om sy bure te destabiliseer en onder druk te plaas (Saxi, 2023:121; Eggen, 2024:424). Dieselfde taktiek is ook in 2023 waargeneem toe duisende vlugtelinge deur Rusland oor die Finse grens gestuur is (Eggen, 2024:424). Tussen 2015 en 2020 het kuberbedreigings vir Pole se interne veiligheid ook aansienlik toegeneem, met die regering se insidentreaksiespan wat nagenoeg 30 000 voorvalle gehanteer het, en ’n dramatiese toename in bevestigde voorvalle wat aan die Russiese regering toegeskryf kan word (Kamiński & Śliwa, 2023:135-136).

Hierdie verhoogde bedreiging het gelei tot ’n herbeoordeling van die sekuriteitsomgewing in NAVO-geledere (Jakobsen 2023:501; Von Hlatky & Fortmann, 2023:547; Stormark, 2024:27). Verhoogde NAVO-teenwoordigheid in die Hoë Noorde, lank voorgestaan deur Noorweë, het byvoorbeeld gerealiseer ná Rusland se 2014-optrede in die Krim en Donbas (Åtland, Nilsen & Pedersen, 2022:73). NAVO het ook eers ’n beduidende militêre teenwoordigheid in die Baltiese lande gevestig ná Rusland se 2014-optrede in die Krim en Oos-Oekraïne, ’n stap wat voorheen vermy is in ’n poging om Rusland nie uit te lok nie (Moore, 2023:382; Mälksoo, 2024:538).

Die ontwikkelende aard van die bedreiging wat Rusland inhou, het volgens Jakobsen (2023:503; 512) ’n ooreenstemmende verskuiwing in NAVO se verdedigingstrategieë en magsposisie genoodsaak, wat ’n skuif van gerusstelling na afskrikking en verdediging beklemtoon. Noorweë het byvoorbeeld in 2020 hul nuwe verdedigingsplan bekendgestel, wat afskrikking sterk beklemtoon (Norwegian Ministry of Defence, 2020), terwyl ’n aantal verslae van die Noorweegse Verdedigingsnavorsingsinstituut (Forsvarets forskningsinstitutt) hierdie onderwerp bespreek (Guttelvik & Hennum, 2019; Nyhamar, 2021). Die belangrikheid van afskrikking in Noorweegse verdedigingsdenke kan ook gesien word in onlangse nagraadse studies wat aan die Noorweegse Verdedigingskollege (Forsvarets høgskole) voltooi is (Askvik, 2015; Berg, 2016; Bragstad, 2016; Aannø, 2018; Mäki-Ullakko, 2023), sowel as aan ander Noorweegse universiteite (Tørrisplass, 2017; Norberg, 2020; Solheim, 2020; Folgerø, 2023; Markussen, 2023).

Op hul beurt het Swede en Finland nader aan NAVO beweeg en onder andere inligting begin uitruil (Brommesson, et al. 2024:32; Migliorati, 2024:3257). Die anneksasie van die Krim in 2014, tesame met verhoogde militêre aktiwiteit in die Oossee-streek, soos lugruimskendings en gesimuleerde aanvalle, het kommer oor streekstabiliteit ook vir Swede en Finland verhoog (Ziegler, 2024:120). Die duikbootvoorval in Stockholm se argipel het hierdie kommer verder onderstreep (Ziegler, 2024:120). In 2014 het Finland en Swede NAVO se topvennootskapvlak, Enhanced Opportunity Partners (EOP), bereik (Nyhamar, 2021:8; Åtland et al., 2022:73). Brommeson et al. (2024:22) verwys na “a growing convergence of the Nordic countries’ foreign and security policy sparked by the increasing Russian aggressiveness in the region” gedurende die vroeë 2020’s. Nyhamar (2021:7) skryf ook dat die Nordiese lande (Denemarke, Finland, Noorweë en Swede) kommer deel oor hul verslegtende veiligheidsomgewing, veral sedert 2014, met Rusland as hul primêre bedreiging, vererger deur hul kleiner grootte relatief tot Rusland se militêre mag. Hierdie beweging nader aan NAVO van Finland en Swede is deur Rusland afgekeur, en in die aanloop tot die inval in Oekraïne in 2022 het Rusland geëis dat NAVO sy oopdeurlidmaatskapbeleid, spesifiek vir Oekraïne, Finland en Swede, moet herroep (Forsberg, 2023:90).

**Die Russiese inval in Oekraïne in 2022: 'n wekroep**

Rusland se volskaalse inval in Oekraïne op 24 Februarie 2022 het die bedreiging wat dié land vir Europese veiligheid inhou, veral langs NAVO se oostelike flank, aansienlik verhoog (Jakobsen, 2023:501; Meleshchenko, 2024:39; Ziegler, 2024:118). Hierna het NAVO Rusland as die grootste en mees onmiddellike bedreiging vir sy lede se veiligheid beskou, sowel as vir vrede en stabiliteit in Europa en die Atlantiese streek (Mälksoo, 2024:531). Terwyl voorheen beskou as oormatig bekommerd oor Rusland, het die Baltiese en Poolse verteenwoordigers se waarskuwings oor Russiese voornemens ná hierdie inval groter aanklank by NAVO leiers gevind (Mälksoo, 2024:543).

Die inval self was 'n verrassing vir baie Westerse waarnemers, wat 'n versuim om Russiese voornemens akkuraat te evalueer, uitlig[1] (Knutsen, 2022:412; Diesen et al., 2024:11; Wicken & Beadle, 2024:17). Rusland se regime onder Poetin, gekenmerk deur 'n konsentrasie van mag en persoonlike beskermingsnetwerke, het volgens Knutsen (2022:427) 'n omgewing van misleidende inligting en kognitiewe sluiting bevorder, wat gelei het tot gebrekkige besluitneming en aggressie. Knutsen (2022:427) argumenteer dat hierdie regime se verontagsaming van internasionale norme en sy gewilligheid om disinformasie en militêre mag in te span om sy doelwitte te bereik, 'n duidelike en huidige gevaar vir streek- en globale stabiliteit verteenwoordig.

Daar is sterk aanduidings dat Rusland geglo het dat die oorlog vinnig verby sou wees, soortgelyk aan die 2014-operasie (Diesen et al., 2024:12). Die grootste verrassing vir die Weste was die kostes wat Rusland bereid was om aan te gaan nadat dit duidelik geword het dat die oorlog nie 'n vinnige operasie soos in 2014 sou wees nie (Diesen et al., 2024:12). Hierdie oorlog is "en klassisk tostatskrig med tradisjonell styrkebruk" ('n klassieke twee-staat-oorlog met tradisionele gebruik van geweld) (Diesen et al., 2024:21), met gepaardgaande hoë verliese: teen Februarie 2025 het ten minste 91 000 Russiese soldate in Oekraïne gesterf (Mediazona, 2025) (Oekraïense ongevalle is ietwat laer), Rusland het meer as 3 700 tenks teen hierdie datum verloor (Janovsky et al., 2025a), en Oekraïne meer as 1 000 tenks (Janovsky et al., 2025b).

Die 2014-anneksasie van die Krim en die volskaalse 2022-inval in die Oekraïne is ook deur Swede as 'n beduidende en toenemende bedreiging beskou (Brommesson et al., 2024:28; Meleshchenko, 2024:40; Migliorati, 2024:3258; Ziegler, 2024:117; 120), wat gelei het tot 'n verskuiwing in sy veiligheidsbeleid wat uitgeloop het op Swede se suksesvolle aansoek om NAVO-lidmaatskap (Ziegler, 2024:117). Die ingrypende uitwerking van die 2022-Russiese inval in Oekraïne kan daarin gesien word dat die Sweedse regering tot so laat as middel Februarie 2022 aangevoer het dat hulle nie by NAVO sou aansluit nie (Von Hlatky & Fortmann, 2023:549; Brommesson et al., 2024:35). Rusland het deurgaans probeer om Swede te intimideer om nie by NAVO aan te sluit nie, byvoorbeeld deur kort ná Swede se besluit om militêre hulp aan Oekraïne te verleen, vier Russiese vegvliegtuie deur die Sweedse lugruim oor die Oossee te stuur (Eggen, 2024:425). Swede het op 7 Maart 2024 'n lid van NAVO geword, ná tweehonderd jaar van militêre onafhanklikheid (Meleshchenko, 2024:39; Ziegler, 2024:117; 120).

Finland se besluit om by NAVO aan te sluit, is onder andere gedryf deur 'n dramatiese verskuiwing in die openbare mening ná Rusland se inval in Oekraïne in 2022 (Von Hlatky & Fortmann, 2023:549; Meleshchenko, 2024:40; Migliorati, 2024:3258; Ziegler 2024:125).

---

1 Die inval was egter nie 'n verrassing vir Westerse intelligensiedienste nie (Moore, 2003:374).


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a5

Hierdie gebeurtenis het die onmiddellike veiligheidsbedreiging beklemtoon wat Rusland inhou, gegewe Finland se gedeelde grens met Rusland. Terwyl Finland histories 'n beleid van militêre nie-belyning gehandhaaf het, het dit ook 'n "NAVO-opsie" behou, wat 'n moontlike verskuiwing in belyning moontlik maak indien omstandighede dit regverdig (Von Hlatky & Fortmann, 2023:549; Brommesson et al., 2024:31; Ziegler, 2024:125). Die inval het gedien as 'n katalisator vir hierdie verskuiwing (Von Hlatky & Fortmann, 2023:549; Meleshchenko, 2024:40; Ziegler, 2024:125). Hierdie verandering in openbare sentiment, tesame met die waargenome behoefte aan konkrete veiligheidswaarborge in die lig van Russiese aggressie, het uiteindelik daartoe gelei dat Finland NAVO-lidmaatskap nagestreef en op 4 April 2023 bekom het. Daarbenewens het Finland se sterk verdedigingsvermoëns, asook 'n relatiewe hoë verdedigingsbegroting en 'n fokus op territoriale verdediging, sy integrasie in NAVO se militêre strukture vergemaklik (Meleshchenko, 2024:39; Ziegler, 2024:125). Deurgaans het Rusland egter Finland probeer intimideer, byvoorbeeld deur in Augustus 2022 twee Russiese Mig 31-vegvliegtuie in die Finse lugruim in te stuur (Eggen, 2024:425).

NAVO was sedert sy stigting in 1949 'n belangrike verdedigingsvennootskap teen Russiese uitbreiding. Teen 2024 het die vergroting van NAVO daartoe gelei dat Meleshchenko (2024:40) skryf dat NAVO gesien word: "not only as a military and political bloc that is a political rival of Russia and China, but also as the military foundation of Western society". Hierteenoor het Rusland sy eie bondgenote in China, Noord-Korea en Iran gevind. Rusland sien ook BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) as 'n vennootskap wat moontlik in die toekoms uitgebrei kan word as 'n teenpool vir die Weste, maar Poetin se idee van 'n anti-Amerikaanse vennootskap in Asië met China en Indië geniet nie dieselfde steun in hierdie lande as in Rusland nie (Beadle et al., 2019:95).

Ten einde sy rol as kollektiewe verdedigingsorganisasie te vervul, fokus NAVO oor die afgelope dekade weer op afskrikking, wat in die volgende afdeling bespreek word.

**'n Omskrywing van die staatlike konsep van afskrikking**

Afskrikking is 'n militêre strategie wat veral in die konteks van die Koue Oorlog bekend is (Bragstad, 2016:19 e.v.; Bowers, 2018:1; Guttelvik & Hennum, 2019:8; Solheim, 2020:12), waar die strategie van wedersydse vernietiging ("Mutually Assured Destruction" of MAD) 'n groot bydrae daartoe gelewer het dat 'n globale kernoorlog nie plaasgevind het nie (Berg, 2016:21). Afskrikking werk deur die waargenome risiko's van 'n aksie bo die potensiële winste daarvan te verhoog, en sodoende 'n teëstander se kostevoordeelontleding te verander en hom te ontmoedig om op te tree (Strømmen, 2017:13) (kyk ook Bragstad, 2016:7; Tørrisplass, 2017:19, 2018:20; Mazarr et al., 2018:5; Solheim, 2020:6; Mäki-Ullakko 2023:12). Ven Bruusgaard (2018:1) omskryf afskrikking soos volg:

> Deterrence is a security policy concept with an essentially psychological basis that describes the mechanism by which an actor seeks to influence the perceptions and actions of another. Deterrence is about convincing an adversary that aggression will be too costly to entertain, either by way of denying him the benefits of aggression, or by way of punishing him disproportionately. Deterrence is about convincing an actor *not* to undertake an action that he may otherwise have contemplated (oorspronklike klem, kyk ook Bowers, 2018:2; Mazarr et al., 2018:2; Solheim, 2020:6).

Die konsep van afskrikking het oor die afgelope dekade prominent geword in die hedendaagse veiligheidsmilieu, waar onder andere Noorweë van hierdie strategie gebruik maak om sy rol


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a5

in NAVO uit te voer (Strømmen, 2017; Bowers, 2018; Tørrisplass, 2018; Ven Bruusgaard, 2018; Guttelvik & Hennum, 2019; Black et al., 2020; Norberg, 2020; Markussen, 2023). Strømmen (2017:18) skryf dat afskrikking die kernkonsep in die Noorweegse weermag se rol as ’n oorlogsvoorkomingsakteur in hul gekose strategiese benadering is, terwyl Markussen (2023:38) aandui dat daar ’n oplewing in die gebruik van die woord “afskrikking” (“avskrekking” in Noorweegs) in die langtermyn- strategiese dokumente van die Noorweegse weermag was.

Afskrikking word gewoonlik onderverdeel in drie soorte afskrikking: *afskrikking deur weiering*, *afskrikking deur straf* en *verlengde afskrikking* (Bowers, 2018; Mazarr et al., 2018; Guttelvik & Hennum, 2019; Saxi, 2021). Hierdie drie vorms van afskrikking word in die volgende onderafdelings bespreek.

**Afskrikking deur weiering**

In die eerste geval, afskrikking deur weiering, word dit duidelik gemaak aan die aanvaller dat sy optrede nie sal slaag nie (Tørrisplass, 2017:19, 2018:20; Aannø, 2018:16; Mazarr et al., 2018:7; Guttelvik & Hennum, 2019:9; Strømmen, 2019:16). Saxi (2021) skryf dat afskrikking deur weiering ten doel het om aggressie te ontmoedig deur dit vir ’n aanvaller feitlik onmoontlik te maak om sy militêre doelwitte te bereik, gewoonlik deur voldoende magte te ontplooi om ’n aanval te stop (sien ook Markussen, 2023:10). Bowers (2018:4) voer aan dat dit moeilik mag wees vir ’n klein land om ’n geloofwaardige afskrikking deur weiering te skep, maar Strømmen (2019:16) skryf dat afskrikking deur weiering ’n baie groter potensiaal as ’n oorlogsvoorkomingstrategie het (kyk ook Mazarr et al., 2018:8; Berli, 2019; Black et al., 2020:48). Afskrikking deur weiering is met ander woorde die ideaal.

Bowers (2018:2) let daarop dat afskrikking deur weiering tradisioneel verband hou met die ontplooiing van groot konvensionele magte, maar die ontwikkeling van presisiegerigte ammunisie in samewerking met verbeterde bevel-, beheer- en toesigkapasiteite kan bemanningsvereistes verminder. Bowers (2018:2) voer egter aan dat magte wat in gebiede kan mobiliseer en hierdie gebiede verdedig ’n voorvereiste bly, terwyl Black et al. (2020:50) verwys na “the enduring relevance of manned forces”.

Solheim (2020:7) en Bowers (2018:2) herinner ons daaraan dat afskrikking deur weiering ook mag meebring dat alhoewel die aanvaller mag slaag, dit met ’n onaanvaarbare koste in die onmiddellike konflikarea sal kom. Aannø (2018:13) deel hierdie sentiment en herinner ons daaraan dat afskrikking selfs vir swakker state teen sterker state effektief kan wees, want die potensiële skade wat ’n swakker staat kan aanrig, kan swaarder weeg as die sterker staat se begeerte om voordeel te trek. Aannø (2018:13) vergelyk die situasie met ’n voetganger wat ’n bus beïnvloed om te stop deur ’n bedreiging van botsing. Afskrikking deur weiering hoef met ander woorde nie slegs te handel oor die potensiële vernietiging van die vyand se magte nie, maar kan ook handel oor die oplegging van onaanvaarbare hoë kostes.

**Afskrikking deur straf**

In die tweede vorm van afskrikking word dit duidelik gemaak dat alhoewel vyandelike optrede mag slaag, dit teen ’n hoë koste sal kom, byvoorbeeld die vernietiging van die vyand se infrastruktuur (Tørrisplass, 2017:19, 2018:20; Aannø, 2018:15; Mazarr et al., 2018:7; Guttelvik & Hennum, 2019:9; Strømmen, 2019:16; Mäki-Ullakko, 2023:15). Hierdie vorm van afskrikking behels gewoonlik strategiese aanvalle op ’n vyand se steunbasis, en Saxi (2021)


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a5

skryf dat afskrikking deur straf ten doel het om aggressie te ontmoedig deur ’n dreigement van ernstige gevolge, wat moontlik nie beperk is tot die stuiting van ’n aanval nie, soos ’n kernaanval as antwoord op ’n konvensionele inval. Die konsep kan aangepas word om militêre teikens soos lugafweerstellings in te sluit en kan in so ’n geval aangewend word om afskrikking deur weiering te komplementeer (Tørrisplass, 2018:25). Afskrikking deur straf mag ook ander aksies soos sanksies insluit (Markussen, 2023:10). Die vraag is egter of die bedreiging geloofwaardig is en in hoe ’n mate die aanvaller die potensiële koste as te hoog sien.

**Verlengde afskrikking**

In die derde vorm van afskrikking word dit duidelik gemaak aan die aanvaller dat vyandelike optrede deur vergeldingsaksies van die staat se bondgenote beantwoord sal word. Artikel 5 van NAVO se stigtingsverdrag verskans die beginsel van kollektiewe verdediging:

> The Parties agree that an armed attack against one or more of them in Europe or North America shall be considered an attack against them all and consequently they agree that, if such an armed attack occurs, each of them, in exercise of the right of individual or collective self-defence ... will assist the Party or Parties so attacked by taking forthwith, individually and in concert with the other Parties, such action as it deems necessary, including the use of armed force, to restore and maintain the security of the North Atlantic area (aangehaal in Meleshchenko, 2024:37-38).

Guttelvik en Hennum (2019:27) dui aan dat verlengde afskrikking soms die enigste uitweg is, byvoorbeeld in die geval waar Noorweë homself teen Rusland in ’n verlengde konflik moet verdedig en dit nie realisties is om slegs op hul eie vermoë te vertrou nie (kyk ook Tørrisplass, 2018:23; Black et al., 2020:45; Solheim, 2020:22). Strømmen (2017:18) skryf ook dat dit voor die hand liggend is dat Noorweë op sy eie moeilik die vermoë sal kan hê om Rusland af te skrik, en dieselfde geld vir ander, kleiner NAVO-lidlande soos Litaue, Letland en Estland. Om hierdie rede voer Ven Bruusgaard (2018:3) aan dat NAVO-lidmaatskap Noorweë se belangrikste instrument is om ’n onaanvaarbare koste vir enige aggressor in ’n konflikscenario op te lê, terwyl die Noorweegse Ministerie van Verdediging (2020:6) NAVO “the cornerstone of Norwegian security and defence policy” noem (kyk ook Bowers, 2018:2; Mazarr et al., 2018:9; Tørrisplass, 2018:22; Guttelvik & Hennum, 2019:9; Solheim, 2020:6; Brommesson et al., 2024:28).

Verskeie outeurs let egter op die uitdaging van ’n *fait accompli*, waar ’n vinnige en beslissende optrede deur die vyand ’n nuwe werklikheid skep, wat teëstanders dwing om op ’n veranderde situasie te reageer eerder as om dit te voorkom (Beadle et al., 2019:177; Guttelvik & Hennum, 2019:7; Strømmen, 2019:6; Jakobsen, 2023:505; Diesen et al., 2024:13; Mälksoo, 2024:540). Dit mag byvoorbeeld gebeur dat Rusland Svalbard annekseer voordat Noorweegse magte kan reageer (Beadle et al., 2019:177). Die risiko met so ’n situasie is dat dit te duur mag wees om terrein wat deur die vyand ingeneem is, te herwin (Strømmen, 2019:6), wat beteken dat bondgenote moontlik kan besluit om nie tot ’n land se hulp te kom nie. Daar moet ook genoem word dat die enigste keer wat artikel 5 in werking getree het, naamlik ná die 11 September-terreuraanvalle op die VSA in 2001, die aanvaller nie ’n groot konvensionele mag was nie en dat NAVO-lidlande nie reuseverliese in die gesig gestaar het om terrein te herwin nie.

Saxi (2021) voer aan dat verlengde afskrikking nie altyd effektief is nie, omdat die projektering van mag oor lang afstande militêr uitdagend is en twyfel laat ontstaan oor of ’n


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a5

land werklik ’n derde party sal verdedig (kyk ook Mazarr et al., 2018:9). Soos ander outeurs bevraagteken Strømmen (2017:18) dit ook of verlengde afskrikking altyd effektief sal wees en noem die situasie waar NAVO oor ’n verlengde front in ’n oorlog teen Rusland betrokke kan wees, in welke geval ander NAVO-lande nie tot Noorweë se hulp sal kan kom nie. Volgens Strømmen (2017:18) kan Noorweë nie op hul bondgenote staatmaak nie; die eintlike steunpilaar is Noorweë se eie nasionale verdediging (sien ook Strømmen, 2019:6). Bragstad (2016:8) eggo hierdie sentiment en voer aan dat, sedert die 1960’s, verlengde afskrikking eerder ’n sekondêre oorweging was; die belangrikste voorvereiste vir hulpverlening was die vermoë en bereidwilligheid van Noorweë om verantwoordelikheid vir sy eie verdediging te neem (kyk ook Bowers, 2018:6; Black et al., 2020:45). Berli (2019) en Elden (2020) skryf ook dat NAVO van lidlande verwag om verantwoordelikheid vir hul eie veiligheid te neem voordat daar op bondgenote gesteun word.

**Verdere vereistes van afskrikking**

Mälksoo (2024:535) verwys na die drie *c*’s van afskrikking: *capabilities* (vermoëns), *commitment* (wil) en *credibility* (geloofwaardigheid), maar noem ook die belangrikheid van kommunikasie. Afskrikking werk volgens hom deur voldoende militêre krag te kombineer, ’n duidelik gekommunikeerde besluit om dit te gebruik, die algehele geloofwaardigheid van die bedreiging en die akteur wat die dreigement maak. Hierdie aspekte van afskrikking word in die volgende onderafdelings bespreek.

**Vermoë**

Die effektiwiteit van afskrikking is afhanklik van die verdedigingsmag se vermoë (Bragstad, 2016:8; Tørrisplass, 2017:20; Aannø, 2018:13; Bowers, 2018:2; Strømmen, 2019:13; Solheim, 2020:6; Mälksoo, 2024:535). Mazarr et al. (2018:23) noem die verdediger se vermoë en wil om op te tree die hoeksteen van afskrikking, en die effektiwiteit daarvan word teoreties gesien as die kapasiteit om basiese hulpbronne (soos rykdom en tegnologie) in gevegsmag om te skakel (Brooks, 2007:9). Hierdie effektiwiteit word veral bepaal deur vier sleutelkenmerke: integrasie (interne konsekwentheid tussen militêre aktiwiteite), responsievermoë (vermoë om by interne en eksterne beperkinge aan te pas), vaardigheid (die bevoegdheid en motivering van personeel) en kwaliteit (die kaliber van wapens en toerusting) (Brooks, 2007:2). Die militêre aktiwiteit wat nodig is om hierdie vermoëns te vestig, vind op vier interafhanklike vlakke plaas: polities, strategies, operasioneel en takties (Millet, Murray & Watman, 1988:3).

Black et al. (2020:42) skryf dat vir afskrikking om geloofwaardig te wees, ’n verdedigingsmag ’n verskeidenheid van vermoëns moet handhaaf om geweld oor ’n afstand te projekteer, sowel as “close with and engage hostile forces and, crucially, to be seen by potential adversaries as equipped, ready and willing to do so” (kyk ook Berli, 2019). Kamiński en Śliwa (2023:134) sluit hierby aan: “Power is what Russia understands, so military capabilities will serve as a deterrence factor supplemented by enhanced resilience, especially when merged with NATO allied forces in the case of any conflict.” Hierdie militêre gereedheid moet ook duidelik en oortuigend aan potensiële teëstanders gekommunikeer word om die afskrikkingseffek te verhoog.

’n Sterk verdedigingsvermoë is egter nie genoeg op sigself nie. Berli (2019) argumenteer dat die verdediger ’n aanpasbare vermoë moet hê om enige teëstander en enige aanval tegemoet te gaan. Hy skryf dat wanneer die enigste instrument wat ’n land het, ’n hamer is, kan daar

met 'n hoë mate van sekerheid verwag word dat die probleem nie 'n spyker sal wees nie, bloot omdat 'n mens moet verwag om 'n denkende vyand te ontmoet. Daarom moet 'n effektiewe verdediging 'n verskeidenheid strategieë en taktieke insluit om onvoorspelbare en innoverende aanvalle die hoof te bied.

**Wil**

Afskrikking sal onsuksesvol wees indien die vyand nie oortuig is dat die verdedigingsmag oor die wil beskik om tot oorlog oor te gaan nie (Aannø, 2018:13; Mälksoo ,2024:535). Mazarr et al. (2018:29) skryf dat die beste afskrikking nie plaasvind wanneer die verdediger die terrein *wil* verdedig nie, maar wanneer die aanvaller verstaan dat die verdediger dit *moet* verdedig en geen ander keuse het nie. Hierdie insig ondersteun die siening dat afskrikking deur weiering meer geloofwaardig voorkom as verlengde afskrikking. Wanneer 'n verdediger sy eie gebied beskerm, is dit meer waarskynlik dat hy geen ander keuse sal hê nie, terwyl 'n bondgenoot wat tot 'n verdediger se hulp kom, moontlik ruimte sal soek om nie sy ooreenkoms na te kom nie.

**Geloofwaardigheid en opvattings**

Ven Bruusgaard (2018) herinner ons daaraan dat daar nie 'n 1:1-verhouding tussen afskrikkingspotensiaal en verdedigingsvermoëns is nie: As veranderinge in verdedigingsvermoë nie die berekenings en opvattings van die teëstander ten opsigte van die koste verbonde aan aggressie verander nie, of as 'n teëstander oortuig is dat die voordele van aggressie sy koste oortref, sal afskrikking ondoeltreffend wees. Mazarr et al. (2018:11) sluit hierby en by Strømmen (2019:13) aan en beklemtoon dat kommunikasie oor opvattings handel: "the value of deterrent messages lies in the eye of the receiver". Hierdie insig word deur Diesen et al. (2024:12) beaam, wat skryf dat die Westerse afskrikking van Rusland nie hoofsaaklik afhang van die Westerse beoordeling van hul eie vermoë nie, maar van wat die Russe dink die Weste bereid is om polities op te offer. Gevolglik is dit noodsaaklik om nie net militêre vermoëns te ontwikkel nie, maar ook om 'n geloofwaardige beeld van die politieke wil om dit te gebruik, te kommunikeer.

In hierdie opsig maak Mazarr et al. (2018:12) 'n belangrike opmerking wanneer hulle daarop let dat effektiewe afskrikking afhang van die begrip en beïnvloeding van die risikotoleransie en bedreigingopvattings van spesifieke leiers, eerder as om 'n eenvormige staatsreaksie te aanvaar. Verskillende leiers het verskillende opvattings oor wat aanvaarbare risiko's is, en daardie leier – sowel as die mate van beheer wat hy oor sy land uitoefen – se denke moet ook in ag geneem word. Hierdie insig het besonderse waarde ten opsigte van Rusland, soos later bespreek word.

**Kommunikasie**

Afskrikking kan slegs van waarde wees indien die bedreiging duidelik aan die vyand gekommunikeer word (Aannø, 2018:13; Bowers, 2018:2; Mazarr et al., 2018:15; Strømmen, 2019:13; Elden, 2020; Mälksoo, 2024:535). Mazarr et al. (2018:15) noem kommunikasie byvoorbeeld die voorvereiste vir effektiewe afskrikking, terwyl Strømmen (2019:13) argumenteer dat afskrikking berus op die kommunikasie van beide die vermoë en die wil om geweld te gebruik, aangesien enige vermeende tekortkoming in een van die twee die doel-

treffendheid daarvan ondermyn. Dubbelsinnige of swak kommunikasie van die verdediger se afskrikkingsmiddele kan dus lei tot misverstand en eskalasie, wat die risiko van die verydeling van die afskrikkingsdoelwit verhoog.

**Sleutellesse vir klein state uit die oorlog in Oekraïne sedert 2022**

Die huidige afdeling bespreek lesse geleer uit die oorlog in Oekraïne ten opsigte van afskrikking aan die hand van die voorafgaande, soos verdeel in vyf afdelings. Hierdie afdeling moet nie gesien word as synde die volle omvang van die onderwerp te dek nie.

**Verlengde afskrikking**

Vir klein state is dit nooit realisties om te glo dat hulle op hul eie ’n groot moondheid soos Rusland in ’n uitgerekte konflik sal kan verdryf nie, wat beteken dat hulle nie oor ’n geloofwaardige en voldoende afskrikkingspotensiaal beskik nie. Swede en Finland het oor die afgelope dekade toenemend tot hierdie besef gekom, wat uiteindelik gelei het tot hul aansluiting by NAVO. In Oekraïne se geval was dit nog nie moontlik om by NAVO aan te sluit nie, wat beteken het dat hulle nie die beskerming van artikel 5 kon geniet nie en dat Rusland daarom nie hierdie verhoogde risiko moes verreken nie. Oekraïne is sedert 1994 deel van NAVO se Partnership for Peace (PfP) en sedert 2020 ’n Enhanced Opportunities Partner (EOP), maar die VSA het voor die 2022-inval dit reeds duidelik gemaak dat hierdie vennootskap nie soos NAVO-lidmaatskap artikel 5 betrek nie (Moore, 2023:374). Moore (2023:398) voer aan dat “repeated reminders that Ukraine is outside the Alliance have more likely succeeded in signaling to Putin that he can act with impunity as long as he stays within the borders of Ukraine”. Sulke versekerings vir Rusland ondermyn duidelik Oekraïne se vermoë om ’n geloofwaardige afskrikkingstrategie deur middel van verlengde afskrikking te vestig.

Dit was ook nooit seker dat Oekraïne volgehoue Westerse steun in ’n uitputtingsoorlog sou ontvang nie, ’n feit wat Rusland gebruik het deur te probeer om Westerse betrokkenheid by die konflik te voorkom (Mäki-Ullakko, 2023:46). Rusland het egter die Weste onderskat, wat beteken dat die Weste in die eerste plek nooit duidelik genoeg steun vir Oekraïne gekommunikeer het nie.

Nietemin bestaan ’n samewerkingsooreenkoms tussen NAVO en Oekraïne in die vorm van die PfP en EOP, wat tot Oekraïne se voordeel strek ten opsigte van geldelike, militêre en ander bystand wat van NAVO-lidlande ontvang word (Moore, 2023:387). Dit is ook onwaarskynlik dat Oekraïne in die toekoms veilig sal wees sonder een of ander vorm van steun van NAVO (Moore, 2023:403). Die les hierin vir klein state is dat formele verdedigingsooreenkomste soos NAVO-lidmaatskap noodsaaklik is om verlengde afskrikking te realiseer. Moore (2023:399) skryf: “As Sweden and Finland’s applications to join NATO have demonstrated, NATO’s response to the 2022 invasion has also served to clarify the perils of being a mere partner rather than actual member of the Alliance.”

**Vermoë**

Volgens Mäki-Ullakko (2023:46) was die primêre swakpunt in Oekraïne se afskrikkingstrategie die gebrek aan geloofwaardigheid van die magte naby Kiëf om ’n vinnige aanval deur Russiese troepe en spesiale magte effektief te stuit voordat hulle hul teiken bereik het. Rusland het Oekraïne se vermoë onderskat, wat beteken dat dit nooit duidelik was dat Oekraïne hul hoofstad sou kon verdedig nie. Mäki-Ullakko (2023:50) skryf:


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a5

> The background could be various cognitive biases and intelligence errors, but perhaps the most central reason was Russia's confidence in the number and ability of its armed forces in relation to the performance, readiness, deployment, and logistics of the Ukrainian armed forces in the Kyiv region.

In Oekraïne se geval was die vermoë om 'n vinnige aanval af te weer met ander woorde teenwoordig, maar Rusland het nie hierdie vermoë as geloofwaardig geag nie. Rusland het ook nie geglo dat Oekraïne se weermag doeltreffend kan verdedig teen 'n grootskaalse multi-rigting-aanval wat ontwerp is om deur blote getalle en uitputting 'n oorwinning te behaal nie (Mäki-Ullakko, 2023:48; Diesen et al., 2024:15). Hierin was Rusland nie alleen nie; die Weste het ook nie geglo dat Oekraïne oor die vermoë beskik om homself te verdedig nie (Diesen et al., 2024:12). In hierdie opsig verander die oorlog in Oekraïne nie opvattings oor afskrikking nie; soos reeds genoem, is dit 'n bestaande opvatting dat 'n land se vermoë om sigself te verdedig duidelik aan 'n teëstander moet wees (Bragstad, 2016:8; Tørrisplass, 2017:20; Aannø, 2018:13; Bowers, 2018:2; Mazarr et al., 2018:23; Strømmen, 2019:13; Solheim, 2020:6).

'n Belangrike aspek van 'n land se verdedigingsvermoë wat deur die oorlog bevestig is, is beheer oor die lugruim. Die dooiepunt in Oekraïne beklemtoon die deurslaggewende rol van lugmagte deur te demonstreer dat sonder beheer van die lug beslissende grondoffensiewe byna onmoontlik word (Diesen et al., 2024:90). Dit onderstreep die doeltreffendheid van 'n grondgebaseerde lugverdediging in verskeie lae met betrekking tot afstand- en hoogtedekking wanneer 'n vyandelike lugmag teëgewerk word (Diesen et al., 2024:90). Omgekeerd het die vermoë om die ander party se lugverdedigingstelsels in te perk of te vernietig 'n kritieke voorvereiste geword vir 'n land se eie lugaanvalle (Diesen et al., 2024:90). Klein state behoort daarom in beide lugverdediging en effektiewe lugmagte te belê ten einde dooiepunte soos in Oekraïne teë te werk, en ook aan teëstanders te illustreer dat hulle die vermoë het om aan die een kant vyandige lugmagte in te perk en aan die ander kant om hul eie lugmag doeltreffend aan te wend.

Die heersende siening binne NAVO voor die 2022-inval was dat, net soos in die Baltiese lande, 'n voldoende robuuste verdediging 'n Russiese *fait accompli* heeltemal sou afskrik, aangesien Moskou nie met optrede sou begin wat dit gewaarborg was om te verloor nie (Diesen et al., 2024:13). Alhoewel die noodsaak om 'n geloofwaardige vermoë te hê om aanvalle af te weer steeds geldig is, het die oorlog ook aangetoon dat voldoende voorrade en wapenbedrywe met 'n hoë uitset ook nodig is. Dit is nie net die kwaliteit van wapentuig wat 'n afskrikkings-vermoë vestig nie, maar ook die kwantiteit, aangesien hierdie oorlog in 'n uitputtingsoorlog ontwikkel het. Terwyl Rusland hul verdedigingsbedryf tot só 'n mate kon aanpas dat hulle verliese kan vervang (alhoewel die meeste voertuie opgeknapte of gemoderniseerde voertuie uit die Russiese oorlogvoorraad verteenwoordig), is dieselfde nie die geval met Westerse lande nie (Diesen et al., 2024:69). Beperkings in voorraad en vervaardigingskapasiteit vir militêre toerusting en ammunisie beteken dat die Weste se teoretiese militêre oorwig nie geredelik omgeskakel kan word in 'n werklike gevegsmag wat in staat is om 'n uitgerekte konflik te wen nie (Diesen et al., 2024:13). Diesen et al. (2024:88) noem die Weste se beperkte voorrade en argumenteer dat Westerse demokrasieë meer nodig het as net vinnige reaksievermoëns om skielike aanvalle te stuit; verdediging vereis ook die veerkragtigheid om langdurige uitdagings te weerstaan. Elders beklemtoon Diesen et al. (2024:14) dat NAVO en individuele lidlande nou ook die nodige werklike uithouvermoë moet ontwikkel in terme van beide noodvoorrade en beskikbare vervaardigingsvermoë om 'n uitgerekte oorlog te ondersteun.

Verder bly tegnologie 'n belangrike faktor om Rusland se groot hoeveelhede wapentuig en soldate die hoof te bied, en in Oekraïne het anti-tenk-missiele (byvoorbeeld Javelin en

NLAWS), onbemande lug- en seevaartuie en langafstandpresisiemunisies ’n deurslaggewende rol gespeel (Diesen et al., 2024). Bowers (2018:2) se reedsgenoemde stelling dat tegnologie bemanningsgetalle verminder, maar steeds militêre vermoë vestig, is met ander woorde steeds geldig. Die oorlog in Oekraïne leer egter dat groot voorrade hiervan opgegaar moet word, meer as wat voorheen voorsien is (Diesen et al., 2024:69).

Berli (2019) se reedsgenoemde oproep om aanpasbaarheid word ook deur die oorlog in Oekraïne bevestig. Rusland se vermoë om die seine van Oekraïne se presisiewapens te ontwrig, soos HIMARS, het die doeltreffendheid van die Oekraïense teenoffensief in die somer van 2023 aansienlik belemmer, en Russiese elektroniese oorlogvoering teen Excalibur GPS-geleide munisies het hul akkuraatheid dramaties verswak (Diesen et al., 2024:75-76). Dit beteken dat presisiemunisies se effektiwiteit in die toekoms beperk mag wees, tensy die probleem deur verdere tegnologiese vooruitgang opgelos kan word.

**Wil**

In 2014 was die deurslaggewende faktor wat tot Oekraïne se verlies van die Krim gelei het, die afwesigheid van wil, veral die Oekraïense magte se gebrek aan vasberadenheid om Rusland se anneksasie van die Krim te weerstaan (Mäki-Ullakko, 2023:50). Die konflik sedert 2022 het ook die belangrikheid van veerkragtigheid en die ontwikkeling van die vermoë om ’n langdurige konflik te weerstaan getoon (Diesen et al., 2024:13).

Russiese leiers is geneig om ’n negatiewe opvatting van Westerse demokrasieë te hê, wat hulle as swak, gebroke en moreel korrup beskou (Diesen et al., 2024:13). Rusland beskou NAVO self ook as ’n swak en gebroke alliansie, wat nie in staat is om effektief te reageer selfs op duidelike aggressie teen Oekraïne, ’n toegewyde en histories prominente NAVO-vennoot nie (Moore, 2023:396). Daar is met ander woorde twyfel of die Weste oor die wil beskik om daadwerklik militêr op te tree. Westerse huiwering om Oekraïne te ondersteun, het waarskynlik Rusland se opvatting van die Weste as swak en onwillig om risiko’s te neem aangemoedig, verder versterk deur Rusland se oortuiging dat ’n beperkte aanval op NAVO-gebied nie deur die meeste lidlande as ’n groot bedreiging gesien sal word nie (Diesen et al., 2024:13). Daadwerklike militêre optrede sal nodig wees om Rusland te oortuig dat “demokrati og svakhet ikke er synonymer” (demokrasie en swakheid is nie sinonieme nie) (Diesen et al., 2024:14).

Alhoewel Rusland twyfel in die wil van Westerse lande, teiken hulle nietemin hierdie wil deur middel van hibriede taktieke. Afskrikking sluit nie net gevorderde militêre tegnologie in nie, maar ’n sterk maatskaplike veerkragtigheid, asook die vermoë om hibriede oorlogvoeringtaktieke teë te werk (Diesen et al., 2024:13-14;17-18). Rusland se disinformasieveldtogte is welbekend, maar hierdie is ook die eerste oorlog waarin Kunsmatige Intelligensie (KI) in die vorm van groottaalmodelle (byvoorbeeld ChatGPT) aangewend is om inligtingsoperasies uit te voer. Russiese intelligensieagentskappe gebruik KI om Westerse nuusartikels subtiel te verander en disinformasie te versprei, insluitend gefabriseerde negatiewe oorlogsontwikkelings, vals aanhalings van Westerse leiers en skadelike uitsprake oor Oekraïense leierskap (Diesen et al., 2024:87). Hierdie gemanipuleerde inhoud word outomaties oor verskeie webwerwe versprei in ’n poging om Westerse steun vir Oekraïne af te takel, hoewel sommige pogings lomp is, wat spore agterlaat van die Engelse instruksies wat gebruik is om die vals teks te skep (Diesen et al., 2024:87). Die gebruik van hierdie tegnologie in hibriede oorlogvoering onderstreep die belangrikheid van inligtinggeletterdheid en teendisinformasieveldtogte in die stryd teen die vyand se pogings om die wil van ’n bevolking te ondermyn.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a5

Aansluitend by bogenoemde het Rusland ook burgerlikes geteiken, met beide strategiese aanvalle op burgerlikes en individuele oorlogsmisdade (Moore, 2023:399; Diesen et al., 2024:93). Dit stel ernstige uitdagings aan klein state wat hul verdediging beplan, wat vereis dat hulle die veilige ontruiming van beide gewonde soldate en potensieel groot getalle burgerlikes moet oorweeg (Diesen et al., 2024:93). Sulke massa-ontruimings sal aansienlike beplanning en vroeë waarskuwing verg, en kan ’n groot impak op militêre operasies hê (Diesen et al., 2024:93).

**Geloofwaardigheid en opvattings**

Die konflik het onderstreep dat die gewilligheid van ’n nasie om die koste van ’n uitgerekte oorlog te dra, selfs in die lig van aanvanklike terugslae, ’n kritieke faktor in afskrikking is (Diesen et al., 2024:12). Dit is veral waar in die geval van outokrasieë soos Rusland, waar die besluitnemingsproses gesentraliseer en minder vatbaar vir die openbare mening is (Diesen et al., 2024:12). Diesen et al. (2024:11) skryf dat dit altyd moeilik sal wees om te bepaal watter koste aanvaarbaar sal wees in die verhouding tussen risiko en beloning in ’n outokrasie, juis omdat soveel afhang van ’n klein magselite of uiteindelik ’n enkele persoon, en dus van individuele eienskappe. Diesen et al. (2024:12) voer aan dat hierdie faktor verreken moet word, aangesien Rusland in hierdie opsig onderskat is. Volgens hulle (2024:12) moet die hele kwessie van Westerse afskrikking van Russiese militêre aggressie in die lig van die verskil in die Westerse en Russiese skaal van wins en risiko wat die oorlog getoon het, heroorweeg word.

Die onvoorsiene duur en koste van die konflik vir Rusland beklemtoon die belangrikheid daarvan om ’n teëstander se kostevoordeelberekening en risikotoleransie akkuraat te assesseer wanneer afskrikkingstrategieë geformuleer word. Dit beklemtoon Westerse demokrasieë se behoefte om hul afskrikkingstrategieë te heroorweeg, met inagneming van die potensiaal vir outokratiese regimes om hoër koste te absorbeer en uitgerekte konflikte na te streef as wat aanvanklik verwag is.

**Kommunikasie**

Duidelike en konsekwente kommunikasie van die Weste se bereidwilligheid om sy militêre vermoëns te gebruik is noodsaaklik vir effektiewe afskrikking teen potensiële Russiese aggressie. Dit behels die oordra van ’n geloofwaardige dreigement van vergelding, wat Rusland se risikobeloningberekening beïnvloed en toekomstige konflikte voorkom (Diesen et al., 2024:13-14). Die oorlog in Oekraïne het die kritieke rol van duidelike en konsekwente kommunikasie in afskrikkingstrategieë beklemtoon. Alhoewel ’n sterk militêre vermoë noodsaaklik is, moet dit gepaardgaan met ondubbelsinnige kommunikasie van ’n nasie se gewilligheid om sy belange te verdedig en die potensiële gevolge van aggressie, wat geen ruimte laat vir waninterpretasie deur potensiële teëstanders nie. Soos reeds genoem, het dit in die geval van Oekraïne ontbreek, omdat NAVO dit deurgaans beklemtoon het dat Oekraïne nie ’n NAVO-lidland is nie en daarom nie op steun geregtig is nie, terwyl Oekraïne self nie daarin geslaag het om ’n geloofwaardige vermoë aan Rusland of die Weste te kommunikeer nie.

**Slot**

Die studie beklemtoon dat die Russiese inval in Oekraïne fundamentele aannames oor afskrikkingstrategieë uitgedaag het, veral wat kleiner state betref. Ten opsigte van verlengde

afskrikking, is formele verdedigingsooreenkomste soos NAVO-lidmaatskap noodsaaklik, aangesien Oekraïne se gebrek daaraan Rusland se berekeninge beïnvloed het. Wat vermoë betref, is dit nie net die kwaliteit van wapentuig nie, maar ook die kwantiteit en 'n robuuste verdedigingsbedryf wat 'n geloofwaardige afskrikking vestig, tesame met lugoorheersing en aanpasbare tegnologieë. Die wil om op te tree is kritiek; Westerse huiwering het Rusland se opvatting van swakheid versterk, en hibriede taktieke soos disinformasie teiken hierdie wil om op te tree. Geloofwaardigheid en opvattings is afhanklik van die akkurate assessering van 'n teëstander se risikotoleransie en berekening van kostevoordeel, veral in outokrasieë waar besluitneming gesentraliseer is. Laastens moet die kommunikasie van verdedigingsvermoëns en die wil om dit te gebruik, duidelik en konsekwent wees om waninterpretasie te voorkom en afskrikking effektief te maak.

Die Russiese inval het die kritieke belangrikheid van robuuste, aanpasbare verdedigingsvermoëns op alle vlakke beklemtoon. Die lesse uit Oekraïne toon dat afskrikking oor die hele hiërargie van militêre aktiwiteite suksesvol moet wees, soos deur Millet et al. (1988:3) uitgelig: vanaf die politieke besluite oor alliansies (verlengde afskrikking) en die strategiese doelwitte van die oorlog, tot die operasionele beplanning (logistiek en lugbeheer) en die taktiese prestasie van eenhede.

## BIBLIOGRAFIE


Aannø, S.T. 2018. *Strategisk avskrekking i det digitale rom. Finnes det rasjonelle strategier for små stater?* Ongepubliseerde MA-verhandeling: Forsvarets høgskole.

Ålander, M. & Paul, M. 2022. Moscow threatens the balance in the High North, *Stiftung Wissenschaft und Politik (SWP), German Institute for International and Security Affairs*. doi: 10.18449/2022c24.

Askvik, Ø. 2015. *Utvikling av langtrekkende konvensjonellepresisjonsvåpen – konsekvenser for Norges evnetil avskrekking og forsvar mot angrep*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Forsvarets høgskole.

Åtland, K., Nilsen, T. & Pedersen, T. 2022. Military Muscle-Flexing as Interstate Communication: Russian NOTAM Warnings off the Coast of Norway, 2015–2021, *Scandinavian Journal of Military Studies*, 5(1):63-78. doi: 10.31374/sjms.133.

Beadle, A.W., Diesen, S., Nyhamar, T. & Bostad, E.K. 2019. *Globale trender mot 2040 – et oppdatert fremtidsbilde*. 19/00045. Oslo: Forsvarets forskningsinstitutt (FFI).

Berg, I.B. 2016. *Sikkerhetsdilemma eller avskrekking? En empirisk undersøkelse av forholdet mellom NATO/Vesten og Russland i 2014 og 2015*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Norges teknisk-naturvitenskapelige universitet.

Berli, E. 2019. *Norges risikoprosjekt: Forsvarspolitikkens dreining*. https://www.prosjektutsyn.no/norges-risikoprosjekt-forsvarspolitikkens-dreining/ [15 September 2020].

Black, J., Flanagan, S., Germanovich, G., Harris, R., Ochmanek, D., Favaro, M., Galai, K. & Gloinson, E. 2020. *Enhancing deterrence and defence on NATO's northern flank: Allied perspectives on strategic options for Norway*. RAND Corporation. doi: 10.7249/RR4381.

Bowers, I. 2018. Small State Deterrence in the Contemporary World, *IFS Insights*:1-8.

Brænd, O.G.E. 2023. *Småsters sikkerhetspolitiske strategier ved økt stormaktsrivalisering. En case-studie av endringer i norsk sikkerhetspolitikk som en følge av Russlands invasjon av Ukriana i 2022*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Norges teknisk-naturvitenskapelige universitet.

Bragstad, H.H. 2016. *Avskrekking og beroligelse i norsk sikkerhetspolitikk overfor Russland*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Forsvarets høgskole.

Brommesson, D., Ekengren, A.-M. & Michalski, A. 2024. From variation to convergence in turbulent times – foreign and security policy choices among the Nordics 2014–2023, *European Security*, 33(1):21-43. doi: 10.1080/09662839.2023.2221185.

Brooks, R.A. 2007. Introduction: The impact of culture, society, institutions, and international forces on military effectiveness, in Brooks, R.A. en Stanley, E.A. (reds.) *Creating military power: The sources of military effectiveness*, Stanford, CA : Standford University Press, 1-26.

Crowther, G.A. 2023. The Baltic Sea Region at an Inflection Point, *PRISM*, 10(2):6-17.

Diesen, S., Karlsen, G., Kosiander, A., Løvik, A. & Nyhamar, T. 2024. *Erfaringer fra krigen i Ukraina – læringspunkter etter tusen dager med krig*. 24/01299. Oslo: Forsvarets forskningsinstitutt (FFI).

Eggen, K.-A. 2024. Designing around NATO's deterrence: Russia's Nordic information confrontation strategy, *Journal of Strategic Studies*, 47(3):410-434. doi: 10.1080/01402390.2024.2332328.

Elden, E. 2020. *Hva er avskrekking, og hva skal til for å lykkes med det?* https://www.stratagem.no/hva-er-avskrekking-og-hva-skal-til-for-a-lykkes-med-det/ [15 September 2020].

Folgerø, H. 2023. *A thematic analysis of Norway's strategy of deterrence and assurance towards Russia during the war in Ukraine*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Arctic University of Norway.

Forsberg, T. 2023. Finland and Sweden's road to NATO, *Current History*, 122(842):89-94. doi: 10.1525/curh.2023.122.842.89.

Guttelvik, M.S. & Hennum, A.C. 2019. *Prinsipper for norsk avskrekking – en operasjonsanalytisk tilnærming*. 19/00403. Kjeller: Forsvarets forskningsinstitutt.

Haugevik, K., Svendsen, Ø., Creutz, K., Olesen, M.R., Regnér, A.L. & Schmidt, J.L. 2022. *Security debates and partnership choices in the Nordic states: From differentiation to alignment*. 1/2022. Oslo: Norwegian Institute of International Affairs.

Jakobsen, E. 2023. Utviklingen av USAs militære tilstedeværelse på NATOs østre flanke – beroligelse av allierte, avskrekking av Russland og eskaleringskontroll, *Internasjonal Politikk*, 81(3). doi: 10.23865/intpol.v81.5698.

Janovsky, J., Naalsio, Aloha, Dan, Kemal & Black, A. 2025a. *Attack on Europe: Documenting Russian equipment losses during the Russian invasion of Ukraine*. https://www.oryxspioenkop.com/2022/02/attack-on-europe-documenting-equipment.htm [6 Februarie 2025]. (Hierdie bron gebruik slegs voorname by sommige outeurs.)

Janovsky, J., Naalsio, Aloha, Dan, Kemal & Black, A. 2025b. *Attack on Europe: Documenting Ukrainian equipment losses during the Russian invasion of Ukraine*. https://www.oryxspioenkop.com/2022/02/attack-on-europe-documenting-ukrainian.html [6 Februarie 2025]. (Hierdie bron gebruik slegs voorname by sommige outeurs.)

Kamiński, M.A. & Śliwa, Z. 2023. Poland's threat assessment. Deepened, not changed, *PRISM*, 10(2):130-147.

Knutsen, T. 2022. Overraskelser kommer sjelden alene. Om misforståelser, myter og invasjonen av Ukraina, *Internasjonal Politikk*, 80(4). doi: 10.23865/intpol.v80.5129.

Mäki-Ullakko, I. 2023. *Contribution of military logistics to conventional deterrence in the case of Ukraine*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Forsvarets høgskole.

Mälksoo, M. 2024. NATO's new front: deterrence moves eastward, *International affairs*, 100(2):531-547. doi: 10.1093/ia/iiae008.

Markussen, H.-F. 2023. *Cold Calculus. Norway's triad of deterrence, assurance, and reassurance in joint military exercises in the Arctic*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universitet i Oslo.

Mazarr, M., Chan, A., Demus, A., Frederick, B., Nader, A., Pezard, S., Thompson, J. & Treyger, E. 2018. *What deters and why: exploring requirements for effective deterrence of interstate aggression*. RAND Corporation. doi: 10.7249/RR2451.

Mediazona 2025. *Russian losses in the war with Ukraine*. https://en.zona.media/article/2022/05/20/casualties_eng-trl [6 Februarie 2025].

Meleshchenko, T. 2024. Transformation of the European security system in the light of Sweden and Finland's accession to NATO, *Foreign Affairs*, 34(2):36-42.

Migliorati, M. 2024. New Nordic pathways? Explaining Nordic countries' defence policy choices in the wake of the Ukrainian war, *Journal of European Public Policy*, 31(10):3249-3274. doi: 10.1080/13501763.2024.2314247.

Millett, A.R., Murray, W., Watman, K.H. 1988. The effectiveness of military organisations, in Millett, A.R. en Murray, W. (reds), Military effectiveness: Volume 1 – The First World War, Boston: Unwin Hyman, 1-30.

Moore, R.R. 2023. Ukraine's Bid to Join NATO: Re-evaluating enlargement in a new strategic context. In Goldgeier, J. & Shifrinson, J.R.I. (eds.) *Evaluating NATO enlargement. From Cold War victory to the Russia-Ukraine War*. Cham, Switzerland: Palgrave Macmillan, pp. 373-414.

Nitszke, A. 2022. The European Union versus Russian Disinformation, in *Information security policy: conditions, threats and implementation in the international environment*. Ksiegarnia Akademicka Publishing, pp. 35-51. doi: 10.12797/9788381388276.02.

Norberg, I.K. 2020. *Klassisk avskrekkingsteori i møte medmoderne krigføring. Implikasjoner av utviklingen i russisk militærmaktfor avskrekking og strategisk stabilitet*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Universitet i Oslo.

Norwegian Ministry of Defence 2020. *The defence of Norway. Capability and readiness*.

Nyhamar, T. 2021. *Military strategic aspects of Nordic security environment changes – identifying common Nordic strategic challenges*. 21/01665. Oslo: Forsvarets forskningsinstitutt.

Saxi, H.L. 2021. *Avskrekking er tilbake! Men hva er avskrekking?* https://www.atlanterhavskomiteen.no/post/17925489/Avskrekking%20er%20tilbake [21 Januarie 2025].

Saxi, H.L. 2023. Norway Between the 'High North' and the Baltic Sea, *Prism*, 10(2):113-129.

Solheim, C. 2020. *Vektlegger Norge avskrekkelse eller beroligelse i nordområdene i møte med økt russisk makthevdelse?* Ongepubliseerde MA-verhandeling: Norwegian University of Science and Technology.

Stormark, F.A. 2024. *Er den sivil-militære helseberedskapen forberedt til en NATO-artikkel 5 operasjon?* Ongepubliseerde MA-verhandeling: Forsvarets høgskole.

Strømmen, T.I. 2017. Ein strategi på leirføter, *Necesse*, 2(2):14033.

Strømmen, T.I. 2019. *Sjøforsvaret mot 2040. Eit forslag til framtidig styrkestruktur for Sjøforsvaret*. 2/19. Bergen: Sjøkrigsskulen.

Tørrisplass, O.M. 2017. *Deterrence or reassurance? Determining the appropriate Norwegian response to a more unpredictable Russia*. Ongepubliseerde MA-verhandeling: Nord Universitet.

Tørrisplass, O.M. 2018. Deterrence and Crisis Stability – The F-35 and Joint Strike Missile's Effect on the Norwegian Security Policy Toward Russia, *Scandinavian Journal of Military Studies*, 1(1):19-32. doi: 10.31374/sjms.10.

Treyger, E., Cheravitch, J. & Cohen, R.S. 2022. *Russian disinformation efforts on social media*. Santa Monica, Calif.: RAND Project Air Force.

Ven Bruusgaard, K. 2018. Deterrence in the High North, *The Norwegian Atlantic Committee Security Brief,* pp. 1-4.

Von Hlatky, S. & Fortmann, M. 2023. NATO enlargement and the failure of the cooperative security mindset. In Goldgeier, J. & Shifrinson, J.R.I. (eds.) *Evaluating NATO enlargement: From Cold War victory to the Russia-Ukraine War*. Cham, Switzerland: Palgrave Macmillan. pp. 531-562.

Wicken, N. & Beadle, A. W. 2024. *Norske eksperters prediksjonerom krigen i Ukraina – hvor godt har de truffet?* 24/00157. Oslo: Forsvarets forskningsinstitutt (FFI).

Wilhelmsen, J. & Hjermann, A.R. 2022. Russian certainty of NATO hostility: repercussions in the arctic, *Arctic Review on Law and Politics*, 13:114-142. doi: 10.23865/arctic.v13.3378.

Ziegler, T.D. 2024. Mellom rasjonalitet og identitet: En analyse av Sveriges prosess mot NATO-medlemskap, *Internasjonal Politikk*, 82(2). doi: 10.23865/intpol.v82.6001.

# Die eliminering van kernwapens in die konteks van die verbod op oorlog

***The elimination of nuclear weapons in the context of outlawing war***[1]

**Joelien Pretorius**
Universiteit van Wes-Kaapland
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Departement Politieke Studies
Kaapstad, Suid-Afrika
E-pos: jpretorius@uwc.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-1628-0073

**Tom Sauer**
Departement Politieke Studies
Universiteit Antwerpen
Antwerp, België
E-pos: tom.sauer@antwerpen.be
ORCID: https://orcid.org/0000-0003-1632-8281



Joelien Pretorius



Tom Sauer

**Joelien Pretoius** is 'n alumna van die Universiteit van Pretoria, en het 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Cambridge in die Verenigde Koninkryk verwerf. Die fokus van haar tesis is militêre denkwyses ná apartheid en die rewolusie in militêre aangeleenthede in Suid-Afrika. Haar huidige navorsing fokus op kernontwapening, maar sy het ook oor waterskaarsheid as 'n sekuriteitsaangeleentheid, COVID-19 en talle ander onderwerpe in Veiligheidstudies gepubliseer.

Sy dien in die Raad van die Pugwash-konferensies oor Wetenskap en Wêreldsake en in die reëlingskomitee van die Afrika-Navorsing-en-Innovasienaaf vir die Verifikasie van Kernontwapening (African Research and Innovation Hub for Nuclear Disarmament Verification). As professor in die Departement Politieke Studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland doseer sy Internasionale Verhoudings en Veiligheidstudies.

**Joelien Pretoius** is an alumna of the University of Pretoria, and obtained a PhD from Cambridge University in the United Kingdom, focusing in her thesis on post-apartheid defence thinking and the revolution in military affairs in South Africa. Her current research interest is nuclear disarmament, but she has also published on the securitisation of water scarcity, COVID-19 and various other topics in Security Studies.

She serves on the Council of the Pugwash Conferences on Science and World Affairs and on the steering committee of the African Research and Innovation Hub for Nuclear Disarmament Verification. She is a professor in the Department of Political Studies at the University of the Western Cape and teaches International Relations and Security Studies.

1 The authors of this article will provide an English translation on request.

**Datums:**
Ontvang: 2025-07-30 Goedgekeur: 2025-10-10 Gepubliseer: Desember 2025


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

**Tom Sauer** is professor in Internasionale Politiek in die Departement Politiek van die Universiteit Antwerpen (België).

Sauer spesialiseer in internasionale veiligheid, veral kernwapenbeheer, die proliferasie van kernwapens en kernontwapening. Hy is die skrywer van of 'n bydraer tot 11 boeke (monografieë en versamelwerke), talle akademiese artikels in vaktydskrifte, en meer as 300 meningsartikels. Sy jongste boek (saam met Yoichiro Sato en Elena Atanassova-Cornelis) is getitel *Security order and strategic alignment in Europe and the Asia-Pacific* (Routledge, 2025).

Sauer het Politiek en Internasionale Politiek gestudeer aan die FUNDP-Namur (België), die Katolieke Universiteit Leuven (België), die Universiteit van Hull (VK), en die Bologna-sentrum van die Paul H. Nitze-Skool vir Gevorderde Internasionale Studies (SAIS) van die Johns Hopkins-Universiteit (VSA). Hy het 'n PhD in Sosiale Wetenskappe (Politiek) aan die Katolieke Universiteit Leuven (België) verwerf.

Sauer is 'n ontvanger van 'n NAVO Individuele Beurs (1994–1995),'n Rotariër-ambassadeursbeurs (1997–1998) en 'n postdoktorale navorsingsbeurs van die Fonds Wetenschappelijk Onderzoek – Vlaanderen (FWO) (2002–2008).

Hy is 'n voormalige BCSIA-genoot aan die John F. Kennedy-Skool vir Regeerkunde aan die Harvard-Universiteit (VSA) (1997–1999), en 'n aktiewe lid van die Pugwash-konferensies oor Wetenskap en Wêreldsake. In 2019 het hy die Rotariëralumni se Wêrelddienstoekenning ontvang.

**Tom Sauer** is professor of International Politics in the Department of Politics at the University of Antwerp (Belgium).

Sauer's field of specialisation is international security, particularly with regard to nuclear arms control, proliferation and disarmament. He is the author of or a contributor to 11 books (monographs and edited books), and in addition authored numerous academic articles in journals and more than 300 opinion articles. His latest co-edited book (with Yoichiro Sato and Elena Atanassova-Cornelis) is *Security Order and Strategic Alignment in Europe and the Asia-Pacific* (Routledge, 2025).

Tom Sauer has studied Politics and International Politics at the FUNDP-Namur (Belgium), the Catholic University of Louvain (KU Leuven) (Belgium), the University of Hull (UK), and the Bologna Center of the Paul H. Nitze School of Advanced International Studies (SAIS) of the Johns Hopkins University (US). He obtained a PhD in Social Sciences (Politics) from the Catholic University of Louvain.

Sauer is a recipient of a NATO Individual Scholarship (1994–1995), a Rotary Ambassadorial Scholarship (1997–1998), and a Postdoctoral Fellowship of the Research Foundation – Flanders (2002– 2008). He is a former BCSIA Fellow at the John F. Kennedy School of Government at Harvard University (USA) (1997–1999), and an active member of the Pugwash Conferences on Science and World Affairs. In 2019, he received the Rotary Alumni Global Service Award.

## ABSTRACT

### *The elimination of nuclear weapons in the context of outlawing war*

*Outlawing nuclear weapons (as done by the Treaty on the Prohibition of Nuclear Weapons) and thereafter eliminating nuclear weapons should be placed in the context of outlawing war (as done by the Kellogg-Briand Pact of 1928). The International Humanitarian Law justification for banning nuclear weapons run up against the idea that nuclear weapons are essential to deter wars in general and keep nuclear peace in particular. In this article discursively the Treaty on the Prohibition of Nuclear Weapons (TPNW) will be contextualized in a broader set of arguments that reject the idea that nuclear weapons keep the peace.*

*Banning nuclear weapons is not simply an issue of not using or threatening to use a massively destructive and indiscriminate weapon in war, but an important step in rejecting conventional wars of aggression behind a nuclear shield as national policy. The scholarship revising the Kellogg-Briand Pact's impact provides another way to think about nuclear weapons and ius ad bellum. It starts by taking the outlawry of war and the new legal order that it brought about as the explicit political context that the TPNW is born into and asks what such a contextualization might mean for the political work that needs to be done around the TPNW*


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

*to reach its endgame, namely a world without nuclear weapons. Five ways in which such a contextualization can help the TPNW are discussed in the article.*

*The system set up by the United Nations to achieve peace through instruments, such as collective security, mediation, and peacekeeping, is undermined by the reliance on nuclear deterrence. When nuclear weapons are off the table, these instruments are back in play and have a greater chance of success. The TPNW fits in history as an outflow of the outlawry of war, as another positive peace measure to consolidate an order where wars of aggression have been outlawed. Contrary to nuclear deterrence, the TPNW is rooted in the same normative discourse that underpinned the Kellogg-Briand Pact.*

**KEYWORDS:** Elimination of nuclear weapons; war; Treaty on the Prohibition of Nuclear Weapons; nuclear deterrence; Kellogg-Briand Pact; United Nations Charter; ius in bello; ius ad bellum, Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons

**TREFWOORDE:** Eliminering van kernwapens; oorlog; Kernwapenverbod; kernafskrikking; Kellogg-Briand-verdrag; Handves van die Verenigde Nasies; ius in bello; ius ad bellum, Kernsperverdrag

## OPSOMMING

’n Verbod op kernwapens (soos vervat in die Verdrag insake die Verbod op Kernwapens, 2021 – hierna die Kernwapenverbod genoem), en uiteindelik ook die algehele eliminering van sulke wapens, moet in die konteks van die verbod op oorlog (soos vervat in die Kellogg-Briand-verdrag, 1928) geplaas word. Tot op hede, is die verbod op kernwapens grootliks in die konteks van internasionale humanitêre reg geplaas. Maar dié kontekstualisering hanteer nie *die idee* dat kernwapens lande afskrik van oorlog, sogenaamde “kernvrede”, bevredigend nie. Hierdie artikel het ten doel om die Kernwapenverbod te kontekstualiseer in ’n stel breër argumente wat die idee verwerp dat kernwapens vrede bewerkstellig.

Die Kernwapenverbod het nie net ten doel om *in ’n oorlog* die gebruik van wapens wat massavernietiging sonder onderskeid veroorsaak, te voorkom nie. Dit is ook ’n belangrike stap in die verwerping van konvensionele aanvalsoorloë agter ’n kernskild as aanvaarbare nasionale beleid. Die literatuur wat die uitwerking van die Kellogg-Briand-verdrag hersien, bied ’n manier waarop ’n mens die verband tussen kernwapens en *ius ad bellum* kan bedink. Dié denkwyse neem die verbod op oorlog en die nuwe internasionale regsorde waartoe dit aanleiding gegee het, as die eksplisiete konteks waarin die Kernwapenverbod ontstaan het. Wat hierdie konteks vir die politieke werk beteken wat nodig is om ’n kernwapenvrye wêreld tot stand te bring, word dan ondersoek. Vyf maniere waarop so ’n kontekstualisering die Kernwapenverbod kan bevorder, word in die artikel voorgelê.

Die stelsel wat deur die Verenigde Nasies (VN) ontwikkel is om vrede te bewerkstellig deur middele soos kollektiewe sekuriteit, bemiddeling, en vredesoperasies, word ondermyn omdat sekere state op ’n kernafskrikkingsbeleid steun. Wanneer kernwapens nie meer ’n beleidsopsie is nie, word die VN se middele meer relevant en verkry hulle ’n groter kans op sukses. Die Kernwapenverbod is ’n uitvloeisel van die verbod op oorlog en nog ’n verdrag waardeur “positiewe vrede” ’n orde kan konsolideer waarin aanvalsoorloë reeds verbied is. In teenstelling met kernafskrikking is die Kernwapenverbod gegrond op dieselfde normatiewe diskoers waarop die Kellogg-Briand-verdrag berus.

## 1. Inleiding

Die verbod op kernwapens moet in die konteks van die verbod[2] op oorlog gesien word. Die Kernwapenverbod, wat in 2021 in werking getree het, het ten doel om kernwapens te verbied en moet nie met die Kernsperverdrag van 1970, wat primêr ten doel het om *die verspreiding* van kernwapens te beperk, verwar word nie.[3] State wat partye van die Kernwapenverbod is, verklaar in die Aanhef dat hulle ooreenkomstig die Handves van die Verenigde Nasies (VN) in hul internasionale betrekkinge moet afsien van die dreigement of gebruik van geweld teen die territoriale integriteit of politieke onafhanklikheid van enige staat (Kernwapenverbod, 2017). Die diskoers waarin die Kernwapenverbod die wederregtelikheid van kernwapens plaas, is egter gegrond in *ius in bello* of die internasionale humanitêre reg (IHR). Die beweging vir kernontwapening, bestaande uit sowel aktivistiese state as burgerlike samelewingsgroepe, het 'n IHR-benadering waarskynlik gesien as die mees logiese en direkte manier om 'n kernwapenverbod van hierdie aard te bewerkstellig. Die IHR-regverdiging van 'n verbod op kernwapens is egter in stryd met *die idee* dat kernwapens nodig is om oorlog af te weer en sogenaamde kernvrede te bewaar. Die Latynse frase "*Si vis pacem, para bellum*" ("As jy vrede begeer, berei jou voor op [kern]oorlog"), is ingeprent in die denkwyse van kernbeleidsmakers deur die "Towenaars van Armageddon." Kaplan (1983) het die bynaam aan Bernard Brodie en ander analiste gegee wat kernafskrikking as teorie en strategie in die Verenigde State van Amerika (VSA) ontwikkel het. Sekere state het dié regverdiging van die bestaan en besit van kernwapens gebruik om nie deel te neem aan die onderhandelinge wat tot die Kernwapenverbod gelei het nie, en sommige kommentators het die verdrag om dieselfde rede as 'n bedreiging vir internasionale vrede en veiligheid bestempel (Stephens, 2017). In die diskoers moet die Kernwapenverbod dus in 'n stel breër argumente gekontekstualiseer word wat die idee verwerp dat kernwapens die vrede bewaar.

Een manier om dit te doen is om argumente aan te voer teen kernafskrikkingsteorie, naamlik dat kernafskrikking immoreel en onmenslik en nie sonder leemtes is nie, dat dit tot wapenwedlope lei en dat dit selfs deur kernstate se eie beleid ondermyn word, byvoorbeeld deur die ontwikkeling van missielverdedigingstelsels. IHR-argumente wat deur die voorstaanders van die Kernwapenverbod gebruik word korreleer met die benadering. Die ander manier is om aan te voer dat oorlog onwettig verklaar is. Die afname in interstaatlike aanvalsoorloë (met die Russiese inval in Oekraïne as 'n belangrike onlangse uitsondering) is die gevolg van hierdie normatiewe verskuiwing in hoe internasionale orde tot stand kom. Die verbod op kernwapens behels nie slegs dat die gebruik *in 'n oorlog* van wapens van grootskaalse vernietiging en die bedreiging wat dit inhou, vermy word nie. Dit gaan ook daaroor dat konvensionele aanvalsoorloë van agter 'n kernskild verwerp moet word. Die bedreigingsrol van kernwapens in die Russies-Oekraïense Oorlog sedert 2022, asook soortgelyke historiese voorbeelde, illustreer die relevansie van hierdie kontekstualisering.

2 Ons gebruik die woord "verbod" vir "outlaw". Laasgenoemde word in die literatuur oor die Kellogg-Briand-verdrag gebruik. Die twee woorde se betekenis is nie identies nie, maar beide beteken om iets onwettig te verklaar ('n prohibisie) en is na genoeg om ons argument aan te voer.

3 In Engels heet die verdrag die *Treaty on the Prohibition of Nuclear Weapons* (TPNW) en informeel heet dit *The Nuclear Ban*. Die Kernsperverdrag heet die *Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons* (NPT).


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

## 2. Die verbod op kernwapens

Die humanitêre inisiatief wat tot die Kernwapenverbod gelei het, plaas die fokus op die onmenslikheid van kernwapens: op die ongedifferensieerde, disproporsionele en omgewingsimpak daarvan. Dit beklemtoon ook dat die internasionale gemeenskap nie die vermoë het om genoegsaam te reageer op die humanitêre krisis wat uit kernwapengebruik sou voortspruit nie (Sauer & Pretorius, 2014:4). In wese spreek die Kernwapenverbod, soos die verdrae wat chemiese en biologiese wapens, teenpersoneelmyne en trosmunisie (*cluster munitions*) verbied, dus tot *ius in bello* – oftewel optrede wat in ’n oorlog as geoorloof beskou kan word. *Ius in bello* word gewoonlik onderskei van *ius ad bellum*, wat betrekking het op die omstandighede waarin dit geoorloof is om tot oorlog oor te gaan en wat dikwels binne die raamwerk van die “geregverdigde oorlog”[4] geplaas word. Dit is ’n tradisie waarvolgens oorlog geregverdig is slegs indien daar ’n geregverdigde oorsaak daarvoor is (Moussa, 2008).

Dit het sin gemaak om die veldtog om kernwapens te verbied vanuit ’n *ius in bello*-benadering te voer. Daar is reeds presedente in sowel regs- as diplomatieke prosesse waarop gesteun kon word. As trosmunisie verbied kon word op grond van die leed wat dit burgerlikes gedurende en lank ná die betrokke oorlog aandoen, is dit net logies dat dieselfde moet geld vir kernwapens, wat geweldig baie skade aanrig en generasies nadat dit gebruik is, steeds negatiewe humanitêre en omgewingsuitwerkings het. Die Ottawa- en die Oslo-prosesse, wat gelei het tot die verbod op onderskeidelik teenpersoneel-landmyne en trosmunisie, wys ook hoe ’n klas wapens van wapenbeheer na ’n humanitêre kwessie verskuif kan word (Cluster Munition Coalition, 2017). Hierdie prosesse het die idee dat ’n wapen “gestigmatiseer” word, innoverend gebruik om die humanitêre uitwerking van die gebruik daarvan tuis te bring deur byvoorbeeld die slagoffers van hierdie wapens te kry om hulle stories te vertel (Männistö, 2016).

Om die onderskeid tussen *ius in bello* en *ius ad bellum* te behou en die Kernwapenverbod in eersgenoemde te anker, het ook beteken dat, ongeag watter rede state aanvoer om gewapende konflik te regverdig (selfs ’n geregverdigde saak), dit in oorlogvoering steeds onwettig sal wees om kernwapens te gebruik. As sodanig het die Kernwapenverbod ’n belangrike regsleemte gevul wat die Internasionale Geregshof (IGH) in 1996 gelaat het. Die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies het die IGH versoek om ’n meningsuitspraak te lewer oor die vraag of dreigemente met kernwapens of die gebruik daarvan in enige omstandighede ingevolge internasionale reg toelaatbaar is. Die Hof het bevind dat die dreigement of die gebruik van kernwapens in die algemeen strydig is met die reëls van die internasionale reg wat op gewapende konflik van toepassing is, en in die besonder met die beginsels en reëls van die humanitêre reg. Die Hof het egter op ’n verwarrende wyse ook verklaar dat die Hof, in die lig van die huidige stand van die internasionale reg en van die feite tot beskikking, nie tot die besliste gevolgtrekking kon kom dat die dreigement of gebruik van kernwapens onwettig sou wees in ’n uiterste geval van selfverdediging waarin die voortbestaan van ’n staat op die spel sou wees nie (IGH 1996, par. 2E). Die Hof se mening het ruimte gelaat vir die vertolking dat *ius in bello* ondergeskik aan *ius ad bellum* is. Indien oorlogvoering dus geregverdig word deur te steun op uiterste selfverdediging, kan die bedreiging of die gebruik van kernwapens in die oorlogvoering geregverdig wees (Moussa, 2008). State wat oor kernwapens beskik (en state

[4] Raadpleeg Cox (2024) vir ’n historiese oorsig van die intellektuele oorsprong van geregverdigde oorlog.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

wat daarna streef om kernwapens te bekom), sou so 'n vertolking van die IGH se mening kon gebruik ter verdediging van die behoud of verkryging van kernwapens.

Die Kernwapenverbod laat egter geen ruimte vir vertolking nie – kernwapens is in alle opsigte onwettig, met inbegrip van die besit, gebruik, dreigement van gebruik en plasing daarvan, en ook om enigeen van voornoemde op enige wyse te ondersteun of aan te moedig (Kernwapenverbod, 2017, Art. 1). Geen *casus belli* kan kernwapengebruik of die dreigement van gebruik in oorlog regverdig nie, en geen *casus belli* noodsaak dus besit of bestaan van kernwapens nie.

Vir die voorstanders van ontslaeraking van kernwapens is die Kernwapenverbod 'n groot stap in die rigting van die uiteindelike eliminering van kernwapens op die volgende wyses:

Eerstens is die oorhoofse doel van die Kernwapenverbod dat die wyse waarop rolspelers oor kernwapens dink, verander word. Soos uitgebeeld deur die humanitêre inisiatief waarop dit gegrond is, het die Kernwapenverbod 'n nuwe narratief in verband met kernwapens gebou, een wat berus op die feite van kernontploffings (Williams, 2018:53). Die Kernwapenverbod formuleer kernontwapening in mensgesentreerde taal eerder as die staatsgesentreerde, tegniese en abstrakte taal van wapenbeheer en kernafskrikking. Ten einde 'n verandering teweeg te bring in die denke oor kernwapens, het die voorstanders van die verbod van die Oslo- en Ottowa-prosesse geleer en veral staatgemaak op die ervarings en verhale van die oorlewendes (die hibakusha) van die kernbomontploffings in Japan teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog, asook van die slagoffers van straling as gevolg van kernwapenstoetse en van gemeenskappe wat aangetas is as gevolg van uraanmynbou.

Tweedens word die verbod gesien as die toepassing van globale demokratiese beginsels, sodat die meerderheid van die state wat die verbod op kernwapens ondersteun, hulleself kan laat geld. 'n Klein groep kernmoondhede en hul bondgenote gebruik ontwapeningsforums om hul belange met betrekking tot kernwapenverspreiding en kernveiligheid te bevorder, maar ook om die nakoming van hul kernontwapeningsverpligtinge te vertraag (Pretorius & Sauer, 2022). Om hierdie magsdinamiek te verander, is kernontwapening by resolusie na die Eerste Komitee vir Ontwapening en Internasionale Veiligheid van die Algemene Vergadering van die VN verwys. Laasgenoemde het 'n werkgroep ingestel om multilaterale onderhandelinge oor kernontwapening en die humanitêre gevolge van kernwapengebruik te bespreek. Die Meksikaanse afvaardiging het tereg gesê dat wat die humanitêre inisiatief gedoen het, was om aan dosyne niekernwapenstate wat vir baie jare geswyg het, weer 'n stem te gee en aan hulle 'n platform te bied (ICAN, 2016). Die state het reeds hul frustrasie dat daar nie na hulle geluister word in die Kernsperverdrag se vergaderings nie in verskeie wyses uitgedruk, soos blyk uit die Onverbonde Beweging en die Nuwe Agenda Koalisie se uitsprake in hierdie forum (Pretorius & Sauer, 2022). 'n Resolusie (Res. 71/258) is later deur die Algemene Vergadering aangeneem om in 2017 onderhandelinge te begin ten einde 'n regsbindende ooreenkoms te ontwikkel om kernwapens te verbied en uiteindelik heeltemal te elimineer. Globale demokrasie in hierdie "gesekuritiseerde"[5] beleidsgebied is bevorder deur die insluiting van die burgerlike samelewing, gekoördineer deur die Internasionale Veldtog vir die Afskaffing van Kernwapens (ICAN), die ontvangers van die Nobelprys vir Vrede in 2017. Volgens Ray Acheson, direkteur van *Reaching Critical Will* en lid van die reëlingskomitee van ICAN, kon state se stemme nou

[5] Sekuritisering (*securitisation*) is die proses waardeur 'n vraagstuk van "normale" politiek tot 'n noodtoestand verhef word en staatsrolspelers dan buitengewone maatreëls regverdig om die vraagstuk te hanteer, byvoorbeeld om menseregte en demokratiese maatreëls in die naam van veiligheid enigermate op te hef (Barry Buzan, Ole Wæver en Jaap de Wilde, 1998:25).


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

buite die onderhandelingskamer gehoor word, wat deursigtigheid verbeter het, terwyl die stemme van die burgerlike samelewing binne die kamer gehoor kon word, wat openbare deelname bevorder het (ICAN, 2016; Acheson, 2021). Die desekuritiseringseffek, dit wil sê om kernwapens as 'n politieke kwessie eerder as 'n saak van nasionale veiligheid te hanteer, is noodsaaklik vir die groter doel van die Kernwapenverbod.

Derdens word die Kernwapenverbod beskou as 'n manier om kernwapens te stigmatiseer. Alhoewel daar meningsverskille bestaan oor die vraag of die wapens self die regte teiken van stigmatisering moet wees of eerder die besitters van die wapens, is die bedoeling volgens Fihn om persepsies van onaanvaarbaarheid te skep. Die persepsies is onversoenbaar met die identiteit wat 'n staat in die wêreld wil hê. Sodoende word dit moeilik vir state wat kernwapens besit, om blywende besit van en volgehoue beplanning vir die gebruik van kernwapens te regverdig (Fihn, aangehaal in Sauer en Reveraert, 2018:47). In plaas daarvan om mag, aansien of veiligheid met kernwapens te assosieer, beklemtoon die Kernwapenverbod die morele aanstootlikheid daarvan (Egeland, 2016).

Laastens het die Kernwapenverbod waarde vir die ontwikkeling van die internasionale gewoontereg betreffende kernwapens. Al het kernstate nog nie die verdrag onderteken nie, kan die verdrag met verloop van tyd vir alle state regsbindend word. Ten einde die status van gewoontereg te verkry, moet die verdrag aan sekere kriteria voldoen, byvoorbeeld dat dit beskou word as die algemene siening van die internasionale gemeenskap en dat dit die gewoonteregtelike praktyk van state weerspieël. Die kerntaboe, of die norm dat kernwapens nie gebruik mag word nie, weerspieël soortgelyke gewoonteregtelike praktyk (Tannenwald, 2007).[6] Deur die Kernwapenverbod kan 'n eindfase bereik word waarin die norm teen die gebruik van kernwapens die status van *ius cogens* aanneem, 'n dwingende norm of onafwendbare regsbeginsel wat eenvoudig as vanselfsprekend aanvaar word, en waarvan *niemand ooit* mag afwyk nie (Pretorius, 2016; Pretorius, 2021). Hoewel die afdwinging van enige internasionale regsnorm moeilik is, gee *ius cogens* wel opsies vir akteurs om die wat dit oortree te vervolg of sankies en ander maatreëls in te stel.

Vir teenstanders van die Kernwapenverbod is die verdrag sowel nutteloos as gevaarlik. Die bestempeling van die Verdrag as nutteloos spruit daaruit dat state wat oor kernwapens beskik, in die algemeen, maar veral die vyf kernwapenstate, soos genoem in die Kernsperverdrag van 1970, en hul bondgenote, nie by die onderhandelingsproses betrokke was nie.[7] Die kernwapenstate het teen die onderhandeling van die Kernwapenverbod gestem.[8] Toe die resolusie (Res. 71/258) om onderhandeling te begin aanvaar is in 2017, het hulle gekies om nie aan die onderhandelinge deel te neem nie en daarna het hulle die verdrag in die openbaar verwerp toe dit deur die partye wat aan die onderhandelingskonferensie deelgeneem het, aanvaar is. Hulle boikot het die verdrag ondermyn, aangesien sommige niekernwapenstate dit as 'n rede gesien het om nie die onderhandelinge of die verdrag te ondersteun nie. Vier-en-twintig state, die meeste van hulle niekernwapenstate en lede van die Noord Atlantiese

---

6 Tannenwald (2022) voer wel aan dat hierdie taboe onder druk is.

7 Die Kernsperverdrag maak 'n onderskeid tussen kernwapenstate ("nuclear weapon states") (die VSA, die Verenigde Konigkryk (VK), China, Rusland en Frankryk), wat sulke wapens voor 1 Januarie 1967 getoets het, en niekernwapenstate ("non-nuclear weapon states"). Kernbewapenstate ("nuclear armed states" sluit ook dié in wat sedert 1967 kernwapens ontwikkel het en nie lede van die Kernsperverdrag is nie.

8 Noord-Korea het in die Eerste Komitee ten gunste van die onderhandelinge gestem, Indië en Pakistan het buite stemming gebly, en Israel het teen die resolusie gestem. Nie een van die kernwapenstate het aan die onderhandelinge deelgeneem nie.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

Verdragsorganisasie (NAVO), maar ook Australië en Suid-Korea, het hulle teenstem teen die onderhandelinge op dié gronde geregverdig. Om ’n proses te begin om ’n verdrag wat kernwapens verbied aan te neem sonder die ondersteuning van die kernwapenstate en ’n groot aantal ander lande met spesifieke veiligheidsbelange was vir hulle voortydig (ICAN, 2016b). Selfs Noorweë, ’n land wat die eerste konferensie oor die humanitêre uitwerking van kernwapens aangebied het, het verklaar dat hulle moes erken dat die kernwapenstate in die heersende omstandighede nie gereed was om aan onderhandelings oor ’n verbod op kernwapens deel te neem nie. Onderhandelings waaraan kernwapenstate nie deelgeneem het nie, sou geen werklike impak hê nie (ICAN, 2016b). Dit het ’n refrein by teenstanders geword om die onderhandelingsproses ’n hopelose saak (“non-starter”) te noem, terwyl die kernwapenstate en vier ander state met kernwapens nie aan die proses deelneem nie (Stephens, 2017).

Vir die state met kernwapens berus hulle niedeelname aan en verwerping van die Kernwapenverbod op die beskuldiging dat die verdrag gevaarlik is. Die beskuldiging lui soos volg (Joint Press statement…, 2017):

> This initiative clearly disregards the realities of the international security environment. Accession to the ban treaty is incompatible with the policy of nuclear deterrence, which has been essential to keeping the peace in Europe and North Asia for over 70 years. A purported ban on nuclear weapons that does not address the security concerns that continue to make nuclear deterrence necessary cannot result in the elimination of a single nuclear weapon and will not enhance any country’s security, nor international peace and security. It will do the exact opposite by creating even more divisions at a time when the world needs to remain united in the face of growing threats, including those from the DPRK’s ongoing proliferation efforts. This treaty offers no solution to the grave threat posed by North Korea’s nuclear program, nor does it address other security challenges that make nuclear deterrence necessary. A ban treaty also risks undermining the existing international security architecture which contributes to the maintenance of international peace and security.

Die Kernwapenverbod is in twee opsigte as gevaarlik bestempel:

Eerstens word die kernwapenstate se verpligting om ingevolge Artikel 6 van die Kernsperverdrag van daardie wapens ontslae te raak, as problematies vir internasionale vrede en veiligheid beskryf. ’n Wêreld sonder die kernwapens van hierdie state waarmee vrede gehandhaaf word, sou ’n onveilige en oorlogsgedrewe wêreld wees. Wat agter die bewering lê dat kernwapens vrede handhaaf, is die idee van ’n “absolute wapen”, waarvan die moontlike gebruik die volgende gebeure kan voorkom:[9]

- staatsaggressie, byvoorbeeld die idee dat die VSA se kernwapens die Sowjetunie tydens die Koue Oorlog weerhou het van pogings om kommunistiese wêreldheerskappy te vestig;
- die eskalering van interstaatlike vyandelikheid en skermutselinge tot volskaalse oorlog, byvoorbeeld tussen Indië en Pakistan oor Kasjmir;
- kernwapenoorlog tussen state met kernwapens, byvoorbeeld dat gewisse wedersydse vernietiging (“mutually assured destruction”) verhoed dat vyande kernwapens teen mekaar gebruik; en

[9] Kaplan (1983) gee ’n gedetailleerde oorsig van die verskillende weergawes van kernafskrikking in die VSA.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

- die verskaffing van kernwapens aan en deur onverantwoordelike state, byvoorbeeld die opvatting dat die kernwapens van kernwapenstate ’n noodsaaklike instrument is om Noord-Korea en Iran se kernwapenprogramme te beperk.

Tweedens word die huidige kernorde uitgebeeld as sorgvuldig opgestel aan die hand van die Kernsperverdrag as die hoeksteen-ooreenkoms tussen state. Die Kernsperverdrag word geïnterpreteer as ’n legitimering van die vredeshandhawingsfunksie van die vyf kernwapenstate se kernwapens totdat die internasionale omstandighede bereik kan word wat daardie funksie oorbodig maak.[10] Die enigste realistiese manier om kernontwapening tot op daardie tydstip te benader, is deur ’n versigtige, stapsgewyse proses in bestaande kernontwapeningsforums te volg, waar die (kern)magsbalans grootliks gehandhaaf kan word deur die konsensusstruktuur van hierdie forums. Die wyse waarop die Kernwapenverbod kernontwapening benader, ondermyn die stabiliteit van hierdie kernorde deur ontwapeningsforums te fragmenteer en verdeeldheid te saai onder die state wat partye by die Kernsperverdrag is. As die Kernwapenverbod enigsins suksesvol is, en ’n nuwe kernorde inlei deur die Kernsperverdrag te vervang, vra teenstanders: “Wat gebeur as die ou reëls laat vaar word maar die nuwe reëls nie deur ’n paar dosyn lande aanvaar word nie? … Sal dit nie dalk ’n werklik Hobbesiaanse nagmerrie wees waarin almal met alle moontlike wapens teen almal veg nie?” (Sinovets, 2016).

Voorstanders van die Kernwapenverbod reageer op die aantyging dat die verbod gevaarlik is, deur die idee van kernafskrikking te bevraagteken. Argumente teen kernafskrikking sluit die volgende in:

- dit is nie volmaak nie, en oordeelsfoute en misverstande of misbruik deur ’n irrasionele leier kan voorkom;
- dit is immoreel, aangesien dit burgerlikes gyselaar hou;
- dit is irrasioneel, omdat die gebruik van kernwapens tot die uitwissing van die mensdom kan lei – ’n kernoorlog kan dus nie gewen word nie, iets wat die kernwapenstate self erken[11]; en
- dit lei tot wapenwedlope, omdat afskrikking mededinging aanwakker deur die vereiste van ’n geloofwaardige tweede-aanvalsvermoë om ’n eerste kernaanval af te weer.

Voorstanders van die Kernwapenverbod het gereageer op die bewering dat die verbod tot die ondergang van die Kernsperverdrag sal lei en ’n Hobbesiaanse wêreld sal skep, deur aan te voer dat die Kernwapenverbod op die Kernsperverdrag voortbou en ’n tussentydse stap is totdat aan laasgenoemde se Artikel 6 voldoen is (Kmentt, 2021). Artikel 6 verbind state daartoe om in goeie trou deel te neem aan multilaterale onderhandelinge oor kernontwapening (wat beskou word as ’n manier om ’n wêreld sonder kernwapens te bereik). Die meeste van die niekernwapenstate begin egter ongeduldig raak – die Kernsperverdrag bestaan immers al 55 jaar. Toe die geldigheidsduur van die Kernsperverdrag in 1995 onbepaald verleng is, was die regverdiging vir hierdie verlenging die hernude verbintenis van die kernwapenstate om multilaterale kernontwapeningsonderhandelinge te voer. Toe die Koue Oorlog tot ’n einde kom, het dit geblyk dat die “omstandighede” uiteindelik reg was vir sulke onderhandelinge, en dit het ’n vlaag toetredings tot die Kernsperverdrag meegebring (Rauf & Johnson, 1995).

10 Hierdie omstandighede word so ver op die horison geag dat ’n datum nie vir kernontwapening in die vooruitsig gestel kan word nie, of, in die woorde van pres. Obama (2009), “waarskynlik nie in my leeftyd nie,” as dit hoegenaamd moontlik sal wees.

11 “Joint Statement on preventing nuclear war and avoiding arms races”, 2022.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

In plaas daarvan om hierdie onderhandelinge te bevorder, het kernwapenstate egter voortgegaan om hul kernarsenale te moderniseer (Pretorius & Sauer, 2022).

Gesien as ’n tussentydse stap tot die uitskakeling van kernwapens, is die Kernwapenverbod ’n instrument om rolspelers voor te berei vir ’n wêreld sonder kernwapens. As sodanig kan dit lei tot ’n ordelike verandering van die kernorde binne die raamwerk van Artikel 6 van die Kernsperverdrag. Om die Kernwapenverbod in hierdie lig te beskou – as ’n verandering in die kernorde gebaseer op ’n verandering in die diskoers oor kernwapens – gaan verder as argumente wat kernafskrikking teenstaan. Die Kernwapenverbod kan beskou word as ’n konstruktiewe instrument om ’n meer stabiele en veilige wêreld te bereik. Om die Kernwapenverbod diskursief in die konteks van die verbod op oorlog te plaas, bevorder so ’n breër fokus.

## 3. Die verbod op oorlog

Om ’n praktyk soos oorlog onwettig te verklaar, beteken dat dit deur ’n gemeenskap as onaanvaarbaar beskou word, wat dan wette maak om die praktyk af te skaf deur dit onwettig en onregmatig te maak. Dit beteken nie dat niemand ooit weer aan die praktyk sal deelneem nie, maar dat daar ’n “veronderstelling teen” die praktyk bestaan (Larkin, 2008:113). Diegene wat die praktyk beoefen, sal aan die verkeerde kant van die reg wees (of “buite” die reg staan – ’n banneling of “outlaw”). Wanneer ’n persoon tot banneling verklaar word, is hy/sy nie meer geregtig op die beskerming of voordele wat verleen word deur die reg wat in die betrokke gemeenskap geld nie (Kerr, 1928).

In 1928, in ’n proses gelei deur die toenmalige Amerikaanse minister van buitelandse sake, Frank Kellogg, en die destydse Franse minister van buitelandse sake, Aristide Briand, is ’n multilaterale verdrag onderteken wat ten doel gehad het om oorlog uiteindelik onwettig te maak. Die verdrag was gegrond op die “Outlawry of War”-beweging, wat destyds groot steun geniet het onder godsdienstige organisasies, vredesbewegings, vrouebewegings, universiteite en koerantredakteurs in die VSA en ander state (Alonso, 1997; Koplow, 2014). Die “Outlawry”-beweging se uitgangspunt was kortliks dat die sosiale orde ly wanneer geskilpunte tussen individue en groepe deur geweld opgelos word. Dit beklemtoon dus dat die gebruik van geweld verwerp en verhoed moet word, en dat ’n alternatiewe prosedure gehandhaaf en afgedwing moet word waardeur geskille van alle soorte en aard opgelos kan word deur ’n beroep op rede en geregtigheid soos deur die howe en wetgewers vertolk (Kerr, 1928:362).

Voor 1928 is oorlog in die openbare mening en die internasionale reg beskou as ’n geoorloofde metode om internasionale geskille te besleg. Dit was nie net ’n regmatige manier waarop een land sy regte teen ander state kon afdwing nie, maar ook ’n regmatige manier om hul regte uit te wis. Die beginsel van “Mag Maak Reg” was ’n grondliggende beginsel van die internasionale orde (Hathaway & Shapiro, 2017). Vir die “Outlawry”-beweging was dit die kernoorsaak van oorlog. Om oorlog te beëindig moet dieselfde beginsel wat vrede binne state bewerkstellig, ook tussen state toegepas word. Geweld moet heeltemal verwerp word as ’n metode om internasionale geskille te besleg, en ’n vreedsame prosedure waarin die rede en geregtigheid oor geweld seëvier, moet dus ingestel word (Kerr, 1928:361). Dit was presies die bedoeling van die Kellogg-Briand-verdrag.

Volgens Koplow (2014) is die sosiologiese geskiedenis van die Kellogg-Briand-verdrag gegrond op die volgende faktore (Koplow, 2014: 132-135):


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

Eerstens het die gruwel van die Eerste Wêreldoorlog – 'n oorlog wat niemand oënskynlik wou hê of waarby niemand baat gevind het nie – die besef gebring dat oorlogvoering so vernietigend en alomvattend geword het dat dit 'n Pyrrhus-onderneming is. Boonop is die wydverspreide oortuiging dat oorlog 'n inherente deel van die maatskaplike totaliteit is (Potgieter & Liebenberg, 2002:1), vervang deur 'n besef dat oorlog 'n keuse is en dat dit dus vermybaar is. Omdat mense beheer kan uitoefen oor nasionale beleid, kan hulle saamwerk om wedersydse geweld in die vorm van oorlog te beperk. Hoe dit gedoen kon word, was om nie meer in oorlog te investeer nie, maar om "positief en daadwerklik" in die bou van vrede te investeer (Catt, 1928).

Tweedens het daar ná die Eerste Wêreldoorlog 'n groeiende waardering ontstaan vir die rol van die internasionale reg as presies dit: 'n meganisme om oorlog te voorkom. Die Handves van die Volkebond het nie oorlog onwettig verklaar nie – dit is steeds beskou as 'n regmatige manier om geskilpunte te besleg. Die Volkebond se middele en prosedures om oorlog te voorkom, byvoorbeeld verpligte beslegting van geskille en afkoelperiodes, en om die voorkoming van oorlog 'n gemene saak van die Volkebondstate te maak, illustreer egter die belegging in die internasionale reg om positiewe vrede te bou. Die "Outlawry"-beweging het waarde daarin gesien om oorlog as onregmatig te beskou, en was oortuig dat 'n openbare verklaring in dié verband oorlog as 'n gewoonte of tradisie sou ontwortel.

Derdens het die gees van "openbare vredesooreenkomste, openlik bereik" (een van Woodrow Wilson se Veertien Punte) die denke oor internasionale verhoudings beïnvloed. Geheime en spesiale ooreenkomste ter wille van eiebelang is verwerp ten gunste van openbare en multilaterale internasionale ondernemings deur state (Koplow, 2014:135). Daarom het minister Kellogg daarop aangedring dat die verdrag multilateraal moet wees, eerder as 'n bilaterale Amerikaans-Franse ooreenkoms.

Die Kellogg-Briand-verdrag is opsetlik kort gehou ten einde die formulering en bekragtigingsproses te vergemaklik (Koplow, 2014). Dit het uit drie artikels bestaan: In Artikel I verklaar die partye dat hulle toevlug tot oorlog vir die oplossing van internasionale geskille veroordeel en dit verwerp as 'n instrument van nasionale beleid in hul betrekkinge met mekaar (Algemene Verdrag insake Afstanddoening van Oorlog as 'n Middel van Nasionale Beleid, 1928). In Artikel II kom die partye ooreen dat nooit gepoog sal word om enige geskille of konflikte, van watter aard of oorsprong ook al, op enige ander wyse te besleg of op te los as op vreedsame wyse nie. Artikel III bevat die aangeleenthede rakende die bekragtiging, deponering en so meer van die verdrag. Daar is geen onttrekkingsbepaling en geen voorsiening vir optrede as die verdrag verbreek word nie, en daar was geen instelling wat die toepassing van die verdrag kon monitor nie. Dit is belangrik om, soos Koplow (2014:146), op te merk dat die partye dit heeltemal eens was dat die doel van die Verdrag was om aggressiewe of aanvalsoorloë onregmatig te verklaar; elke staat het egter die inherente reg behou om homself en sy bondgenote te verdedig. Die teks het egter nie 'n onderskeid tussen defensiewe en offensiewe oorloë ingesluit nie, en daar was ook geen poging om "aggressie" te definieer of die reg tot selfverdediging in die teks te veranker nie. Kellogg het nougeset probeer verhoed dat 'n geskil oor definisies die normatiewe bedoeling van die verdrag ondermyn. Alhoewel teenstanders die verdrag gekritiseer het as utopies en abstrak, blyk dit dat die opstellers besonder realisties was oor waaroor hulle kon ooreenkom. Kellogg en Briand was ook besonder vaardig in die manier waarop hulle – soos Carr (1995: 31) dit gestel het – die wêreld van abstrakte redenering (in die vorm van absolute retoriek teen alle oorlog) en die wêreld van politieke realiteit (die onuitgesproke behoud van die reg om oorlog teen aggressie te voer [Koplow 2014]) kon inkorporeer.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

Wanneer die Kellogg-Briand-verdrag beoordeel word teen die agtergrond van die militarisering van die 1930's en die Tweede Wêreldoorlog – soos dikwels die geval is – is dit dalk verstaanbaar dat die Verdrag as 'n klaaglike mislukking van misplaaste idealisme beskou word (Carr 1995:13). Die Verdrag is al beskryf as nie die papier werd waarop dit geskryf is nie, 'n verdrag waartoe almal ingestem het maar wat niemand ernstig opgeneem het nie (Sinovets 2016), sinloos (Henry Kissinger), kinderagtig (George Kennan), 'n suiwer utopiese projek (EH Carr) en uitsonderlik oppervlakkig (Ian Kershaw), ook Hathaway & Shapiro, 2017; Koplow, 2014 en Carr, 1995. Verskeie akademici het egter die Kellogg-Briand-verdrag teen 'n ander agtergrond begin evalueer, naamlik die normatiewe doelwit om oorlog tot 'n onwettige en onregmatige instrument vir die oplos van internasionale geskille te verklaar. Hierdie doelwit was 'n direkte reaksie op die slagting van die Eerste Wêreldoorlog. Teen hierdie agtergrond verteenwoordig die nadraai van die oorlog (insluitende Woodrow Wilson se Veertien Punte), wat tot die Kellogg-Briand-verdrag gelei het, 'n sielkundige verskuiwing in hoe mense oor oorlog gedink het. As 'n afwyking eerder as 'n gegewe in menslike aangeleenthede verg oorlog regverdiging – ook in die internasionale reg. State het nie meer 'n onbetwiste reg om vir oorlog voor te berei, daarmee te dreig of dit te voer nie. In plaas daarvan het hulle 'n verpligting om oorlog te vermy en om alternatiewe te vind om geskille op te los of hul regte uit te oefen (Koplow, 2014:150).

As die Kellogg-Briand-verdrag dan regtig soveel saak gemaak het, waarom het dit nie die Tweede Wêreldoorlog voorkom nie? Eerstens omdat dit 'n normatiewe verdrag was waarvoor 'n implementeringsmeganisme nog gebou moes word. Briand het immers by die ondertekening van die verdrag gesê: "Ons het vrede geproklameer ... nou moet ons dit organiseer" (Hathaway & Shapiro 2017:195). Die organisasiewerk het nog nie vorm aangeneem toe historiese faktore soos die Groot Depressie voorgekom en Hitler op die toneel verskyn het nie. Die Kellogg-Briand-verdrag het 'n omkering van die stelsel van internasionale reg meegebring wat verreikende gevolge vir die internasionale orde gehad het – dermate dat 'n mens kan praat van 'n ou wêreldorde, waarin oorlog geoorloof en legitiem was, en 'n nuwe wêreldorde, waarin dit nie meer so was nie. Voor 1928 was oorlog nie 'n ineenstorting van die regsorde nie – oorlog wás 'n instrument van die regsorde. As gevolg daarvan kon state wat oorlog gevoer het, behou wat hulle verower het. En niemand – selfs nie die verloorders nie – kon vervolg word bloot omdat hulle oorlog gevoer het nie. Moord op die slagveld was heeltemal immuun teen vervolging in 'n geregshof. Ekonomiese sanksies wat neutrale state teen oorlogvoerendes ingestel het, was onregmatig. Neutrales was verplig om oorlogvoerende nasies met die strengste onpartydigheid te behandel. En kanonneerboot-diplomasie was legitiem en algemeen (Hathaway & Shapiro 2017b). Dít is nie vandag se wêreld nie, soos gesien kan word in die internasionale reaksie op beide Russiese aggressie in Oekraïne en Israel se aggressie in Gaza en ander state in die streek.

Die Tweede Wêreldoorlog verteenwoordig 'n botsing tussen die ou en die nuwe wêreldorde. Sommige state – veral Duitsland, Japan en Italië – was vasgevang in die ou wêreldorde en het die reëls steeds verstaan ooreenkomstig die "Mag Maak Reg"-benadering. Twee aspekte dui daaroop dat die Kellogg-Briand-verdrag deur die ander groot moondhede van daardie tyd ernstig opgeneem is. Eerstens, die VSA het sy neutraliteitswette verander op die verdrag se grondslag om die Geallieerdes te ondersteun voordat hy tot die Tweede Wêreldoorlog toegetree het. Tweedens, ná die oorlog is Duitse en Japannese leiers in die Neurenberg- en die Tokio-verhore op aanklag van die misdaad van "aggressiewe oorlog en misdade teen die vrede" aangekla. Hathaway en Shapiro (2017) toon ook aan hoe die sielkundige verskuiwing in die rol van oorlog plaasgevind het by die Jalta-konferensie, waar die Geallieerdes die instelling

van die VN bespreek het. Die VN, ’n instelling wat die mandaat en lidmaatskap van die Volkebond oortref, is gesien as die instansie wat die meganisme vir vrede bied wat die Kellogg-Briand-verdrag nie gehad het nie. Die instelling van die Veiligheidsraad van die VN, wat die reg het om besluite te neem oor kollektiewe veiligheid (insluitende die gebruik van militêre mag in belang van vrede, indien nodig), word veral in dié lig gesien. Alhoewel die Kellogg-Briand-verdrag tegnies steeds van krag is, word daar wyd aanvaar dat dit deur die VN-Handves vervang is. Die geskiedenis wat Hathaway en Shapiro (2017) verskaf, wys hoe groot die normatiewe invloed daarvan op die strukture en prosedures van die VN was.

Gesien teen die doelwit om ’n ander normatiewe orde te vestig, was die Kellogg-Briand-verdrag uiters suksesvol. Die sukses daarvan blyk uit die afname in interstaatlike oorlogvoering, die konsolidering van staatsgrense, die voortbestaan van swak state, en die ongekende groei in internasionale organisasies (Hathaway & Shapiro, 2017). Desnieteenstaande oorheers mag soms steeds die reg en orde, soos blyk uit die oorloë in Oekraïne en Gaza.

Stephen Walt (2017), ’n uitgesproke voorstander van die realistiese denkskool in internasionale verhoudings, bevraagteken Hathaway en Shapiro se siening van die uitwerking van die Kellogg-Briand-verdrag. Hy stem saam dat oorloë afgeneem het, maar hy voer aan dat die norme wat in die Verdrag en in die VN-Handves vervat is, nie state se gedrag in oorloë beperk het nie, en ook nie verhoed het dat groot moondhede sonder goedkeuring van die VN se Veiligheidsraad oorlog gevoer het nie. Daarbenewens kan die afname in oorloë toegeskryf word aan baie ander faktore, soos kernwapens, ekonomiese interafhanklikheid, die verspreiding van demokrasie, veranderende kulturele houdings teenoor oorlog in groot moondhede, en die verspreiding van nasionalisme wêreldwyd, asook die feit dat ligte wapens die koste van besetting verhoog het. Indien Hathaway en Shapiro wil bewys dat die norme van “outlawry” state se geneigdheid tot oorlog verminder, redeneer Walt (2017) dat hulle in staat behoort te wees om talle gevalle te vermeld van nasionale leiers wat duidelike aansporings gehad het om hul grondgebied uit te brei en gemeen het dit sou maklik wees, maar tog besluit het om nie daarmee voort te gaan nie. Die leiers se rede moet wees óf omdat hulle geglo het dat so ’n daad inherent verkeerd is, óf omdat hulle oortuig was dat dit hoegenaamd nooit deur die res van die internasionale gemeenskap aanvaar sou word nie.

Hathaway en Shapiro (2017b) reageer dat Walt se reaksie ’n misverstand blootlê oor hoe die internasionale reg werk. Wanneer dit die doeltreffendste is, dwing die reg state nie om teen hul motiewe op te tree nie; dit verander daardie motiewe. Omdat oorlog onregmatig is, sal enigiets wat deur oorlog verkry word – grondgebied, rykdom, mense – nie die oorwinnaar wettig toekom nie. Verder sal die aggressor deur die res van die internasionale gemeenskap veroordeel word. Dit is kragtige afskrikmiddels, selfs vir groot moondhede. Sommige state het dalk die mag om oorlog te voer, maar hulle het nog steeds nie die reg nie; hulle sal buite die reg staan en hul optrede sal nie deur die reg beskerm word nie. Hulle reputasie as wetsoortreders sal ook hul invloed verminder en hulle aan die kaak stel.

’n Goeie voorbeeld is Rusland se inval in Oekraïne in 2022 en die anneksasie van die Krim in 2014, wat indruis teen die norme van *ius ad bellum* en wat internasionale sanksies teen en veroordeling van Rusland tot gevolg gehad het (Parker, 2022; Pompeo, 2018). Dieselfde geld die verontwaardigde reaksie deur verskeie wêreldleiers en die publiek ná pres. Trump se opmerkings oor die moontlike anneksasie van Groenland en Kanada. Dit verskil radikaal van ’n wêreld waarin oorlog regmatig en legitiem was, en waarin niemand skeef sou opgekyk het nie. State sou selfs ingevolge die internasionale reg voor die Kellogg-Briand-verdrag verplig wees om Rusland steeds as ’n goeie internasionale rolspeler te behandel. Dieselfde geld ook ten opsigte van die groeiende internasionale afkeuring van Israel se aggressie in Gaza.

Hathaway en Shapiro (2017b) erken dat magtige rolspelers soms wette maak wat tot hul eie voordeel strek. Trouens, die Kellogg-Briand-verdrag self is al gekritiseer as ’n voorbeeld van sodanige optrede. Konstruktiviste op die gebied van internasionale verhoudings voer egter aan dat die reg ’n eie dinamika ontwikkel en dat dit gevolge vir staatsgedrag begin hê, wat eweneens die koste-voordeel-ontledings van groot moondhede kan verander. Selfs magtige lande verkies toenemend die voordele daarvan om binne die raamwerk van die internasionale reg te bly. Die uitsonderings op die reël bevestig dikwels die reël. Volgens Louis Henkin (1979) hou “bykans alle nasies by bykans alle beginsels van die internasionale reg, en hulle kom bykans al hierdie verpligtinge bykans altyd na”. Rusland se volgehoue bewering dat sy optrede in Oekraïne ’n “militêre operasie” is en nie ’n oorlog nie, is deel van ’n algemene tendens waarin state nie meer oorlog verklaar nie. Die behoefte om militêre aggressie iets anders as oorlog te noem, word toegeskryf aan die beperkings wat *ius ad bellum*, *ius in bello* en die VN op aanvalsoorloë geplaas het (Irajpanah & Schultz, 2022; Fazal, 2012).

Indien (aanvals)oorloë deur die lande in die internasionale gemeenskap onwettig verklaar is, is dit ook ongeoorloof en onregmatig gemaak as ’n instrument van hulle onderskeie nasionale beleide.[12] Dit het dan gevolge vir hoe ons oor kernwapens en die Kernwapenverbod dink, en hoe ons kan poog om hierdie wapens ook onwettig te verklaar.

## 4. Die eliminering van kernwapens in die konteks van ’n verbod op oorlog

Daar is ’n risiko dat die grens tussen *ius ad bellum* en *ius in bello* vervaag wanneer die regstatus van kernwapens binne die konteks van oorlogsreg geplaas word. Soos hier bo genoem, is die IGH se adviserende mening oor die regmatigheid van kernwapens ’n goeie voorbeeld daarvan dat soms aangevoer word dat ’n geval van uiterste selfverdediging (*ius ad bellum*) humanitêre oorwegings (*ius in bello*) kan oorheers en die gebruik van kernwapens kan regverdig. Nog ’n voorbeeld is dat persone wat bekommerd is oor die massiewe vernietiging en humanitêre gevolge van kernwapengebruik in oorlogvoering, voorstel dat alle oorlog uitgeskakel moet word – selfs geregverdigde oorloë (Sharma, 2009:222). Die Russell-Einstein-manifes (1955), ’n inisiatief van Bertrand Russell, Albert Einstein en ander vooraanstaande wetenskaplikes wat teen kernwapens gekant was, kom naby daaraan om die grens op hierdie wyse te vervaag. Alhoewel die Manifes aangevoer het dat die afskaffing van kernwapens ’n belangrike stap is om spanning en vrees oor ’n skielike kernaanval te verminder, het die outeurs skepties gewonder of state nie maar weer kernwapenprogramme sou begin indien oorlog steeds ’n moontlike keuse was nie. Joseph Rotblat (2006) was ’n stigterslid van die Pugwash-konferensies oor Wetenskap en Wêreldaangeleenthede en is in 1995 saam met die organisasie met die Nobelvredesprys bekroon. Hy was van mening dat die enigste manier waarop ’n wêreld sonder kernwapens ’n werklikheid sou word, was dat state alle militêre vermoëns opgee aan ’n internasionale gesagstruktuur, een wat uit die VN moet ontwikkel en wat verantwoordelik sal wees vir internasionale sekuriteit (Craig, 2020).

Die literatuur wat die uitwerking van die Kellogg-Briand-verdrag in oënskou neem, verskaf ’n ander manier om oor kernwapens en *ius ad bellum* te dink. Dit begin met die onregmatigheid van oorlog en die nuwe regsorde wat die Kellogg-Briand-verdrag meegebring het, as die eksplisiete politieke konteks waarbinne die Kernwapenverbod gebore is. Die

[12] Die term ’nasionale beleid’ bevestig dat die internasionale gemeenskap uit soewereine state bestaan, wat self besluit om oorlog prys te gee ten einde nasionale eiebelang en prososiale gedrag te balanseer.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

literatuur oorweeg dan wat so ’n kontekstualisering kan beteken vir die politieke werk wat in verband met die verbod gedoen moet word om die einddoel van ’n wêreld sonder kernwapens te bereik. Hier onder gee ons ’n oorsig van vyf maniere waarop so ’n kontekstualisering die Kernwapenverbod diskursief kan bevorder.

Eerstens stem die idee (of ideaal) van kernvrede wat op kernafskrikking berus, nie ooreen met die normatiewe grondslag van die huidige norms van wêreldorde dat geskille vreedsaam opgelos behoort te word nie. Trouens, kernafskrikking legitimeer aanvalsoorloë deur die veronderstelling dat vrede aggressief gehandhaaf kan word. Die konsep van kernafskrikking veronderstel dat kernwapens moontlik as laaste uitweg gebruik kan word. Die afwesigheid van oorlog (of negatiewe vrede) onder kernafskrikking is in werklikheid net ’n vorm van onopgeloste konflik wat min of meer dieselfde sielkundige, politieke en ekonomiese gevolge het as dié van ’n oorlog. Kernafskrikking kan selfs internasionale geskille verleng en vererger, soos wat heel moontlik die geval is met politieke brandpunte in die Midde-Ooste en die Koreaanse Skiereiland en tussen Indië en Pakistan. Dit is geen toeval nie dat oudpres. FW de Klerk se besluit om Suid-Afrika se kernwapens te laat demonteer een van die eerste stappe na politieke versoening in Suid-Afrika, ’n vreedsame einde aan apartheid en die heraansluiting by die internasionale gemeenskap was. Kernwapens kan ook aansporings wees om konvensionele oorloë te voer. Die Russiese inval in Oekraïne is een voorbeeld, maar nie die enigste nie, van hoe kernwapens téén vrede en sekuriteit werk (Sauer, 2024). Kernwapens moedig rolspelers aan beide kante van hierdie konflik aan deur die risikopersepsie van hul aggressie te verlaag (Bell, 2021). Rusland het waarskynlik gereken dat die bedreiging wat sy kernwapens inhou, Oekraïne sou weerhou van weerstand teen die inval en NAVO daarvan sou weerhou om hom aan die kant van Oekraïne te skaar (Horovitz & Wachs, 2022). Die VSA reken weer dat hy Rusland in Oekraïne kan verstrik deur toenemend dodelike wapens aan laasgenoemde te verskaf, met die einddoel om uiteindelik ’n Russiese regimeverandering teweeg te bring, omdat NAVO se kernafskrikking Rusland van vergelding sou weerhou (O’Connor, 2022). Tydens die Irakse oorlog van 2003, ’n sogenaamde “voorkomende oorlog” in die naam van die nie-proliferasie van kernwapens, het pres. George W. Bush gedreig om kernwapens teen Irak te gebruik, wat daarop bereken was om Saddam Hoessein se reaksie op die inval te temper. Die VSA and Israel se aanvalle op Iran om hulle beweerde kernwapenprogram te kortwiek is eweneens ’n voorbeeld van die verhouding tussen kernwapens and aggressie. Larkin (2008) doen aan die hand dat Israel se kernwapens die staat verder bereid gemaak het om in 2006 Libanon in te val. Rusland se kernwapens is eweneens beskou as ’n afskrikmiddel teen ’n Oekraïense en NAVO-reaksie op die Russiese anneksasie van die Krim in 2014. Intussen maak die VSA en China soortgelyke berekeninge ten opsigte van Taiwan, wat die aktiveringspunt vir die volgende groot oorlog kan wees.

Die fokus is op meer as die sogenaamde stabiliteit-onstabiliteit-paradoks (Snyder, 1965) wat voorspel dat simmetriese kernwapenkapasiteit tussen state groter onstabiliteit op laer vlakke van geweld veroorsaak, insluitende handlanger (“proxy”)- en beperkte oorloë. Dit gaan oor die sielkundige effek wat aan die werk is en wat die eskalasie van konvensionele oorlogvoering aanmoedig – selfs tot bo die sogenaamde “laer vlakke”. Richard Betts (1987) kom tot die gevolgtrekking dat Amerikaanse presidente nie bewustelik gebluf het toe hulle kerndreigemente gemaak het nie – wat hy “kernafpersing” noem – maar ook nie bereid was om die gevolge te aanvaar as daardie dreigemente sou misluk nie. Kernwapens moedig dus in werklikheid aggressie aan. Dit verlaag leiers van state met kernwapens se persepsies van die risiko’s verbonde aan die besluit om tot konvensionele oorlog oor te gaan, terwyl dit hulle sielkundig onthef van skuld betreffende daardie oorloë en eskalasie wanneer kernafpersing


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

misluk. Kernwapens moedig nie state met kernwapens aan om die moeilike werk van vredebou deur diplomasie en wedersydse versekering aan te pak en sodoende oorlog te voorkom nie.

Tweedens dra die twee verbodspogings gesamentlik daartoe by om die bewering te weerlê dat die Kernwapenverbod gevaarlik is omdat kernwapens die vrede sou bewaar. Dit bied 'n geloofwaardige alternatiewe verduideliking waarom aanvalsoorloë afgeneem het, naamlik dat oorlog onregmatig verklaar is en dat internasionale instellings geskep is om aggressie te stigmatiseer en vreedsame geskilbeslegting te ondersteun. Trouens, ambassadeur Elayne Gomez White, die president van die VN-konferensie wat die Kernwapenverbod beding het, het die oortuiging uitgespreek dat vrede sedert 1945 nie die gevolg van kernafskrikking was nie, maar van 'n internasionale orde wat op reëls berus en die internasionale instellings wat gestalte gee aan hierdie order (VN, 2017).

Derdens, in teenstelling met kernafskrikking, bevorder die Kernwapenverbod positiewe vrede – dit wat Galtung (1964:2) beskryf as "die integrasie van die menslike samelewing". Die Kellogg-Briand-verdrag, wat die begin van 'n nuwe orde was waarin oorlog onregmatig is, en die VN-handves, wat hierdie orde konsolideer, is maatreëls vir positiewe vrede. Op die lang termyn bou positiewe vredesmaatreëls aan 'n internasionale samelewing wat balans tussen (nasionale) eiebelang en prososiale waardes van samewerking en wedersydse voordeel bewerkstellig.[13] Die vrede word "georganiseer", nie deur die idee dat tegnologie (kernwapens) in die hande van "uitverkorenes" as 'n leviatan die internasionale verhoog betree en oorlog deur vreesaanjaging verhoed nie, maar deur prososiale en humanitêre waardes wat in die internasionale reg vervat word. Vrede is nie 'n neweproduk van die vrees dat 'n wapen van massavernietiging in oorloë gebruik sal word nie; vrede is die gevolg van 'n gemeenskap van state wat tot die gevolgtrekking gekom het dat oorlog vermy kan en behoort te word, deur dit te verwerp en hulle toe te wy aan die vreedsame beslegting van geskille.

Vierdens, om oor die Kernwapenverbod in die konteks van die verbod op oorlog te dink bring die fokus terug na die oorspronklike bedoeling van die Kernsperverdrag, naamlik om die nieproliferasie van kernwapens te bewerkstellig, sodat onderhandelinge oor kernontwapening lewensvatbaar kan bly. Die kernwapenstate se oortuiging dat kernwapens vrede handhaaf, laat hulle nie tot die gevolgtrekking kom dat, soos die Neorealistiese denker Kenneth Waltz (1981) aangevoer het, meer state met kernwapens beter sal wees nie. In plaas daarvan is hulle oortuig dat kernwapens beperk moet bly tot 'n "verantwoordelike minderheid" – hulleself. 'n Algemene vertolking van die Kernsperverdrag is dat dit vyf lande se kernwapens legitimeer. Hierdie state word by verstek die bewaarders van kernvrede, asof ander lande hulle daartoe aangestel het deur die Kernsperverdrag te onderteken. Vir baie lande is dit 'n wanvoorstelling van die Kernsperverdrag en dit speel ook nie só in die praktyk uit nie. Inteendeel, kernafskrikking blyk eerder internasionale aggressie as nasionale beleid te motiveer, in teenstelling met *ius ad bellum* (Sinovets 2017).

Laastens neem die verbod op oorlog nie state se reg op selfverdediging weg nie, maar beperk oorlog tot selfverdediging. Die idee dat kernwapens die vrede bewaar, verwar die reg op selfverdediging met 'n veronderstelde reg om aggressie te straf deur middel van 'n kernaanval. Waltz (1981) maak 'n onderskeid tussen die ontmoediging van aggressie deur verdediging en deur afskrikking. *Verdediging* behels die bou van versterkings wat so onoorkombaar is dat 'n vyand geen kans op 'n suksesvolle aanval kan sien nie. *Afskrikking* ontmoedig 'n vyand om aan te val deur te dreig dat 'n aanval so swaar gestraf sal word dat

13 Robert Hinde (2002) skryf oor die bronne van moraliteit.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

enige voordeel wat uit die aanval getrek sou kon word, tot niet sal wees. Konvensionele middele en niegewelddadige meganismes soos sanksies kan ’n afskrikkingseffek hê deur dié wat aggressie oorweeg, te verseker dat dit nie “goedkoop” sal wees nie (Brodie ,1945). Hierteenoor, dreig kernafskrikking met *absolute* straf. Die grondslag daarvan is dat *ius in bello*-beginsels, soos die onderskeid tussen burgerlikes en soldate, en proporsionaliteit nie gehandhaaf sal kan word nie en nie gehandhaaf behoort te word nie, sodat vrees by toekomstige aggressors ingeboesem word. Daarenteen moet ’n staat wat beweer dat hy wapengeweld uit selfverdediging gebruik, bewys dat hy óf reeds die slagoffer van ’n ernstige aanval is, óf binnekort gaan wees, en dat die gebruik van wapengeweld die laaste uitweg is, noodsaaklik en proporsioneel. Hierdie vereistes plaas beperkinge op oorloë uit selfverdediging wat in beginsel in ooreenstemming met die verbod op oorlog is.

## 5. Gevolgtrekking

John Mueller (1989, 2018) voer aan dat oorlog besig is om uit te sterf. Kultureel gesien, is oorlog ’n idee wat eenvoudig nie meer in die mode is nie en besig is om te verdwyn, net soos tweegevegte van ouds en slawerny verdwyn het. Mueller se ontleding wys egter nie hoe praktyke soos oorlog gestigmatiseer word nie. Hathaway en Shapiro (2017), Koplow (2014) en Alonso (1997) doen dit egter wel deur te wys hoe individue en groepe die betekenis van oorlog bevraagteken het om ’n algemene verskuiwing in denke oor oorlog teweeg te bring, en hoe hierdie verskuiwing geïnstitusionaliseer is. ’n Verbod in the vorm van die Kellogg-Briand-verdrag en die VN-handves, wat die mensdom se opvattings teen oorloë van aggressie kodifiseer, dien as ’n katalisator vir die uitskakeling van oorlog as ’n praktyk, omdat dit state afskrik van betrokkenheid by aggressie en vreedsame maniere ontwikkel om geskille op te los.

In teenstelling met wat John Lewis Gaddis (1986) aanvoer, kan kernwapens nie die afname in oorloë tussen groot moondhede verduidelik nie. Die meeste van die mensdom het reeds teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog die rug op oorlog gekeer, en sedertdien was die proses een van konsolidasie. Kernwapens was egter ook nie, soos Mueller (2018) beweer, heeltemal irrelevant in hierdie proses nie. Die proses het eerder ten spyte van kernwapens plaasgevind. Die idee dat kernwapens vrede handhaaf, werk teen die sielkundige verskuiwing wat in die mensdom se denke oor oorlog plaasgevind het, omdat dit vrede pervers met uitwissing verbind. Terselfdertyd verlaag dit vir state met kernwapens die waargenome risiko’s van aggressie teen hulle en hul bondgenote deur die valse gevoel van sekuriteit dat kernafskrikking oorlog in bedwang kan hou.

Die stelsel wat deur die VN geskep is om vrede te bevorder (kollektiewe veiligheid, bemiddeling, vredesinstellings en ander middele), word ondermyn omdat daar op kernafskrikking staatgemaak word. Wanneer kernwapens nie meer ter sprake is nie, kom hierdie middele weer in gebruik en het hulle ’n groter kans op sukses. Histories gesien is die Kernwapenverbod ’n uitvloeisel van die verbod op oorlog – nog ’n positiewe vredesmaatreël om ’n orde te konsolideer waarin oorloë van aggressie onwettig is. Anders as kernafskrikking is die Kernwapenverbod gegrond in dieselfde normatiewe diskoers wat die Kellogg-Briand-verdrag onderlê het, naamlik dat “rede en geregtigheid bo geweld moet seëvier” (Kerr, 1928:362). Alhoewel die aanhef van die Kernwapenverbod die verdrag aan hierdie nuwe orde verbind, kan ’n dieper begrip van hoe die verbod op oorlog die konteks vir die verbod op kernwapens vorm, die werk van die voorstanders van die Kernwapenverbod diskursief ondersteun.

## BIBLIOGRAFIE


Alonso, H.H. 1997. *The Women's Peace Union and the outlawry of war*. New York: Syracuse University Press.

Brodie, B. 1945. War in the Atomic Age. In *The absolute weapon: Atomic power and world order.* Brodie B. (ed.). New York: Harcourt, Brace and Co.

Bell, M. 2021. *Nuclear Reactions*. Cambridge: Cambridge University Press.

Buzan, B, Wæver, O & de Wilde, J. 1998. *Security: A new framework for analysis*. Boulder: Lynne Rienner Publishers.

Craig, C. 2020. Can the danger of nuclear war be eliminated by disarmament? In *Non-nuclear peace*. Sauer, T, Kustermans, J & Segaert, B (eds.). London: Palgrave/Macmillan.

Carr, E.H. 1995 (orig. 1939). *The twenty years' crisis 1919-1939: An introduction to the study of international relations*. London: Palgrave MacMillan.

Catt, C.C. 1928. The outlawry of war. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*. 138:157-163.

Cluster Munition Coalition. 2017. The Oslo process: The historic start to the cluster bomb ban, February 23, http://www.stopclustermunitions.org/en-gb/media/news/2017/the-oslo-process-the-historic-start-to-the-cluster-bomb-ban.aspx [ 28 March 2019).

Cox, R. 2017. Expanding the History of the Just War: The Ethics of War in Ancient Egypt, *International Studies Quarterly*, 61, No. 371-384.

Egeland, K. 2016. Change the incentives: Stigmatize nuclear weapons. March 15, 2016, *Bulletin of Atomic Scientists*, https://thebulletin.org/2016/03/change-the-incentives-stigmatize-nuclear-weapons/ [28 March 2019].

Fazal, T.M. 2012. Why states no longer declare war. *Security Studies* 21, No. 4:557-93.

Gaddis, J.L. 1986. The long peace: Elements of stability in the postwar international system. *International Security* 10, No.4:99-142.

Galtung, J. 1964. An Editorial. *Journal of Peace Research* 1, no. 1 (Maart):1-4.

General Treaty for the Renunciation of War (Kellogg-Briand Pact). https://treaties.fcdo.gov.uk/data/Library2/pdf/1929-TS0029.pdf [30 Julie 2025].

Hathaway, O & Shapiro, S. 2017. *The internationalists: How a radical plan to outlaw war remade the world*. New York: Simon & Schuster.

Hathaway, O & Shapiro, S. 2017b. What realists don't understand about international law. *Foreign Policy*, October 9, https://foreignpolicy.com/2017/10/09/what-realists-dont-understand-about-law/ [13 July 2022].

Henkin, L. 1979. *How nations behave.* Washington DC: Council on Foreign Relations.

Hinde, R.A. 2002. *Why good is good: The sources of morality*. London: Routledge.

Horovitz, L & Wachs, L. 2022. Russia's nuclear threats in the war against Ukraine. German Institute for International and Security Affairs. April 20. https://www.swp-berlin.org/en/publication/russias-nuclear-threats-in-the-war-against-ukraine [11 July 2022).

ICAN. 2016. Podcast: First round on UN talks to ban nuclear weapons. March 16. https://soundcloud.com/ican-722336908/first-round-of-un-talks-to-ban-nuclear-weapons [11 July 2022).

ICAN. 2016b. Voting on UN resolution for nuclear ban treaty. December 23. http://www.icanw.org/campaign-news/voting-on-un-resolution-for-nuclear-ban-treaty/ [18 March 2019].

International Court of Justice. 1996. Legality of the threat or use of nuclear weapons. Reports of Judgments, Advisory Opinions and Orders. ICJ Reports 1996, p. 226. https://www.icj-cij.org/public/files/case-related/95/095-19960708-ADV-01-00-EN.pdf [18 March 2019].

Irajpanah, K & Schultz, K.A. 2021. Off the menu: Post-1945 norms and the end of war declarations. *Security Studies* 30, No. 4:485-516.

Joint Statement on preventing nuclear war and avoiding arms races" 3 January 2022, https://www.gov.uk/government/publications/joint-statement-on-preventing-nuclear-war-and-avoiding-arms-races [16 September 2025]

Permanent Representatives to the United Nations of the United States, United Kingdom and France following the adoption of a Treaty Banning Nuclear Weapons. Joint Press Statement, 7 July 2017. https://usun.state.gov/remarks/7892 [18 March 2019].



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

Kaplan, F. 1983. *The wizards of Armageddon*. Stanford, Ca: Stanford University Press.
Kerr, P. 1928. The outlawry of war. *Journal of the Royal Institute of International Affairs* 7. No. 6:361-388.
Koplow, D.A. 2014. Nuclear Kellogg-Briand Pact: Proposing a treaty for the renunciation of nuclear wars as an instrument of national policy. *Syracuse Journal of International and Commons* 42, No.1:123-191.
Krepon, M. 2010. The stability-instability paradox. *Arms Control Wonk*. 2 November. https://www.armscontrolwonk.com/archive/402911/the-stability-instability-paradox/ [13 July 2022].
Larkin, B. 2008. *Designing denuclearization: An interpretive encyclopedia.* New Brunswick: Transaction Publishers.
Männistö, I. 2016. The Ottawa process: Two decades later. *Society, Culture, and Security*. November 27. http://natoassociation.ca/the-ottawa-process-two-decades-later/ [2 July 2022].
Moussa, J. 2008. Can jus ad bellum override jus in bello? Reaffirming the separation of the two bodies of law. *International Review of the Red Cross* 90, No. 872:963-990.
Mueller, J. 1989. *Retreat from Doomsday: The obsolescence of major war.* New York: Basic Books.
Mueller, J. 2018. Why nuclear weapons don't matter. *Foreign Affairs* Nov/Dec, https://www.foreignaffairs.com/articles/2018-10-15/nuclear-weapons-dont-matter (Toegang verkry op [18 March 2019].
O'Connor, T. 2022. Joe Biden is calling for regime change in Russia and this time it isn't a gaffe. *Newsweek.* April 4. https://www.newsweek.com/joe-biden-calling-regime-change-russia-this-time-it-isnt-gaffe-1694867 [11 July 2022].
Parker, C. 2022. A growing movement against illegal war. *Washington Post.* 5 July. https://www.washingtonpost.com/world/2022/07/05/russia-ukraine-war-crimes-aggression-international-law/ [10 July 2022].
Pinker, S. 2011. *The better angels of our nature: A history of violence and humanity*. New York: Viking Books.
Pompeo, M. 2019. Crimea Declaration, Press Statement, 25 July. https://www.state.gov/secretary/remarks/2018/07/284508.htm [18 March 2019]
Potgieter, T & Liebenberg, I. 2002. Introduction. In *Reflections on War: Preparedness and Consequences*. Potgieter, T and Liebenberg, I (Eds). 2002. Stellenbosch: SUN Press.
Pretorius, J. 2016. The ban treaty: An interim step, but politically profound. *Bulletin of Atomic Scientists*, December 14. https://thebulletin.org/roundtable_entry/the-ban-treaty-an-interim-step-but-politically-profound/ [18 March 2019].
Pretorius, J. 2021. The power of a ban: Outlawing nuclear weapons practices. In chapter in, *The Nuclear Ban Treaty: A Transformational Reframing of the Global Nuclear Order.* Ramesh Thakur (ed.) 2021. London: Routledge.
Pretorius, J. & Sauer, T. 2022. When is abandoning the Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons legitimate?, *Contemporary Security Policy* 43 no.1: 161-185.
Rotblat, J. 2004. Paper read at the 54th Pugwash Conference on Science and World Affairs, Seoul, South Korea. Bridging a divided world through international cooperation and disarmament. *ISYP Journal on Science and World Affairs*, 2, No.1 (2006):1-8. 8 October. gepubliseer
Russell-Einstein Peace Manifesto. 1955. 11 July https://www.theguardian.com/world/2016/jul/11/russell-einstein-peace-manifesto-archive-1955. [18 March 2019).
Sauer, T. & Pretorius, J. 2014. Nuclear weapons and the humanitarian approach. *Global Change, Peace & Security* 26, No.3:233-250.
Sauer, T. & Reveraert, M. 2018. The potential stigmatizing effect of the Treaty on the Prohibition of Nuclear Weapons. *The Nonproliferation Review* 25, No. 5-6:437-455.
Sauer, T. 2024. How useful are nuclear weapons in practice? Case-study: The war in Ukraine. *Journal for Peace and Nuclear Disarmament* 7, No. 1: 194-210.
Sharma, S.K. 2009. The legacy of *jus contra bellum*: Echoes of pacifism in contemporary just war thought. *Journal of Military Ethics* 8, No. 3: 217-230.
Sinovets, P. 2016. Assessing the ban treaty from Ukraine. Round table on the question: Can a treaty banning nuclear weapons speed their abolition? *Bulletin of Atomic Scientists*, 16 December. https://thebulletin.org/roundtable/can-a-treaty-banning-nuclear-weapons-speed-their-abolition/. [18 March 2019].


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

Snyder, G. 1965. The balance of power and the balance of terror. In *Balance of power*, Seabury, P. (ed). San Francisco: Chandler.

Stephens, B. 2017. Don't ban the bomb. *New York Times*. 7 October: A23, https://www.nytimes.com/2017/10/06/opinion/nobel-peace-prize-nuclear-weapons.html. [18 March 2019].

Tannenwald, N. 2007. *The nuclear taboo: The United States and the non use of nuclear weapons since 1945*. Rhode Island: Browne University.

Tannenwald, N. 2022. Is using nuclear weapons still taboo? *Foreign Policy*, 1 July. https://www.researchgate.net/publication/370790128_Is_Using_Nuclear_Weapons_Still_Taboo [7 May 2025].

Treaty on the prohibition of nuclear weapons. 2017. https://www.icanw.org/tpnw_full_text. [13 July 2022].

UN. 2017. *Elayne Whyte Gómez on the Treaty on the Prohibition of Nuclear Weapons Press Conference* (July 7). New York. https://www.youtube.com/watch?v=lwTEx1jixSE&t=353s. 29 November 2022].

Walt, S. 2017. There's still no reason to think that the Kellogg-Briand Pact accomplished anything. *Foreign Policy*. 29September. https://foreignpolicy.com/2017/09/29/theres-still-no-reason-to-think-the-kellogg-briand-pact-accomplished-anything/. [18 March, 2018].

Waltz, K. 1981. The spread of nuclear weapons: More may better. *Adelphi Papers*, 171. London: International Institute for Strategic Studies.

Wertheim, S. 2018. The war against war: What can we learn from the 1928 Paris Peace Pact? *The Nation*. https://www.thenation.com/article/culture/liberal-internationalism-paris-peace-pact/. [10 July 2022].

Williams, H. 2018. A nuclear babel: Narratives around the Treaty on the Prohibition of Nuclear Weapons. *The Nonproliferation Review* 25, No. 1-2:51-63.



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a6

# Die Irannese kern(wapen)dossier: Implikasies vir Israel se nasionale veiligheid ná 7 Oktober 2023 (Deel I)

***The Iranian nuclear file: Implications for Israel's national security after 7 October 2023 (Part I)***

**Eben Coetzee**
Departement Politieke Studie en Regeerkunde
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
Suid-Afrika
E-pos: Coetzeee2@ufs.ac.za
Orcid ID: https://orcid.org/0000-0002-0926-7815



Eben Coetzee

**Eben Coetzee** is verbonde aan die Departement Politieke Studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat. Hy verwerf sy PhD in 2017 (op die gebied van die internasionale politiek). In sy proefskrif stel hy ondersoek in na die voortdurende tersaaklikheid van die strukturele realis Kenneth Waltz om die internasionale politiek te beskryf en te verklaar. As 'n gegradeerde wetenskaplike van die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting, spesialiseer hy in internasionale veiligheid (oorlog en vrede), teorieë van realisme, kernwapens, kernenergie, en kernterreur.

**Eben Coetzee** lectures in the Department of Political Studies and Governance, University of the Free State. He obtained his PhD in 2017 (Political Science, with a focus on International Relations). In his thesis he probed the enduring relevance of structural realist Kenneth Waltz in explaining the past, present and future of international politics. He is a National Research Foundation rated scholar, specialising in international security (war and peace), realist theories, and all nuclear-related questions and issues.

**Datums:**
Ontvang: 2025-07-07 Goedgekeur: 2025-10-06 Gepubliseer: Desember 2025


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

**ABSTRACT**

***The Iranian nuclear file: Implications for Israel's national security after 7 October 2023 (Part I)***

*The spectre of a nuclear-armed Iran continues to loom large. For the last two decades or so, Western officials and leaders have repeatedly stressed that a nuclear-armed Iran constitutes a uniquely terrifying prospect. In particular, the United States of America (USA) and Israel have forthrightly declared that an Iranian nuclear weapon amounts to an existential threat and cannot and will not be tolerated. Western fears that Iran is fast approaching weaponization of its civilian nuclear program caused the US and Israel to strike several Iranian nuclear facilities during June 2025, with the jury still out on how effective these strikes were in destroying (or merely delaying) the development of an Iranian nuclear weapon. Although Iran insists that its nuclear program is geared towards generating nuclear energy (hence, for peaceful purposes), there is overwhelming evidence that Teheran has actively pursued weaponization of its nuclear program. Whether Iran has in recent years ceased or merely halted its nuclear weapons program remains controversial. What is clear, however, is that Tehran has over the last two decades invested quite heavily in infrastructure and (dual-use) technologies, along with uranium enrichment exceeding thresholds for civilian nuclear use, that leads observers to believe that imminent weaponisation is possible – or, at the very least, was possible prior to the American and Israeli attacks. Fears about the imminence of an Iranian nuclear weapon and the destruction (i.e., a presumed nuclear attack on American or Israeli targets) that is widely believed to follow are, of course, nothing new. However, in the wake of the Hamas terror attack in Israel on October 7, 2023, such fears proliferated, especially given Hamas's and other terrorist groups' well-known ties to Iran. Now more than ever American and Israeli officials were convinced that a nuclear-armed Iran posed an existential threat, one that must be eliminated at all costs.*

*Ever since the spectre of an Iranian nuclear weapon surfaced, the same set of concerns have predominated Western security thinking and assessments. In the main, fears about impending peril and doom in the wake of the development of an Iranian nuclear weapon turn on three key concerns. First, an Iranian nuclear weapon will afford Tehran with a nuclear shield under which its support of proxy wars and terrorism will be ramped up. Second, a nuclear-armed Iran will transfer nuclear weapons to like-minded terrorists. And three, a full-blown nuclear exchange between Israel and Iran will follow, with Iran cast in the role of aggressor. This article will probe the first of these concerns and will be guided by two research questions: first, what are the national security implications for Israel in light of a nuclear-armed Iran, with specific reference to a possible increase in Iranian support of proxy wars and terrorism? And two, in what ways, if any, has the Hamas attacks on 7 October 2023 altered or reinforced Israeli and American assessments that an Iranian nuclear shield will lead to increased support of proxy wars and terror? A literature and policy-centred analysis of the behaviour and objectives of Iranian foreign policy will guide this study. The first part of the study will probe the motivations and objectives of the Iranian nuclear weapons programme, noting that the Iranian search for the bomb predates the Islamic Revolution of 1979. This will be followed by considering the spectre of increased proxy wars and terrorism under an Iranian nuclear shield, after which the discussion will be framed against the backdrop of the events of 7 October 2023. In the final section, I will emphasize key insights and conclusions in relation to Israel's national security landscape and briefly consider the implications of the Israeli and American attacks on Iranian nuclear infrastructure for the future of the Iranian nuclear (weapons) programme.*



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

**KEYWORDS:** Iran; nuclear weapons; Israel, October 7, 2023; nuclear shield; nuclear terrorism; proxy wars; terrorism; Hamas; Hezbollah.

**TREFWOORDE:** Iran; kernwapens; Israel; 7 Oktober, 2023; kernwapenskild; kernterreur; handlangeroorloë; terreur; Hamas; Hezbollah.

**OPSOMMING**

Vrese oor ’n kerngewapende Iran bly ’n belangrike kwessie in die internasionale politiek. Argumente dat Israel, die VSA en die internasionale gemeenskap nie met ’n kerngewapende Iran kan saamleef nie, word dikwels aangevoer en die argument het uiteindelik as primêre beweeggrond vir die onlangse Israeliese en Amerikaanse aanval op Iran se kernaanlegte gedien. Ná die gebeure van 7 Oktober 2023 het dié vrese wyd uitgekring. Sulke argumente en vrese spruit gewoonlik voort uit ’n drieledige stel argumente waarin ’n kerngewapende Iran as ’n bestaansbedreiging vir die VSA, Israel en die internasionale gemeenskap voorgehou word: Eerstens sal ’n Irannese kernwapen dié land se ondersteuning van handlangeroorloë of terreur drasties vergroot; tweedens sal Iran ’n kernwapen aan eensgesinde terreurgroepe kan verskaf, wat die vrees vir kernterreur ingrypend verhoog; en laastens sal Iran nie huiwer om ’n kernaanval jeens Israel te loods nie. Hierdie ontleding fokus hoofsaaklik op die eerste punt en word deur twee navorsingsvrae gerig: (i) Hoe sal die nasionale veiligheidslandskap van Israel daar uitsien indien Iran kernwapens het, met spesifieke verwysing na ’n oënskynlike toename in handlangeroorloë en terreur? Anders gestel: Sal ’n Irannese kernwapenskild ’n toename in terreur en handlangeroorloë meebring? (ii): In welke mate, indien enigsins, het die gebeure van 7 Oktober 2023 die risiko van ’n toename in handlangeroorloë en terreur vergroot, beskou teen die agtergrond van ’n Irannese kernwapenskild?

## 1. Inleiding en agtergrond

Etlike dekades reeds wek Iran se koorsagtige strewe na ’n kernprogram die argwaan van veral Westerse waarnemers en besluitnemers. Op die keper beskou, word daar vandag aangevoer – soos vantevore in die geskiedenis van Iran se kernprogram – dat die program hoofsaaklik militêre oogmerke ten doel het (kortom, die ontwikkeling van kernwapens), ondanks Iran se ontkenning daarvan. Vir die Irannese regering staan die kernprogram hoofsaaklik in diens van die vreedsame aanwending van kernenergie vir kragopwekking, mediese navorsing en dergelike doeleindes. Die Irannese kernprogram strek natuurlik dekades terug. Tydens die bewind van sjah Mohammed Reza Pahlavi het die sjah se regering in 1957 ’n samewerkingsooreenkoms oor kernnavorsing as deel van die Eisenhower-administrasie se *Atoms for Peace*-inisiatief onderteken, wat van 1959 tot 1964 as ’n gesamentlike Amerikaans-Irannese navorsingsprojek geloop het (Esfandiary & Tabatabai, 2021:93, 205; World Nuclear Association, 2024; Arms Control Association, 2015). Die uiteinde daarvan was die verskaffing deur die Verenigde State van Amerika (VSA) van ’n 5 megawatt-kernreaktor (vir navorsingsdoeleindes), wat gedurende die vroeë 1970’s as vertrek- en fokuspunt gedien het vir omvattende navorsing en onderrig by die Universiteit van Teheran (Wisconsin Project on Nuclear Arms Control, 2023).

Teen die middel van die 1970’s het Iran ’n omvattende kernprogram van stapel gestuur, in so ’n mate dat die sjah die grootse plan van die opwekking van byna 23 000 megawatt kernenergie binne die kort tydperk van 20 jaar in die vooruitsig gestel het. Hierdie plan het uitgeloop op die ondertekening van verskeie kontrakte met kernverskaffers in Europa – by name die Wes-Duitse Kraftwerk Union, ’n filiaal van Siemens, en Framatome, ’n Franse maatskappy – en in die VSA (Wisconsin Project on Nuclear Arms Control, 2023; Arms Control

Association, 2015). Teen die agtergrond van die skrikbeeld van 'n Irannese kernwapen het die VSA van meet af gepoog om enige selfstandige Irannese uraanverrykingsvermoë te kortwiek. Ofskoon die sjah aangevoer het dat die dryfkrag agter die Irannese kernprogram die diversifikasie van die land se energiebronne was, het dié program vir hom ook duidelike veiligheidsoogmerke gehad. Vir die sjah was dit belangrik dat sodanige kernprogram die moontlikheid van 'n kernwapen kon inhou indien die land se veiligheidsituasie dit sou vereis (Esfandiary & Tabatabai, 2021:93, 104; Waltz in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:192). Vrese vir 'n Irannese kernwapen het derhalwe reeds voor die Islamitiese Rewolusie van 1979 bestaan.

Die Islamitiese Rewolusie self het tot 'n kortstondige onderbreking van die Irannese kernprogram gelei, waarna die program gedurende die 1980's weinig gevorder het vanweë die hulpbron-intensiewe Irans-Irakse oorlog van 1980–1988, die vernietiging van twee kernreaktors wat by Bushehr in aanbou was, en ajatolla Khomeini se verset teen kern-ontwikkeling om religieuse redes (Wisconsin Project on Nuclear Arms Control, 2023). Ná die dood van Khomeini in 1989 en die einde van die Irans-Irakse oorlog het die nuwe opperleier, ajatolla Ali Hosseini Khamanei, nuwe lewe in die Irannese kernprogram geblaas, 'n stap wat gekenmerk is deur `n toename in onverklaarde kernaktiwiteite (Arms Control Association, 2015). In samewerking met Rusland, China en Pakistan (veral deur middel van die sogenaamde A.Q. Khan-kernsluikhandelnetwerk), het die Irannese kernprogram, met inbegrip van die strewe na die ontwikkeling van kernwapens, gedurende die 1990's voortgegaan. Laat in die 1990's het senior Irannese amptenare 'n plan – die sogenaamde Amad-plan – goedgekeur wat ten doel gehad het om 'n arsenaal van vyf kernwapens teen die jaar 2004 te ontwikkel (Wisconsin Project on Nuclear Arms Control, 2023). In die nadraai van die onthulling in 2002 deur 'n Irannese dissident, Alireza Jafarzadeh, dat twee kernfasiliteite (die Arak-swaar-waterreaktor en die Natanz-verrykingskompleks) nie bekendgemaak is nie, het vrese vir 'n Irannese kernwapenprogram wyd uitgekring (Esfandiary & Tabatabai, 2021:93; Futter, 2015:159). Dié vrese het nie net uit die onverklaarde status van hierdie instellings voortgespruit nie, maar ook uit die feit dat Iran op bedekte wyse sentrifugeertegnologie via die A.Q. Khan-sluikhandelnetwerk bekom het en daar duidelike bewyse van kernwapenverwante eksperimente was (Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:178-179).

Die verloop van gebeure ná die onthulling van die onverklaarde kernfasiliteite is welbekend. Verskeie diplomatieke ondernemings, resolusies van die Verenigde Nasies (VN) se Veiligheidsraad, en tussentydse en finale ooreenkomste – spesifiek die Gesamentlike Omvattende Aksieplan (*Joint Comprehensive Plan of Action, JCPOA)* oftewel die Irannese kernooreenkoms, waaraan die eerste Trump-administrasie die VSA in 2017 onttrek het – het sedert 2002 gevolg. Die hoofdoel daarvan was om die Irannese uraanverrykingsvermoë te kortwiek en, uiteindelik, die ontwikkeling van 'n Irannese kernwapen te verhoed in ruil vir die beëindiging van 'n wydverspreide en omvattende sanksies-regime teen Iran (Robinson, 2023). Dié diplomatieke ondernemings val nie onder die soeklig van hierdie artikel nie.

Vir die afgelope dekade of so is Iran as 'n kerndrempelstaat beskou. Ofskoon só 'n staat nie 'n kernwapenstaat heet nie, beskik dit oor voldoende infrastruktuur, kapasiteit, tegnologie en kritieke materiaal (voorraadstapel van verrykte uraan) om binne 'n kort tydperk die kernwapendrempel oor te steek. Sommige waarnemers voer aan dat Iran oor die vermoë beskik om binne een week voldoende uraan te verryk vir vyf kernwapens en genoeg vir agt kernwapens in sowat twee weke, waarna tyd begroot sal moet word vir die ontwerp en vervaardiging van ander kritieke komponente van 'n kernwapen, 'n proses wat van 'n paar maande tot slegs 'n paar weke ('n minder waarskynlike skatting) kan duur (Wisconsin Project on Nuclear Arms

Control, 2025; Zhang, 2025; Davenport, 2025). In ’n streng vertroulike verslag deur die Internasionale Atoomenergieagentskap wys dié organisasie daarop dat Iran tans meer as 400 kg uraan (tot 60% verryk) beskik. Dié persentasie is veel hoër as wat vereis word vir die vreedsame aanwending van kernenergie en is naby aan die drempel van uraanverryking vir militêre doeleindes. Indien die hoeveelheid uraan wel verder verryk word, sal Iran voldoende uraan vir 10 kernwapens hê (BBC, 2025). Op 13 Junie 2025 en kort daarna, ná jarelange dreigemente dat Israel en die VSA nie ’n kerngewapende Iran sal duld nie, het dié lande etlike teikens verbonde aan die Irannese kern(wapen)program aangeval, wat spanning tussen dié drie lande tot op ’n mespunt gedryf het. Dit is tans nog te vroeg om vas te stel of dié aanvalle die moontlikheid van ’n Irannese kernwapen finaal beëindig het. In elk geval is dit uiters moeilik om ’n land van koers te bring as hy die ontwikkeling van kernwapens as kritiek vir sy nasionale oorlewing beskou, en dit is bowendien hoogs onwaarskynlik dat so ’n poging sal slaag.

Vandag, soos vroeër in die huidige eeu, word die bedreiging wat ’n Irannese kernwapen inhou, hoofsaaklik gebou op ’n drieledige stel argumente wat ten doel het om te wys dat ’n kerngewapende Iran ’n bestaansbedreiging vir Israel en die internasionale gemeenskap (veral die Westerse wêreld, met Israel en die VSA as die primêre teikens) sal inhou: Eerstens sal ’n Irannese kernwapen dié land se ondersteuning van handlangeroorloë of terreur jeens Israel drasties vergroot; tweedens sal Iran ’n kernwapen aan eensgesinde terreurgroepe kan verskaf, wat die gevaar van kernterreur ingrypend vergroot; en derdens sal Iran nie huiwer om ’n kernaanval op Israel te doen nie (Waltz in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:193). Die soeklig in hierdie artikel val uitsluitlik op die eerste punt hier bo, te wete die vraag van die moontlikheid en omvang van groter steun deur Iran vir handlangeroorloë en terreur, met Israel as vernaamste teiken. Dit is egter belangrik om daarop te let dat “terreur” hier nie “kernterreur” insluit nie, ’n kwessie wat reeds elders bespreek is (vgl. Coetzee, 2021). Ook impliseer die vraag van ’n *toename* in handlangeroorloë en terreur hoegenaamd nie dat kernwapens dié hardnekkige probleme geheel en al uit die weg ruim nie. Die navorsingsvraag het eerder ten doel om ondersoek in te stel na die waarskynlikheid van ’n toename in handlangeroorloë en terreur teen die agtergrond van ’n Irannese kernwapenskild.

Hierdie ondersoek skenk ook oorweging aan hoe die gebeure van 7 Oktober 2023 – toe die Palestynse (én Irannees gesteunde) militante groep Hamas die grondgebied van Israel binnegeval het, ongeveer 1 200 mense (hoofsaaklik burgerlikes) gedood en 251 gyselaar geneem het – die beoordeling van Irannees gesteunde handlangeroorloë en terreur beïnvloed in die lig van ’n moontlikheid dat Iran kernwapens sal ontwikkel. Gegewe hierdie agtergrond het hierdie artikel ten doel om die volgende navorsingsvrae te beantwoord: (i) Hoe sal die nasionale veiligheidslandskap van Israel daar uitsien indien Iran kernwapens het, met spesifieke verwysing na ’n oënskynlike toename in handlangeroorloë en terreur? (ii) In welke mate, indien enigsins, het die gebeure van 7 Oktober 2023 die oënskynlike risiko’s van ’n toename in handlangeroorloë en terreur vergroot, beskou teen die agtergrond van ’n Irannese kernwapenskild? Die ondersoek is gedoen aan die hand van ’n literatuur- en beleidsgesentreerde analise van Iran se beleidsoogmerke en optrede in sy buitelandse omgewing.

Die struktuur van die artikel is soos volg. Daar word eerstens oorweging geskenk aan die motiverings en oogmerke van die Irannese kernwapenprogram. Tweedens word daar ondersoek ingestel na die skrikbeeld wat ’n toename in handlangeroorloë en terreur oproep in die lig van ’n kerngewapende Iran. Daarna word die veiligheidslandskap in Israel ná 7 Oktober oorweeg met spesifieke verwysing na Irannees gesteunde handlangeroorloë en terreur teen die agtergrond van ’n moontlike Irannese kernwapenskild. Die laaste afdeling bevat die vernaamste bevindinge van die artikel met betrekking tot Israel se nasionale veiligheidslandskap en skenk kortliks


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

oorweging aan die moontlike koste verbonde aan ’n Israeliese lugaanval op Irannese kernenergie-infrastruktuur ten einde die moontlike ontwikkeling van ’n Irannese kernwapen te fnuik.

## 2. Op weg na ’n Irannese kernwapen: Primêre motiverings en oogmerke

’n Diepgaande begrip van die motiverings, oogmerke en tydsberekening van die Irannese kernwapenprogram en, breër beskou, die vernaamste vertrekpunte van Iran se buitelandse beleid is noodsaaklik vir enige oorweging van hoe ’n kerngewapende Iran in sy eksterne omgewing sal optree (Futter, 2015:162). As vertrekpunt is dit nuttig om daarop te wys dat Westerse persepsies van postrewolusionêre Iran uiters en onverskillig simplisties is (vlg. Esfandiary & Tabatabai, 2021:1). Ofskoon postrewolusionêre Iran deur anti-Amerikaanse en anti-Westerse retoriek gekenmerk word, behels Westerse persepsies onder meer dat Iran hoofsaaklik ’n rewolusionêre beweging is wat ten doel het om chaos te skep en wat nié as ’n rasionele en gewetensgerigte staat beskou kan word nie, en so word Iran niks minder as ’n karikatuur wat deur Westerse beleidsbepalers geskep is nie. Die persepsies toon geen begrip van die kompleksiteit van die Irannese politieke orde nie (vgl. Bajoghli, 2019; Esfandiary & Tabatabai, 2021:1). Soos ander lande in die internasionale politiek is Iran se buitelandse beleid hoegenaamd nie minder veiligheidsgesentreerd, rasioneel of strategies as dié van ander (Westerse) lande nie.

Dit is natuurlik waar dat ’n uiteensetting van die sentrale oortuigings van die postrewolusionêre Islamitiese Republiek ’n narratief van ’n weerbarstige, rewolusionêre en oorloglustige land steun. Let op die woord “narratief” hier. Op die keper beskou, het die politieke narratief in die onmiddellike postrewolusionêre Iran hoofsaaklik berus op vyf sentrale oortuigings: (i) die noodsaaklikheid daarvan om ’n Moslem-oplewing te bevorder en samehorigheid onder die verdrukte mense van die wêreld teweeg te bring as verset teen Westerse imperialisme; (ii) anti-imperialisme en ’n veroordeling van die internasionale reg en internasionale instellinge as synde Westerse imperialistiese instrumente; (iii), die strewe na selfvoorsiening, veral wat energie, verdediging en vervaardiging betref; (iv) die noodsaaklikheid daarvan om Iran se beeld as ’n gerespekteerde en deelnemende lid van die internasionale gemeenskap uit te bou; en (v) algehele agterdog en openlike vyandigheid jeens die VSA en Israel (Esfandiary & Tabatabai, 2021:18-19).

In die onmiddellik postrewolusionêre tydvak het hierdie oortuigings inderdaad sentraal in die Irannese politiek gestaan, hoewel die uitvoering en verwesenliking daarvan beswaarlik die hoofdoel van die Irannese buitelandse beleid was. Kortom, die rewolusionêre geloofsbriewe van Iran het veel eerder in woord as in daad bestaan. Belangriker nog is dat persepsies van Iran as ’n vurige ideologies gedrewe beweging, persepsies wat hoofsaaklik deur Westerse waarnemers gevestig word en uit die onmiddellik postrewolusionêre konteks dateer, nie tred gehou met die evolusie en uitvoering van Irannese buitelandse beleid nie, en wel dermate dat die pragmatisme in dié land se buitelandse beleid byna heeltemal deur Westerse waarnemers misken word. Gedurende 2012, nadat die voormalige Amerikaanse president Barack Obama met die moontlikheid van ’n herrysende Rusland gekonfronteer is, het Obama skerpsinnig (dog uiteindelik foutief) opgemerk: “The 1980s are now calling to ask for their foreign policy back” (in Brands & Edel, 2019:111).

Met verwysing na Westerse waarnemings oor Iran se buitelandse beleid is dit noemenswaardig hoe dié persepsies by uitstek berus op die vurige retoriek in die onmiddellik postrewolusionêre konteks. Ofskoon die oorsake van dié mistasting in verskeie faktore lê, is


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

die hoofoorsake waarskynlik te vinde in, enersyds, die onvermoë (of onwilligheid) van waarnemers van die internasionale politiek om hulle toe te spits op die gedrag – eerder as die retoriek – van lande (vir die klassieke argument oor hierdie punt, vlg. Waltz, 1979, & Mearsheimer, 2001) en, andersyds, die besef dat in Iran (soos ander lande in die internasionale politiek) die geskiedenis, politiek en veiligheidsdenke nie in isolasie staan nie, maar by een of ander kruispunt byeenkom (Tabatabi, 2020:vii). Kortom, vurige retoriek (in Iran en elders) moet gefiltreer word teen die agtergrond van Irannese veiligheidsdenke en dié land se gedrag in die internasionale politiek. Vandag, soos Dina Esfandiary en Ariane Tabatabai (2021:42) aandui, het Iran nie meer ten doel om sy buurlande omver te werp of om 'n Islamitiese rewolusie in ander dele van die Moslemwêreld aan te blaas nie. In plaas daarvan het Iran wel ten doel – as primêre oogmerk – om streekshegemonie na te streef en neem hy as vertrekpunt dat Irannese oorheersing – en nie dié van enige ander land (Westers of andersins) nie – in sy onmiddellike omgewing ononderhandelbaar is. Die uitvoering van 'n Islamitiese rewolusie vind toenemend plaas as 'n retoriese middel eerder as in die praktyk (Esfandiary & Tabatabai, 2021:5). In der waarheid, ofskoon Westerse waarnemers aanvoer dat Iran se optrede in sy streekgebied ekspansionisties is, beskou Iran dié optrede deur 'n veiligheids- en verdedigingslens (Esfandiary & Tabatabai, 2021:53). Dit is hier belangrik om te noem dat die Irannese drang na streekshegemonie die spreekwoordelike goue draad uitmaak wat die pre- en postrewolusionêre buitelandse beleidslandskap van Iran verbind, 'n gewaarwording wat kragtig dui op die kontinuïteit van veiligheidsverwante kwessies en veiligheidsdenke in die pre- en postrewolusionêre geskiedenis van Iran (Tabatabai, 2020:297).

Voorts is dit ook belangrik om reeds hier te noem dat die Irannese drang na streekshegemonie as primêre oogmerk van dié land se buitelandse beleid nie die diepgaande Irannese vyandigheid jeens Israel geringskat nie. Irannese vyandigheid jeens Israel is werklik én strek diep, maar is beswaarlik dié rigsnoer van elke Irannese besluit en optrede. Belangriker, gesien die skrikbeeld van 'n kerngewapende Iran, is egter dat diepgaande vyandigheid tussen kernstate beswaarlik 'n nuwe verskynsel is (vgl. Indië en Pakistan, die VSA en Noord-Korea, en die VSA en die Sowjetunie), en nie op sigself 'n voldoende grondslag is vir die gebruik van die absolute instrument van massavernietiging – te wete, kernwapens – nie.

In sowel pre- as postrewolusionêre Iran staan veiligheidsoorwegings, met inbegrip van die begeerte om Iran van enige afhanklikheid van die energiepolitiek van ander state te speen, sentraal in dié land se kernwapenprogram. Irannese veiligheidsoorwegings as dryfkrag vir die land se kernwapenprogram tree kragtig na vore indien die tydsberekening en ontwikkeling van die program in ag geneem word. Iran se kernwapenprogram kan nie losgemaak word van die onsekerheid kenmerkend van die internasionale politiek en van die spesifieke optrede en ideologiese vertrekpunte van dié land se vernaamste teenstanders nie, 'n uitgangspunt wat in breë trekke op die ontwikkeling van kernwapenprogramme van byna alle kernstate van toepassing is. Ofskoon die Irannese kernwapenprogram uit die sjah-era dateer, spruit die primêre dryfkrag agter die program hoofsaaklik uit Amerikaanse beleide en optrede in die Midde-Ooste ná die terreuraanvalle van 11 September 2001 (hierna 9/11) (Coetzee, 2021:220).

Op die keper beskou het die regering (1997–2005) van die hervormingsgesinde Irannese president Mohammed Khatami ten doel gehad om betrekkinge met die Weste voorop te stel, met die idee van 'n "dialoog tussen samelewings" as uitgangspunt (Esfandiary & Tabatabai, 2021:53). Toe kom 9/11, 'n gebeurtenis wat 'n grondverskuiwing in die VSA se buitelandse beleid jeens die Midde-Ooste en Suid-Asië meegebring het (Tabatabai, 2020:253). In die nadraai van 9/11 het Iran 'n uiters versoeningsgesinde houding teenoor die VSA ingeneem. Luide krete van "die dood aan Amerika", 'n algemene verskynsel onder Irannese geestelikes,


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

het opvallend gedemp geraak en verskeie ekstremistiese regeringsamptenare het hul medelye teenoor die VSA uitgespreek en Al-Qaeda en sy terreurdade teenoor Amerikaanse burgerlikes veroordeel (Maloney, 2011). Voorts het Iran aangebied om Amerikaanse antiterreuroperasies te steun, wat eindelik uitgeloop het op die verskaffing van logistieke ondersteuning vir die VSA-geleide veldtog in Afghanistan én samewerking met die VSA om ’n nuwe regering in Kaboel in te stel (Maloney, 2011).

Die VSA het egter ’n onversetlike houding jeens Iran ingeneem. Irannese toenadering is deur Amerikaanse president George W. Bush verwerp. Dié onversetlike houding het ’n hoogtepunt bereik met die Amerikaanse etikettering van Iran as een van drie skurkstate in ’n sogenaamde spil van boosheid (“axis of evil”, bestaande uit Iran, Irak en Noord-Korea); die hoofbeskuldiging was dat dié lande massavernietigingswapens vervaardig én aan terreurgroepe verskaf het (Bush, 2002; Esfandiary & Tabatabai, 2020:20). Hierdie standpunt van die VSA het oortuigings in Teheran versterk dat die VSA nie vertrou kan word nie, en dat die VSA eintlik ten doel het om die Islamitiese Republiek omver te werp eerder as om ’n nuwe en meer versoenlike rigting in te slaan (Esfandiary & Tabatabai, 2020:20). Teen die agtergrond van die gebeure van 9/11 het president Bush dit duidelik gestel dat die VSA alles moontlik in die stryd sou werp om sy nasionale veiligheid voorop te stel en te verseker – want ’n Iran wat massavernietigingswapens aan terreurgroepe verskaf, benadeel Amerikaanse nasionale veiligheid ten diepste (Bush, 2002). Omdat die VSA sy nasionale veiligheid vooropgestel het, het Iran noodgedwonge dieselfde gedoen. Gevolglik het Iran reeds teen einde 2002 indringend gepoog om kernwapenontwerpkwessies op te los (wat daartoe gelei het dat daar op ’n selfvervaardigde inploffingsontwerp besluit is) en befondsing beskikbaar gestel vir die aankoop van hoogverrykte uraan (Tertrais, 2020:2). Ofskoon die Irannese kernwapenprogram toegang tot kernwapenontwerpe deur die A.Q. Khan kernsluikhandelnetwerk verkry het, blyk argivale bewyse dat Teheran nie hiervan gebruik gemaak het nie en nie enige bystand deur ’n ander land (met uitsondering van Noord-Korea) ontvang het nie (Tertrais, 2020:2).

Die Amerikaanse inval in Maart 2003 in een van die lidlande van die sogenaamde spil van boosheid, te wete Irak, het Irannese vrese vir ’n Amerikaanse agenda vir ’n regime-omverwerping in die Midde-Ooste ten diepste versterk én die onblusbare vyandigheid en argwaan van Iran, met inbegrip van ’n diepgaande gevoel van onveiligheid, veroorsaak (Waltz in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:192). Ofskoon Iran en Irak beswaarlik as bevriende lande beskou kan word, het dié lande tog daarin geslaag om ná die verwoestende Irannees-Irakkese oorlog (1980-1988) ’n stabiele streeksmagsbalans te handhaaf (Waltz in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:192). Die Amerikaanse inval in Irak, gesien deur die bril van Irannese beleidsbepalers, was bloot nog ’n treffende voorbeeld van ’n grootmoondheid wat hom na willekeur by die streekspolitiek van ander state inmeng (Coetzee, 2021:221). Die Amerikaanse omarming van regimeverandering (lees: demokratisering) in die Midde-Ooste as ’n belangrike bousteen in sy buitelandse beleid, met ’n demokratiese Irak wat bloot die eerste skaakstuk uitgemaak het in ’n breër skaakspel waarvan die einddoel die algehele demokratisering van die Midde-Ooste was, was vir Teheran die bron van ’n diepgaande sin van onveiligheid. Iran se vrees vir ’n Amerikaans geleide regimeverandering was beswaarlik ’n mistasting. Trouens, toe ’n amptenaar verbonde aan die Bush-administrasie gepols is oor die lesse vir Teheran in die nadraai van die Amerikaanse inval in Irak, het dié amptenaar prontuit vermeld: “Kies ’n nommer” – die bedoeling was klaarblyklik dat Teheran duidelik moes verstaan dat hy die volgende teiken in die VSA se regimeveranderingsvisier was (aangehaal in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:179). Vir Teheran was die les glashelder: Beskerm jou eie belang en waarborg jou eie veiligheid.


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

Ofskoon die Irannese kernwapenprogram ná die Amerikaanse inval in Irak tot stilstand geknars het, was dié onderbreking bloot tydelik; verskeie waarnemers het trouens genoem dat Teheran sy kernwapenprogram kort daarna met groot ywer voortgesit het (Tertrais, 2020:3; Waltz in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:192). Trouens, luidens 'n vertroulike verslag deur die Internasionale Atoomenergieagentskap het Iran gedurende 2003 verskeie inploffingstoetse gedoen én weggesteek, met dié toetse wat sentraal tot die ontwikkeling van kernwapens is (*The Times of Israel*, 2025). Teen die agtergrond van die werklikheid van 'n grootmoondheid wat 'n omvattende regimeveranderingsagenda het en Irannese streekgebied binnedring, was Teheran tussen twee vure, 'n verknorsing wat kleiner lande goed ken wat in gevaar van 'n inval uit die buiteland is: Bewapen jouself met kernwapens of loop die gevaar van 'n inval (Coetzee, 2021:221). In 'n ontleding van die hoekstene van Iran se buitelandse beleid wys Kenneth Katzman (2021) sowel as Dina Esfendiary en Ariane Tabatabai (2021:59) daarop dat enige inmenging in Iran se interne politiek en sy grondgebied, hetsy om die Islamitiese Republiek te intimideer, in te val of 'n regimeverandering teweeg te bring, diep gefundeerde Irannese rooilyne oorsteek. In hierdie konteks van Irannese persepsies van onveiligheid en, uiters belangrik, die nabyheid aan 'n kerngewapende Israel is die tersaaklike vraag veel eerder een waarvan waarnemers merendeels wegskram, naamlik waarom Iran hom *nie* tot kernwapens sal wend nie. Kenneth Waltz (2012:3) merk tereg op dat dit eintlik verbasend is dat Iran so lank gewag het om die ewewig met Israel te bewerkstellig (d.w.s. om 'n kernwapen te ontwikkel). Trouens, die bestaan van 'n streek met slegs een kernwapenstaat – kortom, 'n streek sonder enige ander kernwapenstaat as teenwig – is, histories beskou, 'n opvallende onreëlmatigheid (Waltz, 2012:3).

Die primêre beweeggrond vir die Irannese strewe om kernwapens te bekom, beskou teen die agtergrond van Amerikaanse inmenging in Iran se streekgebied én 'n kerngewapende Israel, maak in der waarheid deel uit van 'n patroon merkbaar by alle kernstate, te wete die verkryging van kernwapens vir doeleindes van afskrikking en, uiteindelik, oorlewing. Dit is van die uiterste belang om te noem dat Iran se gedrag, waarvan die uitgangspunt die imperatief is om sy eie veiligheid voorop te stel en te verseker, in hierdie opsig geheel en al ooreenkom met die wyse waarop lande in die internasionale politiek gewoonlik optree. In weerwil van die vurige retoriek wat Irannese geestelikes dikwels luidkeels kwytraak, het Iran se buitelandse beleid – en die strewe na kernwapens – hoofsaaklik veiligheidsoorwegings ten doel eerder as revisionistiese ideale. Op die keper beskou, en soos reeds hier bo genoem, het Irannese buitelandse beleid nie juis gestreef na die verandering en hersamestelling van die grense van die Midde-Ooste nie, wat in werklikheid bevestig dat Iran 'n *status quo*-land is wat die landsgrense van die streek betref (Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:193). Trouens, Esfandiary en Tabatabai (2021:42) wys daarop dat chaos en toestande van onregeerbaarheid in naburige lande vir Iran uiters kommerwekkend is. Ofskoon daar beslis waarheid steek in die bewering dat Iran na die gloriedae van die Persiese ryk hunker, moet dié hunkering nie gelykgestel word aan pogings om die streek na die beeld van Iran te verander nie (Katzman, 2021). Die primêre beweegrede vir die Irannese kernwapenprogram is, meer as enige ander faktor, die Amerikaanse buitelandse beleid in Iran se streekgebied, maar ook 'n kerngewapende Israel (Coetzee, 2021:222).

## 3. Die skrikbeeld van 'n toename in handlangeroorloë en terreur

Iran word allerweë beskou as die wêreld se voorste staatsondersteuner van terreur, beswaarlik 'n prysenswaardige etiket. Dié land se noue bande met onder meer die Libanese Hezbollah

(ook gespel *Hisbollah*), Hamas en ander Palestynse militante, en die Houthi-rebelle in Jemen is welbekend. Hamas, in die besonder, ontvang reeds vanaf 1987 beduidende finansiële en ander ondersteuning (byvoorbeeld wapens en militêre opleiding) van Iran (Levitt, 2023). Irannese staatsondersteuning van terreur, met inbegrip van Teheran se diepgaande ondersteuning van verskeie surrogaatgroepe in die Midde-Ooste (wat strek van militante in Sjiitiese Moslem-lande soos Irak en Libanon tot in gebiede waar Soenniete die meerderheidsgroep uitmaak, byvoorbeeld in die Palestynse gebiede Sirië en Jemen), is weliswaar 'n hardnekkige probleem vir Israel en Westerse belange in die Midde-Ooste, hoewel "hardnekkig" beswaarlik aan "eksistensieel" of "bestaan" gelykgestel kan word. Voorts het Iran toenemend ten doel om die koördinasie tussen hierdie uiteenlopende groepe te verbeter ten einde 'n meer verenigde en doeltreffende weerstandspil ("axis of resistance") teen gemeenskaplike vyande tot stand te bring (Robinson & Merrow, 2024). Teen hierdie agtergrond word daar wyd gevrees dat die optrede en geweld van so 'n Irannees gesteunde terreurnetwerk en weerstandspil met rasse skrede sal toeneem indien 'n Irannese kernwapen ontwikkel word (vgl. Murray, 2025:184-185). Hierdeur sal Teheran waarskynlik sy kernwapenskild gebruik om sy ondersteuning van handlangeroorloë of terreur drasties te vergroot.

Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat kernwapens – en 'n Irannese kernwapenskild – dié land se onverskrokke en weerbarstige ondersteuning van handlangeroorloë en terreur ingrypend sal verhoog. As vertrekpunt hiervoor is dit noemenswaardig dat die Irannese gebruik van 'n kernwapenskild ter ondersteuning van handlangeroorloë en terreur indruis teen die geskiedrol van kernstate sedert 1945 (Waltz in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:192). Teenoor die skrikbeeld van verhoogde handlangeroorloë en terreur, is dit veel waarskynliker dat Irannese gedrag in sy eksterne omgewing dié van ander kernstate sal weerspieël. Wanneer akademici oor die beweeggronde vir lande se toetrede tot die kernwapenklub besin, word daar dikwels onderskei tussen die gebruik van 'n organisatoriese benadering, waarvolgens faktore in die binnelandse (plaaslike) politiek van lande die bril verskaf waardeur kernwapenontwikkeling beskou word, en sisteembenaderings (veral die strukturele realisme van Kenneth Waltz), wat wys op hoe die anargiese struktuur van die internasionale politieke sisteem die besluite (selfs dié oor kernwapens), gedrag en interaksies van lande beïnvloed. 'n Blik op die skrikbeeld van 'n kerngewapende Iran deur die lens van 'n sisteembenadering wys baie duidelik op die redes waarom Iran tot die kernwapenklub wou – en moontlik steeds wil – toetree. In die geval van Iran en, breër beskou, van *elke* ander kernstaat staan diepgaande veiligheidsverwante vrese én die daaropvolgende strewe na veiligheid sentraal in die toetrede tot die kernwapenklub – en, baie opvallend, wanneer dié veiligheidsoekende state wel tot die kernwapenklub toetree, word hul gedrag in hul eksterne omgewing opmerklik eenders (Coetzee, 2021:223).

Derhalwe, ondanks vurige en opruiende retoriek deur lande *voor* hul toetrede tot die kernwapenklub, veral in kontekste waar diepgaande vyandigheidheid tussen ontluikende kernwapenstate heers (met by uitstek Indië en Pakistan as voorbeeld), bring toetrede tot die kernwapenklub 'n gevoel van kwesbaarheid en 'n diepe soberheid onder kernwapenstate mee. 'n Gevoel van kwesbaarheid moet hier verstaan word as die besef onder kernwapenstate dat kernwapenbesit meebring dat grootmoondhede en ander vername lande in die internasionale politiek kernwapenstate onophoudelik in die oog hou (Waltz, in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:194). Dié state word dus aan voortdurende en noukeurige ondersoek en waarneming onderwerp, te meer in gevalle waar daar kommer bestaan oor 'n kernwapenstaat se bande met terreur- of sluikhandelnetwerke (soos in die geval van Iran). Nieteenstaande wydverspreide vrese dat kernwapens onbeteuelde, aggressiewe en gewelddadige optrede aanwakker, is die werklikheid veel eerder dat dié wapens omsigtigheid en gematigdheid bring in die state wat


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

daaroor beskik. As dié waarneming uiters universalisties voorkom met betreklik min aandag aan konteks of nuanse, is dít hoofsaaklik vanweë die kragtige kondisioneringseffek wat kernwapens het op state wat daaroor beskik, ongeag die karakter van hulle regeringshoofde, hulle regeringstelsel of hulle ideologie (Beyer, 2015:80).

Trouens, die geskiedrol van ander kernwapenstate wys baie duidelik daarop dat kernwapens selfs die weerbarstigste lande tot groter omsigtigheid en gematigdheid kan omvorm. Dit is noemenswaardig dat Maoïstiese China, na dié land se toetrede tot die kernwapenklub, opvallend minder strydlustig geraak het, terwyl Indië en Pakistan, twee lande "gebore in konflik" en dekadeslange aartsvyande, kennelik meer verdraagsaam en versigtig in hul gedrag jeens mekaar geword het (Waltz in Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:194; Sagan & Waltz, 2013:136). Omsigtigheid beteken natuurlik nie dat daar *geen* konflik sal wees nie. Waar daar egter wel konflik tussen kernstate is, veral in gevalle van 'n betwiste grondgebied, word die omvang van die geweld beduidend beperk. Etlike voorvalle tussen Indië en Pakistan oor die betwiste gebied Kasjmir is tekenend hiervan. In die Kargil-konflik van 1998, toe meer as 'n duisend oorlogsverwante sterftes aangemeld is, was die vrees oënskynlik dat Pakistan sy kernwapenskild kon gebruik om die vlak van konvensionele oorlog teen Indië dramaties te verhoog, omdat Pakistan se kernwapens 'n demper op Indië se reaksie sou plaas. Pakistan sou egter besef – hét in der waarheid besef – dat die omvang van sy aanval insgelyks deur Indië se kernwapens beperk word en dat 'n Indiese vergeldingsaanval nie buite rekening gelaat kon word nie. Die slotsom oor die konflik, soos verwoord deur hooggeplaaste regeringsamptenare van beide lande, was die besef dat 'n grootskaalse konvensionele oorlog oor Kasjmir haas onmoontlik geword het. Hiér het die teenwoordigheid van kernwapens verhoed dat 'n groot konflik tot 'n volskaalse konvensionele oorlog uitkring (Sagan & Waltz, 2013:163). Konflik oor Kasjmir het gedurende 2019 weer ontvlam. Wéér het kernwapens 'n beduidende invloed uitgeoefen om die omvang van die konflik te beperk. In die hitte van die stryd het die voormalige eerste minister van Pakistan, Imran Khan, 'n brander aan die Indiese eerste minister, Narendra Modi, gestuur, wat sterk wys op die stabiliseringseffek van kernwapens:

> If this situation worsens to a war situation, then one must remember that both the countries are nuclear states. And no one wins in a nuclear war. It is not like the repercussions will take place here, [but] the repercussions will be felt across the world (in Coetzee, 2021:223).

Betrekkinge tussen Indië en Pakistan word ook soms deur terreurdade geruk. Dat Pakistan se kernwapenskild hierdie dade aanmoedig, is onjuis. Gedurende 2008 het die Pakistanse Salafi-Islamitiese terreurgroep Lashkar-e-Taiba 'n reeks terreuraanvalle in Indië uitgevoer, waartydens 150 sterftes aangemeld is (Coaffee, Moore & Barnard-Wills, 2009). Dit is veelseggend dat Indië nóg konvensioneel teen Pakistan opgetree het, nóg die terreuropleidingsgronde van Lashkar-e-Taiba geteiken het, maar veel eerder sy teenterreurvermoëns uitgebrei en verskerp het (Sagan & Waltz, 2013:163). Indië het met meer omsigtigheid gereageer, gegewe die besef dat 'n konvensionele oorlog met Pakistan maklik kon eskaleer en verwoestende gevolge kon hê. Op 7 Mei 2025 is 20 mense deur die terreurgroep Kasjmir-weerstand in Pahalgam (geleë in Indië se Jammu- en Kasjmir-gebied) gedood, waarna die Indiese lugmag verskeie terreurverwante teikens en na vore geleë lugmagbasisse in Pakistan getref het. Die operasie, genaamd Operasie Sindoor, het oor etlike dae gestrek, waartydens Pakistan ook verskeie vergeldingsaanvalle uitgevoer het. Aannames, soos dié van die Amerikaanse president Donald Trump dat hierdie konflik op die randjie van 'n kernoorlog gestaan het, het dit mis. Veel eerder, soos Walter Ladwig (2025) tereg daarop wys, moet Operasie Sindoor hoegenaamd nie as 'n treetjie na strategiese onstabiliteit beskou word nie, maar 'n noukeurig berekende gebruik van

mag met die doel om Indië se voorneme duidelik te kommunikeer, terreurinfrastruktuur te vernietig en militêre vermoëns te wys – alles sonder om tot 'n breër oorlog oor te gaan. In dié en ander gevalle kan 'n mens verwag dat die teenwoordigheid van kernwapens 'n demper op die gebruik van mag sal plaas, ofskoon dit nie die voorkoms van laerintensiteitkonflikte verwyder nie.

Ongeag die aard van die politieke bestel of die ideologiese vertrekpunte en persoonlikhede van leiers en regerings, word lande wat tot die kernklub toetree, gou met die harde werklikheid gekonfronteer dat kernwapens nóg oorlogvoerende (offensiewe) vermoëns ontwikkel, nóg as doeltreffende dwangmiddel dien. Kernwapens dien hoofsaaklik eerder een doel, te wete kernafskrikking, 'n les wat elke kernwapenstaat moeiteloos leer. Buiten nasionale oorlewing, het kernwapens derhalwe weinig ander strategiese nut. Argumente dat Iran nie hierdie les kan of sal leer nie, is ongegrond. Kernstate, veral dié wat oor groot kernarsenale en byna onbeperkte vermoëns op militêre en ander terreine beskik, sal na alle waarskynlikheid nie enige ander gebruik vir kernwapens buiten kernafskrikking oorweeg nie – en, soos Kenneth Waltz tereg aanvoer, is daar onvoldoende gronde om te glo dat Iran hierdie harde werklikheid sal verontagsaam (Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:194). Voorts is wydverspreide vrese dat 'n kerngewapende Iran in die sogenaamde stabiliteit-onstabiliteit-paradoks sal verval, erg oordrewe. Dié paradoks, wat aan die werk van Glenn Snyder toegeskryf word, behels die veronderstelling dat kernwapens strategiese stabiliteit maar taktiese onstabiliteit veroorsaak. Kortom, kernwapens besiel kernstate en verleen aan hulle betreklik baie vryheid om lae-intensiteit- militêre aksies teen ander kernstate uit te voer of hulle uit te tart, 'n argument wat bloot 'n verbloeming is van die veronderstelling dat 'n kernwapenskild lae-intensiteitkonflik sal aanwakker (Jervis, 1979–1980:619). Die blote teenwoordigheid van 'n kerngewapende Israel sal egter vrese vir avontuurlustige Irannese militêre optrede in sy eksterne omgewing besweer. Trouens, enige aggressiewe en avontuurlustige optrede in sy streekgebied sal die primêre beweeggronde van Irannese optrede in sy eksterne omgewing, te wete veiligheid en oorlewing, beslissend teenwerk (Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:194).

Die pessimis sou waarskynlik hier sterk teenkap en vra of die uitkomstes van die stabiliseringseffek van kernwapens in Israelies-Irannese betrekkinge nie merendeels berus op, eerstens, Irannese aanvaarding van die doktrine van kernafskrikking en, tweedens, die rasionaliteit van die Irannese regime nie. Anders as wat soms aangevoer word, berus die doeltreffendheid van kernafskrikking en die stabiliseringseffek van kernwapens nie op iedereen se aanvaarding daarvan nie (Waltz, 2008a:283). Vrese oor die rasionaliteit van die Irannese leierskorps is algemeen en gedy veral onder Westerse waarnemers. Daarvolgens word aangevoer dat, ofskoon die gevare van 'n kerngewapende Israel kennelik vir almal geld en kernafskrikking met enige ander kernstaat moeiteloos sal plaasvind, die "waansinnige ajatollas" in Teheran – of die "versteurdes", soos Israel se premier, Benjamin Netanyahu, na die Irannese leierskorps verwys – nie vertrou kan word om rasioneel op te tree nie (aangehaal in Hobbs & Moran, 2014:18). Kernafskrikking berus egter nie op rasionaliteit nie, maar op vrees (Waltz, 2013:110). In elk geval, argumente oor die oënskynlike irrasionaliteit van Irannese leiers bied 'n geykte blik op die Irannese politiek. Wanneer daar na die rasionaliteit van lande en hul leierskorps in die internasionale politiek gekyk word, moet "rasionaliteit" nie gelykgestel word aan leiers se vermoë om goed beredeneerde besluite te neem wat berus op volkome en volmaakte kennis van die omgewing waarin hul optree nie (Waltz, 2008b:43). Rasionaliteit beteken in hierdie konteks eerder dat leiers oor sake kan besin en koste-sensitief is vir hul optrede in die eksterne omgewing. Hiervolgens is 'n rasionele besluitnemer, aldus John Mearsheimer en Sebastian Rosato (2023:3), bloot iemand wat geloofwaardige teorieë gebruik om sin te maak

van die eksterne omgewing en die bes moontlike beleide inspan om sleuteloogmerke te bereik. Voorts kan sulke leiers oorweging skenk aan hoe hul optrede die gedrag van ander lande raak en hoe die optrede en interaksies van ander lande hul eie vooruitsigte op oorlewing beïnvloed (Mearsheimer, 2001:31).

In teenstelling met wat wyd aangevoer word, word Irannese buitelandse beleid deur "verstandige" leiers gemaak wat ten doel het om Irannese oorlewing te verseker (Waltz, 2012:4). Terloops, dit is noemenswaardig dat die vorming en implementering van Irannese beleid – in sy interne en eksterne omgewing – die uitkoms van diepgaande gesprekvoering en meningsverskille tussen die verskillende rolspelers is, ’n waarneming wat sterk indruis teen Westerse persepsies wat Iran as ’n monolitiese entiteit uitbeeld. Ofskoon die Irannese opperleier die finale beslegter van dispute is, is die ajatolla nie die enigste besluitnemer in Iran nie (Esfandiary & Tabatabai, 2021:20, 50). Op die keper beskou, behels Westerse persepsies van Iran se gedrag in sy buitelandse omgewing, met inbegrip van sy ondersteuning van terreur- en surrogaatgroepe, dat dit irrasioneel, onvatbaar vir afskrikking en onderworpe aan ideologie eerder as pragmatisme is; sulke persepsies is volkome uitgedien (Eisenstadt, 2015:5). In ’n uiters noukeurige ondersoek na die primêre oogmerke van Iran se buitelandse beleid wys Vali Nasr (2025a) daarop dat Westerse persepsies van Iran as ’n teokratiese muishondstaat geheel en al misplaas is en dat twee oorwegings – naamlik die vrees vir ’n aanval van buite op Iran se grondgebied en ’n interne ineenstorting – dié land se optrede in sy eksterne omgewing rig. Michael Eisenstadt (2015:7) voer oortuigend aan dat beleidmaking in die Islamitiese Republiek van Iran, soos in ander lande in die internasionale politiek, op die sekulêre beginsel van *raison d'être* berus wanneer die belange en oorlewing van die regime in ag geneem word, eerder as op die voorskrifte van die regime se ideologie of die beginsels van Sjia-Islam.

Soos reeds hier bo vermeld, vertolk Westerse waarnemers dikwels Irannese optrede in sy streekgebied as "ekspansionisties", terwyl Teheran dié optrede deur ’n veiligheids- en verdedigingslens beskou. Vir Teheran het sy optrede in die eksterne omgewing ten doel om streekshegemonie te verwesenlik (iets wat Iran hom toe-eien gegewe sy geskiedenis, grootte, hulpbronne en posisie in die streek – beswaarlik ’n buitengewone oogmerk in die internasionale politiek), om lande en niestaatlike rolspelers af te skrik wat Irannese grondgebied en sy belange bedreig, en om (hoofsaaklik) Westerse lande uit sy streekgebied te hou (Robinson & Merrow, 2024; Esfandiary & Tabatabai, 2021:124-125). Irannese vrese vir ’n (Westerse) inval in sy grondgebied moet nie geringskat word nie. Daar moet voorts genoem word dat wanneer Iran in sy eksterne omgewing optree, veral by wyse van ondersteuning van terreur- en surrogaatgroepe, hy hoofsaaklik op die vermyding van direkte konfrontasie toegespits is, wat op sigself ten doel het om ’n posisie van geloofwaardige ontkenning ("plausible deniability") te handhaaf (Esfandiary & Tabatabai, 2021:20; Eisenstadt, 2015:4). Geloofwaardige ontkenning moet as ’n risiko-versagtende strategie beskou word. Dié strategie, wat, terloops, dui op die Irannese leierskorps se vermoë om strategies te dink én op te tree, het uiteindelik ten doel om oorlog te vermy (Eisenstadt, 2020:vii). Hobbs en Moran (2014:85) gaan daarmee akkoord en wys daarop dat Irannese ondersteuning van terreur- en surrogaatgroepe op "die neem van berekende risiko's" berus, wat eindelik voortspruit uit ’n breër "pragmatiese benadering" tot die eksterne omgewing waarin "strategiese koste-voordeel-ontleding" vooropgestel word (Hobbs & Moran, 2014:85).

Ondanks die vurige retoriek wat Irannese geestelikes dikwels uiter, toon ’n ondersoek van Iran se buitelandse beleid aan dat belange en pragmatisme – eerder as ideologie – die rigsnoer daarvan uitmaak. In sowel Afghanistan as Irak het Iran byvoorbeeld met die VSA onderhandel en saamgewerk, terwyl Christelike Armenië een van Iran se sleutelbondgenote


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

in die Suid-Kaukasiese konflik met Sjiitiese Azerbeidjan is (Esfandiary & Tabatabai, 2021:52, 183). Voorts is dit noemenswaardig dat wanneer Iran wel met meer waagmoed in sy eksterne omgewing optree, soos byvoorbeeld die aanval op twee Saoediese oliefasiliteite gedurende 2019, bly "risikobestuur" uiteraard 'n prioriteit (Eisenstadt, 2020:viii). En wanneer die land hom tot oorlog moet wend, het Teheran gewoonlik ten doel om "koste tot 'n minimum te beperk", gedrag wat beswaarlik die indruk wek dat Iran onvatbaar vir koste en risikobeoordeling is (Eisenstadt, 2020:13).

Op die keper beskou, word die toepassing van Irannese buitelandse beleid gekenmerk deur pragmatisme en die vermoë van die leierskorps om rasioneel en strategies op te tree. Anders as wat dikwels aanvaar word, staan matigheid en omsigtigheid sentraal in die optrede van 'n Iran met konvensionele wapens in sy eksterne omgewing. Met 'n kerngewapende Israel in sy gebied, en gegewe die omsigtigheid wat kernwapens bring, is daar weinig rede om te twyfel dat 'n kerngewapende Iran nie met omsigtigheid sal optree nie. Vrese dat 'n Irannese kernwapenskild Teheran sal besiel om sy ondersteuning van terreur- en surrogaatgroepe te verhoog laat buite rekening die geskiedrol van kernstate, wat sonder twyfel daarop wys dat kernwapens omsigtigheid – eerder as waagmoedige en aggressiewe gedrag – meebring. Voorts het kernwapens geen ander strategiese nut as kernafskrikking nie en die gebruik daarvan vir offensiewe oogmerke beloof verwoestende vergelding, 'n uitkoms waardeur Iran se veiligheidsoekende gedrag beswaarlik gedien sal word. Ofskoon die Irannese leierskorps weliswaar rasioneel en strategies optree, is dit ten slotte tersaaklik om te noem dat die afskrikkingseffek van kernwapens nie op die morele inhibisies van (Iran se) leiers berus nie, maar op die vreesaanjaende vooruitsig dat kernwapengebruik verwoestende vergelding teweeg kan bring (Waltz, 2008c:295-296).

## 4. Die veiligheidslandskap ná 7 Oktober: Oorwegings en implikasies

Ná die gebeure van 7 Oktober 2023, toe die Palestyne militante groep Hamas Israel se grondgebied betree en 'n menigte mense gedood en verskeie gevange geneem het, het die Israeliese weermag 'n militêre veldtog in die Gazastrook van stapel gestuur. Kort hierna het die Libanese militante groep Hezbollah (ook 'n surrogaatgroep van Iran) tot die stryd toegetree, wat tot wedersydse missielaanvalle tussen dié groep en die Israeliese weermag gelei het. Gedurende 2024 en weer in 2025 het dié konflik uitgebrei, en direkte missielaanvalle tussen Israel en Iran het plaasgevind. Soos vroeër genoem, het Israel en die VSA in Junie 2025 etlike teikens verbonde aan die Irannese kern(wapen)program aangeval, waarna 'n vlaag missielaanvalle weer tussen Israel en Iran gevolg het. En op 23 Junie 2025 het die Irannese weermag 'n missielaanval op die Al Oedeid-lugmagbasis, 'n Amerikaanse basis in Katar, gedoen, wat volgens Iran 'n direkte gevolg is van Amerika se lugaanvalle op sy (Iran se) ondergrondse uraanverrykingsaanlegte.

Hoe beïnvloed die gebeure van 7 Oktober en daarna die ontleding hier bo, te wete dat 'n Irannese kernwapenskild *nie* verhoogde Irannees gesteunde terreur en handlangeroorloë tot gevolg sal hê nie?

In die nadraai van die 7 Oktober 2023-aanval het die vrees weer in Israel opgevlam dat 'n moontlike Irannese kernwapenskild 'n dramatiese verhoging in die frekwensie en intensiteit van Irannees gesteunde terreur en handlangeroorloë teen Israel teweeg sal bring (vgl. *The Jerusalem Post*, 2024; Murray, 2025:184-185). Dit sou beteken dat die gebeure van 7 Oktober 2023 bloot 'n voorloper was van 'n toename in Irannees gesteunde terreur en handlangeroorloë. Met die beskerming wat 'n Irannese kernwapenskild hom bied, sal Teheran derhalwe sy


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

terreur- en surrogaatgroepe in die streek opdrag kon gee om 'n kerngewapende Israel te verwoes. Dié vrese het uiteindelik die beweeggronde vir Israel en die VSA verskaf om die Irannese kern(wapen)program te teiken.

Ofskoon die aanvalle op 7 Oktober 2023 Israeliese en Amerikaanse drif versterk het om die Irannese kern(wapen)program te vernietig, gaan die idee van 'n voorkomingsaanval op Iran se kernaanlegte dié aanvalle vooraf. Reeds in 2010 het Israel se weermag oefeninge uitgevoer wat 'n lugaanval op Irannese kernaanlegte in die visier gehad het (Sagan, Waltz & Rapp-Hooper, 2013:198). Desnieteenstaande het die aanvalle deur Hamas op 7 Oktober 2023, vanuit die Israeliese perspektief beskou, dit duidelik gemaak dat Israel nie met 'n kerngewapende Iran kán saamleef nie. Wanneer daar egter oor die gebeure van 7 Oktober en daarna besin word, is daar weinig gronde vir die aanname dat 'n Irannese kernwapenskild 'n toename in terreur en handlangeroorloë teweeg sal bring.

Wat is dus die gronde vir optimisme?

Die gebeure van 7 Oktober 2023 is ongetwyfeld betreurenswaardig. Hoe daardie gebeurtenis verband hou met die vrees vir 'n toename in terreur en handlangeroorloë teen die agtergrond van 'n Irannese kernwapenskild, is allermins duidelik. Ofskoon daar onduidelikheid bestaan oor die diepte van Irannese steun vir die Hamas-aanvalle van 7 Oktober (Iran het dit onomwonde gestel dat hy geen aandeel in die aanvalle gehad het nie), is dit nietemin bekend dat daar 'n lang geskiedenis van Irannese steun aan terreur en handlangeroorloë teen Israel en Westerse belange in die streek is (*The Times of Israel*, 2024). Met of sonder kernwapens en vir so lank as wat groepe soos Hamas en Hezbollah staande bly, sal dié aanvalle en Irannese steun daarvan voortduur. Om die redes breedvoerig in die vorige afdeling uiteengesit, is dit egter sterk te betwyfel of 'n Irannese kernwapen tot 'n *toename* in Irannees gesteunde terreur en handlangeroorloë sal lei. Wanneer kernwapens op die toneel verskyn, word die optrede van hul besitters uiters matig en omsigtig; die betrokke lande besef dat kernwapens geen ander strategiese nut as kernafskrikking het nie. En met 'n kerngewapende Israel as teëstander sal Iran terdeë daarvan bewus wees dat enige optrede wat Israel se nasionale oorlewing bedreig, verwoestende vergelding vir Teheran tot gevolg kan hê. Histories beskou is kernwapenstate uiters onwillig om meer waagmoedig en aggressief in `n kernwapenwêreld op te tree as in `n wêreld met konvensionele wapens. 'n Kerngewapende Iran sal nie 'n uitsondering wees nie. Die probleem van Irannees gesteunde terreur en handlangeroorloë staan ten slotte los van die skrikbeeld van 'n Irannese kernwapen.

Oorweging van Iran se optrede ná die gebeure van 7 Oktober bied voorts 'n insiggewende blik op die geykte persepsies van Westerse lande en waarnemers dat die Irannese leierskorps ideologies vurig, strategies onbeholpe en irrasioneel is. Drie gebeure is hier ter sake; al drie dui sterk daarop dat Iran 'n strategiese, rasionele en koste-sensitiewe rolspeler is: die direkte missielaanvalle tussen Israel en Iran gedurende April 2024, die missielaanvalle van Oktober 2024 en die 12-dae-konflik in 2025. Die direkte missielaanvalle tussen dié twee lande is ongekend en tekenend van 'n kommerwekkende eskalasiepatroon. Deurgaans is Iran se optrede gekenmerk deur selfbeheersing en gematigdheid. Op 1 April 2024 het Israel die Irannese konsulaatgebou in Damaskus, Sirië, gebombardeer, 'n aanval – vanuit die Israeliese perspektief beskou – uit weerwraak vir die onbetwisbare rol van Iran se Islamitiese Rewolusionêre Wagkorps (IRWK) (en die betrokke Wagkorps-generaals in die konsulaatgebou) in die Hamas-aanvalle van 7 Oktober 2023. Uit weerwraak vir Israel se aanval het Iran op 13 April 2024 'n ongekende direkte lugaanval (met ballistiese missiele en hommeltuie) op Israel gedoen, waarna 'n Israeliese vergeldingsaanval op 19 April 2024 op drie Irannese teikens (onder meer 'n militêre basis in die Isfahan-provinsie) gevolg het. Kenners en waarnemers van die streek is


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

dit eens dat dié aanvalle, aan beide kante, gekenmerk is deur selfbeheersing en beperkte oogmerke en, belangrik, dat sowel Iran as Israel probeer het om so gou doenlik uit die eskalasiesiklus te kom (AFP, 2024).

Gedurende Oktober 2024 het 'n tweede vlaag wedersydse missielaanvalle tussen Israel en Iran gevolg. Op 1 Oktober 2024 het Iran Israel met ongeveer 180 ballistiese missiele bestook, 'n vergeldingsaanval – vanuit die Irannese perspektief beskou – vir 'n Israeliese inligtingsoperasie waartydens duisende roepradio's wat deur Hezbollah in Libanon gebruik word, ontplof het en verskeie militante, sowel as 'n senior IRWK-bevelvoerder, gedood en etlike ander beseer is. Ontleders en waarnemers het daarna aangevoer dat die Irannese vergeldingsaanval 'n klassieke voorbeeld van 'n irrasionele en eskalerende Irannese regime is wie se aanvalle net 'n reuse-magsvertoon was. In die nadraai van die Israeliese inligtingsoperasie het die Irannese opperleier, ajatolla Ali Khamenei, beveel dat 'n vergeldingsaanval op Israeliese teikens gedoen word. Die Irannese president, Masoed Pezesjkian, het aanvanklik besluit om Khamenei se besluit te verontagsaam. Eindelik het Khamenei se wil geseëvier, waarna verskeie Israeliese teikens – hoofsaaklik militêre en veiligheidsteikens – aangeval is. Dit is vanselfsprekend dat die Irannese leierskap sou besef het dat die meeste van die missiele wat gelanseer is, inderdaad *nie* die teikens sou tref nie, gegewe Israel se hoogs doeltreffende missielafweerstelsels. Ofskoon die strydende partye verskillende weergawes het van die skade wat berokken is deur die missiele wat die afweerstelsel ontduik het, is die tersaaklike punt dat Iran sekerlik moes geweet dat 'n baie groter missielbestoking nodig sou wees om die Israeliese missielafweerstelsels te omseil en grootskaalse verwoesting te veroorsaak. Die Irannese oogmerk was derhalwe afskaling, gekenmerk deur gematigdheid en terughoudendheid. Dié optrede is des te meer merkwaardig, gegewe dat Israel se optrede, soos Azizi (2024) tereg aandui, etlike Irannese rooilyne oorgesteek het. Die Irannese minister van buitelandse sake, Abbas Araghtsji, het in die nadraai van die aanvalle tereg gesê dat hulle optrede afgehandel was, tensy Israel se regime sou besluit om verdere wraak uit te lok, in welke geval hulle reaksie sterker en kragtiger sou wees (in Roth, Beaumont & Christou, 2024). Nadat Israel se weermag op 26 Oktober 2024 verskeie militêre teikens in Iran en Sirië aangeval het, het die kruitvat merendeels nat geword. Irannese optrede in hierdie aanvalle spreek nouliks van 'n begeerte om die konflik te laat eskaleer. Iran wou eerder onomwonde die boodskap aan Israel stuur dat hy Israel se gedrag nie sou duld nie, maar nie die konflik sou laat eskaleer nie.

Ten laaste kan dit insiggewend wees om kortliks Israel en die VSA se aanval in Junie 2025 op etlike teikens verbonde aan die Irannese kern(wapen)program in oënskou te neem. 'n Vlaag missiele, ongeveer 550, en sowat 1 000 hommeltuie is uit weerwraak deur Iran gelanseer, waarvan 31 missiele die Israeliese missielafweerstelsels ontwyk het (sowat 5% van die missiele het dus enige teikens bereik); 28 mense in die aanval gedood en meer as 3 000 burgerlikes beseer het (Fabian, 2025). Voorts het die Irannese weermag op 23 Junie 2025 missiele op die Al Oedeid-basis, 'n Amerikaanse lugmagbasis in Katar, afgevuur uit weerwraak vir die VSA se aanval op die Fordow-aanleg. Op 24 Junie het Israel en Iran tot 'n skietstilstand ingestem, wat die twaalfdaekonflik (voorlopig) tot 'n einde gebring het. Hoewel dit voortydig is om enige konkrete afleidings uit dié konflik te maak, is enkele tersaaklike, dog tentatiewe, waarnemings in orde.

Die Israeliese en Amerikaanse aanvalle op Iran se kernaanlegte het as primêre beweeggrond 'n diepgaande persepsie verteenwoordig dat nóg Israel nóg die VSA en die internasionale gemeenskap met 'n kerngewapende Iran kan saamleef. Israel en die VSA beroep hulle op "nasionale veiligheid" en "nasionale oorlewing" teen die agtergrond van 'n kerngewapende Iran. Iran, hierteenoor, beskou Israeliese en, veel erger, Amerikaanse aanvalle as hernieude


doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

bewyse dat die diepgesetelde Irannese vrese vir eksterne aggressie teen hom en ’n Westerse begeerte om ’n regimeverandering teweeg te bring, gegrond is. Trouens, kort ná die Israeliese en Amerikaanse aanvalle op Iran se kernaanlegte het president Donald Trump gesuggereer dat ’n regimeverandering in Iran weliswaar moontlik is (FitzGerald, 2025). Ofskoon die Amerikaanse president dié stelling later teruggetrek en as ligsinnig afgemaak het, is dit moeilik om te glo dat die Irannese leierskorps nie diep bekommerd was oor ’n eskalerende konflik met Israel en die VSA (albei kernwapenstate) waarin die vrees van eksterne aggressie en interne ineenstorting werklikheid sou word. Aangesien Iran se vrese met betrekking tot sy nasionale veiligheid en oorlewing billikerwys nie as ongeldig bestempel kan word nie, is bogenoemde stelling deur die Irannese minister van buitelandse sake, Abbas Araghtsji, eweneens tersaaklik: “In daardie scenario [dit wil sê, een van verskerpte Israeliese aggressie] sal ons reaksie sterker en kragtiger wees”. In die nadraai van die 7 Oktober-aanvalle, en weens die Israeliese weermag se aanvalle in die Gazastrook, Libanon, Sirië en Irak is Midde-Oosterse lande dit toenemend eens dat Israel – en nie Iran nie – ’n onblusbare strewe na streekshegemonie het en derhalwe as die streek se grootste bedreiging beskou word (Nasr, 2025b). Omdat twee kernwapenstate Irannese kernaanlegte met missiele bestook het en daar gerugte van ’n regimeverandering is, is die Irannese bestoking van Israeliese teikens beswaarlik irrasioneel, strategies onbeholpe en eskalerend, veral aangesien aangeneem kan word dat die Irannese leierskap sou besef het dat die meeste van die missiele wat gelanseer is, soos in die missielbestoking van Israel gedurende 2024, *nie* die teikens sou tref nie weens Israel se hoogs doeltreffende missielafweerstelsels. Dit is voorts veelseggend dat die Irannese aanval op die Amerikaanse basis in Katar deur ’n vroeë Irannese waarskuwing voorafgegaan is en die aanval geen lewensverlies veroorsaak of noemenswaardige skade berokken het nie. Later het president Trump Iran trouens vir sy terughoudendheid geloof (Fassihi *et al*., 2025). Hiér, soos in die aanvalle van 2024, was Iran se optrede hoofsaaklik op afskaling gefokus.

Ofskoon die afskrikkingseffek van kernwapens nóg op die morele inhibisies van leiers nóg op hul rasionaliteit berus (maar veel eerder op die kenmerke van die wapens self [Waltz, 2008a:282]), is dit nietemin veelseggend dat ’n oorsig van Irannese buitelandse beleid – in die landskap voor en ná-7 Oktober – op ’n Irannese leierskorps dui wat strategies en rasioneel jeens hul eksterne omgewing optree en, in situasies van eskalerende konflik, merkwaardige terughoudendheid toon. ’n Konvensioneel gewapende Iran sal ongetwyfeld voortgaan om terreur- en surrogaatgroepe in sy streekgebied te steun, terwyl daar grondige redes is om aan te neem dat *kernwapens* nie tot vergrote Irannese steun aan sulke groepe sal lei nie. Anders as in ’n konvensioneel gewapende wêreld gekenmerk deur ’n diepgaande en wedersydse vyandigheid tussen Israel en Iran, sal ’n kerngewapende Iran en ’n kerngewapende Israel minstens ’n spoorslag hê om hul probleme te bespreek (Waltz, in Sagan & Waltz, 2013:171).

## 5. Gevolgtrekking

Hierdie ontleding het ten doel gehad om die volgende twee navorsingsvrae te beantwoord: (i) Indien Iran oor kernwapens beskik, hoe sal die nasionale veiligheidslandskap van Israel daar uitsien, veral as daar skynbaar ’n toename in handlangeroorloë en terreur is? (ii) In welke mate, indien enigsins, het die gebeure van 7 Oktober 2023 die oënskynlike risiko van ’n toename in handlangeroorloë en terreur vergroot, beskou teen die agtergrond van ’n Irannese kernwapenskild? Ofskoon ’n Irannese kernwapenskild hoegenaamd nie die vrees vir Irannees gesteunde terreur en handlangeroorloë sal verwyder nie, is daar weinig gronde om te glo dat ’n toename daarin die uiteinde sal wees. Kernwapens het histories eerder ’n stabiliseringsuit-

werking in die betrekkinge tussen selfs die strydlustigste lande, en het 'n beslissende uitwerking op die frekwensie en intensiteit van geweld. Waar lae-intensiteitkonflikte voorkom, kan 'n mens verwag dat kernwapens 'n beslissende demper op die intensiteit van geweld sal plaas. Voorts kan kernwapens 'n spoorslag tot dialoog tussen 'n kerngewapende Israel en 'n moontlike kerngewapende Iran dien (gegewe die wedersyds verwoestende vermoëns van kernwapens). Hierdie ontleding ook aangetoon dat Iran se buitelandse beleid – in teenstelling met wat wyd aangevoer word – rasioneel, strategies en terughoudend is en veel minder op ideologie en godsdienstige ywer ingestel is as wat so dikwels beweer word. In soverre die omsigtigheid en terughoudendheid wat met kernwapens gepaardgaan, veel eerder op vrees as rasionaliteit berus, is dit nietemin noemenswaardig dat Iran uiters strategies en rasioneel in sy eksterne omgewing optree. Hierdie ontleding het ook aangetoon dat die gebeure van 7 Oktober 2023 en etlike ander insidente daarna *nie* hernieude vrese vir 'n toename in handlangeroorloë en terreur, beskou teen die agtergrond van 'n Irannese kernwapenskild, steun nie. Trouens, Irannese buitelandse beleid het gedurende hierdie tydperk merendeels die uitgangspunt versterk dat die Irannese leierskorps rasioneel en strategies met sy eksterne omgewing omgaan. Vandag en in die afsienbare toekoms, en met spesifieke verwysing na terreur en handlangeroorloë, kan Israel, die VSA en die internasionale gemeenskap saamleef met 'n kerngewapende Iran. Gegewe die veiligheidsoekende oogmerke van die Irannese kernwapenprogram en die wydverspreide persepsie onder Midde-Oosterse lande dat Israel die grootste bedreiging in die streek uitmaak, is dit hoogs waarskynlik dat Israeliese en Amerikaanse aanvalle op Iran se kernaanlegte bloot Irannese strewe om tot die kernwapenklub toe te tree, sal versterk.

## BIBLIOGRAFIE


AFP. 2024. Israel, Iran ready to de-escalate – for now: analysts. *France24*, 19 April. https://www.france24.com/en/live-news/20240419-israel-iran-ready-to-de-escalate-for-now-analysts. [12 April 2025].

Arms Control Association. 2015. Background and status of Iran's nuclear program. https://www.armscontrol.org/2015-08/section-1-background-status-irans-nuclear-program. [21 Februarie 2025 geraadpleeg].

Azizi, H. 2024. Iran's shifting discourse on nuclear weaponization: Bargaining tactic or doctrine change? *Middle East Council on Global Affairs*, 6 November. https://mecouncil.org/publication/irans-shifting-discourse-on-nuclear-weaponization-bargaining-tactic-or-doctrine-change/. [2 Junie 2025 geraadpleeg.

Bajoghli, N. 2019. *Iran reframed: Anxieties of power in the Islamic Republic.* Stanford: Stanford University Press.

BBC. 2025. Iran significantly growing uranium stockpile, warns UN nuclear agency, 1 June. https://www.bbc.com/news/articles/c1mg7kx2d45o. [1 Junie 2025].

Beyer, AC. 2015. *Kenneth Waltz's life and thought: An interview.* Lulu (aanlyn uitgewer).

Brands, H & Edel, C. 2019. *The lessons of tragedy: Statecraft and world order.* New Haven: Yale University Press.

Bush, GW. 2002. President delivers State of the Union address. *The White House*, 29 Januarie. 2002/01/20020129-11. html [22 Januarie 2021].

Coaffee, J, Moore, C & Barnard-Wills, D. 2009. Terrorism and Crowded Places: Lessons from Mumbai. *RUSI*, 14 Oktober. https://www.rusi.org/publication/ terrorism-and-crowded-places-lessons-umbai#:~:text=The%20Mumbai %20attacks%20started%20on,a%20further%20200%2D300%20 wounded. [22 Mei 2025].

Coetzee, E. 2021. Iran, the bomb and the spectre of (nuclear) terror. In: Solomon, H (red.). *Directions in International Terrorism: Theories, Trends and Trajectories.* Singapore: Palgrave MacMillan, pp. 219-241.



doi.10.17159/2224-7912/2025/v65n4a7

Davenport, K. 2025. The Coming Iranian Nuclear Challenge in 2025. *United States Institute for Peace*, 13 Januarie. http://iranprimer.com/blog/2025/jan/13/coming-iranian-nuclear-challenge-2025. [10 Februarie 2025 geraadpleeg].

Eisenstadt, M. 2015. The Strategic Culture of the Islam Republic of Iran: Religion, Expediency, and Soft Power in an Era of Disruptive Change. *The Washington Institute for Near East Policy.* https://www.washingtoninstitute.org/sites/default/files/pdf/MESM_7_Eisenstadt.pdf. [10 Mei 2025].

Eisenstadt, M. 2020. Operating in the gray zone: Countering Iran's asymmetric way of war. *The Washington Institute for Near East Policy.* https://www.washingtoninstitute.org/sites/default/files/pdf/PolicyFocus162-Eisenstadt-v4.pdf. [10 Mei 2025 geraadpleeg].

Esfandiary, D & Tabatabai, A. 2021. *Triple Axis: Iran's Relations With Russia and China.* New York: I.B. Tauris.

Fabian, E. 2025. The Israel-Iran war by the numbers, after 12 days of fighting. *The Times of Israel*, 24 June. https://www.timesofisrael.com/the-israel-iran-war-by-the-numbers-after-12-days-of-fighting/#:~:text=Missiles%20and%20drones,war%2C%20according%20to%20the%20IDF . [24 Junie 2025].

Fassihi, F, Rasgon, A, Schmitt, E & Levenson, M. 2025. Trump says 'time for peace' after iran gives warning before firing on U.S. Base. *The New York Times*, 23 June. https://www.nytimes.com/2025/06/23/world/middleeast/iran-missile-attack-us-base-qatar.html. [24 Junie 2025].

FitzGerald, J. 2025. Trump specuates about regime change in Iran after US strikes. *BBC*, 23 June. https://www.bbc.com/news/articles/cp8m3861637o. [23 Junie 2025].

Futter, A. 2015. *The politics of nuclear weapons.* 2nd ed. Cham: Palgrave Macmillan.

Hobbs, C & Moran, M. 2014. *Exploring regional responses to a nuclear Iran: Nuclear dominoes?* New York: Palgrave Macmillan.

Jervis, R. 1979–1980. Why nuclear superiority doesn't matter. *Political Science Quarterly*, 94 (4):617-633.

Katzman, K. 2021. Iran's foreign and defense policies. *Congressional Research Service*, 11 January. https://sgp.fas.org/crs/mideast/R44017.pdf. [22 April 2025].

Ladwig, W. 2025. Calibrated force: Operation Sindoor and the future of Indian deterrence. *RUSI*, 21 Mei. https://www.rusi.org/explore-our-research/publications/commentary/calibrated-force-operation-sindoor-and-future-indian-deterrence. [23 Mei 2025].

Levitt, M. 2023. The Hamas-Iran relationship. *The Jerusalem Strategic Tribune*, November. https://jstribune.com/levitt-the-hamas-iran-relationship/. [2 Maart 2025.

Maloney, S. 2011. Tehran and Washington: A motionless relationship? *Brookings*, 17 November. https://www.brookings.edu/articles/tehran-and-washington-a-motionless-relationship/. [23 November 2022].

Mearsheimer, JJ. 2001. *The tragedy of great power politics.* New York: W.W. Norton & Company.

Mearsheimer, JJ & Rosato, S. 2023. *How states think: The rationality of foreign policy.* New Haven: Yale University Press.

Murray, D. 2025. *On democracies and death cults: Israel and the future of civilization.* New York: Broadside Books.

Nasr, V. 2025a. *Iran's grand strategy: A political history.* New York: Princeton: Princeton University Press.

Nasr, V. 2025b. The new balance of power in the Middle East. *Foreign Affairs*, 10 Junie. https://www.foreignaffairs.com/israel/new-balance-power-middle-east-iran. [12 Junie 2025].

Robinson, K. 2023. What is the Iran nuclear deal? *Council on Foreign Relations*, 27 Oktober. https://www.cfr.org/backgrounder/what-iran-nuclear-deal. [23 April 2025].

Robinson, K & Merrow, W. 2024. Iran's regional armed network. *Council on Foreign Relations*, 15 April. https://www.cfr.org/article/irans-regional-armed-network. [1 Mei 2025].

Roth, A, Beaumont, P & Christou, W. 2024. Israel vows to retaliate after Iran launches unprecedented missile attack. *The Guardian*, 2 October. https://www.theguardian.com/world/2024/oct/01/israel-vows-to-retaliate-after-iran-launches-unprecedented-missile-attack. [15 May 2025].

Sagan, SD & Waltz, KN. 2013. Indian and Pakistani nuclear weapons: For better or worse? In: Sagan, SD & Waltz, KN (eds.). *The spread of nuclear weapons: An enduring debate.* 3rd ed. New York, London: W.W. Norton, pp. 157-174.

Sagan, SD, Waltz, KN & Rapp-Hooper, M. 2013. Iraq, North Korea, and Iran. In: Sagan, SD & Waltz, KN (eds.). *The spread of nuclear weapons: An enduring debate.* 3rd ed. New York, London: W.W. Norton, pp. 175-214.

Tabatabai, AM. 2020. *No conquest, no defeat: Iran's national security strategy.* New York: Oxford University Press.

Tertrais, B. 2020. Beyond the 'atomic archive': Making sense of Iran's nuclear intentions. *Friends of Israel Initiative*, (57): 1-6.

*The Jerusalem Post*. 2024. Tehran helped plan Hamas's October 7 massacre, Iran expert claims, 8 May. https://www.jpost.com/israel-hamas-war/article-800371. [10 April 2025].

*The Times of Israel*. 2024. Reports: Hamas delayed Oct. 7 attack to enlist Iran, Hezbollah; plotted 9/11-style bombing. 13 October. https://www.timesofisrael.com/reports-hamas-delayed-oct-7-attack-to-enlist-iran-hezbollah-plotted-9-11-style-bombing/. [10 April 2024].

*The Times of Israel*. 2025. IAEA found Iran conducted, covered up implosion tests key to building nuclear weapon in 2003, 8 June. https://www.timesofisrael.com/liveblog_entry/iaea-found-iran-conducted-covered-up-implosion-tests-key-to-building-nuclear-weapon-in-2003/. [8 Junie 2025].

Waltz, KN. 1979. *Theory of international politics.* New York: McGraw-Hill.

Waltz, KN. 2008a. Nuclear myths and political realiteis. In: Waltz, KN (ed.). *Realism and international politics.* New York: Routledge, pp. 276-293.

Waltz, KN. 2008b. Reflections on *Theory of International Politics*: A response to my critics. In: Waltz, KN (ed.). *Realism and international politics.* New York: Routledge, pp. 37-55.

Waltz, KN. 2008c. A reply (to critics of Sagan and Waltz). In: Waltz, KN (ed.). *Realism and international politics.* New York: Routledge, pp. 294-296.

Waltz, KN. 2012. Why Iran should get the bomb: Nuclear balancing would mean stability. *Foreign Affairs*, 91(4): 2-5.

Waltz, KN. 2013. Waltz responds to Sagan. In: Sagan, SD & Waltz, KN. (eds.). *The spread of nuclear weapons: An enduring debate.* 3rd. ed. New York, London: W.W. Norton, pp. 82-111.

Wisconsin Project on Nuclear Arms Control. 2023. A history of Iran's nuclear program, 19 December. https://www.iranwatch.org/our-publications/weapon-program-background-report/history-irans-nuclear-program. [22 Desember 2024].

Wisconsin Project on Nuclear Arms Control. 2025. Iran's nuclear timetable: The weapon potential, 28 March. https://www.iranwatch.org/our-publications/articles-reports/irans-nuclear-timetable-weapon-potential. [13 Januarie 2025].

World Nuclear Association. 2024. Nuclear power in Iran, 3 Mei. https://world-nuclear.org/information-library/country-profiles/countries-g-n/iran. [18 April 2025].

Zhang, H. 2025. How quickly could Iran build its first nuclear weapon? Look at China. *Bulletin of the Atomic Scientists*, 22 January. https://thebulletin.org/2025/01/how-quickly-could-iran-build-its-first-nuclear-weapon-look-at-china/. [30 April 2025].

# Keurders: 65(1) Maart 2025 tot 65(4) Desember 2025

Dr. EM (Elbie) Adendorff, Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch Maart

Prof. W (Wessel) Bentley, Navorsingsinstituut vir Teologie en Godsdienswetenskap, Universiteit van Suid-Afrika

Professor emeritus LA (Lawrie) Barnes, Linguistiek, Universiteit van Suid-Afrika

Prof. HJ (Nerina) Bosman, Navorsingsgenoot Afrikaans, Universiteit van Pretoria

I (Isabel) Bosman, Regering- en Diplomasieprogram, Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Sake (SAIIA)

Dr. WF (Willem) Botha (afgetree), Leksikografie, WAT/ Universiteit Stellenbosch

Prof. G (Gustav) Butler, Direkteur: Verstaan en verwerk taal in komplekse instellings, Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark

A (Anneke) Butler, Akademiese Geletterdheid, Verstaan en verwerk taal in komplekse instellings, Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark

Prof. Terrence Carney, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika

Professor emeritus CJ (Jac) Conradie, Navorsingsgenoot, Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek, Universiteit van Johannesburg

Buitengewone Professor JA (Kobus) du Pisani, Geskiedenis Navorsingsfokusarea Sosiale Transformasie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Professor emeritus LT (Theo) du Plessis, Gebaretaal en Dowestudies, Universiteit van die Vrystaat

Dr. J (Jaco) Deacon, Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole

Prof. FJ (Kobus) de Beer, Dogmatiek, Noordwes-Universiteit

Prof. K (Karen) de Wet, Afrikaans, Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek, Universiteit van Johannesburg

Prof. André Duvenhage, Politieke Studies, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Dr. Willem Ellis, Sentrum vir Afrikastudies (CAS), Universiteit van die Vrystaat

Professor emirata R (Rinelle) Evans,, Geesteswetenskaplike Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria

Mnr. H (Hannes) Engelbrecht, Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria

Prof. A (Abel) Esterhuyse, Strategiese Studies, Universiteit Stellenbosch

Professor emeritus AAP (Eep) Francken, Universiteit Leiden en Noordwes-Universiteit

Prof. DP (Danie) Goosen, AKADEMIA

Professor emeritus RH (Rufus) Gouws, Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Professor emeritus Frank Hendricks, Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland

Prof. MF (Michael) Heyns, Departement Filosofie, AROS

Dr. F (Fanie) Herman, Politieke Studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

Professor Emeritus A (Alan) Kirkaldy, Departement Geskiedenis, Rhodes Universiteit

Prof. J (Johanita) Kirsten, Afrikaans en Nederlands, Verstaan en verwerking van taal in komplekse omgewings, Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark

Dr. D (Dewald) Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit

Professor emeritus EF (Ernst) Kotzé, Departement Toegepaste Taalstudies, Nelson Mandela Universiteit

Dr. H (Helena) Kruger-Roux, Projekbestuurder: Taalontwikkeling, Universiteit van Pretoria

Dr. (Donovan) Lawrence, Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland

Prof. M-LA (Michael) le Cordeur, Kurrikulumstudie, Afrikaanse Onderwys en Letterkunde-onderrig, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch

Dr. C (Chris-Mari) le Hanie, Opvoedkunde Studies, AKADEMIA

Dr. M (Miriam) Lemmer, Fisika, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

TN (Nico) Lemmer, Waterwetenskap en Tegnologie, Noordwes-Universiteit

Prof. H (Henk) Louw Akademiese Geletterdheid, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Dr. Amanda Marais Afrikaans en Nederlands, Stellenbosch Universiteit

Dr. AP (Ansie) Maritz Afrikaans, Universiteit van Pretoria

Dr. H (Heinrich) Matthee, Ere-leerstoel in veiligheidstudies, Department Geesteswetenskappe en Sosiale wetenskappe, AKADEMIA

Prof. R (Retief) Müller Teologie, VID Vitenskapelige Høgskole

Dr. JH (Joanine) Nel, Afrikaans, Universiteit van Pretoria

Dr. GB (Gerda) Odendaal, Afrikaans en Nederlands, Buro van die WAT, Universiteit Stellenbosch

Prof. M (Marné) Pienaar, Departement Tale, Kultuurstudie en Toegepaste Linguistiek, Universiteit van Johannesburg

S (Suléne) Pilon, Afrikaans, Universiteit van Pretoria

Prof. PH (Petrus) Potgieter, Besluitkunde, Universiteit van Suid Afrika

Me M (Monique) Rabé, Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit

Prof. EO (Elvis) Saal, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap,Universiteit van Suid Afrika

Dr JS (Jaydee) Sass, Taalsentrum Universiteit Stellenbosch

Prof. JJ (Izak) Spangenberg, Navorsingsgenoot Bybelkunde en Antieke studies Universiteit van Suid Afrika

Dr N (Nicol) Stassen, Protea Boekhuis

Prof. M (Marius) Swart, Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Prof. E (Elsabe) Taljard, Afrikatale, Universiteit van Pretoria

Dr. Benito Trollip, Digitale Geesteswetenskappe, SADiLar

Prof. Dr. K (Kris) van de Poel, Language Studies and Applied Linguistics, Departement Taalkunde, Universiteit Antwerpen

Prof. A (Anthea) van Jaarsveld Drama en Teaterkuns, Universiteit van die Vrystaat

Prof. LM (Michele) van der Merwe, Kurrikulumstudies Universiteit Stellenbosch

Dr. M (Mariëtte) van Graan, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid Afrika

Dr. J Venter, Politieke Studies en Internasionale Betrekkinge, Noordwes-Universiteit

Prof. AH (Anné) Verhoef, Filosfie, Noordwes-Universiteit

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur **'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

**Opskrifte** in die *Tydskrif* lyk soos volg:

**1.** **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

*1.1* *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

*1.1.1* *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

***Figuur 3:*** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord *'n*.

**Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.**

**Aanhalings en verwysings**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

*Voorbeelde:*

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans***:**

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Bronverwysings in die teks:*

Volgens Swan (1996:45) …

OF: … … (Swan, 1996:45) …

OF: … … (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

**Bladgeld**

Geen bladgeld of koste vir die publikasie van artikels (APC's) in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is betaalbaar nie.

**Outeursreg**

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

# Guidelines for authors

The *Journal of Humanities*/*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations** or **graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

**Headings** in the *Journal* are styled as follows:

**1.** **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1* *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1.1* *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

**Table headings** are styled as follows**:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

***Figure 3:*** *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

**All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.**

**Quotations and references**

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

*Examples:*

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet’s Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective.* London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans:*

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Citations in the text:*

According to Swan (1996:45) …

OR: … ... (Swan, 1996:45) ...

OR: … … (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

**Page fees:**

No Page Fees or APC’s (Article Producing Costs) are payable by authors for publishing in the *Journal of Humanities.*

**Copyright:**

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).